


Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Ter nagedagtenis aan
Jacques van der Elst



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 62 | Volume 62 | JUNIE 2022
Nommer 2 | Number 2 | JUNE 2022



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van
die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



2

Uitgwer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Zervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

Junie/June 2022

Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

HOOFRедакteur / EDITOR-IN-CHIEF:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomiese/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyen/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cilliers) van den Berg, Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (vervolg)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature
(Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/
Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit
Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University,
Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University
and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienstfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije
Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University,
Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/
(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beämpte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap
en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly
in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2022 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2022 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R400,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur oueurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 62 Nommer 2, Junie 2022 / Volume 62 Number 2, June 2022

Inhoudsopgawe

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Die *TGW* verloor 'n besondere staatmaker 253

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES

JOHANN BEUKES

Die diskfers oor armoede in die sentrale en latere Middeleeue / *The discourse on poverty in the central and later Middle Ages* 255

PJ STRAUSS

Apartheid: 'n Verkiesingsvaandel in Suid-Afrika in 1948. DF Malan en die Nasionale Party in histories-etiese perspektief / Apartheid: A slogan in the elections of 1948 in South Africa. DF Malan and the National Party in a historical-ethical perspective 276

VICKY DE VILLIERS, DERICK BLAAUW EN ALICIA FOURIE

"Dit was erg, baie, baie erg." Die effek van Covid-19 op informele straathandelaars in die middestad van Kaapstad / *"It was bad, very, very bad." The effect of Covid-19 on informal street vendors in the city centre of Cape Town* 291

LIZE-MARI BUYS EN CECILIA WESSELS

Eksterne faktore wat die seksuele misbruikte kind verhoed om doeltreffend in Suid-Afrikaanse howe te getuig: 'n Vlugtige oorsig / *External factors preventing the sexually abused child to testify effectively in a South African court: A rapid review* 311

CHANTÉ PRINGLE, MIA LE ROUX, SALOMÉ GEERTSEMA EN MARIEN GRAHAM

Die verwerwing van Afrikaanse foneme deur kinders van 24–72 maande / *The acquisition of Afrikaans phonemes in children aged 24–72 months* 330

ZELDA BOTHA EN LORNA DREYER

Digitale tegnologie as alternatiewe benadering tot die onderrig van vaardighede vir leerders met erge intellektuelle gestremdheid / *Digital technology as an alternative approach to teaching skills to learners with severe intellectual disabilities* 364

DELIA RABIE

Die arm Afrikaner in die Knysnabos: Witwees in Dalene Matthee se *Moerbeibos* (1987) / *The poor Afrikaner in the Knysna forest: Whiteness in Dalene Matthee's Moerbeibos ("The MulberryForest")* (1987) 392

AKTUEEL

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteursnota 411

CHRIS BRINKNabetragting oor die taaldebat op Stellenbosch / *Reflections on the taaldebat at Stellenbosch* 412

TAALRUBRIEK

TOM McLACHLAN*Die een en ander uit die media, en 'n spelling of twee* 425

GEDIGTE

HENNIE PIETERSE 427

BOEKBESPREKINGS

RIAAN EKSTEENDie naelstring wat die ANC nie wou of wou kon, en steeds nie kan, knip nie. *Terreur en bevryding: Die ANC/SAKP, die Kommunisme en geweld (1961–1990)* deur Leopold Scholtz 428**BERTHA SPIES**

CD met Hendrik Hofmeyr se musiek word in Frankryk bekroon 432

VOORSKRIFTE / GUIDELINES 437

Redakteursnota

Die *TGW* verloor 'n besondere staatmaker

Jacques van der Elst: 30 Januarie 1940 – 25 Maart 2022



Jacques van der Elst se dekades lange verbintenis met die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (*TGW*) was van beslissende belang vir sowel die voortbestaan as die uitbouing van hierdie vakwetenskaplike tydskrif in Afrikaans. Toe die Akademieraad dit op 'n tyd sterk oorweeg het om die uitgee van die twee vaktydskrifte weens kosteoorwegings te staak, het huis Jacques, toe pas aangestel as Hoof- Uitvoerende Beämpte, 'n beduidende borgskap beding wat die voortbestaan van albei tydskrifte verseker het.

Dit is egter veral sy voortgesette betrokkenheid as redaksielid wat 'n onmisbare bydrae gelewer het tot die uitbouing van die *TGW* tot 'n gerespekteerde, nasionaal geakkrediteerde vaktydskrif wat ook die besondere prestasie kon behaal om as *Afrikaanse* vakwetenskaplike joernaal in internasionale indekse gelys te word.

Benewens sy bydrae as innoverende outeur van oorspronklike navorsing het hy ook by die samestelling van temanommers 'n bemiddelende rol gespeel. Beskou vanuit 'n redakteursperspektief was dit egter veral sy rol as kundige leser van navorsingsbydraes wat van onskatbare

belang was vir die insluiting van gehalteartikels in die tydskrif. Alhoewel hy krities was, was sy oordeel as ewekniebeoordelaar deurgaans regverdig en geregtig, en het sy konstruktiewe aanbevelings dikwels geleid tot hervoorleggings van verbeterde, herbewerkte bydraes. Dit is om hierdie rede dat Jacques altyd lid was van die klein redaksiekomitee wat my elke jaar moes blystaan om te bepaal watter artikel uitgesonder moet word as die beste artikel wat in 'n gegewe jaar in die *TGW* verskyn het. Vanjaar sal ons sonder sy oorwoë mening moet klaarkom. Gelukkig sal sy nalatenskap voortleef in die benaming van hierdie prys, wat sedert verlede jaar as die *Jacques van der Elst-prys* bekend staan.

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

Mei 2022

Die diskouers oor armoede in die sentrale en latere Middeleeue

The discourse on poverty in the central and later Middle Ages

JOHANN BEUKES

Departement Filosofie & Klassieke, Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika

CHPS, Faculteit Filosofie, Theologie en Religiewetenschappen
Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland

E-pos: johann.beukes@ru.nl



Johann Beukes

JOHANN BEUKES (1966-), DLitt et Phil (Filosofie, RAU, 1995), PhD (Teologie, UP, 2000), is ereprofessor in filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat en verbonde aan die Sentrum vir die Geskiedenis van Filosofie en Wetenskap (CHPS) van Radboud Universiteit Nijmegen, Nederland. Hy spesialiseer in Middeleeuse filosofie en Foucault-studies en is lid van GCMENT (*Groningen Centre for Medieval and Early Modern Thought*), SIEPM (*Société Internationale pour l'Étude de la Philosophie Médiévale*), OZSW (*Nederlandse Onderzoeksschool Wijsbegeerte*) en *Foucault Cirkel Nederland/België*. Hy woon in Amsterdam.

Hierdie artikel is befonds deur die Departement Filosofie & Klassieke, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika.

JOHANN BEUKES (1966-), DLitt et Phil (Philosophy, Rand Afrikaans University, 1995) and PhD (Theology, University of Pretoria, 2000), is an honorary professor in the Department of Philosophy & Classics at the University of the Free State, Bloemfontein, South Africa, and an associate of the Center for the History of Philosophy and Science (CHPS) at Radboud University Nijmegen in the Netherlands. He specialises in Medieval philosophy and Foucault-studies and is a member of GCMENT (*Groningen Centre for Medieval and Early Modern Thought*), SIEPM (*Société Internationale pour l'Étude de la Philosophie Médiévale*), OZSW (*Nederlandse Onderzoeksschool Wijsbegeerte*) and *Foucault Cirkel Nederland/België*. He lives in Amsterdam.

This article was funded by the Department of Philosophy & Classics, Faculty of the Humanities, University of the Free State, Bloemfontein, South Africa.

Datums:

Ontvang: 2022-03-11

Goedgekeur: 2022-03-25

Gepubliseer: Junie 2022

ABSTRACT

The discourse on poverty in the central and later Middle Ages

This article aims to analyse the discourse on poverty in the central and later Middle Ages. Poverty is therefore not surveyed merely as a historical-economic category but is analysed by considering idea-historical medieval views on “extreme scarcity”, or the way poverty was conceptualised in these last two stages of the Middle Ages.

According to this analysis, this discourse on poverty manifests itself in five distinct phases. Against the backdrop of the early medieval understanding of poverty as “contingent” – the result of one or more “accidental” factors – a first discursive development took place in the second half of the 10th century. As a result of revolutionary developments in agriculture and commerce, the “new poor” slowly developed into a “class” of agricultural and manual labourers whose socio-historical position eventually had to be drastically revised from the late 11th century. A subsequent conceptual development, predominantly theological and juridical by nature and relying on a relatively unassuming yet crucial distinction between “owner” and “servant” (*dominus* and *servus*), replaced the articulated conceptual register of the poverty discourse of the early Middle Ages. From the 5th to the 10th centuries poverty was understood to be the result of *accidens* or accidental factors, but now it was reduced to a mere relation. Poverty now became a “problem” that had to be addressed as effectively as possible, employing this basic and reductionist distinction.

Secondly, in the 12th century poverty was explicitly related to a “minimum matrix”, which was supposed to indicate the minimum amount of arable land an individual or a group of related individuals needed for basic self-sufficiency. With this matrix, for the first time in the Middle Ages, poverty was defined in terms of the “ability to self-sustain”. As a result, poverty was economised (placed in the economic sphere) in the central medieval discourse.

Thirdly, in reaction to the “new poverty” of the late 12th and 13th centuries, several unconventional religious movements, such as the beguines and Waldensians, resisted this economisation. The ideal of “voluntary poverty” was posed by these groups in order to dissociate themselves from any form of material prosperity by rejecting any form of ownership and living modest lives in critical solidarity with the poor.

Fourthly, this resistance was intensified by the establishment of the mendicant orders, and in particular by the Franciscan order’s confrontation with the papal office regarding the order’s interpretation of the relationship between ownership (*dominium*) and the order’s factual use of goods in possession (*usus facti* and *ordo habeat usum*). In the 14th century, the Franciscan ideal of “holy voluntary poverty” came under severe criticism from the church (not least by the pope, John XXII [1244–1334, pope 1316 to 1334], himself) but later also from academic circles (notably by the Oxonian Richard FitzRalph [ca. 1300–1360], in his eight-volume *De pauperie salvatoris* [ca. 1350–1356]). A dramatic confrontation between this oldest of the mendicant orders and the highest ecclesiastical authority ensued when, from the early 1320s, two high-profile Franciscans, William of Ockham (ca. 1285–1349) and Francis of Marchia (ca. 1290–ca. 1344), a master of theology at the University of Paris and an outspoken opponent of John XXII, repeatedly clashed with the pope about the Franciscans’ understanding of corporate scarcity or “holy voluntary poverty”. Some years later FitzRalph presented his substantial philosophical and theological critique of what he called the “radicalised mendicant ideal”. This work contributed significantly to the development of theories of natural rights in the later Middle Ages and in early modernity.

Lastly, the creation of a 14th-century minority – “the poor” – in conjunction with the 14th-century design of several other “minorities” based on ethnic, religious and gender-sexual

considerations, was the eventual result of the historical development of ideas about poverty in the central and later Middle Ages. What once was considered to be the result of involuntary and contingent factors, then reduced to a (simplistic) relation, and finally defined in economic terms as a “class”, was thus ultimately brought under discursive control as a “minority”.

KEYWORDS: central Middle Ages; Franciscans; history of ideas; holy voluntary poverty; *ius commune*; later Middle Ages; medieval agrarian and commercial revolution; natural rights; *ordo habeat usum*; Pope John XXII; poverty in the Middle Ages; *usus facti*

TREFWOORDE: armoede in die Middeleeue; Franciskane; heilige vrywillige armoede; ideëgeskiedenis; *ius commune*; latere Middeleeue; Middeleeuse landbou- en handelsrevolusie; natuurlike regte; *ordo habeat usum*; Pous Johannes XXII; sentrale Middeleeue; *usus facti*

OPSOMMING

Die oogmerk van hierdie artikel is om 'n diskursiewe ontleding van armoede in die sentrale en laat Middeleeue (laat 11de eeu tot middel 15de eeu) aan te bied. Armoede word hier dus nie blyt as 'n histories-ekonomiese kategorie ondersoek nie maar ontleed aan die hand van die konseptualisering van armoede, oftewel die wyses waarop daar in hierdie laaste twee periodes van die Middeleeue oor armoede nagedink is. Die diskopers oor armoede in hierdie twee periodes het in vyf aanduibare fases verloop.

Teen die agtergrond van die ideëhistoriese kenmerking van armoede in die vroeë Middeleeue as 'n toevallige verskynsel of 'n aantal toevallige omstandighede, vind daar eerstens vanaf die middel van die 10de eeu 'n diskursiewe verskuiwing plaas op grond van drastiese omwentelinge in die landbou en handel. Die "nuwe armes" ontstaan gevvolglik uit 'n "klas" grondbewerkers en handearbeiders wie se sosio-ekonomiese posisie in die 12de eeu druk hersien is. 'n Begripsontwikkeling, grootliks teologies en juridies van aard, wat berus het op 'n betreklik eenvoudige onderskeid tussen heer en dienaar, of *dominus* en *servus*, het in die sentrale Middeleeue die genuanseerde diskursiewe register van die vroeë Middeleeue vervang. Terwyl armoede in die vroeë Middeleeue verstaan is as die gevolg van een of meer toevallige faktore, is dit in die 12de eeu vereenvoudig tot 'n verhouding, naamlik tussen heer en dienaar. Armoede was nou 'n "nuwe" ekonomiese probleem wat so doeltreffend moontlik met hierdie elementêre onderskeid tussen *dominus* en *servus* aangepak moes word.

Tweedens is armoede in die 12de eeu uitdruklik in verband gebring met 'n "minimum-matriks", wat die minimumhoeveelheid beboubare grond moes aandui wat 'n individu of 'n groep aanverwante individue vir basiese lewensoronderhoud nodig gehad het. Armoede is gevvolglik, vir die eerste keer in die Middeleeue, gedefinieer aan die hand van die "vermoë tot selfonderhoud". Hiermee is die definiering van armoede in ekonomiese terme onherroeplik in die sentrale en latere Middeleeuse diskopers gevestig.

Derdens is verset teen sowel hierdie ekonomiesering as die kerk en kloosterwese se versium om die "nuwe armoede" krities aan te pak van stapel gestuur deur aweregse godsdienstige bewegings wat juis in reaksie teen die "nuwe armoede" in die laat 12de en 13de eeu tot stand gekom het. Die ideaal van "vrywillige armoede" is deur onder meer die begyne, Waldense en skoolordes voorgehou ten einde enige assosiasie met welvaart op te skort, juis deur van alle vorme van eiendomsreg afstand te doen en 'n lewe van beslissende solidariteit met die armes te lei. Hierdie verset is, vierdens, spontaan verhewig deur die Franciskaanse orde se konfrontasie in die 14de eeu met pous Johannes XXII oor die orde se verstaan van die verhouding tussen

eiendomsreg en gebruik van goedere in besit (*usus facti* en *ordo habeat usum*), wat as die spitspunt van die diskopers oor armoede in die sentrale en latere Middeleeue voorgehou sou kon word.

Laastens is die 14de-eeuse ontwerp van 'n minderwaardige minderheidsgroep – "die armlastiges", naas die algemene neiging om "mindere minderhede" op grond van etniese, godsdiens en geslagsidentiteit in die betrokke eeu te skep – 'n aanduiding van die afloop van die diskopers oor armoede in die sentrale en latere Middeleeue. Wat eens geag is die gevolg van onwillekeurige en toevallige faktore te wees, is dus aanvanklik tot 'n "verhouding" gereduseer, daarna tot 'n "klas" geëkonomieseer, en uiteindelik neerhalend as 'n "minderheid" bestempel.

1. Inleiding: Armoede in die vroeë Middeleeue

Armoede is 'n pynlike en raaiselagtige faset van die kulturele werklikheid: "pynlik" as gevolg van die werklikheid van ontbering en skaarste, en "raaiselagtig" aangesien dit in die Westerse wêreld oorwegend met soveel kulturele gelatenheid gadegeslaan is (en word). Waarom is (en word) "armlastiges" in die Westerse ideëhistoriese diskopers met soveel gedrewenheid as "anders", "agtergeblewe" en veral "minder" voorgestel? In minstens gedeeltelike antwoord op hierdie inleidingsvraag ondersoek hierdie artikel die wyses waarop daar spesifiek in die sentrale en latere Middeleeue (laat 11de eeu tot middel 15de eeu) oor armoede (*paupertas*) nagedink is, met inagnome van die institutionele oorsake en ideëhistoriese¹ gevolge van die diskopers oor armoede in die betrokke periode. Armoede word hier dus nie bloot as 'n histories-ekonomiese kategorie ondersoek nie maar ontleed aan die hand van *beskouinge* daaroor – oftewel volgens die historiese konseptualisering van "uiterste skaarste". Unieke ideëhistoriese verskyningsvorme van armoede in die sentrale en latere Middeleeue sluit in opsetlike selfverarming binne skoolordes² op grond van 'n genuanseerde armoede-ideaal, asook idees

¹ Die begrippe "ideëhistories" en "diskopers" dui op grond van Michel Foucault (1926–1984) se argeologiese lengtesnit sowel op 'n "geskiedenis van die filosofie" as 'n "filosofie van die geskiedenis". Idees is hiervolgens onlosmaaklik gebind binne die kultuurhistoriese en institutionele konteks waarin dit beslag gekry het – terwyl institusies en praktyke insgelyks nie onafhanklik verstaan kan word van die idees wat dit gevorm het nie. Trouens, wie 'n idee of 'n "filosofie" vanuit 'n bepaalde epog wil verstaan, is volgens Foucault in die eerste plek aangewese op 'n ontleding van die praktyke en institutionele vorme waarin die betrokke idee beslag gekry het (byvoorbeeld ten opsigte van praktykvorming en institutionele gestalte in die geskiedenis van waansin, of in die geskiedenis van dissiplinering en straffregpleging, of in die geskiedenis van seksualiteit). Ook institutionele ontwikkelinge en praktykvorming in die geskiedenis van armoede (hier ten opsigte van die sentrale en latere Middeleeue) kan in ideëhistoriese sin dus nie onafhanklik begryp word van die idees wat dit gevorm het nie – net soos wat daardie idees geen selfstandige groothede was nie maar uitdruklik binne die kultuurhistoriese en maatskaplike konteks(te) van die Middeleeue gevorm is. Dit geld volgens Foucault saanwysing vir elke ander idee, of stelsel van idees, binne enige ander epog in die geskiedenis; en andersom, vir die ideëgebondenheid van elke institusie in die kultuurgeskiedenis (vgl. Foucault, 1961:78-107, 1973:67-101;216-223; 1975:231-256). Die oogmerk van die artikel is dus nie om bloot 'n oorsig van die historiese (dus ekonomiese, juridiese en maatskaplike) ontwikkelinge ten aansien van armoede in die sentrale en latere Middeleeue aan te bied nie, maar om 'n ideëgeskiedenis van of diskopers oor armoede in die betrokke Middeleeuse periodes te verwoord.

² Vir 'n uiteensetting waarom die geykte terme "bedelordes" en "bedelmonnik" nie hier gebruik word nie maar wel "skoolordes" en "skoolmonnik", sien my onlangse vertalingsvoorstel (Beukes, 2021:3-11) ten opsigte van die kritiese verruiming van die Middeleeuse vakregister in Afrikaans.

oor die onafwendbaarheid van openbare bedelary op grond van maatskaplike onreg, wat teen die agtergrond van dramatiese ontwikkelinge in die landbou en handel vanaf die middel van die 10de eeu verstaan moet word. Daarop het 'n godsdienstige geïnspireerde ingreep – huis van buite die geïnstitutionaliseerde kerk – op die “nuwe armoedekwessie” van die 12de en 13de eeu gevvolg. Die vraagstuk van “heilige vrywillige armoede”, onder aanvoering van die Franciskaanse orde vanaf die derde dekade van die 13de eeu, verteenwoordig die spitspunt van diskursiewe ontwikkelinge met betrekking tot armoede in die sentrale en latere Middeleeue.

Hierdie ideëhistoriese bestekopname vooronderstel 'n deeglike kennisname en verwerking van gespesialiseerde ontledings van historiese ontwikkelinge in die sentrale en latere Middeleeue. Oor die afgelope twee dekades was daar huis 'n vaartversnelling in die navorsing wat ekonomiese, juridiese en maatskaplike ontledings van die verdeling van goedere en die verspreiding van geregtigheid in die sentrale en latere Middeleeue aangebied het. 'n Register van uitstaande bydraes oor die afgelope twee dekades sou die volgende werke kon insluit: Bailey (2003:457-483) se ontleding van selfopgelegde armoede en vroomheidsopvattinge in godsdienstige gemeenskappe en ordes vanaf die 13de eeu; Burr (2001) se magistrale werk, *The Spiritual Franciscans*, oor interne ontwikkelinge en faksievorming binne die Franciskaanse orde vanaf ongeveer 1220 tot 1330; Cohn (2016:145-174) se ontleding van politieke teenstrydighede in die vertolking van “materiële welsyn” in die latere Middeleeue (in Farmer [ed. 2016] se belangrike redaksiewerk, *Approaches to poverty in medieval Europe* (sien ook Farmer, 2016:1-22 se insiggewende inleiding tot dié werk en haar [Farmer, 2001] se omvangryke ontleding van armoede in Middeleeuse Parys); Coleman (2006:3-36; 2008:607-648) se ondersoek na die verhouding tussen individuele regte en verpligtinge in die latere Middeleeue en haar ontleding van die verhouding tussen eiendomsbesit en armoede in die sentrale Middeleeue; Cusato (2009:577-592) se deeglike oorsig in die tweede band van Pasnau en Van Dyke (ed. 2009) se redaksiewerk *The Cambridge history of medieval philosophy*; Dyer (2012:19-39; 2015:41-78) se voorstellings van die konkrete en alledaagse ervaring van skaarste en gebrek in Laat-Middleleeuse Engeland; Evans (2010:565-576) se uiteensetting van die verhouding tussen individuele regte en natuurlike regte in die latere Middeleeue; Forster (2003:189-217) se ondersoek na die hervertolking van die Laat-Middleleeuse verstaan van armoede in die vroeë moderne periode, veral by Hobbes; Helmholz (2003:301-325) se ondersoek na die verhouding tussen natuurlike regte, gemeenskaplike eiendomsbesit en kommunale vruggebruik (*ius commune*) in die latere Middeleeue; Lambertini (2015:111-126) se ontleding van natuurlike regte in die sentrale en latere Middeleeue (met die Franciskaanse eiendomsgeskil as gevallestudie); Mäkinen (2001:55-102; 2006:37-62) se ontledings van saaklike regte in die sentrale en latere Middeleeue en die debat oor “uiterste skaarste” vanaf die 12de eeu (sien daarby Mäkinen [2011:1066-1073] se toeganklike inskrywing in Lagerlund [ed. 2011] se *Encyclopedia of medieval philosophy*); Robinson (2012:197-224; 2009:347-374) se ontledings van die kerkregtelike grondslae van die theologiese en juridiese konflik tussen pous Johannes XXII en die Franciskane oor dié orde se verstaan van armoede in Kosso en Scott (eds 2012) se belangrike redaksiewerk *Poverty and prosperity in the Middle Ages and the Renaissance*; Schofield (2012:95-112) se ontleding van armoede in Laat-Middleleeuse plattelandse gemeenskappe in dieselfde werk (sien ook Schofield, 2008:38-63); Schüßler (2002:321-336; 2006:149-172) se deurtastende navorsing oor kollektiewe en individuele eiendomsreg (*ius possessionis*) in skolastiekcommentare in die sentrale en latere Middeleeue en in vroeë moderne tekste; Swanson (2007:399-456) se omvangryke bydrae oor die Laat-Middleleeuse grondslae van Locke se teorie van natuurlike regte; en Wolf (2003) se bondige maar manjifieke monografie waarin die moderne Franciskus-navorsing naatloos byeengebring

word. Hierdie artikel ontgin die ekonomiese, juridiese en maatskaplike elemente in veral hierdie onlangse historiese ontledings³ met die oog op 'n kartering van die diskouers oor armoede vanaf die laat 11de eeu tot die 15de eeu.

Ekonomiese armoede was feitlik ongekend in die vroeë Middeleeue (die vyfde tot die laat 11de eeu; vgl. Wickham, 2005:1-16). Volgens die vroeë Middeleeuse register is 'n "armlastige" (*pauper*) bloot beskou as 'n persoon wat hom of haar tydelik of permanent in 'n posisie van geleidelike verswakking, afhanklikheid en uitsluiting bevind het op grond van die kontingente (dit wil sê 'n nienoodsaaklike of toevallige) onvermoë tot selfhandhawing binne 'n bepaalde konteks. Hierdie kontingente onvermoë sou kon berus op 'n skaarste aan geld, verhoudings, invloed, mag, kennis, vaardigheid, herkoms (adellik al dan nie), liggaamlike krag, intellekuele vermoë en 'n aanspraak (al dan nie) op persoonlike vryheid, regte en waardigheid. Die begrip *pauper* gaan etimologies terug op die Proto-Indo-Europese *pau-* ("klein" of "min") en die koppeling daarvan met die Latynse *pario* ('n argaïese landboubegrip wat op "om min voort te bring" dui) en is gedurende die vroeë Middeleeue in 'n meer omvangryke begripperegister ontwikkel (Cusato, 2010:577-578; vgl. Mäkinen, 2006:38; 2011:1067), wat ingesluit het "toenemende verarming" (*egens*, *egenus*, *indigens*, *inops*, *insufficiens*, *miser*), "verhongering" (*esuriens*, *famelicus*), "naaktheid" (*nudus*), "liggaamsgebrek" (*caecus*, *claudus*, *contractus*), "verstandelike gebrek" (*isiotus*, *imbellicis*, *simplex*), "vereensaming" en selfs "ballingskap" of "verdiende uitsluiting" (*orphanus*, *vidua*, *bannus*, *exiliatus*). Die diep melancholiese begrip *miserabiles personae* (vgl. Mäkinen, 2006:37-38) sou, soos hier onder aangedui, later in die Sentraal-Middeleeuse kanonieke reg ontwikkel word om armlastiges as die draers van 'n verminderde soort regsubjektiwiteit aan te dui, wat ingesluit het weduwees, weeskinders, sieklikes en bejaarde.

Ten spyte van hierdie langblywende Vroeë-Middeleeuse begripperegister is armoede met terminologiese wisselvälligheid in die aanloop tot die sentrale Middeleeue hanteer, juis omdat armoede as 'n "toevallige toestand" verstaan is en nog nie as 'n gevestigde ekonomiese kategorie gegeld het nie. Skrywers tot in die vroeg 12de eeu het bogenoemde begrippe dus nog oorwegend met verskillende semantiese ladings hanteer en geherinterpretier. Die Cisterciënsermonnik Bernardus van Clairvaux (1090–1153) het byvoorbeeld slegs drie van hierdie begrippe (betreklik uitruilbaar) gebruik: *pauperes*, met betrekking tot mense wat dringende materiële ondersteuning "in die belang van geregtigheid" (na Bernardus se uitleg daarvan) sou benodig; *egenus*, wat na 'n enkele kategorie sorgbehoewende enkelinge verwys (naamlik weeskinders, weduwees en pelgrims); en *indigentes*, wat op 'n toevallige gebrek dui (het op 'n liggaamlike of 'n verstandelike beperking). Vanaf die laat 10de eeu is die ou begrip *pauper* egter met kulturele ontwikkelinge in Wes-Europa in verband gebring, onder

³ Sien ook die uitstekende proefskrif van Brunner (2006). Met inagnome van die oplewing in die gespesialiseerde historiese navorsing oor die afgelope twee dekades kan die volgende ouer oorsigte steeds met vrug geraadpleeg word: Bethell (1998, in geheel), Bosl (1963:60-87), Brett (1997:1-48), Brooke (1959:250-251), Cipolla (1993:1-43), Coleman (1987:75-100; 1988:607-648; 1996:1-34), Dipple (1994:235-258), Geremek (1994:15-119), Heer (1962:1-68), Kempshall (1999, in geheel), Kriechbaum (1996, in geheel), Lopez (1976:27-84), McGovern (1970:217-253), McGrade (1980:149-165); McKeon (1964:304-312), Miethke (1969:502-516), Moorman (1968:117-125), Mollat (1986, in geheel), Mundy (1973:174-189), Pounds (1979, 1994, beide in geheel) en Tierney (1959:360-373; 1997:1-33). Michel Mollat (1911-1996; sien Mollat, 1986), Bronislaw Geremek (1932–2008; sien Geremek, 1994) en Brian Tierney (1922–2019; sien Tierney, 1959, 1997) staan uit as prominente 20ste-eeuse navorsers oor maatskaplike kwessies soos armoede in die sentrale en latere Middeleeue (vgl. Farmer, 2016:1-3).

andere met betrekking tot omwentelinge in die landbou en die protoïndustrialisering van handearbeid in die georganiseerde handel (*agricola, laborator*) – hoewel ook met verwysing na die gebrek aan psigologiese en emosionele stabiliteit onder armes en armlastige gemeenskappe, gegewe die angs (*anxietas, angustia*) wat hulle daagliks oorlewingstryd (*carentia, penuria*) in hierdie tweekantige revolusie meegebring het. Die konseptualisering van armoede vanaf die laat 11de eeu is veral bepaal deur die hoë en toenemende voorkoms van openbare en soms opportunistiese bedelary (*mendicare*), op grond waarvan 'n algemene gebrek aan empatie met armes eerder die reël as die uitsondering geword het. Hierdie toename in bedelary en algemene armlastigheid is huis veroorsaak deur die gevolge van dramatiese ontwikkelinge in die landbou en handel vanaf die middel van die 10de eeu. 'n Nuwe kerklike en juridiese diskfers oor armoede moes gevolelik ontwikkel word om vir die "nuwe armes" van die sentrale en latere Middeleeue voorsiening te maak.

2. Die "nuwe armes": Armoede as gevolg van ontwikkelinge in die landbou en handel vanaf die middel van die 10de eeu

Die diskfers oor armoede in die sentrale en latere Middeleeue kan nie afsonderlik van institusionele en sosioëconomiese ontwikkelinge in hierdie periode verstaan word nie (sien voetnoot 1). Die ingrypende veranderinge in die landbou- en die handelsektor in Wes-Europa vanaf ongeveer 950 kan trouens as een van die weselike institusionele kenmerke van die verskuwing van die vroeë na die sentrale Middeleeue bestempel word (sien Beukes, 2020a:I:201–208; 393–398). Ná die Wes-Europese onderdrukking van die laaste "groot inval" (dié van die Hongare uit Oos-Europa [*magyar törzsek*] in 951 in Duitsland) – naas, uit die noorde, die Vikings, en, uit die suide (vernaamlik Spanje), Islam – was Wes-Europa in die laat 10de eeu vir die eerste keer sedert die val van Rome in 530 sosioëconomies stabiel. Nou kon die fokus verskuif word na (i) landbou-ontwikkeling, (ii) die hernude beweging van handelsplusse oor nasionale en selfs kontinentale grense heen, (iii) die herbouing van die ou Romeinse hoofwegstelsel, (iv) die herorganisering van die kleiner en meer geïsoleerde dorpslewe, (v) die heropbou van georganiseerde handel binne groter stedelike kontekste, en (vi) ná eeue se rudimentêre ruilhandel die heringebruikname van die Romeinse munteenheid as 'n neutrale vorm van geldwisseling tussen uiteenlopende gemeenskappe, met die gevolelike ontwikkeling van leningsinstellings, waaronder die vroeë bankwese (vgl. Cusato, 2010:578).

Met die gesamentlike verskyning van hierdie ses interafhanglike fokuspunte is die ekonomiese struktuur in Wes-Europa onherroeplik op minstens drie wyses verander (vgl. Coleman, 2008:607–608): (i) Daar was 'n merkwaardige toename in landbou- en handelsproduktiwiteit, wat tot 'n breë maar ongelyke verspreiding van goedere en wisselende grade van ekonomiese vooruitgang vir makro- en mikrogemeenskappe oor Wes-Europa heen gelei het. (ii) Ekonomiese produktiwiteit het betreklik vinnig ontwikkel van plattelandse handearbeid na voorindustriële stadsarbeid. (iii) Die migrasie van die platteland af na stede het die tradisionele Middeleeuse feodale interpretasie van eiendomsbesit verander – trouens, die Vroeë-Middleleeuse vasalbegrip⁴ en rigiede onderskeid tussen eiendomsbesit en eiendomsgebruik het stelselmatig plek gemaak vir *allodium*, vrye grond- of eiendomsbesit sónder verantwoording aan 'n meerdere eienaar of toesighouer.

⁴ Hier word bedoel die streng hiërargiese verpligtinge teenoor die eienaar van grond, of welke ander vorm van eiendom wat tydelik teen betaling of vir 'n ander vorm van vergoeding, onder meer in ruil vir strukturele en militêre beskerming, gebruik kon word.

Hierdie drie ingrypende ekonomiese veranderinge het drastiese gevolge gehad vir die verstaan van die belangestruktuur van die grondeienaar (dikwels die monarg self) vis-à-vis die leenheer of *vasal* en die lyfeiene of (Engels) *serf*. Veral laasgenoemde groep – oorwegend grondbewerkers en handearbeiders – se posisie in die Vroeë-Middeleeuse hiërgarie was reeds in die loop van die 12de eeu sterk aan die verander. Alhoewel die oorgrote deel van Wes-Europese bevolkings teen die middel van die 13de eeu steeds op die platteland gewoon en gewerk het, het verstedeliking onder druk van handelsonderhoud toenemend plaasgevind. Dit het tot gevolg gehad dat die Vroeë-Middeleeuse verhouding tussen plek (van herkoms) en identiteit ernstig versteur is (vgl. Schofield, 2012:95-112). Die vroeëre lyfeienes in die feodale stelsel was immers “arm maar versorg” – maar eenmaal onder *allodium* verstedelik, was hulle bloot arm en is hulle die *gepeupel* genoem, ’n grys identiteitlose massa, met geen beskerming van ’n leenheer of grondeienaar nie. Ekonomiese uitbuiting het spontaan gevolg: Uit desperaatheid sou die gepeupel op ’n daaglikse basis moes skik vir minder as die minimum of andersins oorengekome loon. Gedurende die 13de eeu het ’n nuwe ekonomiese “klas” gevolglik ontstaan – die “nuwe armes” (of dan *gepeupel*) – en was ekonomiese armoede nie meer ’n toevallige toestand soos verwoord in die register van die vroeë Middeleeue nie – *egens, egenus, indigens, inops, insufficiens, miser, caecus, claudus, contractus, isiotus, imbellicis, simplex* en so meer – maar nou ’n wesenlik sosio-ekonomiese verskynsel (vgl. Evans, 2010:565-566).

’n Begripsontwikkeling om die posisie van hierdie “nuwe armes” van die 12de eeu met presisie te omskryf, het onafwendbaar geword. Hierdie ontwikkeling, grootliks teologies en juridies van aard, het neergekom op die betreklik eenvoudige onderskeid tussen heer en dienaar, of *dominus* en *servus*, en het die volle diskursiewe register van weleer vervang. Die *servus* was eenvoudig ’n persoon met ’n verskeidenheid van verpligte teenoor ’n *dominus*, wat ook die *servus* se privaatregtelike (teenoor ander regsubjekte) en publiekregtelike (teenoor die staat, byvoorbeeld ten opsigte van belastingpligtigheid) posisie bepaal het. Hierdie eenvoudige skema verraai ’n diskursiewe dwarssnit in die komplekse probleem van die “nuwe armoede” van die 12de eeu: Terwyl armoede in die vroeë Middeleeue as die gevolg van een of meer toevallige faktore verstaan is, is dit nou vereenvoudig tot ’n *verhouding*, naamlik tussen *dominus* en *servus*. Die *dominus* was die “besitter”, op die platteland sowel van grond as van diegene wat dit bewerk het, of, in stedelike kontekste, sowel van ’n industrie (in die beperkte Middeleeuse sin) as van diegene wat daarin werkzaam was. Die *dominus* se “besit” van beide is nou as “eienaarskap” (*dominium*) aangedui. *Dominium* het ineens ook *jurisdiksie* beteken – die gesag om te reël en te reguleer, ongeëvalueerde regspraak uit te oefen, eensydig militêre konflik te inisieer en arbitrêre belastings te hef, in ruil vir die beskerming van sy *servi* (vgl. Coleman, 2008:623-625). Anders as in die vroeë Middeleeue, toe armoede die produk van een of meer toevallige faktore geag is, was armoede nou ’n nuwe ekonomiese *probleem* (juis as gevolg van die “nuwe armoede”) wat so doeltreffend moontlik met hierdie eenvoudige onderskeid tussen *dominus* en *servus* opgelos moes word. Eers nou – dit wil sê in die laaste dekades van die 12de eeu – het armoede diskursief ontwikkel tot ’n verskynsel wat beheer en gereguleer moes word. Armoede is nou ook, indien die verhouding tussen die *dominus* en *servus* om watter rede ook al versteur is op grond van die doen (*intentio*) of late (*omissio*) van ’n *servus*, met strafwaardigheid geassosieer. Die skeidslyn tussen armoede en misdadigheid het nou ’n stippellyn geword en armoede is in toenemende mate met ’n pejoratiewe inhoud gevul wat gegrens het aan die sosiopatiiese: Arm mense is “gevaarlik” vir die samelewning en die ekonomie, en “gevaarlike” mense, op hoë uitsondering na, is geag altyd éers arm te wees voordat hulle geblyk het “gevaarlik” te wees.

Omdat landbou in die 12de eeu egter steeds die belangrikste vorm van onderhoud en veral selfonderhoud was, is armoede uitdruklik met 'n "minimummatriks" in verband gebring (Cusato, 2010:579). Dié unieke matriks moes aandui wat die minimumhoeveelheid beboubare grond is waartoe 'n individu of 'n groep aanverwante individue vir basiese lewensoronderhoud toegang moes hê. Teen die einde van die 12de eeu het dit op een hektaar grond per individu gestaan (en byvoorbeeld agt hektaar vir 'n uitgebreide familie van agt mense; vgl. Coleman, 2008:624-625). Armoede is gevvolglik gedefinieer aan die hand van die *vermoë tot selfonderhoud* – die vermoë van die enkeling om sigself en sy of haar sorgafhanklikes *kwantitatief* te onderhou. Daardie vermoë kon vanselfsprekend slegs wisselvallig gehandhaaf word – en vir die eerste keer sedert die val van Rome is die gaping tussen "rykdom" en "armoede" met hierdie matriks eksponensieel vergroot.

Die befaamde 12de-eeuse juris en Kamaldulensermonnik Gratianus se *Decretum* (ca.1140; vgl. Mäkinen, 2006:38-39) – 'n byeenbring van die bestaande kanonieke reg met kommentaar – maak deur middel van die begrip *miserabiles personae* uitdruklik voorsiening vir 'n kategorie persone wat nie daardie minimummatriks sou kon handhaaf nie. Dít was mense wat (op Gratianus se aandrang) aangewese was op wetlik gesanksioneerde staatsondersteuning, insluitende weduwees, weeskinders en – opvallend – mense wat nieregsverteenvoordiging of toegang tot die howe kon bekostig nie. Die *miserabiles personae* was dus mense wat geen beskerming van 'n *dominus* geniet het nie en gevvolglik beswaarlik oorleef het. Tenoor die *miserabiles personae* word, as 'n uitbreiding van die begrip *dominus*, diegene gestel wat wél tot selfonderhoud in staat was – die *divites*, met twee teenoorstellings wat spontaan hierop gevolg het en met presisie die maatskaplike status van die betrokke individu aangedui het: "welgesteld" teenoor "sorgbehoewend" (*nobiles* teenoor *ignobiles*) en "burgerlik" teenoor "belastend" (*civis* teenoor *pauper*, in 'n duidelike verwerking van die oorspronklike *pauper*-begrip wat in die vroeë Middeleeue slegs op 'n "nienoodsaaklike toevalligheid" gedui het). Nou is armoede 'n "skande" geag omdat dit 'n "las" vir die bategedrewe 12de-eeuse samelewing as geheel was – en die *ekonomisering van armoede* is daarom onherroeplik in die Middeleeuse diskokers oor armoede gevestig.

3. Godsdienstige verset teen die ekonomisering van armoede vanaf die 12de eeu

Die enigste (betreklik) onverbонde instellings wat aanvanklik bereid was om hierdie "las" met betrekking tot die ekonomisering van armoede daadwerklik aan te pak, was aweregse godsdienstige bewegings wat huis in reaksie op die "nuwe armoede" in die 12de en 13de eeu tot stand gekom het. Die ekonomies vooruitstrewende monnikewese van die sentrale Middeleeue (anders as die monnikewese in die vroeë Middeleeue; vgl. Mollat, 1986:38-53) was hierin grootliks afwesig. Ou en gevestigde kloosterordes soos dié van die Cluniacensers (gestig in 910 deur Willem I [875–918], hertog van Aquitanië), die Kamaldulensers (Ordo Camaldulensis, O.Cam.), gestig rondom 1012 deur die Italiaanse Benediktyne Romualdus (ca.951–ca.1027),⁵ die Vallumbrosiane (Ordo Vallisumbrosa, O.S.B.Vall.), gestig in 1038 deur die Benediktyne ab Johannes Gualbertus (Giovanni Gualberto, ca.985–1073), die Kartuisers (Ordo Cartusiensis, O.Cart.), gestig in 1084 deur Bruno van Keulen (1030–1101), en die

⁵ Ideologies was die ontwikkeling van die kloosterordes egter veelkantig: Die Cluniacensers het byvoorbeeld tot so laat as in die 13de eeu nie as 'n koherente kloosterorde bestaan nie en die Kamaldulensers was aanvanklik glad nie 'n kloosterorde nie. Erkenning word verleen aan 'n anonieme portuurevalueerdeer se nadruk in dié verband.

Cisterciënsers (Sacer Ordo Cisterciensis, S.O.Cist.), gestig rondom 1110, het laer getrek, na binne gekeer en hulle van die nou onherroeplik ekonomiese werklikheid van armoede probeer distansieer. Trouens, omdat hierdie kloosterordes getel het onder die welvarendste grondbezitters in Wes-Europa, het hulle gebaat by die “nuwe armoede” deur grond teen verhoogde tariewe aan *domini* beskikbaar te stel vir bewerking deur hulle *servi*. Van enige sin van barmhartigheid (*caritas*) by hierdie ordes was daar in die 12de en 13de eeu kwalik sprake. Die kloosterordes is trouens uitdruklik met die *divites* – die welgestelde surgery – geassosieer. Die kerk was daarby die mees welvarende instelling in die sentrale Middeleeue en was opvallend afwesig in pogings om die probleem van “nuwe armoede” te probeer oplos, veral op die lang termyn (soos blyk uit die latere Sweedse politieke aktivis Birgitta Birgersdottir [1302/3–1373] se kritiek teen die selfkoesterende luukshede van die pousdom te Avignon; vgl. Beukes, 2020b:2-9).

In verset teen sowel die terugtrekkende kloosterwese as die afwesige kerk self, het huis *leke* (ongeordende kerklike belanghebbendes) die belangrikheid en tersaaklikheid van die heroorweging van die apostoliese gemeenskap, soos verwoord in Handelinge 4:32-36,⁶ benadruk. Lekegroeperinge soos die Waldense in Suid-Frankryk en die Humiliate in Noord-Italië het die kerk direk uitgedaaag deur hulle openbare prediking en indirek deur hulle lewe van “vrywillige armoede” – wat, soos hier onder aangedui, in die 14de eeu ’n wesenlike konsep in die diskfers oor armoede sou word. Volgens dié ideaal van “vrywillige armoede” moes enige assosiasie met die *divites* opgeskort word deur van alle vorme van eiendomsreg afstand te doen en ’n lewe van beslissende solidariteit met die armes te lei – wat nou sonder verdere versuim as die tydgenootlike weerspieëling van Christus en die apostels se maatskaplike oriëntasie geïnterpreteer is. Dit was ná hierdie aandrang vir die welvarende kerk en die ewe vermoënde kloosterwese tyd om die groterwordende gaping tussen ryk en arm in huis dieselfde gemeenskappe in dorpe en stede in Wes-Europa te erken.

Die totstandkoming van die begyneordees en begardeordees was in hierdie opsig ’n eerste waterskeiding in die diskfers oor armoede in die sentrale Middeleeue. Die begarde en begyne (in Engels normaalweg onderskeidelik *beghards* en *beguines* genoem) was institusie-onafhanklike godsdiestige groeperinge in die sentrale en latere Middeleeue wat hulself geslagtelik en grotendeels in ooreenstemming met die lyngesag in gevestigde kloosterstrukture georganiseer het. Geen lid van hierdie ordes is verplig om bindende geloftes af te lê ten opsigte van ’n lewe in selibaat of om gestroop te word van bestaande of toekomstige individuele eiendom nie – wat huis die bron van inkomste van die meeste van die vermoënde kerklik gesanksioneerde kloosterordes was. Begyne en begarde het bewegingsvryheid geniet maar moes lojaal teenoor die plaaslike orde bly. Hulle was wel vry om die plaaslike orde permanent te verlaat, sonder enige strafsanksie, maar kon normaalweg nie na die plaaslike orde terugkeer as hulle dit eenmaal verlaat het nie. Die begarde en begyne het, streng gesproke, nie gebedel

⁶ “32 Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel. 33 Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal. 34 Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring 35 en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefté. 36 Josef, ’n Leviet wat op Siprus gebore is en wat deur die apostels Barnabas genoem is – dit beteken iemand wat mense moed inpraat – 37 het ook die grond wat hy gehad het, verkoop en die geld gebring en dit vir die apostels gegee.” (*Die Bybel: Nuwe vertaling*, 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika)

nie maar was wel vir hulle lewensoronderhoud afhanglik van die betrokke gemeenskap. In ruil het hulle in die gemeenskap versorgingswerk gedoen, wat ingesluit het die versorging van siekes, gebreklike, bejaardes en weeskinders. Trouens, teen die middel van die 13de eeu was die meeste verpleegsters in Duitsland en Frankryk begyne (vgl. Bailey, 2003:457-459). In dieselfde tyd waarin die begarde en begyne na vore getree en Gratianus se *Decretum* wyd ingang begin vind het, het die kerk wel langsaam (onder die oortuiging dat die gee van aalmoese 'n Christelike deug is) procedures vir geadministreerde armsorg begin ontwikkel. Twee beginsels in die ontwikkelende natuurlike reg vanuit die *Decretum – necessitas non habet legem* en *communis omnium possessio* – is aangewend om hierdie skenking van aalmoese teologies en filosofies te reguleer (vgl. Mäkinen, 2006:38-39).

Vanaf die 13de eeu is verskeie skolastiese argumente gevolglik aangebied om die noodsaklikheid van eiendomsreg in die openbare sfeer vir die kerk, die staat en individue te begrund (vgl. Schüßler, 2002:321-336; 2006:149-172). Die grondliggende diskursiewe opvatting was dat beperkte rykdom vir lewensoronderhoud noodsaklik geag behoort te word en dat eiendomsbesit trouens 'n morele verantwoordelikheid moes wees. Die kerk se toetreding tot hierdie diskouers was egter *ex post facto* – die verset teen die kerk en kloosterwese se afwesigheid uit die voortgaande diskouers oor armoede was nou in volle gang.

Die tweede waterskeiding in die diskouers oor armoede was, teen bogenoemde agtergrond, die stigting van vier nuwe en huis kloosteróngebonde ordes wat in sowel die intellektuele as in die openbare lewe prominent na vore getree het. Die Dominikaanse orde (Ordo Praedicatorum, orde van predikers, O.P.) is in 1220 gestig deur die Spaanse priester Dominicus van Caleruega (ca.1172–1221) terwyl die Franciskaanse orde (Ordo Fratrum Minorum, orde van die beskeie broedergemeenskap, O.F.M.) in 1209 gestig is deur die Italiaanse mistikus Franciskus van Assisi (1181–1226). Later is ook die Augustynse orde (gestig in 1244, Ordo Sancti Augustini, O.E.S.A.) en die tydgenootlike Karmeliete (Ordo Carmelitorum, O.Carm.) in die lewe geroep. Hierdie vier ordes het elkeen 'n eie oorsprong, identiteit en stilistiese aanbod en sy eie oogmerke gehad. Nietemin was daar gemene delers: In kritiese verset teen die welvaart binne die kerk en kloosterwese en beide se verontagsaming van die probleem van "nuwe armoede", wou die nuwe ordes buite en onafhanglik van die ekonomies vooruitstrewende kloosterstrukture funksioneer, het hulle gevolglik van die beginsel van persoonlike eiendomsreg afstand gedoen, alle persoonlike eiendom by toetreding tot die betrokke orde aan die pouslike patrimonium (in ruil vir pouslike sanksie en beskerming deur middel van gesaghebbende pouslike bulle) toevertrou en was hulle vir finansiële ondersteuning en materiële onderhoud afhanglik van die gemeenskappe waarin hulle gedien het (vgl. Mollat, 1986:121-127; Schüßler, 2002:321-330). In ruil daarvoor het die skoolmonnike, soos die tydgenootlike begyne en begarde, barmhartigheidswerk in daardie gemeenskappe onderneem, veral ten opsigte van siekesorg, armsorg en bejaardesorg. Die eeueoue sekuriteit van die klooster is derhalwe verlaat ter wille van 'n lewe van diens in die wêrelf self (vgl. Grieco, 2011:117-156). 'n Onverkwiklike geskil tussen die oudste van hierdie ordes – die Franciskane – en die hoogste kerklike gesag vorm egter die diskursiewe spitspunt van die armoedevraagstuk in die latere Middeleeue, en verteenwoordig ook die hoogtepunt van die diskouers oor armoede in die sentrale en latere Middeleeue as sodanig.

4. Die Franciskaanse eiendomsgeskil as spitspunt van die diskouers oor armoede in die latere Middeleeue

Die wesenlike⁷ van die Franciskane se ideaal van korporatiewe armoede kan gevind word in twee passasies in Franciskus se *Regula bullata* (6.1-2) en *Testamentum* (24): “Die broeders mag niks besit nie: nie ’n huis of ’n plek nie, kortom, nijs nie – eerder behoort hulle uit te gaan en vir aalmoese te vra as vreemdelinge en gaste in die wêreld, in armoede en nederigheid op die spoor van die Heer”; “[Die broeders] mag geen eiendom ontvang met die oogmerk om dit te besit nie, nie van die kerk of van elders nie, tensy die eiendom in diens van heilige armoede staan, en ook dan bly die broeders daar as pelgrims en gaste” (Franciskus in en vertaal uit Esser [ed. 1978:231;312]). Die uitgelese Franciskaane Willem van Ockham (ca.1285–1349) en Franciskus van Marchia (ca.1290–ca.1344), ’n magister in teologie aan die Universiteit van Parys en uitgesproke teenstander van pous Johannes XXII (Jacques Duèze, 1244–1334, pous van 1316 tot 1334), konfronteer vanaf die vroeë 1320’s, saam met ander prominente Franciskane, die pous oor die orde se verstaan van hierdie vorm van korporatiewe of “heilige vrywillige” armoede, juis as ’n verset teen die kerk en die georganiseerde kloosterwese se huiwering om betrokke te raak by die probleem van die “nuwe armoede” wat in die 12de eeu ontstaan het.⁸ Hierdie konfrontasie het vir die Franciskane, nougeset op Franciskus se spoor, ontstaan uit ’n teologies eenvoudige maar, vir die pous, kerkregtelik komplekse aangeleentheid. Wanneer ’n leerling (*novise*) tot die Franciskaanse orde toegetree het, het hy afstand gedoen van sy private boedel en dit in geheel aan die orde toevertrou. Die Franciskane het ’n novise wat nie gedurende die eerste twee jaar kon volhou met die rigiede studieprogram, die minimalistiese lewenswyse en die benadering van korporatiewe armoede van die orde nie, uitdruklik nié gepenaliseer nie (sien Beukes, 2020b:5, voetnoot 6). Trouens, huiwerige leerlinge is formeel geadviseer om nié die gestroope en eenvoudige “Franciskaanse weg” te volg nie, en het gevolglik hulle boedels terug ontvang en teruggekeer na die sekulêre lewe. Talle Franciskaanse monnike was uit die Europese adelstande afkomstig en daardie boedels was soms indrukwekkend. Die toetredende leerling se boedel is voorlopig geoormerk vir *usus facti*, oftewel daadwerklike gebruik deur die orde, en het die orde ná twee jaar permanent toegeval (vgl. Mäkinen, 2006:46). Die Franciskane het met hierdie werkswyse privaatregtelike eiendomsreg afgewys – maar wou daarvan juis die “gebruik van middele” ter wille van die onderhoud en instandhouding van die orde handhaaf, sonder om hierdie “gebruik van middele” formeel aan ’n saaklike reg soos vruggebruik (*fructus*) te verbind (vgl. Schüßler, 2006:149–172). Die orde het privaatregtelik dus oor geen eiendom beskik nie maar moes wel per stad per maand eiendom vir verblyf en vir die fasilitering van onderrig aan ’n *studium* huur, of

⁷ Die deeglikste ontleding van die Franciskaanse ideaal van korporatiewe armoede tot op datum is waarskynlik steeds Lambert (1998) se *The doctrine of the absolute poverty of Christ and the apostles in the Franciscan order, 1210–1232*; ten opsigte van die komplekse ontwikkelinge in aanloop tot hierdie eiendomsgeskil, sien Lambert (1998:101–107). Sien daarby die omvangryke oorsig van Annabel Brett (1997:10–48, “Right and liberty: the equivalence of *dominium* and *usus*”). Hierdie afdeling (4) verteenwoordig ’n bywerking en aanvulling van materiaal in Beukes (2021a:4–6).

⁸ Vir besonder deeglike uiteenstellings, sien Burr (2001:43–66), Mäkinen (2001, in geheel; vir ’n bondiger bespreking, sien Mäkinen, 2006:46–50), Lambertini (2015:111–126) en Wolf (2003:39–90). Sien ook Folger-Fonfara (2008:1–17), Friedman & Schabel (2001:31–106), asook hulle omvattende redaksiewerk (Friedman & Schabel [eds. 2006], in geheel). Vir ’n waardevolle ontleding van die tersaaklike kerkregtelike aspekte, sien Wittneben (2003, in geheel).

andersins van 'n gratis ("aalmoes") aanbod vir behuising en die fasilitering van onderrig uit die betrokke gemeenskap gebruik maak.

Johannes XXII het egter in sy bul *Ad conditorem canonum* (Desember 1322) geoordeel dat die individuele boedels van toetredende novises die poulike begroting onmiddellik moes toeval. Sy standpunt, met inbegrip van die talle tegniese kerkregtelike oorwegings daarin, kan met die beeld van 'n emmer geïllustreer word (vgl. Robinson, 2012:201). Ook al gebruik 'n Franciskaan 'n emmer slegs vir die doel waarvoor dit bestem is (*usus facti*), sonder om dit te besit en sonder die opset om dit in die toekoms te besit, behoort daardie emmer, terwyl dit deur die Franciskaan gebruik word, steeds aan "iemand". Daardie "iemand" sou die oorspronklike skenker of aalmoesgewer van die emmer moes wees. Indien daardie skenker nog leef, berus die *ius* of reg van die skenker, insluitende die eiendomsreg (*dominium*) op die emmer, steeds by daardie skenker. Indien hy of sy nie meer leef nie en geen testamentêre bepaling in dié verband gelaat het nie, kan daardie "iemand" slegs die pou as kurator van die eiendom wees en gaan die eiendomsreg van die emmer oor op die pou – aangesien die Franciskane self die emmer op grond van hulle *eie* ordereëls, soos bo aangetoon, nie met enige ander oogmerk as om dit slegs voorlopig te gebruik "as eiendom in besit" mag neem nie. *Mutatis mutandis* geld dit ook die boedels van novises wat tot die orde toetree. Ook al gebruik die Franciskane 'n novise se geskenkte persoonlike boedel (gedurende die twee jaar voor die suksesvolle inlywing tot die orde) slegs daadwerklik en voorlopig (*ordo habeat usum; sien infra*), behoort daardie boedel aan "iemand". Daardie "iemand" kan nie die aanvanklike skenker wees nie, aangesien die aanvanklike skenker nou 'n (potensiële) Franciskaan is, wat eiendomsregtelik (en wyer privaatregtelik) op grond van sy vrywillige toetrede tot die orde nie langer "iemand" is nie. Indien die skenker voor die verstryking van sy twee jaar leerlingskap uit die orde sou tree, word die skenking (dus die oorspronklike boedel) uit die poulike kuratorskap aan hom teruggegee. Indien die skenker ná die twee jaar internskap permanent tot die orde toetree, is daar geen ander "iemand" om daardie boedel regtens "in besit te neem" as die pou as kurator nie. Die Franciskane se ewe genuanseerde reg sposisie was daarenteen dat die saak wat in gebruik gehou word, slegs op opvolgende gebruikers kan oorgaan en per definisie niemand se eiendom kán word nie – in hierdie geval dus nie die orde óf die pou self nie. Daarom moes die boedels van toetredende novises, hetsy tydelik of uiteindelik permanent, binne die orde bly. Die emmer word dus van Franciskaan na Franciskaan aangegee en word in geen stadium enige Franciskaan se eiendom nie, totdat daar geen emmer – hetsy vanweë slytasie, skade of gebruik – meer oor is nie.

Ockham en Marchia bots van 1323 tot 1328 gereeld oor hierdie aangeleentheid met die pou (vgl. Mäkinen, 2006:46-48; Wittneben, 2003:353-359). Die eerste deel van die vraagstuk het gehandel oor Christus en die apostels se posisie ten opsigte van privaat eiendom en die tweede deel oor bogenoemde opvatting van "heilige vrywillige armoede". Franciskus self het, soos hier bo getoon, 'n ekstreme armoede-ideaal nagestreef. Die eerste Franciskaanse monnike van die vroeë 13de eeu mog niets persoonlik in eiendom gehad het nie, mog letterlik nie aan geld geraak het nie en moes volledig van aalmoese (dit wil sê niegeldelike ondersteuning) uit die plaaslike gemeenskap afhanglik wees vir die voorsiening van voedsel, kleding en basiese huisvesting. Bonaventura, die befaamde meester-generaal van die Franciskaanse orde in Frankryk vanaf 1257, het voor sy dood in 1274 egter 'n uitdruklike onderskeid tussen *dominium* en *usus* getref: Franciskane kon wel (iemand se) eiendom daadwerklik gebruik (*usus facti*) maar dit nie individueel of kollektief as 'n orde in eiendom hê (*dominium*) óf as 'n reg tot gebruik (*ius utendi*) uitoefen nie (vgl. Mäkinen, 2001:185-186). Die orde kon (iemand se) eiendom wel "in besit hou" ter wille van "verantwoorde en nie-uitbuitende gebruik" (*ordo*

habeat usum, dinamies vertaal, “die orde het toestemming om te gebruik” [nié gebruiksreg oftewel *ius utendi* óf vruggebruik oftewel *fructus* nie], na Bonaventura se interpretasie van *usus facti*). Reeds in 1230, kort ná Franciskus se dood, het pous Gregorius IX (Ugolino di Conti, ca.1170–1241, pous van 1227 tot 1241) Franciskus se bedoeling in *Testamentum* (24) bevestig deur in sy bul *Quo elongati* (vgl. Lambert, 1998:106-107) te verklaar dat hoewel die *Testamentum* geen regsgeldige aanspraak kon of wou rig ten opsigte van die orde se posisie met betrekking tot individuele óf kollektiewe eiendsreg nie, die orde nikus in eiendom mog hê buiten boeke, skryfbehoeftes en ander roerende bates wat vir akademiese werk gebruik kon word nie. Gregorius IX se bul is 15 jaar later deur Innocentius IV (ca.1195–1254, Sinibaldo Fleschi, pous van 1243 tot 1254) in sy bul *Ordinem vestrum* bevestig (vgl. Lambertini, 2015:111-113). Bonaventura se onderskeid tussen *usus facti* (en gevvolglik *ordo habeat usum*) en *dominium* het dus dubbele poulike sanksie geniet. Gregorius IX en Innocentius IV het albei uitdruklik ruimte vir *usus facti*, minstens met die oog op die voortsetting van akademiese werksaamhede, geskep. Innocentius IV het wel Gregorius IX se *Quo elongati* met sy *Ordinem vestrum* verfyn deur by te voeg dat dit wat die orde daadwerklik gebruik deur dit in besit te hou (sonder om dit dus in eiendom te hê), op geen wyse vervreem mag word nie. Die *ius, proprietas et dominium* (die “reg, aanspraak en eiendom”) behoort aan die oorspronklike skenker en indien die skenker geen testamentêre bepaling in dié verband nagelaat het nie, val die *ius, proprietas et dominium* die kerk (onder poulike kuratorskap) toe (vgl. Coleman, 2008:607-648; Robinson, 2012:199).

Reeds in 1279 het pous Nikolaas III (Giovanni Gaetano Orsini, 1225–1280, pous van 1277 tot 1280), in stryd met Bonaventura se oogmerk om die orde finansieel onafhanklik te hou sonder om die ideaal van vrywillige korporatiewe armoede te ondergrawe, in sy bul *Exiit qui seminat* die orde van enige vorm van saaklike regte, insluitende enige interpretasie van *usus facti* as sou dit kon dui op ’n vorm van regsgeldige vruggebruik (*fructus*) óf, soos Bonaventura dit wou, vir verantwoorde, daadwerklike en nie-uitbuitende gebruik deur die orde (dus *ordo habeat usum*) onthef en die orde se volledige boedel aan die poulike kuratorskap toevertrou. Aan die einde van 1322 het Johannes XXII in sy bul *Ad conditorem canonum* Nikolaus III se besluit van meer as vier dekades vantevore bevestig, Bonaventura se posisie nogeens as “onwerkbaar” en ’n “skynheilige dwaling” afgemaak, en die Franciskaanse interpretasie van Jesus en die apostels se posisie ten opsigte van eiendsreg, waarmee die orde se interpretasie van *usus facti* juis wou ooreenstem, tot ’n “dwaling” verklaar (vgl. Mäkinen, 2006:49-50; Robinson, 2012:201). In 1324 publiseer Johannes XXII die bul *Quia quorundam mentes*, waarin hy aanvoer dat die Franciskane se onderskeid tussen *usus facti* en *dominium* nie regsgeldig of prakties uitvoerbaar is nie. Aangesien die Franciskane dit duidelik gemaak het dat die orde geen individuele of kollektiewe eiendsreg toelaat nie, val enige saaklike reg waarop die orde wel aanspraak maak (insluitende eiendom wat vir daadwerklike gebruik geoormerk is en dus slegs “in besit gehou word ter wille van verantwoorde gebruik”), die poulike kuratorskap toe. Die meester-generaal van die Franciskaanse orde in 1323, Michael van Cesena (ca.1270–1342), het Ockham versoek om hierdie twee dwalingsdekrete te ondersoek. Ockham het bevind dat die dekrete van Johannes XXII immoreel, na sy mening absurd en inderdaad self ketters was. Ockham se argument was eenvoudig dat beide Nikolaus III en Johannes XXII die poulike bulle *Quo elongati* van 1230 en *Ordinem vestrum* van 1245 verontgaam het en hulle daarvan in die ongelyk met die kerkregtelike beginsel van die gesag van poulike presedensie gebring het (*stare decisis* – dit wil sê dat die gesag van vorige uitsprake oor ’n bepaalde aangeleenthed in poulike bulle gehandhaaf moes word). Die resultaat van Ockham se ondersoek is wyd openbaar gemaak. ’n Pouslike bul vir sy en Cesena

se arrestasie is gevolglik uitgereik en saam moes die twee dissidente – in die geselskap van tientalle ander Franciskane – vir hulle lewens uit Avignon vlug. Die voortvlugtende Franciskane het uiteindelik in Duitsland asiel verkry onder toesig van keiser Lodewyk van Beiere.⁹

In hierdie konflik tussen Johannes XXII en die Franciskane was daar geen wenners nie (vgl. Burr, 2001:179-190). Aan die een kant het die Franciskane hulle diepe verbondenheid aan Franciskus se ideaal van “heilige vrywillige armoede” met hierdie konfrontasie bevestig. Aan die ander kant het die orde die indruk van verset en opstandigheid teen die kerklike gesag gelaat. Die gerekende dubbele magister in lettere en teologie aan Oxford in die 1330's, Richard FitzRalph (ca.1300–1360), se omvangryke polemiek met die Franciskane en Dominikane in die besonder (in sy *De pauperie salvatoris* [ca.1350–1356] van agt volumes, met 'n *supplementum, De mendicitate*), waarin hy die Franciskaanse orde se hantering van die vraag na *dominium* teenoor *usus facti* heftig kritiseer, is hiervan sprekend en ook tekenend van die skolastiese hantering van die diskouers oor armoede in die latere Middeleeue (vgl. Schüßler, 2002:321-336). FitzRalph was die skoolordes aanvanklik betreklik goedgesind en het hulle onder meer daarin ondersteun dat spesifiek die Franciskaanse gemeenskapsboedel nie sonder meer aan die poulike kuratorskap toevertrou hoef te word nie – dat die Franciskane die boedel dus intern kon bestuur en wat daadwerklike gebruik (*usus facti*) betref, na goeddunke kon aanwend. Nadat hy as aartsbiskop van Armagh aangewys is, het FitzRalph egter self toenemend in konfrontasie met die Franciskane gekom, juis omdat die orde die kloosterongebonde ideaal om buite die sfeer van formele kerklike toesig te beweeg (en daarom by verstek onafhanklik van die Benediktynse ordereëls soos in die kerklik gesanksioneerde kloosterordes), na sy mening te ver gevoer het (vgl. Dunne, 2004:243-258; Walsh, 1981:349-451).

FitzRalph berei daarom 'n uitgebreide filosofiese en teologiese kritiek voor van wat hy in *De pauperie salvatoris* 'n “geradikaliseerde ideaal” noem: In die loop van die agt volumes betoog FitzRalph dat, hoewel hy juis binne die konteks van die “nuwe armoede” agting het vir die skoolordes se ideaal van korporatiewe en vrywillige armoede en hulle toewyding aan barmhartigheidsorg, asook hulle pastorale en kategetiese werk in die samelewning in die algemeen, hy hulle verset teen die kerklike gesag onverskoonbaar vind – gegewe die feit dat hulle dikwels van kerklike eiendom gebruik gemaak het in die uitvoering van hierdie selfopgelegde verantwoordelikhede. In sy ontleding van hierdie ordes se juridiese posisie en maatskaplike status lewer FitzRalph uitgebreide kommentaar op die sakeregtelike kwessies van private en korporatiewe eiendomsreg met behulp van gesaghebbende 14de-eeuse regadvies (vgl. Wittneben, 2003:1-25). Die Franciskane se herhaalde uitdaging van die pouodom het hulle deur FitzRalph se beslissende teenkanting uiteindelik ingehaal en ten slotte het die orde weinig vermag om die probleem van die “nuwe armoede” op die lang duur effektief die hoof te bied. Nietemin was die Franciskane se botsing met Johannes XXII algemeen bekend en het dit die probleem van armoede in die konteks van 'n onvoorspelbare 14de eeu helder omlyn. Hiermee is ook die grondslag gelê vir die ontwikkeling van teorieë van natuurlike regte oor die volgende drie eeue heen (sien Burr, 2001:279-304; Robinson, 2009:347-374; Swanson, 2007:399-456; vir die nawerking byveral Hobbes, sien Forster, 2003:189-217).

⁹ Sien Burr (2001:191-212). Lodewyk het Johannes XXII as 'n aartsvyand beskou omdat hy Lodewyk se verkiezing tot keiser betwissel en probeer ondermy het deur die troon in 1317 by poulike dekreet “vakant” te verklaar. Lodewyk, wat self in 1324 geëkskommunikeer is, het hom sonder sukses tot 'n algemene Roomse konsilie gewend om Johannes XXII self tot ketter verklaar te kry. Sonder sukses en enige uitkoms elders, het Lodewyk Rome in 1328 binnegevaar, homself opnuut as keiser aangestel en 'n keiserlike teenpous aangewys. Ockham is uiteindelik rondom 1349 in die omstreke van München aan die Swart Pes oorlede.

5. Armlastiges as 'n minderheidsgroep in die stormagtige 14de eeu

Wes-Europa is in die tweede helfte van die 14de eeu in anargisme gedompel, omdat die (deur die Italiaanse Renaissance só benoemde) "Middeleeue" nou duidelik 'n afloop begin toon het en 'n "nuwe era van hergeboorte" – huis dié Renaissance – reikhalsend ingewag is. Die laaste dekades van die 14de eeu sou selfs as revolusionêr bestempel kon word: Politieke opstande was algemeen (ingelui deur die kleinboeropstand in Vlaandere in die vroeë 1330's) en die jong nasiestate, wat van die knellende historiese en outhoritêre greep van die pousdom begin weg beweeg het, was uiteindelik vry om 'n onafhanklike identiteit te begin skep. Saam met hierdie moontlikheid van vryheid het egter ook die versoeking gekom om die grense van daardie vryheid te toets: Oorloë tussen sulke jong 14de-eeuse state was dus algemeen en langdurig, selfs tot so lank as 'n eeu. Gildes en stadsrade het hulle teen die gesag van hertogdomme georganiseer en opgestel. Die Swart Dood (builepes, ook bekend as die Swart Pes) het daarby in verskeie sarsies, met die hoogtepunt van 1346 tot 1353, vinnig oor die kontinent getrek en die lewens van tot 50 miljoen mense geëis. Die eens magtige heilige, algemene Christelike kerk is tot in sy fondamente geskud deur die Westerse Verdeling (ook bekend as die Groot Skisma) van 1378 tot 1417, wat die pousdom en die kerk self effektiief geskeur het; daar was tot in 1410 tot drie pouse gelyktydig wat mekaar oor en weer geëks-kommunikeer het (vgl. Beukes, 2020b:4-5).

In hierdie anarhistiese konteks tree die opvatting van "absolute regering" en burgerlike pogings om 'n gefragmenteerde gemeenskap te konsolideer na vore, onder meer in die soeke na "uniformiteit" en in die afwyking van enige oorweging wat die opvatting van 'n gelyk-blywende identiteit geproblematiseer het. So verdraagsaam as wat die laat 11de eeu, die 12de eeu en minstens die eerste helfte van die 13de eeu oor 'n wye aantal kulturele aangeleenthede was, so onverdraagsaam en gesloten was die 14de en vroeë 15de eeu teenoor dieselfde aangeleenthede. Die impetus vir hierdie onverdraagsaamheid kan gevind word in die verbete soeke na huis daardie "absolute regering", met 'n kenmerkende strewe na intellektuele en institusionele uniformiteit, die korporatisering van die sosiale leefwêreld en die konsolidering van burgerlike, kerklike en administratiewe burokrasieë, soos vergestalt in die dramatiese toename in wetgewing van allerlei aard in die 14de eeu (met inbegrip van die herstel van die sesde-eeuse Justiniaanse Romeinse reg vanaf die 13de eeu): Waar die omvang van koninklike en ander edikte in die 12de en 13de eeu nie meer as 100 volumes beslaan het nie, het die gemiddelde wetgewing deur 'n monarg van selfs 'n beskeie streek in die 14de eeu etlike duisende registers beslaan, terwyl Johannes XXII, berug vir sy wydstrekkende polemiek, letterlik honderde pouslike bulle nagelaat het (vgl. Coleman, 2006:30-32).

Binne die korporatiewe en juridies gedrewe konteks van die 14de eeu ontstaan nou ook vir die eerste keer die opvatting van "mindere minderhede". Afgesien van ekonomiese opstande, groeiende klasseverskille en voortgaande maatskaplike differensiasie op grond van ekonomiese verskille (vgl. Bräuer, 2015:1), neem onder andere antisemitisme en algemene godsdienstige onverdraagsaamheid (byvoorbeeld teenoor Islam in Andalusiese Spanje) beduidend toe (vgl. Baer, 2001:95-169). Alle dinge moes nou voldoen aan die ideaal van "suiwere uniformiteit", wat beteken het dat alles trefseker gereduseer moes kon word tot 'n enkele beginsel van identiteit. Byvoorbeeld: Teologiese uitsette is toenemend in die korset van korter *summae* met enkele sistematiese formules gedwing, die draagwydte van die Inkvisisie se jurisdiksie om "afwykende" teologiese en lewensbeskoulike posisies te dissiplineer is aansienlik uitgebrei, sekulêre kennis is in enkelformate gedwing, waarvan die 14de-eeuse "ensiklopedie" (synde die byeenbring van alle beskikbare kennis oor 'n bepaalde kennisrubriek in 'n enkele boek,

'n reeks volumes of een kennisstelsel) sprekend was, terwyl die kerklike hiërargie se oopsigvermoë oor etiese, morele en selfs juridiese aangeleenthede intensief uitgebrei is. Die 14de eeu was inderdaad die tyd van die "groot suiwering": Jode is reeds in die eerste dekade van die 14de eeu uit Engeland en Frankryk verban en melaatses in Frankryk is vanaf 1322 op bevel van Karel IV vir lang tydperke in die tronk opgesluit (met die gevolglike sluiting van die betroubare ou Middeleeuse *leprosaria*, wat eeue lank 'n tuiste gebied het nie net aan melaatses nie, maar huis ook aan ander sosiaal-uitgeslotenes; vgl. Foucault, 1961:3-42).

Afgesien van die skep van minderhede op grond van etniese, godsdiensstige en geslagsidentiteit, asook seksuele voorkeure, word 'n verskeidenheid ander minderheidsmerkers in die 14de eeu opgestel (vgl. Mollat, 1986:268–269). Belangrik is dat nie "getalle" of kwantifiseerbare oorwegings nie maar wisselvallige etikette soos "tipe", "soort" en talle ander arbitrière, pseudokwalifiseerbare oorwegings gebruik is om sodanige *minoritatem* aan te dui. Selfs armoede word nou aangedui as 'n "minderheidsbelang" (vgl. Schofield, 2008:38-63; Campbell, 2005:3-70): Hoewel verreweg die grootste deel van elke Wes-Europese bevolking in die latere Middeleeue uit die "nuwe armes" bestaan het, word daardie meerderheid nou as 'n "minderheid" getypeer. Die aanmerk van arm mense as 'n "mindere minderheid" duï op die vermoë van die nuut ontwerpte uitsluitingsmeganismes van die 14de eeu om selfs selfeenstellende oorwegings te gebruik om die samelewning effektiel te homogeniseer. Die druk om aan die ideaal van homogeniteit te voldoen was oral aanwesig: Soos aangedui *supra*, is selfs die Franciskaanse armoede-ideaal in die eerste dekades van die 14de eeu tot op die punt van kettery geproblematiseer. Daarby is geldskieters (Middeleeuse "bankiers"; sien Cusato, 2010:578) en politieke afvalliges (sien Boswell, 1980:276) by die wyer wordende register van sensureerbare minderhede ingesluit. Soveel armes as wat daar in die 14de eeu was, so gering is hulle geskat – inderdaad was die armes nou 'n pejoratiewe "minderheid". Die diskfers oor armoede het inderdaad ver beweeg van 'n reeks "toevallige faktore" in die vroeë Middeleeue, na 'n "klas" in die 12de en die 13de eeu, en uiteindelik na 'n "minderheidsgroep" in die 14de eeu.

6. Samevatting en gevolgtrekking

Die diskfers oor armoede in die sentrale en latere Middeleeue verloop volgens bogenoemde ontleding in vyf aanduibare fases. Teen die agtergrond van die kenmerking van armoede in die vroeë Middeleeue as 'n "toevallige verskynsel" of "aantal toevallige faktore", vind daar eerstens vanaf die middel van die 10de eeu 'n diskursieve verskuiwing plaas op grond van drastiese omwentelinge in die landbou en handel. Die "nuwe armes" het ontstaan uit 'n "klas" grondbewerkers en handearbeiders wie se sosioëkonomiese posisie in die 12de eeu intensief hersien is. 'n Begripsontwikkeling, wat grootliks teologies en juridies van aard was en berus het op 'n betreklik eenvoudige onderskeid tussen heer en dienaar, of *dominus* en *servus*, het daarna die volle diskursieve register van die vroeë Middeleeue vervang. Waar armoede in die vroeë Middeleeue as die gevolg van een of meer toevallige faktore verstaan is, is dit in die 12de eeu vereenvoudig tot die *verhouding* tussen heer en dienaar. Armoede was nou 'n nuwe "ekonomiese probleem" wat so doeltreffend moontlik met hierdie elementêre onderskeid tussen *dominus* en *servus* die hoof gebied moes word. Tweedens is armoede in die 12de eeu uitdruklik in verband gebring met 'n "minimummatriks", wat moes aandui wat die minimumhoeveelheid beboubare grond was waartoe 'n individu of groep verwante individue vir basiese lewensoronderhoud toegang moes hê. Armoede is gevolglik, vir die eerste keer in die Middeleeue, gedefinieer volgens 'n "vermoë tot selfonderhoud". Hiermee is die ekono-

misering van armoede onherroeplik in die latere Middeleeuse diskopers gevestig. Derdens is 'n verset teen sowel hierdie ekonomisering as die kerk en kloosterwese se versuim om die "nuwe armoede" krities aan te pak, van stapel gestuur deur godsdienstige versetsbewegings wat juis in reaksie teen die "nuwe armoede" in die laat 12de en 13de eeu tot stand gekom het. Die ideaal van "vrywillige armoede" is deur groepe soos die begyne en Waldense voorgehou ten einde enige assosiasie met welvaart op te skort deur van alle vorme van eiendomsreg afstand te doen en 'n lewe van volledige eensgesindheid met die armes te lei. Hierdie verset is, vierdens, verhewig deur die Franciskaanse orde se 14de-eeuse konfrontasie met die pousdom oor die orde se verstaan van die verhouding tussen eiendomsreg en die daadwerklike gebruik van middele, wat as die spitspunt van die diskopers oor armoede in die sentrale en latere Middeleeue voorgehou is. Laastens is die uiteindelike skep van 'n minderheidsgroep – "die armlastiges" – 'n aanduiding van die afloop van die ontwikkeling van die diskopers oor armoede in die sentrale en latere Middeleeue. Wat eens geag is die gevolg van onwillekeurige en toevallige omstandighede te wees, is eers gereduseer tot 'n "verhouding", daarna geëkonomieseert tot 'n "klas", en uiteindelik onder pejoratiewe beheer gebring in 'n "minderheid". Hierdie ontwikkelinge in die 14de eeu het die weg gebaan vir die ontwikkeling van teorieë van natuurlike regte in die 15de eeu en later.

Dit is waarskynlik waar dat die "armes" altyd by ons sal wees. Onteenseglik méér waar is dat die pynlikheid van ontbering en skaarste vanaf die sentrale Middeleeue steeds met 'n raaiselagtige kulturele gelatenheid gadegeslaan word. Dit was en is nie 'n skande om arm te wees nie: Wél skadelik is dat armoede so diskursief onverbloemd met "andersheid", "agtergeblewenheid" en veral 'n "minderheidsbelang" in verband gebring is (en steeds word). Soos in vele ander opsigte is hier ook weer uit die vroeë Middeleeue te leer. Armoede is werklik niks méér as die resultaat van 'n toevallige faktor of aantal toevallige faktore nie. Wie ook al 'n oog het vir die radikaal kontingente aard van die werklikheid, behoort dit in te sien en veral raak te sien.

BIBLIOGRAFIE

- Baer, Y. 2001. *A history of the Jews in Christian Spain, Volume II*. Skokie: Varda & Philadelphia: Jewish Publication Society of America.
- Bailey, M. 2003. Religious poverty, mendicancy and reform in the Middle Ages. *Church History*, 72(1):457-483.
- Bethell, T. 1998. *The noblest triumph: Property and prosperity through the ages*. New York: St. Martin's Press.
- Beukes, J. 2020a. *Middleleeuse filosofie*. Volumes I en II. Pretoria: Akademia.
- Beukes, J. 2020b. Die politieke aktivisme van Birgitta Birgersdotter (1302/3–1373). *Verbum et Ecclesia*, 41(1), Art. #2134:1-12. <https://doi.org/10.4102/ve.v41i1.2134> [15 October 2021].
- Beukes, J. 2021. "Skoolordes" in stede van "bedelordes": 'n Heroorweging van die toepaslikheid van die begrip *mendicāns* in die (Afrikaanse) Middeleeuse vakregister. *HTS Theological Studies* 77(4), Art. #6837:1–11. <https://doi.org/10.4102/hts.v77i4.6837> [15 October 2021].
- Bosl, K. 1963. *Potens und Pauper*. In Bergengruen, A & Deike, L (eds). *Alteuropa und die Moderne Gesellschaft*. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht, pp. 60-87.
- Boswell, J. 1980. *Christianity, social tolerance and homosexuality: Gay people in Western Europe from the beginning of the Christian era to the fourteenth century*. Chicago: Chicago University Press.
- Bräuer, H. 2015. Poverty, urban. In Dunphy, G & Gow, A (eds). *Encyclopedia of early modern history online*. Leiden: Brill. https://dx.doi.org/10.1163/2352-0272_emho_COM_028030 [24 March 2022].
- Brett, AS. 1997. *Liberty, right and nature: Individual rights in later scholastic thought*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Brooke, RB. 1959. *Early Franciscan government: Elias to Bonaventure*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Brunner, M. 2006. Pope John XXII and the Franciscan ideal of absolute poverty. PhD thesis. Leeds: University of Leeds. <https://etheses.whiterose.ac.uk/1095/> [12 March 2022].
- Burr, D. 2001. *The Spiritual Franciscans: From protest to persecution in the century after Saint Francis*. University Park, PA: The Pennsylvania State University Press.
- Campbell, BMS. 2005. The agrarian problem in the early fourteenth century. *Past and Present*, 188(1):3-70.
- Cipolla, CM. 1993. *Before the Industrial Revolution. European society and economy, 1000–1700*. Woodall, C (transl.). London: Routledge.
- Cohn, SK, Jr. 2016. Rich and poor in Western Europe, c.1375–1475: The political paradox of material well-being. In Farmer, S (ed.). *Approaches to poverty in medieval Europe: Complexities, contradictions, transformations, c.1100–1500*. Turnhout: Brepols, pp. 145-174.
- Coleman, J. 1987. The two jurisdictions: Theological and legal justifications of church property in the thirteenth century. In Shiels, W & Wood, D (eds). *Studies in Church History, Subsidia: The church and wealth*. Oxford: Blackwell, pp. 57-100.
- Coleman, J. 1988. Property and poverty. In Burns, J (ed.). *The Cambridge history of medieval political thought*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 607-648.
- Coleman, J. 1996. The individual and the medieval state. In Coleman, J (ed.). *The individual in political theory and practice*. Oxford: European Science Foundation & Clarendon Press, pp. 1-34.
- Coleman, J. 2006. Are there any individual rights or only duties? On the limits of obedience in the avoidance of sin according to late medieval and early modern scholars. In Mäkinen, V & Korkman, P (eds). *Transformations in medieval and early-modern rights discourse*. Dordrecht: Springer, pp.3-36.
- Coleman, J. 2008. Property and poverty. In Burns, JH (ed.). *The Cambridge history of medieval political thought, c.350 – c.1450*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 607-648.
- Cusato, MF. 2010. Poverty. In Pasnau, R & Van Dyke, C (eds). *The Cambridge history of medieval philosophy Volume II*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 577-592.
- Dipple, G. 1994. Uthred and the friars: Apostolic poverty and clerical dominion between FitzRalph and Wyclif. *Traditio*, 49(1):235-258.
- Dunne, M. 2004. Richard FitzRalph of Dundalk (c.1300–1360) and the New World. *Archivium Hibernicum*, 58(1):243-258.
- Dyer, C. 2012. The experience of being poor in late medieval England. In Scott, AM (ed.). *Experiences of poverty in late medieval and early modern England and France*. Surrey: Ashgate, pp. 19-39.
- Dyer, C. 2015. Poverty and its relief in late medieval England. *Past and Present*, 216(1):41-78.
- Esser, K (ed.). 1978. *Opuscula sancti patris Francisci Assisiensis*. Grottaferrata: College of St. Bonaventura.
- Evans, GR. 2010. Law and nature. In Pasnau, R & Van Dyke, C (eds). *The Cambridge history of medieval philosophy, Volume II*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 565-576.
- Farmer, S. 2001. *Surviving poverty in medieval Paris: Gender, ideology and the daily lives of the poor*. Ithaca, NY: Cornell University Press.
- Farmer, S. 2016. Introduction. In Farmer, S (ed.). *Approaches to poverty in medieval Europe: Complexities, contradictions, transformations, c.1100–1500*. Turnhout: Brepols, pp. 1-22.
- Farmer, S (ed.). 2016. *Approaches to poverty in medieval Europe: Complexities, contradictions, transformations, c.1100–1500*. Turnhout: Brepols.
- Folger-Fonfara, S. 2008. *Das Super-Transzendentale und die Spaltung der Metaphysik: Der Entwurf des Franziskus von Marchia*. Leiden: Brill.
- Forster, G. 2003. Divine law and human law in Hobbes' *Leviathan*. *History of Political Thought*, 24(2):189-217.
- Foucault, M. 1961 (2006 edition). *History of madness*. Khalfa, J (ed.). Murphy, J & Khalfa, J (transl.). London: Routledge.
- Foucault, M. 1973 (2003 edition). *The birth of the clinic. An archaeology of medical perception*. Sheridan, AM (transl.). London: Routledge.
- Foucault, M. 1975 (1995 edition). *Discipline and punish: The birth of the prison*. Sheridan, AM (transl.). New York: Vintage.

- Friedman, RL & Schabel, C. 2001. Francis of Marchia's commentary on the *Sentences*: Question list and state of research. *Mediaeval Studies*, 63(1):31-106.
- Friedman, RL & Schabel, C (eds). 2006. *Francis of Marchia – theologian and philosopher. A Franciscan at the University of Paris in the early fourteenth century*. Leiden: Brill.
- Geremek, B. 1994. *Poverty: A history*. Kolakowska, A (transl.). Oxford: Blackwell.
- Grieco, H. 2011. Pastoral care, inquisition and mendicancy in the medieval Franciscan order. In Prudlo, D (ed.). *The origin, development and refinement of medieval religious mendicancies*. Leiden: Brill, pp. 117-156.
- Heer, F. 1962. *The medieval world: Europe, 1100-1350*. Sondheimer, J (transl.). New York: The World Publishing Company.
- Helmholz, RH. 2003. Natural human rights: The perspective of the *ius commune*. *Catholic University Law Review*, 52(2):301-325.
- Kempshall, MS. 1999. *The common good in late medieval political thought*. Oxford: Clarendon Press.
- Kosso, C & Scott, A (eds). 2012. *Poverty and prosperity in the Middle Ages and the Renaissance*. Turnhout: Brepols.
- Kriegbaum, M. 1996. *Actio, Ius und Dominium in den Rechtslehren des 13. und 14. Jahrhunderts*. Ebelsbach: Aktiv Druck und Verlag.
- Lagerlund, H (ed.). 2011. *Encyclopedia of medieval philosophy. Philosophy between 500 and 1500*. London: Springer.
- Lambert, MD. 1998. *The doctrine of the absolute poverty of Christ and the apostles in the Franciscan order, 1210–1232*. St Bonaventura, New York: The Franciscan Institute.
- Lambertini, R. 2015. The debate about natural rights in the Middle Ages: The issue of Franciscan poverty. In Tuominen, M, Heinämaa, S & Mäkinen, V (eds.). *New perspectives on Aristotelianism and its critics*. Leiden, Brill, pp. 111-126.
- Lopez, RS. 1976. *The commercial revolution of the Middle Ages, 950–1350*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mäkinen, V. 2001. *Property rights in the late medieval discussion on Franciscan poverty*. Leuven: Peeters.
- Mäkinen, V. 2006. Rights and duties in late scholastic discussion on extreme necessity. In Mäkinen, V & Korkman, P (eds). *Transformations in medieval and early-modern rights discourse*. Dordrecht: Springer, pp. 37-62.
- Mäkinen, V. 2011. Poverty. In Lagerlund, H (ed.). *Encyclopedia of medieval philosophy. Philosophy between 500 and 1500*. London: Springer, pp. 1066-1073.
- McGovern, JF. 1970. The rise of new economic attitudes – economic humanism, economic nationalism – during the later Middle Ages and the Renaissance, AD 1200–1500. *Traditio*, 26(1):217-253.
- McGrade, AS. 1980. Ockham and the birth of individual rights. In Tierney, B & Linehan, P (eds). *Authority and power: Studies on medieval law and government presented to Walter Ullmann on his seventieth birthday*. Cambridge: Cambridge University Press., pp. 149-165.
- McKeon, PR. 1964. The development of the concept of property in political philosophy: A study in the background of the constitution. *Ethics*, XLVIII:304-312.
- Miethke, J. 1969. *Ockhams Weg zur Sozialphilosophie*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Mollat, M. 1986. *The poor in the Middle Ages: An essay in social history* (French edition 1978. *Les pauvres au Moyen Âge*. Paris: Hachette). Goldhammer, A (transl.). New Haven: Yale University Press.
- Moorman, J. 1968. *A history of the Franciscan Order from its origins to 1517*. Oxford: Sandpiper Books Ltd.
- Mundy, J. 1973. *Europe in the high Middle Ages, 1150–1309*. New York: Basic Books.
- Pasnau, R & Van Dyke, C (eds). 2009. *The Cambridge history of medieval philosophy Volume II*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Pounds, NJG. 1979. *An historical geography of Europe*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Pounds, NJG. 1994. *An economic history of medieval Europe*. London: Longman.
- Robinson, J. 2009. William of Ockham on the right to (ab-)use goods. *Franciscan Studies*, 67(1):347-374.

- Robinson, J. 2012. Innocent IV, John XXII, and the Michaelists on corporate poverty. In Kosso, C & Scott, A (eds). *Poverty and prosperity in the Middle Ages and the Renaissance*. Turnhout: Brepols, pp. 197-224.
- Schofield, PR. 2008. The social economy of the medieval village in the early fourteenth century. *Economic History Review*, 61(Supplement 1):38-63.
- Schofield, PR. 2012. Approaching poverty in the medieval countryside. In Kosso, C & Scott, A (eds). *Poverty and prosperity in the Middle Ages and the Renaissance*. Turnhout: Brepols, pp. 95-112.
- Schüßler, R. 2002. Zur Geschichte des Besitzindividualismus. In Arnold, V (ed.). *Wirtschaftstheische Perspektiven VI*. Berlin: Duncker & Humblot GmbH, pp. 321-336.
- Schüßler, R. 2006. Moral self-ownership and *ius possessionis* in scholastics. In Mäkinen, V & Korkman, P (eds). *Transformations in medieval and early-modern rights discourse*. Dordrecht: Springer, pp. 149-172.
- Swanson, SG. 2007. The medieval foundations of John Locke's theory of natural rights: Rights of subsistence and the principle of extreme necessity. *History of Political Thought*, 18(3):399-456.
- Tierney, B. 1959. The decretists and the "deserving poor". *Comparative Studies in Society and History*, 1(1):360-373.
- Tierney, B. 1997. *The idea of natural rights: Studies on natural rights, natural law and church law, 1150–1625*. Atlanta: Scholars Press.
- Walsh, K. 1981. *A fourteenth-century scholar and primate: Richard Fitzralph in Oxford, Avignon and Armagh*. Oxford: Clarendon Press.
- Wickham, C. 2005. *Framing the early Middle Ages: Europe and the Mediterranean, 400-800*. Oxford: Oxford University Press.
- Wittneben, EL. 2003. *Bonagratia von Bergamo: Franziskanerjurist und Wortführer seines Ordens im Streit mit Papst Johannes XII*. Leiden: Brill.
- Wolf, KB. 2003. *The poverty of riches: Saint Francis of Assisi reconsidered*. Oxford: Oxford University Press.

Apartheid: 'n Verkiesingsvaandel in Suid-Afrika in 1948. DF Malan en die Nasionale Party in histories-etiese perspektief

Apartheid: A slogan in the elections of 1948 in South Africa. DF Malan and the National Party in a historical-ethical perspective

PJ STRAUSS

Navorsingsgenoot

Departement Historiese en Konstruktiewe Teologie

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

Suid-Afrika

E-pos: straussp@ufs.ac.za



Piet Strauss

PIETER JOHANNES STRAUSS word in 1988 'n dosent in Ekklesiologie of Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan sy alma mater, die Universiteit van die Vrystaat. Hy tree op 30 Junie 2015 af. Benevens ongeveer 150 artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte, skryf Strauss ook akademiese boeke. Hy spits hom toe op die gereformeerde kerkreg en kontemporêre Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. Dit blyk uit sy tydskrifartikels en boeke. Onder laasgenoemde is daar *Kerk en Orde vandag* (2010) waarin hy die bekende Solas van die Reformasie van die sesstiende eeu deurwerk na vandag. *Kerkwees in die branding – die Ned Geref Kerk in algemene sinodale verband 1994–2011* (2013) verteenwoordig 'n kontemporêre werk vanuit 'n reformatoriële benadering.

Strauss was vir twee termyne, van 1999–2003 en 2005–2008, voorstitter of moderator van die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy beklee dieselfde posisie by die Algemene Sinode van 2007–2011. Hy is ook aktief op kultuurterrein. Van 2001 tot 2013 was hy die hoofleier van die Afrikaanse jeugbeweging, die Voortrekkers en sedert 1910 is hy die voorstitter van die Kommissie van die Nasionale Vrouemonument.

PIETER JOHANNES STRAUSS was appointed as lecturer in Church History and Church Polity or Ecclesiology at his alma mater, the University of the Free State, in 1988. He retired the 30th of June 2015. Apart from some 150 articles in accredited academic journals, Strauss also authored a number of books. He focuses mainly on topics in the fields of Church Polity and modern or contemporary Church History, as can be seen in recently published works. In *Church and order today* (2010) he argues that the 3 Solas of the Reformation of the sixteenth century should also be implemented today. In *Being church in troubled times – the Dutch Reformed Church in the bond of its general synod (1994–2011)* he uses a reformational approach in contemporary church history.

Strauss was the chairman or moderator of the Free State Synod of the Dutch Reformed Church in 1999–2003 and 2005–2008. He served in the same capacity at the General Synod of this church in 2007–2011. In addition, he acted as the leader of the Afrikaans youth movement, the *Voortrekkers*, in 2001–2013, and became the chairman of the Commission of the Women's Memorial in 2010.

Datums:

Ontvang: 2021-09-14

Goedgekeur: 2022-03-22

Gepubliseer: Junie 2022

ABSTRACT

Apartheid: A slogan in the elections of 1948 in South Africa. DF Malan and the National Party in a historical-ethical perspective

Although the slogan of apartheid which was widely used in the 1948 elections in South Africa can undoubtedly be ascribed to the Nationalist Party, apartheid as a way of life, had perhaps already been introduced with the arrival of Jan van Riebeeck and his 90 fellowmen, as representatives of the Dutch East Indian Company, at the Cape of Good Hope on the 6th of April 1652. As a result of a perceived difference in lifestyle and values in their encounters with people from the African continent at the Cape, distancing themselves from such non-European people soon became a way of life among the Europeans who had taken up permanent residence at the Cape.

In the elections for whites only in 1948 in South Africa, as had been customary since the establishment of the Union of South Africa in 1910, DF Malan and the National Party embraced the term apartheid as a convenient slogan with which to advocate their racial policy. They promised secure continuance of whites and white political domination in South Africa, which they regarded as critical to the political and economic stability of the country as a whole. A stability which would, in their view, provide a framework for the development of the so-called non-whites to accept and maintain as their way of life the standards of a Western society. In so doing the purpose of creating a society functioning according to Western principles would ensure the peaceful, yet separated, co-existence of people from different origins, i.e. European versus non-European. Naturally, in such a society steeped in Western principles, the civil rights of the Western orientated white population would be guaranteed as a matter of course. However, in the Nationalists' perspective of justice based on Christian norms, the apartheid policy of 1948, in its relegation of people into separate groups categorised as either European or non-European, would simultaneously be beneficial for the so-called non-whites in that they could thus be educated to a Westernised way of life from within their own culture, thereby still maintaining a different identity.

In the formulation of the National Party's apartheid policy of 1948 two big problems may be discerned – problems which would ultimately result in the failure and official termination of this policy in the democratic elections held in South Africa in 1994. In the first place, apartheid differentiated between white and non-white, thereby discriminating against the non-white population. White people entertained full civil rights but non-whites were limited in this regard. Race, however, is not an accepted Christian norm for determining relationships between people and, if used in this way, it is widely called racism. Increasingly, the international resistance against and rejection of an immorally based apartheid policy intensified, eventually to be terminated with the introduction of a democratic South Africa in 1994. In the second place, the policy of apartheid in 1948 was vague about the aim of the so-called development envisaged for non-white people. There was no clear goal for their political, social and economic development. The policy also gave no indication as to when the control by whites should or would be lifted. In the view of outsiders in 1948 it seemed as if white domination would never end.

It gradually became clear that it was impossible to use the outlines or big framework of apartheid as it had been conceptualised in 1948 as a means towards justice and societal development. Economic trends in South Africa undermined the overarching idea of apartheid, namely "separate but equal". Moreover, constructive critique on the practical implementation of total geographic apartheid offered by a congress of friendly reformed churches organised by the Dutch Reformed Church in 1950, as well as the report of the Tomlinson Commission

with the same message in 1954, were rejected and ignored by the National Party. However, after repeated and widely publicised revolt against apartheid measures among the South African black population in the 1960's, 1970's and 1980's, occasions which prompted the apartheid government to resort to a state of emergency, the policy was rejected worldwide. This led to South Africa's increasing economic and political international isolation coercing the then South African government to abandon the idea of apartheid as a means towards peaceful coexistence in 1985. Whilst it already became clear in the 1980's that apartheid was unsustainable, the policy was only officially terminated after the democratic elections held in 1994.

KEYWORDS: *Apartheid* as a worldwide familiar term; way of life since 1652; distancing of peoples with different values; strict apartheid in 1948; white control and survival for stability; apartheid as a policy of “separate but equal” not feasible, economic trends prevented separate development; apartheid isolated; black resistance; racism

TREFWOORDE: *apartheid* ’n wêreldwye bekende term; leefwyse vanaf 1652; kontakervaring tussen mense van verskillende waardes bring afstand; konsekwente apartheid in 1948; wit beheer vir stabilitet; afsonderlike ontwikkeling nie uitvoerbaar; ekonomiese kragte verhoed afsonderlike ontwikkeling; apartheid geïsoleer; swart weerstand; rassisme

OPSUMMING

Die idee van “apartheid” ontstaan moontlik reeds kort na die landing van Jan van Riebeeck en 90 Nederlanders op 6 April 1652 aan die Kaap. As werknemers van die Hollands-Oos-Indiese-Kompanjie met sy Politieke Raad distansieer hierdie Europeërs hulself van die mense van Afrika weens verskillende leefstyle en waardes.

In die verkiesing van slegs blankes in 1948, soos gebruiklik in die Unie van Suid-Afrika sedert 1910, aanvaar die Nasionale Party van DF Malan “apartheid” as ’n slagspreuk vir sy rasbeleid. Blanke kiesers word verseker van die ywer van die Party vir die bestaansveiligheid en politieke beheer van die witman omdat dit die situasie in Suid-Afrika sou stabiliseer. ’n Situasie waarin die sogenoemde nie-blankes of swart en gekleurdes opgevoed moes word tot die aanvaarding van Westerse waardes en waarin die ontwikkeling van eie, afsonderlike intelligenste vir hulle moes volg.

Reeds met die formulering van die apartheid beleid in 1948 skemer twee probleme deur. Probleme wat uiteindelik sou lei tot die erkenning van die Nasionale Party in 1985 dat oorhoofse *apartheid* misluk het en wat voorts uitloop op die vestiging van ’n algemeen aanvaarde demokratiese Suid-Afrika in 1994. Die eerste probleem was dat “apartheid” ’n onderskeid tussen die blankes en ander mense op rassegronde gemaak en die begrip ras as ’n natuurlike verskynsel normatief vir die geestelik georiënteerde verhoudinge tussen mense aangewend is. Daarmee sou “apartheid” in die wêreldwye ná-koloniale tyd – veral ná 1945 en die Tweede Wêreldoorlog – die etiket van rassisme op die lyf loop. Die tweede probleem was dat die beleid in 1948 nie duidelik was oor waartoe die ontwikkeling van die nie-blanke moes lei en of blanke beheer op ’n stadium opgehef sou moes word nie. Hulle rasheroms was die oorsaak dat die gekleurdes in Suid-Afrika sekere basiese regte ontsê is: vir talle binne en buite Suid-Afrika ’n toonbeeld van skriende diskriminasie.

Die uitvoering van sosiale én ’n oorhoofse geografiese apartheid het in 1994 wetlik in die slag gebly omdat dit algaande geblyk het om, gesien vanuit ’n twyfelagtige fundering téén ekonomiese dryfkragte in, onuitvoerbaar te wees. Strydig met hulle ekonomies-bepaalde

bevolkingsvestigingspatrone, was 'n gedwonge, afsonderlike vestiging van mense nie haalbaar nie.

Inleiding

Meer as 'n kwarteeu (1994–2021) ná die afskaffing van hierdie politieke en sosiale beleid in Suid-Afrika is die woord "apartheid" wêreldwyd steeds 'n bekende Afrikaanse begrip. Die apartheidbedeling in Suid-Afrika is van staatsweë *amptelik en formeel beëindig* met die eerste algemene verkiesing op 27 April 1994. Op hierdie dag kon stemgeregtigdes uit die totale burgerlike bevolking vir die eerste keer stem (Kleyn & Viljoen, 1999:242-243).

Strydig met die doel van die inisieerders van "apartheid" as die amptelike beleid in Suid-Afrika, het kritici die woord vertaal as "apartheide". Daarmee sou hulle uitdrukking gee aan 'n houding wat van apartheid-Suid-Afrika die muishond van die wêreld gemaak het. "Apartheid" was vir kritici sinoniem met blanke rassisme teen swart en gekleurde, gewettigde diskriminasie en 'n sonde teen die mensdom. In ekumeniese kringe het van die voorste gereformeerde kerke in die wêreld die ideologie van apartheid of, meer kerklik, die teologiese en morele regverdiging van apartheid, veroordeel as afgodery en dwaalleer. Die Algemene Vergadering van die Wêreldebond van Gereformeerde Kerke (WBGK) het in Augustus 1982 in Ottawa 'n *status confessionis* teen *apartheid* afgekondig. Daarmee wou hulle sê dat hulle verset teen die teologies-morele regverdiging van apartheid op die sterkste vlak van kerklike weerstand lê: dié van belydenis.¹ Hulle wou daarmee sê dat hulle woorde van verset teen hierdie regverdiging die status van 'n belydenis het omdat kerklike steun aan apartheid die gereformeerde belydenis in gedrang bring. Op 1 Oktober 1982 voer die NG Sendingkerk (NGSK) hierdie kerklike anti-apartheidslyn verder met 'n konsep belydenis: die Belydenis van Belhar (vir nader inligting hieroor, sien Strauss, 2004:101,103-106).

Dirkie Smit, 'n dogmatikus in die NGSK en mede-opsteller van die Belhar-belydenis, verduidelik 'n *status confessionis* soos volg:

Streng gesproke beteken die uitdrukking *status confessionis* dat 'n groep Christene, 'n kerk of 'n groep kerke oordeel dat 'n situasie ontstaan het, 'n oomblik van waarheid aangebreek het, waarin niks minder nie as die evangelie self, hul mees basiese belydenis aangaande die Christelike evangelie, op die spel staan, sodat hulle verplig voel om daarteenoor te getuig en te handel. (Smit, 1984:22)

Hierdie wêreldwye politiek-sosiale én kerklike reaksie op die teologies-morele of, soos die Nasionale Party van 1948 wou, Christelike of Bybelsetiese fundering van apartheid, ontlok die vraag: Wat het DF Malan en sy Nasionale Party met die beleid van apartheid vir Suid-Afrika in die blanke verkiesing in die vooruitsig gestel? Hoe het hulle dit – tipies van die Nasionale Party van dié tyd – Christelik-eties probeer regverdig? 'n Proses waaraan die Ned. Geref. Kerk as die geloofstuiste van talle Afrikaners, sy morele steun sou gee. Hoe moet hierdie geskiedenis vanuit 'n teologies-etiese én kerkhistoriese hoek beoordeel word?² Daar word

¹ Vir die WBGK het sy *status confessionis* teen die teologiese en morele regverdiging van apartheid ook beteken dat jy nie met hom daaroor kan verskil sonder om die integriteit van "our common confession of Reformed Churches" in gedrang te bring nie (Strauss, 2002:211).

² Vir aspekte van 'n kerkhistoriese en, daaruit voortvloeiend, teologies-etiese aanpak van apartheid in Suid-Afrika is daar – soos aangedui in die bibliografie van hierdie artikel – die werke van Adonis (1982), De Gruchy (1979), De Klerk (1975), Heyns (1989), Lombard (1981), Smith (1980), Strauss (1983), (1989), (2004) en Williams (2006). Vir kennisse name van relevante stof uit die algemene geskiedenis is daar byvoorbeeld Giliomee (2003), Van Jaarsveld (1982) en Welsh (2009).

vervolgens in hierdie artikel gekonsentreer op die betekenis van apartheid as 'n verkiesingsvaandel vir 1948 in Suid-Afrika, die konteks daarvan en 'n etiese vertolking van hierdie verstaan van apartheid.

Apartheid: Die vroeë aanloop ná 1652

Die landing van Jan van Riebeeck en sy 90 Nederlanders op 6 April 1652 aan die Kaap onder die wakende Tafelberg (De Villiers, 2012:41),³ bring hulle in kontak met die mense (rondtrekkende nomade sonder vaste gebiedsgrense) van die omgewing: die Khoi-Khoi of Khoekhoen.⁴ Van meet af is daar tussen die twee groepe handelsbetrekkinge, maar sosiaalkulturele gemeenskaplike en gedeelde lewenswaardes ontbreek. In die eerste vergadering van Van Riebeeck se Politieke Raad op 8 April 1652 – 2 dae ná hulle landing – word reeds praktiese besluite oor die fisiese beveiliging van hulle klein nedersetting én hulle verhouding met die Khoekhoen geneem. 'n Gebrek aan gedeelde waardes en leefpatrone lei tot wrywing en misverstand. Daarom besluit Van Riebeeck en sy Westerlinge, wat met hulle groter ervaring in hierdie opsig die opset kon bepaal, op geografiese grense tussen die twee gemeenskappe: eers 'n heining van pale en later die Sout- en Liesbeekriviere (Lombard, 1981:20). Van Riebeeck se Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie (NOIK) reël met die Khoekhoen om vars vleis aan die verversingspos te lewer wat dit aan verbygaande skepe – daar kom ongeveer 30 per jaar verby – voorsien, terwyl die Kompanjiesamptenare 'n effektiewe verversingspos moet bedryf (Lombard, 1981:20; De Villiers, 2012:41).

Die koms van hierdie Nederlanders na die Kaap in 1652 baan die weg vir die permanente vestiging van Wes-Europeërs aan die suidpunt van Afrika. Uit hierdie vestiging word 'n nuwe inheemse groep in Afrika, die Afrikaners, gebore. Afrikaners wat deur dié naam onderskei word van die Duitsers, Nederlanders, Engelse en ander Europeërs wat – in teenstelling met die permanente Afrikaners – tydelik aan die Kaap vertoef. Dat die groepsnaam "Afrikaner" reeds in 1707 gebruik is, blyk uit die verset van Hendrik Biebouw teen sy inhegtenisname deur die landdros van Stellenbosch op die Braak op 'n dag in Maart: "...ik wil niet loopen, ik ben een Afrikaander..." (Giliomee, 2003:22-23). 'n Sensus toon dat daar teen 1806 reeds 26,720 blankes, 29,256 slawe en 17,657 Khoekhoen aan die Kaap was. Van die Afrikaners was 37% van Nederlandse, 36-37% van Duitse en 12% van Franse afkoms (Giliomee, 2003:51).⁵ Die Afrikaners van Nederlandse en Franse afkoms was merendeels gereformeerdes of Calviniste. Hulle is gesteun deur die Duitse Lutherane (Strauss, 2015:5). Uit hierdie integrasie sou die Afrikaners met 'n Christelike lewensbeskouing kom waardeur hulle hulle hele lewe wou rig: ook hulle verhoudinge met ander groepe op die subkontinent, insluitende, op 'n later

³ Die Nederlandse stadje Urk is aan die IJsselmeer geleë en was, voor die ontwikkeling van dyke en die drooglê van land, 'n eiland wat met die see verbind was. Hier was 'n ou Hollandse herbergie wat oor die water uitkyk. Sy tipies Hollandse naam is steeds "Het wakend oog". Tafelberg staan nie hiervoor terug nie.

⁴ Van die Khoekhoenstamme was die Strandlopers, Kaapmans, Tabakdiewe, Cochoquas en, verder noord, Namaquas (De Villiers, 2012:42).

⁵ Giliomee toon aan dat verskillende outeurs verskillende metodes vir hierdie telling gebruik. Dit lei tot verskillende gevolgtrekkings. JA Heese praat van 36% Nederlanders, 35% Duits, 5% Frans en 7% nie-Europees. In 1807 stel nog 'n berekening, volgens GFC de Bruyn, die syfers op 34% Nederlanders, 29% Duits, 25% Frans en nie-Europees 5%. Dit neem nie weg dat die Afrikaners tot 'n groot mate van Nederlanders, Duitsers en Franse afstam nie en dat die Ned. Geref. Kerk met "Nederduitse" ("de lage landen van Duitsland") in sy naam 'n wye veld vir die herkoms van sy lidmate dek (Giliomee, 2003:51; Strauss, 2016:224-225).

stadium, hulle vertolking van die begrip “apartheid”. Die Nasionale Party wat grootliks bestaan het uit Afrikaners, het “apartheid” as verkiesingsvaandel in die algemene verkiesing van 1948 ingespan (Malan, 1964:222).

Verdere uitbreidings en die invoer van slawe ná 1658, bring die Europeërs in die Wes-Kaap in kontak met meer gekleurdes waaronder swart stamme en volke uit Oos-Afrika. Die beweging van blanke Westerlinge uit die weste en swart Afrikane uit die noordooste maak hulle mettertyd bure met kontakpunte in Suider-Afrika: bure wat mekaar vanweé ekonomiese en handelsredes opsoek. ’n Ekonomiese afhanklikheid wat voortdurend tot nuwe vestigingspatrone lei én gekonsolideerde, vaste staatsgrense vir elke deel van die bevolking in ’n onontwikkelde gebied uitskakel: die Europeërs, die vrygestelde nageslag van slawe, die Khoekhoen, die Khoisan en ander gekleurdes wat hulle in hierdie ontwikkelende gemengde gemeenskap bevind. In die – sedert 1806 – Britse Kaapkolonie vind die vrystelling van slawe op 1 Desember 1834 plaas (gedokumenteerde opsomming van die vestiging te vinde in De Villiers, 2012:41-62).

Hierdie migrasie en die nomadiese aard van mense lei tot wat Smith die kontakervaring van Westerlinge met Afrikane in Suider-Afrika noem (Smith, 1980:41vv). ’n Herhalende ervaring wat spruit uit ’n treklus en handelsbehoeftes wedersyds en tot geykte indrukke van mekaar lei. Omdat dit nie om incidentele kontak van mense van uiteenlopende kulture gaan nie, maar ’n periodieke saamleef in arbeidsituasies vanuit verskillende lewenswaardes noodsaak, skep dit ook negatiewe persepsies van mekaar. Meer nog, dit skep by Westerlinge die persepsie dat die gang van hierdie ontmoeting in Afrika tussen mense uit die eerste en derde wêreld, vir die gladde en ordelike verloop daarvan, beheer moet word. Die noodsaak vir beheer spruit uit kommer dat hulle Westerse leefwyse en waardes deur ’n ongekontroleerde gelyke behandeling van almal in ’n gemengde gemeenskap in Afrika, in gedrang kom. Met verwysing na die andersheid van die Khoekhoen haal Smith uit Van Riebeeck se *Daghregister* van 1653 aan as sou die kommandeur hulle ’n “*botte, plompe ende luye stinckende natie*” genoem het. Kras is ook Willem Wylant, sieketrooster, geestelike leier en onderwyser vir die Khoekhoen, se evaluasie van sy teikengroep. In 1655 rapporteer hy aan die klassis van Amsterdam (Gereformeerde Kerk in Nederland) onder wie die Nederlanders aan die Kaap kerklik ressorteer, dat “*deze natie... dat lopen in het wilde zo gewend zijn... beroeft van alle kennis Gods leven ze als vee*”. As Westersgeoriënteerde inwoners van Afrika sou die permanente Afrikaners voortspruitend uit hierdie kontak ’n groter afstand teenoor gekleurdes handhaaf in hulle hoedanigheid as Europeërs wat tydelik aan die Kaap vertoeft (Smith, 1981:41vv; Strauss, 1983:485-486). ’n Afstand en kontakervaring wat in die 20ste eeu ontwikkel tot “apartheid” as ’n vaandel in die 1948-verkiesing. Daarop word teruggekom.

Natuurlik kon hierdie kontakervaring en afstand om die redes wat genoem is, nie van ’n permanente aard wees nie. Alle mense – en alle Afrikane – is na die beeld van God geskape en moet deur Christengelowiges so behandel word dat hulle hierdie beeld eventueel verwesenlik én uitleef. Die respektering van hierdie beeld – of potensiële beeld – in mense vorm die kern van ’n Bybelse menswaardige hantering van die mens (Heyns, 1989:73).

Apartheid: Ontwikkeling tot 1948

Deur die jare sou Afrikaners hierdie afstand of apartwees van gekleurdes teen ekonomiese trekkrage in, bly handhaaf: ekonomiese dryfkrage wat tot gemengde bevolkingsvestigingspatrone sou lei. Hierdie tendens word weerspieël in geïntegreerde gebiede binne die Suid-Afrikaanse staatsgrense van 1910 met aparte huisvesting op plase en in dorpe, eie woonplekke of woongebiede en ander regeerstelsels of maniere van politieke beheer of verteenwoordiging

vir swart en gekleurd as dié van blankes. Blanke beheer word in Westers erkende gebiede soos die Britse kolonies en Boerepublieke gehandhaaf. Soos vroeër aan die Kaap as 'n verversingspos, loop die onderskeid in kontak langs rasselyne: die blankes of Europeërs as een téenoor die "nie-blankes" as 'n "ander groep". Gedeeltelike afsonderlikheid te middel van ekonomiese integrasie word die leefwyse. Eienskappe geneem uit die kontakervaring vorm die geykte onderlinge indrukke van die betrokke rassegroep.

Hierdie patroon word deur die regering van die Unie van Suid-Afrika ná 1910 voortgesit. Gekleurdes word deur wetgewing anders as blankes behandel. In 1913 poog die Unieregering om deur Wet 27, die Landwet, meer rigting aan segregasie tussen spesifiek wit en swart te gee. In 1936 loods premier JBM Hertzog vier wette deur die parlement. Hierin maak hy voorsiening vir die aparte politieke verteenwoordiging van swartes, 'n grondkwota vir swartes, 'n Naturelleraad en Raad vir Kleurlingregte. Die verkiesingsleuse van apartheid lei ná 1948 tot bepaalde veranderinge. Die Verteenwoordigende Raad vir Naturelle wat net adviserend kon optree, ontbind om hierdie rede op eie versoek reeds in 1946 én word deur die Nasionale Party van DF Malan deur die Wet op Bantoe-owerhede van 1951 geskrap (Strauss, 1983:19-24). Die Nasionale Party met HF Verwoerd as Minister van Naturellesake sedert 1950, wou die klem lê op afsonderlike ontwikkeling in swart gebiede met swart regerings.

Teen hierdie historiese agtergrond kom die Nasionale Party van DF Malan in 1948 met hulle verkiesingskreet van "apartheid". Wat reeds uit ons relaas duidelik is, is dat die begrippe "afstand" en "apartwees", as part en deel van die patroon van die beheer van 'n ontmoeting van mense uit die eerste en derde wêreld deur Westerlinge, teen 1948 praktiese gestalte gee aan die verhoudingstandpunte van die deursnee Afrikaner.

Dit beteken nie dat DF Malan en sy geesgenote nie sou poog om 'n eties-morele begronding aan hierdie apartwees te gee nie. Die verloop van sake word 'n proses waarin die Ned. Geref. Kerk as die geloofstuiste van talle Afrikaners en Nasionaliste, deur middel van vergaderings sedert 1921 sy theologiese en morele steun aan hierdie praktyk gee. Behalwe dat die Sendingbeleid van sy Raad van Kerke in 1935 vra dat die "naturel" en "kleurling" gehelp moet word om tot selfversorgende, selfrespekterende Christenvolke met 'n kultuur apart van die blanke te ontwikkel, noem hy laasgenoemde die voog van die gekleurdes wat agter is in "kristelike beskawing" (NGK, 1935:95-99). Die Raad handhaaf die apartwees van eie volkskulture met blanke voogdyskap in 'n – volgens sy visie – ontwikkelende Christelike gemeenskap of beskawing. Vir die Ned. Geref. Kerk beteken kerstening nie net salige siele nie, maar ontwikkelde samelewings van 'n Christelik-Westerse aard. Christelik gestempelde samelewingstrukture waarvan die betrokke gemeenskappe die geestelike draers moet wees. Hiermee sluit die Sendingbeleid in beginsel aan by 'n stuk van die Ned. Geref. Sinodale Sendingkommissies van 1921. 'n Dokument wat beweer dat apartwees en die verset teen gelykstelling in Suid-Afrika nie op ras of velkleur berus nie, maar wel op verskille in kultuurontwikkeling en eie gemeenskapstrukture (NGK, 1921:11,13). Verskille wat deur ontwikkeling uitgeskakel kan word omdat apartheid 'n metode vir ontwikkeling en nie 'n beginsel is nie. Soos Boer en Brit wat as demokrate en gelykies in 1910 verenig in die Westerse Unie van Suid-Afrika (Strauss, 1989:428). In teenstelling met die houding van apartheid as net 'n metode, spreek die Sendingbeleid hom egter ook teen rasvermenging uit (NGK, 1935:98). Sy motivering vir apartwees is prinsipieel nie weldeurdag nie. Rasseverskille wat vanweë die onveranderlike aard daarvan permanent is, word hiermee 'n rede vir permanente apartheid en ras word aanvaar as 'n norm vir die klassifisering van mense. Iets wat ras as 'n naturgegewe en nie 'n menslike kultuurding nie, nie kan wees nie. Netso bepaal die ras van iemand nie sy gehoorsaamheid aan God ofvlak van Westerse ontwikkeling nie.

Die 1940's kondig 'n nuwe tendens op meerdere vergaderings van die Ned. Geref. Kerk aan: 'n Bybelse fundering van "apartheid" – soos hierdie leefwyse nou deur Afrikaners genoem word. Voor die verkiesing op 26 Mei 1948 aanvaar die Raad van Kerke in 1947 die Groenewald-verslag. Hierdie verslag sê dat die Bybel ryk is aan rigtinggewende uitsprake vir die "naastbestaan" van volke soos in Genesis 11 (die Toring van Babel) en Handelinge 17:26. Volgens die Raad blyk dit dat die beginsel van "apartheid" tussen rasse en volke in die Bybel "voorhande" of 'n vaste beginsel is. God seën apartheid en 'n volk wat sy identiteit behou. Die Raad spreek die goedkeuring van die Here en die Ned. Geref. Kerk oor apartheid uit en regverdig daarmee die politieke beleid van Afrikaners en die Nasionale Party. In Westerse terme is die blanke vir die Raad van Kerke die meer ontwikkelde met 'n verantwoordelikheid teenoor die swarte as die minder ontwikkelde. Daarmee staan die witte volgens die Raad aan God se kant (NGK, 1947:8,55; Lombard, 1981:79-80)!

Sterker én gunstiger kan 'n gereformeerde kerk hom kwalik uitspreek oor 'n saak...

Hiermee betree DF Malan en sy Nasionale Party wat die term "apartheid" in 1948 hul verkiesingsvaandel maak (Malan, 1964:230-231), 'n gunstige klimaat. Vrae wat ontstaan is: Wat is die historiese oorsprong van die term "apartheid" in hierdie verkiesing? Het die Nasionale Party hierdie beleid Christelik begrond, én: Watter politieke program sou hieruit voortvloeи?

"Apartheid" aangegryp as 'n beleidsterm

In 1920–1935 word "apart" en "blanke voogdyskap" gebruiksterme in Afrikaanse politieke gesprekke (Koorts, 2014:385). Teen 1935 kom hierin 'n meer formele benadering.

In 1935 ontstaan die Suid-Afrikaanse Bond vir Rassestudie as 'n teenvoeter vir die liberale, volgens die destydse heersende terminologie onder Afrikaners, Suid-Afrikaanse Instituut vir Rassevenhoudinge van 1928. Die oorsprong van die Bond lê in die noorde van Suid-Afrika en die bestaan daarvan is kortstondig. Die voorste van die Bond wat diep spore in die uitvoering van die apartheidbeleid sou trap, MC de Wet Nel, beweer dat sy Bond die term "apartheid" sedert 1935 gebruik om die politieke beleid van sy mense aan te dui. Hierdie term sou die tradisionele benadering van Afrikaners ten opsigte van die verhoudingsvraagstuk in Suid-Afrika tipeer. De Wet Nel word 'n Volksraadslid in 1943 en onder die Nasionale Regering van HF Verwoerd (1958–1966) Minister van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling (Giliomee, 2003:483,519). Tussen 1943–1948 propageer hy "apartheid" as beleidsterm vir die Nasionale Party as die amptelike opposisie (Strauss, 1983:22-23; Koorts, 2014:385).

Dit wil voorkom asof "apartheid" as beleidsterm in die loop van 1943 in die binnekring van DF Malan en sy Nasionale Party gevestig raak. Op 26 Maart 1943 gebruik sy spreekbuis en koerant, *Die Burger*, die woord "apartheid" die eerste keer in 'n hoofartikel; en dit word herhaal op 9 September 1943. Hierin volg *Die Burger* vir DF Malan 'n paar dae nadat hy dit in 'n verklaring oor die provinsiale verkiesings gebruik het (Koorts, 2014: 386). Op 25 Januarie 1944 gebruik Malan die woord die eerste keer in die parlement (Adonis, 1982:144; Koorts, 2014: 387). Volgens hom moet Suid-Afrika 'n anti-kapitalistiese anti-kommunistiese republiek word en die wit ras met sy Christelike beskawing beveilig deur *apartheid* [klem bygevoeg], voogdyskap en die ontwikkeling van die gekleurdes volgens hulle eie aard en vermoë. Hy kies "apartheid" as term om weg te beweeg van die, syns insiens, negatiewe assosiasies wat aan die begrip "segregasie" kleef (Thom, 1980:275). Ná die "gehaspel" of getjommel oor die term "segregasie" – dit het naamlik die konnotasie van afhokking verkry – is die voorkeur vir die gekose term "natuurlik en vanselfsprekend". Apartheid is nie verdrukking nie. Die Nasionale Party verleen erkenning, aanvaarding en beskerming aan alle bevolkingsgroepe van betekenis.

Die woord “apartheid” het, sonder dat iemand dit spesiaal gemaak het, spontaan onder Nasionaliste ontstaan (Thom, 1980:348).

Begrippe soos wit ras, Christelike beskawing, apartheid, voogdyskap en ontwikkeling soos gebruik deur die Ned. Geref. Sendingbeleid van 1935, kom ook by DF Malan voor. Sy sorge oor die toekoms van die wit ras, oor blanke beheer met hulle groter beskawing en voogdyskap én oor ontwikkeling as ’n wasige, nie-omskrewe teiken vir swartes, val op. Swart ontwikkeling is nie ’n bedreiging vir die Nasionale Party nie, maar Malan motiveer die beleid op ’n twyfelagtige manier deur die veiligheid wat dit vir die witman sou inhou, as ’n groot oorweging te gebruik. Die verwyt wat later teen die voorstanders van apartheid gehoor is,⁶ naamlik hulle selfgesentreerde vrese vir ondergang met die uitskakeling van apartheid, word openlik deur Malan verwoord. Die oorlewing van die witman word in dié perspektief verseker deur sy weerstand teen rasgemengde huwelike én sy reg om te regeer, te besluit en die koers te bepaal. ’n Posisie wat staande gehou word deur ’n allesoorheersende en lewensomvattende apartheid. Malan sê uitdruklik: apartheid is gemik op die veilige oorlewing van die witman en die handhawing van sy eie. Hierdie motief word ook die motivering vir die wit-geïnisieerde ontwikkeling van die gekleurde. Ná afloop van die Tweede Wêreldoorlog in 1945, ten tyde van die vlaag van morele skuld by die voormalige koloniale Weste teenoor die Derde Wêreld, word ’n dergelike houding nie goed ontvang nie. Inteendeel, die Suid-Afrika van 1948 met Malan, die Nasionale Party en blanke voogdyskap en ywer vir ’n Westerse blanke ras wat ander regeer, staan lynreg teenoor die na-oorlogse Weste. Westerlinge probeer ontslae raak van die oorblyfsels van hulle koloniale verlede, maar die Westersgeoriënteerde Malaniete in Suid-Afrika propageer aparte ontwikkeling sonder enige verwysing na ’n ontvoogding van die gekleurde. DF Malan en sy Nasionale Party kies apartheid as ’n – vir hulle – populêre term, maar internasional waai winde van verandering teen hulle... (Strauss, 1983:62-63).

Vroeër, op 16 Desember 1938, praat DF Malan by die eeu fees op Bloedrivier in Natal waar die emigrante Boere van Andries Pretorius en die Zoeloes van Dingane mekaar ’n eeu geledie die stryd aangesê het. Vir hom is die Voortrekkeroorwinning ’n beslissing “oor Suid-Afrika se toekoms”. Die Christelike beskawing en die “voortbestaan en die verantwoordelike mag sposisie van die blanke ras” is beveilig. Dus, ’n dekade voor 1948 kom woorde soos Christelike beskawing, die handhawing van die blanke ras en sy beherende posisie in Suid-Afrika nogeens uit die mond van die leier van die Nasionale Party (Pienaar, 1964:121).⁷ In die algemene verkiesing van 1943 verkies Malan die term “apartheid” bo “segregasie”, wat hy as ’n agterhaalde, omstrede term beskou. Hy praat van die apartheid van woonbuurte. Met die provinsiale verkiesings in September van daardie jaar verwys hy na die regverdig en billike behandeling van blank en nie-blank, elk op sy eie terrein op “grondslag van apartheid” (aangehaal deur Koorts, 2014:385). Hierdie regverdigheid wat deur apartheid vir albei groepe moontlik gemaak word, is nie die mensgesentreerde gelykheid van alle individue wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996, ten koste van Christelike lewensaardes, verabsouteer word nie (Kleyn & Viljoen, 1999:263). Die Grondwet van 1996 bevat ’n ideologiese vertekening en verabsolutering van die individu wat die opweeg van verskillende Christelik-legitieme lewensaardes teenoor mekaar in hofuitsprake verhoed (Strauss, 2010:3). DF Malan het geglo

⁶ Vgl. Boesak (1979:62) wat aanvoer dat Christus in sy versoening die “demoniese werklikhede” oopbreek wat die lewe van die “nie-Blanke” gevange hou naamlik blanke angs, vooroordeel, hoogmoed, magswellus en vergeldingsdrang.

⁷ Koorts (2014:385) kom tot die gevolgtrekking dat Malan die verhouding wit-swart deur die lense van paternalisme en voogdyskap beskou het. Vir Malan was dit positiewe begrippe wat hy met familiebande geassosieer het.

dat alle mense gelyk is in God se oë, maar dat gelykheid voor God nie noodwendig gelykheid by die stembus beteken nie. Die betrokke stemgeregtigdes moet hulle eie demokrasie stabiliseer met 'n ontwikkelde, bestendige geestelike drakrag (Koorts, 2014:400).

In die verkiesing van 1943 lei die Nasionale Party se apartheidsklanke tot negatiewe reaksies by Kleurlinge. Daarop stel Malan 'n kommissie onder voorsitterskap van voorbanker Paul Sauer aan om die posisie van Kleurlinge in die Suid-Afrikaanse politiek te ondersoek. Die ondersoek duur van Mei 1944 tot Maart 1945 en lei tot voorstelle vir die toepassing van "apartheid" vir die bruin gemeenskap: 'n aparte kiesersrol met drie blanke verteenwoordigers in die Parlement en eie woonbuurte met 'n groot mate van selfbestuur (Koorts, 2014:388).

Vir DF Malan is blank en gekleur nie gelyksoortig nie, maar andersoortig. Die Voortrekkers se Christelike geloof het hulle vermenging met gekleurdes verbied. Vanuit 'n Christelike sin vir regverdigheid het hulle as voogde egter die swartmense beskerm en aan hulle die geleentheid gegee om in hulle eie reservate te ontwikkel. Dat "apartheid" uitgebeeld word as sosiaal verdrukkend, wys Malan verontwaardig af. In hulle reservate kan hierdie mense hulle eie instellings ontwikkel. 'n Saak wat politieke instellings insluit. So iets sou hulle verteenwoordiging in die Parlement onnodig maak (Koorts, 2014:390-391).

Apartheid as beleid kry momentum

Die formulering en nadere uitwerking van die Nasionale Party se apartheid beleid vir die verkiesing van 1948 sou teen die einde van 1946 momentum kry. Sauer word die voorsitter van 'n tweede kommissie, 'n kommissie wat vir die Party 'n "rassebeleid" moet opstel. Hierdie kommissie moet op die "grondslag van apartheid" 'n beleid uitwerk wat die verhouding tussen die witte en ander groepe reël: die swart, bruin en Indiërgemeenskappe. Die kommissie moet koncentreer op politieke, nywerheids- en residensiële apartheid. Die beleid moet prakties wees: "positief en opbouend, sowel as negatief en onderskeidend". Koorts voer aan dat MC de Wet Nel uit die Noorde en professor GBA Gerdener uit die Suide beide op die kommissie betrek is om die strenger apartheidsgesinde Transvaliese partyleier JG Strydom uit die Noorde en die meer soepele partyleier, DF Malan uit die Suide, te verteenwoordig (Koorts, 2014:392). De Wet Nel is die voorsitter van die Bond vir Rassestudie wat daarop aanspraak maak dat hulle met "apartheid" as beleidsterm gekom het (Giliomee, 2003:483), terwyl Gerdener as 'n Stellenbosse teologiese professor in die 1940's 'n groot rol in die Ned. Geref. Kerk se besinning oor die verhoudingskwessie speel. In 1950 word hy voorsitter van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede of SABRA en inisieer hy die *Kerklike Kongres oor die Naturelle-vraagstuk*. 'n Kongres waarop die Afrikaanse gereformeerde kerke naamlik die Ned. Geref. Kerk en sy jonger kerke, sowel as die Gereformeerde en Hervormde Kerke verteenwoordig word en wat kies vir totale gebiedsapartheid met geen beperking op die ontwikkeling van wit en swart nie. 'n Kongres wat stem vir 'n beleid van afsonderlik, maar gelyk en deur Hanekom uitgesonder word vir sy klem op geregtigheid (Jonker, 1998:5; Hanekom, 1953:84). Gerdener voel destyds dat die term "apartheid" 'n statiese saak verwoord, terwyl 'n dinamiese totale apartheid nodig is (Giliomee, 2003: 484).⁸

Ten einde die besluite van die kongres aan die tweejaar oue Nasionale Regering oor te dra, benoem die Ned. Geref. Kerk se Federale Sendingraad 'n kommissie wat hierdie besluite

⁸ Albert Geyer, 'n redakteur van Die Burger en 'n voorsitter van SABRA in die 1950's, kies vir afsonderlike ontwikkeling omdat apartheid op 'n statiese selfbeskerming neerkom sonder versekering vir hierdie selfbeskerming (Koorts, 2014:108).

aan DF Malan as eerste minister en EG Jansen as Minister van Naturellesake moet kommunikeer. Op die kongres se opsie vir groot of totale territoriale apartheid antwoord Malan en Jansen dat dit nie prakties uitvoerbaar is nie (Giliomee, 2003:514). Vir die premier is totale gebiedskeiding met onafhanklike swart lande onbereikbaar vanweë die teenwerkende ekonomiese dryfkragte in die land, dryfkragte wat lynreg teen so 'n vestiging van die bevolking inwerk.⁹ Hierop swyg die Ned. Geref. Kerk en stap af van die saak. So verpas hy 'n moontlikheid of geleentheid vir 'n meer regverdigbare, kerklik verantwoorde "apartheid" (Strauss, 1983:57; Koorts, 2014: 413).

Die wiele van 'n oorhoofse afsonderlike ontwikkeling as 'n uitvloeisel van "apartheid" (soos geformuleer in 1948) met sy oogmerk van geregtigheid – ons kom by groter detail – sou hierna geleidelik, ná onder meer die onrus rondom Sharpville in 1960–1961, Soweto in 1976 en die noodtoestand van die 1980's, vasdraai. Daarby het HF Verwoerd se visie vir 1978 wat die omkeer van swartmense na hulle eie gebiede voorsien het, stil-stil verdwyn (Van Jaarsveld, 1982:587). Met die swanesang of einde van apartheid sou PW Botha (premier en staatspresident in 1978–1989) met die hervorming van apartheid te voorskyn kom sonder 'n oorhoofse plan. 'n Hervorming wat teen die einde van sy bewind in 1985–1989, vasgeloop het. In 1994 is apartheid formeel te ruste gelê (Grobler, 2007:176-177; Welsh, 2009:268). Vir PW Botha was DF Malan 'n mentor (Scholtz, 1988:6) by wie hy die idee van blanke beheer vir 'n stabiele en suksesvolle regering in Suid-Afrika geërf het (NP, 1982:21). 'n Regering onder wie beskaafde standarde vir 'n Christelik verantwoorde hervorming én vir die ontwikkeling van gekleurdes, die geleentheid sou kry om op 'n ewolusionêre manier vorm aan te neem.¹⁰ 'n Stabiele regering waarmee hy tyd kon koop vir die vestiging van hierdie standarde en 'n laaste poging om die aangewese gebiede vir swartes te probeer ontwikkel (Giliomee, 2003:601,608). 'n Beheer wat hy nie wou prysgee nie, maar wat teen die einde van sy regering selfs by 'n groot deel van die blanke kiesers as agterhaal beskou is (De Villiers, 1984:23,86-89; Scholtz, 1988: 65; Welsh, 2009:257).

Ons keer terug na die Sauerkommissie van 1946. In die loop van 1947 was sy verslag gereed. Dit is aan DF Malan oorhandig wat dit in sy verkiesingsmanifes opgeneem het (Koorts, 2014:397).

"Apartheid" soos geformuleer in 1948

MPA Malan noem die Sauerverslag in 1964 steeds 'n deeglike stuk werk. 'n Stuk wat met 'n visie opgestel is (Malan, 1964:222). DF Malan as die leier en vernaamste woordvoerder van

⁹ Verwoerd se verwerving van die Tomlinsonverslag van 3,755 bladsye in 1954 het hierdie voorstelle om aan die uitvoering van afsonderlike ontwikkeling gestalte te gee, na die vergetelheid verban (Van der Watt, 1987:95; Giliomee, 2003:516-517). In 1970 noem Tomlinson hierdie verwikkeling 'n verspeelde geleentheid. 'n Kans wat kon gelei het tot 'n geregtigde praktiese apartheid (Giliomee, 2003:561). Giliomee bestempel die parlementêre ontvangs van die verslag van die Tomlinsonkommissie as die oomblik van waarheid vir die voorstanders van totale gebiedskeiding of die "apartheid's theorists". Teoretici wat hulle agter die besluite van die Ned. Geref. Kerk van 1950 kon skaar. Ten spye van dit alles sou Tomlinson egter ook nie die skerp toename in swart geboortes as 'n faktor vir beleidsbeplanning antisipeer nie (Giliomee, 2003: 515). Die ontwikkeling van regverdigte apartheid in afsonderlike, struktureel gelyke state het 'n akademiese hersenskim gebly wat Afrikanerakademici getroef gelaat het.

¹⁰ JA Heyns maak as teoloog van die Ned. Geref. Kerk aan die begin van die 1980's die opmerking dat daar 'n sekere ongelijkheid onder die inwoners van Suid-Afrika voorkom. Nie in hulle menswees nie, maar in "Westersulturele prestasie en geleenthede". Dit is 'n mite dat alle probleme in die land sal verdwyn as apartheid verdwyn (Williams, 2006:327).

die Nasionale Party wat die verkiesing van 26 Mei 1948 in koalisie met die kleiner Afrikanerparty van NC Havenga aanpak (Giliomee, 2003:487), beweer vooraf dat rasse- en volkereverhoudinge alle ander vdae in hierdie verkiesing oorskadu. In sy verkiesingsmanifes waarin hy die Sauerverslag opgeneem het en wat hy 'n maand voor die verkiesing uitstuur, vra hy: Waarheen Suid-Afrika? Sal die blanke in die toekoms sy heersersposisie, suwerheid en beskawing kan én wil handhaaf? Sal hy so maak sonder onderdrukking en met inagneming van die "nie-blankes se natuurlike reg op 'n behoorlike bestaan en... ontwikkeling ooreenkomsdig hulle eie behoeftes en vatbaarheid?" (geneem uit 'n breër aanhaling in Koorts, 2014:397). Die opposisieleier wys dus op watter vlak hy en sy party die kwessie wil hanteer en dat hulle ernstig is met die Sauerverslag. Boonop bevestig hy die kern van sy beskouing van apartheid met punte waarvan hy reeds rekenskap gegee het: blanke beheer, blanke rassuwerheid en die – Malan praat ook as 'n geesteskind van die Ned. Geref. Kerk – Christelike beskawing waarvan *veral* blanke Afrikaners in Suid-Afrika die draers is.¹¹ Daarby glo hy in die reg op 'n onbelemmerde volkseie ontwikkeling vir swart en gekleurde sonder dat hy aandui waarop dit afstuur. Sonder dat hy sê of alle plafonne op ontwikkeling van gekleurdes deur die Nasionale Party weggenoem sal word. Immers, 'n ongekwalifiseerde ontwikkeling van almal kan blanke beheer in gedrang bring én blanke kiesers van die partyleier vervreem. Die partyleier vertolk partybeleid dus met argumente waarin sy eie oortuigings ook deurkom. Die party se standpunt weerspieël ook sy eie posisie in die saak: blanke beheer, 'n handhawing van sy eie en 'n aparte bestaan met 'n ontwikkeling van swart en gekleurde sonder om detail daaroor te gee. Die partystandpunt, en daarmee die Sauerverslag, bevat sleutelterme van die party se apartheidsbeleid sonder om vleis aan die raamwerk te gee.

Met die aankoms van Malan by die Uniegebou op 4 Junie 1948 om die pos van eerste minister te aanvaar, wys hy op drie persoonlike mikpunte in die Suid-Afrikaanse politiek. In 'n tydsvolgorde soos dit in sy eie lewe voorgekom het, is die derde een dat "Suid-Afrika vir die blanke ras... beveilig moet word". Volgens hom bevestig die verkiesingsuitslag van 26 Mei met 'n oorwinning vir die Nasionale Party sy oplossing: *apartheid* (Pienaar, 1964: 239-240). In 'n radiorede daardie dag noem hy sy regeringsbeleid *Nasionaal* [klem in albei gevalle bygevoeg]. Dit is 'n inklusiewe woord wat "alle seksies van die Suid-Afrikaanse bevolking" se welvaart, geluk, onderlinge vriendskap en samewerking wil bevorder (Pienaar, 1964:241). Malan harmonieer nasionaal en apartheid.

Die Sauerverslag is 'n formulering van heersende gedagtes in die Nasionale Party oor apartheid. 'n Verslag wat die gedagtes van leiers soos DF Malan, JG Strydom, HF Verwoerd, MC de Wet Nel en ander in een dokument opneem (Koorts, 2014:392-393).

Artikel 1 van die Sauerverslag (vgl. Malan, 1964:222vv vir 'n woordelikse weergawe) probeer om in 'n lang openingszin (6 gedrukte reëls) die kern van die beleid te verwoord. "Die Party aanvaar as hoogste taak en roeping van die Staat" om die "blanke ras" met sy kultuurgoedere ter wille van die "welvaart van Suid-Afrika en die geluk en heil van sy bevolking, blank en nie-blank", te handhaaf, te beskerm en te bestendig. So 'n aksie bevoordeel die Christelike beskawing en vorm "die fundamentele grondslag" van die beleid. Die Nasionale

¹¹ In 'n kort slothoofdstuk in sy outobiografie uit 1959 bespreek DF Malan sy slagspreuk wat hy die eerste keer in 1937 geopper het by Winburg waar Piet Retief as goewerneur van die Emigrante-Boere, later Voortrekkers genoem, in 1837 aangewys is: Glo in God! Glo in jou volk! Glo in jouself! Volgens Malan dui die aanvaarding van die Gelofte van 1838 deur die Voortrekkers voor die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 en daarna deur hulle nageslag, daarop dat die Afrikaner as "n Christelike volk geken wil wees" (Malan, 1959:239).

Party onderneem om die “blanke ras behoorlik en doeltreffend te beskerm” teen enige beleid, lering of praktiese aanslag wat sy voortbestaan onderym of in gevaar stel. Hiermee poog die verslag om apartheid te laat voldoen aan die algemeengeldende eise van reg en geregtigheid. Geregtigheid vir almal soos hier verduidelik, is die uitvloeisel van ’n Christelik beskaafde aanpak in ’n veelrassige Suid-Afrika. Die party wil nie net die blanke beskerm en handhaaf nie, maar alle ander aparte nasionale gemeenskappe. As nasionale entiteite kan laasgenoemde in hulle eie gebiede tot hulle volle potensiaal ontwikkel. Elke groep kan ’n nuwe selfrespek, trots en agting vir mekaar ontwikkel. Hulle kan ook hulle eie maatskaplike dienste skep waar die krag van ontwikkelde “nie-blankes” vir volksopbou ingespan word (Malan, 1964: 222-223; Strauss, 1983:24-25).

Die getal ontstamde swartes in blanke gebiede sal gestabiliseer word deur instromingsbeheer. Hulle moet in aparte gebiede woon en is nie permanente inwoners van blank Suid-Afrika nie. Hulle moet die band met hulle huislande wat op “natuurlike” gronde berus, behou.¹² Hulle sal nie deel in die politieke en sosiale regte van die witman nie, sodat die “wit” gebiede hulle “wit” karakter kan handhaaf. Christelik-nasionale en moedertaalonderwys sal aan swart kinders gebied word. Plaaslike regerings en adviserende rade sal in swart gebiede ingestel word. Aan die sewe blanke senatore wat die swartes in die senaat verteenwoordig, sal beperkte stemreg gegee word. Die Kleurlinge kry ’n verteenwoordigende raad met drie blanke verteenwoordigers in die Kaapse Provinciale Raad en Volksraad. Die Indiërs sal in oorleg met die Indiese Regering gerepatrieer word. In 1948 verloor die Indiërs hul stemreg en in 1956 word die Kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys verwijder. Beide groepe ontvang in 1960 verteenwoordigende adviesrade (Malan, 1964:223; Strauss, 1983:25).¹³

Daarmee is die “apartheid” van 1948 omskryf. Kort gesê kom dit neer op blanke beheer van gedeeltelik vermengde aparte gemeenskappe wat om ekonomiese redes fisies deel van die sogenaamde blank Suid-Afrika is, maar by wie gemeenskaplike waardes vir ’n verenigde staatsgemeenskap vanweë ’n gebrek aan Westerse ervaring, op sekere punte nog ontbreek het (vgl. die stelling van Heyns in voetnoot 9). Gemeenskappe wat weens ’n gebrek aan ekonomiese dryfvere en bevolkingsvestigingspatrone wat apartheid fisies moes stut, een staatsgemeenskap as die direk teenoorgestelde gevorm het. In die situasie rondom 1948 het die Sauerkommissie met ’n “apartheid” gekom wat nie in detail uitgewerk is nie, nie uitwys hoe eventuele gelykheid as ’n aanvaarbare interstaatlike model van geregtigheid met totale apartheid sal lyk én hoe apartheid sonder ’n rasgedrewe blanke masjien kan werk nie. Omdat die blankes voor en ná 1948 nie aan gekleurdes gelyke kanse gegee het nie én hierdie saak langs rasselyne verloop het, het kritici apartheid bestempel as blanke rassisme en onderduukking (Giliomee, 2003: 496).¹⁴ Oor dit wat as redes vir die Afrikaner se beleid van apartheid aangevoer is, kom historici soos Giliomee en Schutte egter tot die slotsom dat dit by Afrikaners nie gegaan het om die oorwinning van ’n hoër oor ’n laer ras, wat sou neerkom op rassisme nie, maar die koppeling van beskaafde, blank en Christen teenoor onbeskaafde, anderskleurig en heiden. ’n Koppeling

¹² Giliomee toon aan dat die Ned. Geref. hoogleraar in die Teologie, BB Keet, reeds in die 1950's daarop gewys het dat die proses van verwestering waaraan swartmense in Afrika blootgestel is, nie omkeerbaar is nie (Giliomee, 2003:485).

¹³ Vgl. Lombard (1981:122-135) vir ’n uitvoerige bespreking van apartheidswetgewing in Suid-Afrika ná 1948.

¹⁴ Giliomee (2003:496) voer aan dat die onafhanklikheid van Indië in 1947 ’n draaipunt in die wêreldgeskiedenis was wat ná die Tweede Wêreldoorlog in 1945 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Volke ’n platform gemaak het waarop nuwe onafhanklike lande uit die derde wêreld hulle argwaan oor eue van Westerse dominasie kon lug.

wat reeds in die 18e eeu aan die Kaap voorgekom het (Strauss, 1983:27; Van der Watt, 1987:84). Giliomee gebruik 'n argument van DF Malan as hy uitwys dat Afrikanerintellektuele oortuig was dat die beveiliging van die Afrikaner en sy leefwyse en nie rasverskille as sodanig nie, die groot dryfveer agter apartheid was. Die Afrikaner wou apartheid gebruik om sy eie behoud te verseker. Hy sou gewillig wees om dit te laat vaar as apartheid nie meer aan hierdie tipe versekering kon voldoen nie (Giliomee, 2003:497-498,500; vgl. opmerkings van De Klerk, 1975:114,116,199,206). 'n Argument wat in die jare 1990–1994 stilweg bevestig sou word.

“Apartheid-1948” as totale gebiedsapartheid was in 1948 in sy fisiese kern reeds moeilik uitvoerbaar en bestem tot mislukking (Giliomee, 2003:518). Tog sou die Nasionale Party tot in die 1980's met sy pogings volhard om sodanige beleid uit te voer. Nadat die hervorming van PW Botha misluk het, kon (wou) die Party die koms van 'n nuwe Suid-Afrika met 'n sogenaamde godsdienst-neutrale grondwet en die verabsolutering van die regte van die individu, nie vermy nie (Kleyn & Viljoen, 1999:267-276; Giliomee, 2003:608, 614-615, 637-639, 656).

Nadat amptelike apartheid ná 1948 meer as veertig jaar geneem het om in 1994 'n staatsbepaalde dood te sterf, is hierdie geesteskind van geslagte Afrikaners sonder enige dramatiese slag of stoot – ook van staatsweë – gekis en begrawe. Sy vaandel het gesak en sy vaandeldraers stil geword.

Slot

Die *uitstippeling* van die beleid van *apartheid* deur die Nasionale Party van DF Malan in 1948, het in die formulering daarvan leemtes gelaat wat ná dekades tot sy ondergang geleei het. Die klem op die beveiliging van die blanke ras deur middel van 'n rasgedrewe apartheid en die leemte ten opsigte van die einddoel daarvan – die ekonomiese onmoontlikheid van totale gebiedsapartheid – sou onoorkomelike struikelblokke word. Totale apartheid het reeds met Malan en Jansen se verwerping van die besluit van die *Kerklike Kongres oor die Naturelle-vraagstuk* in 1950 en die Tomlinsonverslag in 1954 geblyk 'n hersenskim te wees. Daarna sou historiese gebeure en ekonomiese werklikhede hierdie proses verder striem en sou dit uiteindelik dan ook tot die dood van apartheid lei. Die laaste pogings om totale afsonderlike ontwikkeling deur te voer, is in 1985 onder PW Botha geloods. In 1994 word 'n nuwe Suid-Afrika gevorm met 'n individuale menseregte-georiënteerde grondwet (finaal aanvaar in 1996 volgens Kleyn & Viljoen, 1999:244) as die teenoorgestelde van totale apartheid.

DF Malan was oortuig daarvan dat sy apartheidsvaandel by die blanke verkiesing van 26 Mei 1948 'n ja-stempel gekry het. Verwikkelinge tydens hierdie verkiesing en daarna bevestig hierdie waarneming. Wat in hierdie verkiesing in apartheid se guns getel het, was dat die kern daarvan om die leefwyse en toekomstvisie van die meerderheid Afrikaners gedraai het.¹⁵ 'n Leefwyse wat sy wortels kort ná 1652 in die tyd van Jan van Riebeeck vind en wat daarna voortgesit is.

'n Argument is daarvoor uit te maak dat talle Afrikaners apartheid nie op rassisme gebaseer het nie, maar deur die handhawing van apartheid hulle eie veiligheid en leefwyse wou verseker. Hulle het en kon hulle egter nie van die rasseknotasie daarvan losmaak nie. Apartheid het in 1994 'n staatsbegrafnis gekry sonder grootskaalse onrus en dramatiese veiligheidsprobleme. Apartheid-Suid-Afrika het in 1994 grootliks vredesaam getransformeer tot 'n demokratiese Suid-Afrika.

¹⁵ Giliomee wys daarop dat daar in 1948 135,000 meer potensiële Afrikaners as potensiële Engelssprekendes aan die blanke verkiesing deelgeneem het (Giliomee, 2003:487).

BIBLIOGRAFIE

- Adonis, JC. 1982. *Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou*. Amsterdam: Rodopi.
- Boesak, A. 1979. *Die vinger van God*. Johannesburg: Ravan.
- De Gruchy, JW. 1979. *The church struggle in South Africa*. Cape Town: David Philip.
- De Klerk, WA. 1975. *The Puritans in Africa, a story of Afrikanerdom*. London: Collings.
- De Villiers, J. 2012. Die Nederlandse era aan die Kaap. In F. Pretorius (redakteur), *Geskiedenis van Suid-Afrika. Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 39-62.
- De Villiers, D & J. 1984. *P.W. Kaapstad*. Tafelberg.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners. Biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg.
- Heyns, JA. 1989. *Teologiese etiek 2/2, Sosiale etiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Koorts, L. 2014. *D.F. Malan en die opkoms van Afrikanernasionalisme*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kleyn, E & Viljoen, F. 1999. *Beginnersgids vir regstudente*. Kenwyn: Juta (tweede uitgawe, tweede druk).
- Lombard, RTJ. 1981. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolekiet. Met spesiale verwysing na die jare 1948-1961*. Pretoria: N.G. Boekhandel Transvaal.
- Malan, DF. 1959. *Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Malan, MPA. 1964. *Die Nasionale Party van Suid-Afrika 1914-1964. Sy stryd en sy prestasies*. Elsiesrivier: Nasionale Handelsdrukkery.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) 1921. *The Dutch Reformed Church and the native problem*. Sl, sn.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) 1935. Handelinge Raad van Kerke. Sl,sn.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) 1947. Handelinge Raad van Kerke. Sl,sn.
- Pienaar, SW. 1964. *Glo in u volk. Dr. D.F. Malan as redenaar*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, JJ. 1988. *Vegter en hervormer – grepe uit die toesprake van P.W. Botha*. Johannesburg: Perskor.
- Smith, NJ. 1980. *Elkeen in sy eie taal*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
- Strauss, PJ. 1983. Die Ned Geref Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk. Universiteit Pretoria, ongepubliseerde D.D.-verhandeling.
- Strauss, PJ. 1989. ‘Nie oor velkleur nie’ – die Ned Geref Kerk se dokument van 1921. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, xxx/4:418-429.
- Strauss, PJ. 2002. Die NG Kerk en sy ekumeniese bande. In Flip du Toit, Hoffie Hofmeyr, Piet Strauss & Johan van der Merwe, *Moeisame pad na vernuwing*, Bloemfontein: Barnabas, pp. 181-241.
- Strauss, PJ. 2004. Die teologiese en morele regverdiging van apartheid en ‘n *status confessionis*. ’n Vegelyking tussen die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode se hantering van die saak. *Acta Theologica Supplementum* 6:96-121.
- Strauss, PJ. 2010. *Kerk en orde vandag*. Bloemfontein: Sunmedia.
- Strauss, PJ. 2015. *Gereformeerdes onder die Suiderkruis 1652–2011*. Bloemfontein: Sunmedia.
- Strauss, PJ. 2016. Die naam ‘Nederduitse Gereformeerde Kerk’. *Acta Theologica*, 36(1):213-228.
- Thom, HB. 1980. *D.F. Malan*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Jaarsveld, FA. 1982. *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*. Johannesburg: Perskor.
- Van der Watt, PB. 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905–1975*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
- Welsh, D. 2009. *The rise and fall of apartheid*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Williams, HH. 2006. J.A. Heyns en die Ned Geref Kerk en apartheid, Universiteit van die Vrystaat, ongepubliseerde D.Th-verhandeling.

“Dit was erg, baie, baie erg.” Die effek van COVID-19 op informele straathandelaars in die middestad van Kaapstad

“It was bad, very, very bad.” The effect of COVID-19 on informal street vendors in the city centre of Cape Town

VICKEY DE VILLIERS

Skool vir Ekonomiese Wetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: vickeylab@gmail.com



Vickey de Villiers



Derick Blaauw

DERICK BLAAUW

Skool vir Ekonomiese Wetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: derick.blaauw@nwu.ac.za



Alicia Fourie

ALICIA FOURIE

Gordon Institute of Business Science
Universiteit van Pretoria
Illovo, Johannesburg
Suid-Afrika
E-pos: FourieA@gibs.co.za

VICKEY DE VILLIERS is 'n senior ontwikkelings-ekonoom by Urban-Econ Development Economists en het onlangs haar Meestersgraad in Ekonomiese Wetenskappe aan die Noordwes-Universiteit voltooi. Sy was voorheen 'n konsultant by Imani Development en het 'n internskap by die Wes-Kaapse departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme voltooi.

VICKEY DE VILLIERS is a senior development economist at Urban-Econ Development Economists and recently completed her Master's degree in Economics at the North-West University. Previously, she worked as a consultant at Imani Development and was a graduate intern at the Western Cape government department of economic development and tourism.

DERICK BLAAUW is 'n professor in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus). Voor sy huidige pos het hy ekonomie aan die Universiteit

DERICK BLAAUW is professor in the School of Economic Sciences at the North-West University (Potchefstroom Campus). Prior to taking up this position, he lectured economics at the University

Datums:

Ontvang: 2021-11-26

Goedgekeur: 2022-02-22

Gepubliseer: Junie 2022

<p>van Johannesburg (UJ) gedoseer asook aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) en die Soweto- en Bloemfontein-kampusse van Vista Universiteit. Professor Blaauw se navorsing is hoofsaaklik op arbeids- en ontwikkelingsekonomie gerig. Sy huidige werk is toegespits op die sosio-ekonomiese dinamika van kwesbare groepe in die informele ekonomie, insluitende motorwagte, dagloners en vullisherwinners. Hy is ook tans 'n C3-gegradeerde NNS-navorser.</p>	<p>of Johannesburg (UJ), Rand Afrikaans University (RAU) and at the Soweto and Bloemfontein Campuses of Vista University. Professor Blaauw's research interests are mainly in the field of labour and development economics. His current work focusses on the socio-economic dynamics of vulnerable groups in the informal economy, such as car guards, day labourers and waste pickers. He is also currently a C3-rated NRF researcher.</p>
<p>ALICIA FOURIE is medeprofessor aan die Gordon Institute of Business Sciences (GIBS) en doseer makro-ekonomie, mikro-ekonomie en die besigheidsomgewing. Voordat sy by GIBS aangesluit het, het sy vir 10 jaar ekonomie aan die Noordwes-Universiteit doseer en vir baie jare as vaksameroeper vir mikro- en makro-ekonomie opgetree. Prof Fourie was ook betrokke by die afstandsonderrigprogram, UNIVPREP. Gedurende haar tyd aan die Noordwes-Universiteit het sy talle onderrigoekennings van die Noordwes-Universiteit en Media24 ontvang.</p> <p>Alicia het 'n PhD in Ekonomiese Onderwys en het verskeie eweknie-geëvalueerde artikels gepubliseer in nasionale en internasionale joernale wat verband hou met ekonomiese opvoeding, toerisme-ekonomie en gedragsekonomie. Tans fokus sy haar navorsing op toerisme ekonomie en die informele arbeidsmark.</p>	<p>ALICIA FOURIE is an Associate Professor at Gordon Institute of Business Sciences (GIBS) and lectures in macroeconomics, microeconomics and the business environment. Prior to joining GIBS, she lectured at the North-West University for 10 years in economics and acted as subject convenor for micro-and macroeconomics for many years. Alicia was also involved with the distance education program, UNIVPREP. During her time at the North-West University, she received numerous teaching awards from the North-West University and Media24.</p> <p>Alicia has a PhD in Economic Education and has several peer-reviewed articles published in national and international journals relating to economic education, tourism economics and behavioural economics. Currently, she is focusing her research on tourism economics and the informal labour market.</p>

ABSTRACT

"It was bad, very, very bad." The effect of COVID-19 on informal street vendors in the city centre of Cape Town

The impact of the COVID-19 pandemic is currently reverberating throughout the formal and informal sector of the South African economy – including informal street vendors. The informal sector and key activities such as informal street trading play an important role in the South African economy and the unique socio-economic context of South Africa. Despite optimistic theoretical beliefs that the informal sector will mitigate the adverse effects of external shocks (as with the COVID-19 pandemic) by absorbing the job losses that occur in the formal sector, previous studies suggest the opposite. The informal sector is often disproportionately affected by external economic and health shocks, especially in southern Africa (Bassier et al., 2020; International Labour Organisation (ILO), 2020c; Rogan & Skinner, 2018; Skinner & Rogan, 2019). Against this background, the aim of the study was to explore the impact of the COVID-19 pandemic on the lives and livelihoods of informal street traders.

A qualitative research approach in the form of a descriptive case study was used to conduct an in-depth investigation of the effect of COVID-19 on the lives and livelihoods of street vendors in Cape Town's city centre. A qualitative approach provides the opportunity to conduct a more comprehensive and in-depth analysis around the research question. The specific area

in which the study was conducted was chosen to be close to transport infrastructure such as railway stations and bus stops and other public transport routes, as the literature suggests that these are the areas preferably frequented by street vendors. Before the fieldwork started, a pilot study was done to identify possible challenges and shortcomings in the interview guide. The necessary adjustments were made and the fieldwork took place between 6 and 8 May 2021. In-depth interviews, by means of a semi-structured interview guide, were conducted with 19 different street vendors, after which data saturation was achieved. Thematic analysis was used to identify, analyse and describe "trends or themes" (Bryman & Bell, 2014:439). Guided by the protocol of Du Plooy-Cilliers et al. (2014:230) and Guest et al. (2012:7), the researchers revisited the data numerous times, simultaneously identifying the themes several times in order to refine the analysis. The researchers consistently adhered to the "Code of Conduct for Researchers" as stipulated by the North-West University. The empirical component of the study only began after the researchers had obtained ethical approval from the Faculty of Economic and Management Sciences' Research Ethics Committee. All relevant ethical principles were adhered to during the interviews with informal street vendors and COVID-19 protocol was strictly observed.

The demographic and business characteristics of the respondents serve as a precursor and background to the rest of the thematic analysis on the impact of COVID-19 on street trading as a sector of the informal economy. Interviews were conducted with 19 informal enterprises. During two of the 19 interviews, there were two respondents from the same stall participating in the interview. This means that the researchers engaged with 21 informal street traders, representing 19 informal enterprises. Most respondents were men (12 out of 21) and nine had completed matric. Although four (20%) of the respondents possessed a tertiary qualification, seven (35%) respondents had not completed their schooling. The respondents, who were mostly foreigners from Cameroon, Somalia and Malawi, were mainly between 35 and 64 years old; the youngest retailer was 23 years old and the oldest retailer 74. At the time of the interviews, clothing and/or footwear were the main products sold, followed by fruit and vegetables, jewellery, accessories and handbags. Some product offerings (such as flowers and fruit and vegetables) mainly have a local customer base, while traders selling arts, crafts or curio's and some selling jewellery or accessories and bags are largely supported by tourists. The respondents' experience as informal street traders ranged from about one year to 56 years. In general, 14 (67%) of respondents had been working as informal traders for more than five years.

A thematic analysis of the data showed that all the respondents' businesses closed for between one and five months in 2020 due to the national lockdown and associated regulations. Inventory losses, lack of income, depletion of their savings, layoffs of employees and significant food shortages were on-going themes. It was also not possible for the foreign respondents to make significant remittances to family in their countries of origin. Declining tourism numbers and local customers who lost their jobs are a constant threat to the livelihoods of informal street vendors. Furthermore, most of their local clients work from home and avoid public spaces to comply with social distancing regulations. In addition, several respondents said that tourists had had a positive impact on their profit margin because tourists bought more expensive products compared to the local customers.

Most respondents said that their average monthly profit since the initial Level 5 lockdown in 2020 was about half of the average monthly profit the enterprise could generate before COVID-19. In addition, there were three businesses that could show only a third of the profits they had enjoyed before COVID-19, with another two businesses even reporting less than a third of their average profit prior to COVID-19 – one vendor's profit was about 20–30% less

than before COVID-19. More specifically, three of the businesses made an average monthly profit of between R6 000 and R10 000 before COVID-19 and two of the businesses made an average daily profit of between R250 and R300. In the last year since the pandemic, however, three of the businesses generated an average monthly profit of between R2 000 and R5 000 and several businesses generated an average daily profit of between R100 and R200.

Street vendors use various strategies, such as good customer service, efforts to obtain the best possible location, the acquisition of fresh stock, and the use of social media and electronic payment instruments in an attempt to deal with the adverse consequences of the COVID-19 pandemic. However, despite their best efforts, several respondents had no choice but to reduce their employees' working hours and/or remuneration. The challenges that the COVID-19 pandemic presents to informal street vendors in Cape Town's city centre are therefore an ongoing daily reality. Continuous state support and follow-up studies with the same group of respondents to examine the impact over the medium and longer term are necessary. An important example of this is action research with respondents on the impact of the existing assistance measures on their lives and living conditions. These research results may help to develop action plans that will enable the city, province and country to deal with future exogenous shocks in a manner that would ensure some mitigation of the adverse effects of similar shocks on the structurally vulnerable sections of the society and the economy.

KEY WORDS: informal economy, street vendors, COVID-19, immigrants, South Africa, unemployment, structural vulnerability

TREFWOORDE: informele ekonomie, straathandelaars, COVID-19, immigrante, Suid-Afrika, werkloosheid, strukturele kwesbaarheid

OPSOMMING

Die impak van die COVID-19-pandemie op informele ekonomiese aktiwiteite soos straathandel kan selfs relatief groter en meer skrikwekkend as die gevolge vir die formele ekonomie wees. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering in die vorm van 'n beskrywende gevallestudie is gebruik om 'n diepgaande ondersoek na die effek van COVID-19 op die lewensomstandighede van straathandelaars in die middestad van Kaapstad te onderneem. Die spesifieke gebied waar die studie gedoen is, is gekies om naby vervoerinfrastruktuur soos byvoorbeeld treinstasies, bushaltes en openbare vervoerroetes te wees. Volgens vorige studies is dit die soort omgewing waar die meeste straathandelaars te vinde is. Diepgaande onderhoude, deur middel van 'n semigestrukteerde onderhoudsgids, is met 21 respondentе (wat 19 verskillende straathandelaars verteenwoordig) gevoer waarna dataversadiging bereik is. 'n Tematiese ontleding van die data het getoon dat al die respondentе se ondernemings in 2020 tussen een en vyf maande weens die grendelstaat en gepaardgaande regulasies gesluit was. Voorraadverliese, gebrek aan inkomste, uitwissing van hul spaargeld, afdanking van werknemers en wesentlike voedselnood was deurlopende temas. Dit was ook nie vir die buitelandse respondentе moontlik om beduidende oorbetalings aan familie in hul lande van herkoms te maak nie. Dalende toerismegetalle en plaaslike kliënte wat hul werk verloor het, is 'n voortdurende bedreiging vir die lewensbestaan van die informele straathandelaars. Straathandelaars gebruik verskeie strategieë, soos goeie kliëntediens, pogings om die beste moontlike ligging te bekom, die verkrywing van vars voorraad, en die gebruik van sosiale media en elektroniese betaalinstrumente, in 'n poging om die gevolge van die COVID-19-pandemie die hoof te bied. Volgehoue staatsondersteuning en opvolgstudies met dieselfde groep respondentе om die impak oor die medium en langer termyn te ondersoek, is dringend noodsaaklik.

Inleiding

Teen die middel van November 2021 was dit reeds 630 dae sedert die regering die eerste nasionale inperking as teenvoeter teen die vernietigende wêreldwye COVID-19-pandemie ingestel het. Die impak van die pandemie het skokgolwe dwarsdeur die Suid-Afrikaanse ekonomie gestuur. Ranchhod en Daniels (2021) het bevind dat ongeveer een uit elke drie werkende mense in die NIDSCRAM-steekproef in April 2020 óf hul werk verloor het óf geen lone ontvang het nie. Die impak op 'n reeds kwesbare Suid-Afrikaanse ekonomie, armoede en welvaart is enorm en nie net beperk tot die formele ekonomie nie. Rakabe (2020) stel dit dan ook duidelik dat die impak van die pandemie op die informele ekonomie selfs groter en meer skrikwekkend kan wees.

Die informele sektor in Suid-Afrika is van kardinale belang vir langtermynbydraes tot indiensneming, armoedevertigting, voedsel-toeganklikheid en voedselsekerheid (Fourie, 2018a:471; Rogan & Skinner, 2017:3; Tawodzera & Crush, 2019:1). Hierdie bydrae van die informele sektor tot verskeie aspekte van Suid-Afrika se sosio-ekonomiese stabiliteit is hoofsaaklik te danke aan die uiteenlopende en dinamiese reeks aktiwiteite wat deel van die sektor uitmaak.

Die dinamiese en uiteenlopende aktiwiteite binne die informele sektor maak meestal deel uit van 'n lewensbestaanstrategie vir baie kwesbare en histories benadeelde persone, soos die stedelike armes, vroue wat aan die hoof van huishoudings staan, en vlugtelinge (Andrag, 2011:5; Makaluza & Burger, 2018:195; Statistics South Africa, 2019:9). Ranchhod en Daniels (2021) het bevind dat hierdie groepe in die arbeidsmark, wat altyd meer kwesbaar was (byvoorbeeld vroue, swart mense, die jeug en laer-geskoolde persone), huis aan die begin van 2020 tydens die eerste uiters streng inperkingsmaatreëls disproportioneel meer negatief deur die pandemie beïnvloed is. Alhoewel die informele sektor dikwels uit individue bestaan wat slegs 'n lewensbestaan uit die inkomste maak, bied dié sektor ook sakegeleenthede en lei dit tot die ontstaan van ondernemings wat groei en meer inkomste bied (Lighthelm, 2004:39; Makaluza & Burger, 2018:194-195). Tabé (2014:167) voer dan ook aan dat straathandel nie slegs 'n oorlewingsaktiwiteit is nie, aangesien daar moontlikhede vir groei en die potensiaal vir opbou van kapitaal is.

Die feit dat die Suid-Afrikaanse informele sektor in verhouding tot ander Afrika-lande kleiner mag wees (Kingdon & Knight, 2001) verander niiks aan die belangrike rol van die informele sektor met betrekking tot indiensneming nie. In baie lande suid van die Sahara is die informele sektor verantwoordelik vir tot soveel as 86% van die indiensneming in die nielandbou-sektor (Rakabe, 2020). In Suid Afrika was daar in die eerste kwartaal van 2020 sowat 2,921 miljoen mense werksaam in die informele nielandbou-sektor, wat 17,8% van die totale indiensneming verteenwoordig (Statistics South Africa, 2020a:20-21). Dit is die derde grootste werkgewer naas die gemeenskaps- en maatskaplike dienstesektor en die groot- en kleinhandelsektor.

Prakties gespouse beteken dit dat twee uit elke tien werkende mense in Suid-Afrika 'n bestaan in die informele ekonomie voer (Rakabe, 2020). Spesifiek in die Wes-Kaap was 290 000 mense werksaam in die informele nielandbou-sektor. Hiervan was 173 000 (59,7%) in die Kaapstad-metro, wat ongeveer 11% van die totale indiensneming binne die metro se geografiese gebied behels (Statistics South Africa, 2020a:57-58). Stad Kaapstad (n.d.) dui aan dat die informele sektor die stad se vyfde grootste indiensnemingsektor is – wat meestal uit informele straathandel bestaan. Die inkomste wat deur die informele sektor gegenereer word, verminder die armoedesyfer met 4,5 persentasiepunte (Stad Kaapstad, n.d.:50). Boonop het

die Sustainable Livelihoods Foundation (2018) bereken dat die informele ekonomie tussen R4,3 en R6 miljard bydra tot die bruto geografiese produk (GGP) van Kaapstad.

Informele straathandelaars in Kaapstad, veral dié in die metropolitaanse gebied, is opmerklik negatief beïnvloed deur onvoorsiene omstandighede wat veroorsaak is deur COVID-19. Informele werk of handel het ononderbroke daaglikse aktiwiteit nodig om 'n inkomste te genereer – net soos enige ander onderneming. Die lae inkomste wat gewoonlik in hierdie sektor verdien word, maak mense egter uiters kwesbaar vir werkonderbrekings terwyl hulle dikwels in haglike omstandighede moet oorleef (Rakabe, 2020). Die straathandelaars in Kaapstad het benewens die plaaslike inperkingsmaatreëls nóg 'n krisis in die gesig gestaan vanweë die wêreldwye impak van die pandemie.

Die meeste van die informele straathandelaars in Kaapstad maak staat op toeriste vir die koop van aandenkings, asook plaaslike inwoners wat gebruik maak van openbare vervoer (treine, busse en minibustaxi's) en soggens en saans vrugte, groente, blomme en ander produkte by hulle koop. Een van die groot redes vir die afname in inkomstepotensiaal vir die informele sektor in Kaapstad was die instel van internasionale en plaaslike reisbeperkings. Die meeste informele straathandelaars wat op die toerismemark gefokus het, moes noodgedwonge oorskakel na ander produkte om te verkoop ten einde die plaaslike mark in plaas van die internationale mark te teiken.

Mense in hierdie sektor het nie die voorreg van wettige dienskontrakte, versekering teen verlies aan inkomste, sosiale sekerheid, sosiale netwerke en spaargeld om hulself te beskerm teen onvoorsiene ekonomiese risiko's nie (Rakabe, 2020). Die COVID-19-pandemie is 'n klassieke voorbeeld van so 'n eksogene skok wat 'n reeds uiters kwesbare sektor langtermynskade kan berokken.

Hoewel die volle impak van die COVID-19-pandemie nog nie bereken kan word nie, is dit dringend noodsaaiklik om die impak op die kort termyn op kwesbare gemeenskappe in die informele ekonomie te ondersoek. Derhalwe was die doel van die studie om die impak van die pandemie op die lewens en lewensomstandighede van straathandelaars in die middestad van Kaapstad te ondersoek. Ons navorsingsbenadering was kwalitatief, wat ons in staat gestel het om diepgaande gesprekke (Creswell, 2014:4) met straathandelaars te voer om hul persoonlike ervaringe aangaande die impak van die pandemie op hul lewe en lewensbestaan te verken.

Die res van die artikel is soos volg gestructureer: 'n kort bespreking van tersaaklike literatuur word gevvolg deur 'n uiteensetting van die navorsingsmetodologie wat toegepas is. Daarna volg die bevindinge, gevolgtrekkings en onderwerpe vir toekomstige navorsing voortspruitend uit die bevindinge.

Oorsig van tersaaklike literatuur

Die informele sektor in Suid-Afrika is dinamies en uiteenlopend in sy samestelling en omvang. Die informele sektor, insluitende informele straathandel, is 'n belangrike bron van werk, armoedeeverligting, voedseltoeganklikheid en voedselsekerheid in die Suid-Afrikaanse ekonomie (Blaauw, 2017:339; Fourie, 2018a:471; Rogan & Skinner, 2017:3; Skinner & Watson, 2020:1; Tawodzera & Crush, 2019:1). Dit geld veral vir huishoudings in informele stedelike nedersettings en individue wat werkloos was of nie toegang tot werkgeleenthede in die formele sektor het nie (Blaauw, 2017:348; Ledingoane & Viljoen, 2020:1; Lighthelm, 2006:32; Skinner & Rogan, 2019:5).

Die Internasionale Arbeidsorganisasie definieer die informele sektor op grond van karakteristiese kenmerke van werkers en ondernemings (Chen *et al.*, 2006:2132; ILO, 1993; ILO, 2018:7). Die informele sektor bestaan dienooreenkomsdig uit huishoudelike eenhede wat goedere en dienste produseer met die primêre doel om werk en inkomste aan die betrokke persone te verskaf. Hierdie eenhede werk tipies op klein skaal, meestal met 'n eenvoudige organisasiestruktuur, en met min of geen verdeling tussen arbeid en kapitaal as produksiefaktore nie (ILO, 1993:2).

Ingevolge die Internasionale Arbeidsorganisasie se definisie bestaan deelname aan die informele sektor in Suid-Afrika uit betaalde en onbetaalde gesinswerkers, huiswerk, korttermynkontrakte en geleentheidsarbeid (Bonnet *et al.*, 2019:1; ILO, 2013:3). Belangrike aktiwiteite wat deel uitmaak van die informele sektor, in die Suid-Afrikaanse konteks, is onder meer spazawinkels, sjebiens, straathandel, informele voorbereiding en verkoop van gekookte kos en wegneemetes, konstruksie, vervaardiging, die bymekaarmaak en verkoop van herwinbare rommel, handwerk in die vorm van kuns en kunsvlyt, daglonerwerk, huishoudelike werk, vervoer en haarkappery (Charman & Petersen, 2018:253; Rogan & Skinner, 2018:89). Hierdie informele aktiwiteite maak 'n belangrike deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie uit. Ter bevestiging hiervan het Statistics South Africa (2014:9) aangedui dat die informele sektor se bydrae tot die BBP tussen 2008 en 2013 relatief stabiel gebly het, met bydraes wat gewissel het tussen 5,5% in 2008 en 5,9% in 2013.

Die belangrikste kenmerke van informele straathandelaars wissel dikwels, veral met betrekking tot verskillende geografiese liggings en die aard van informele handelsaktiwiteite in 'n spesifieke gebied. Die bestaande literatuur toon van die vernaamste verskille en ooreenstemmende kenmerke aan. 'n Studie oor straathandelaars in die sentrale sakekern van Tshwane het aangetoon dat 63% van die handelaars in die steekproef vroue was en dat die meerderheid tussen 18 en 30 jaar oud was (43%), gevvolg deur handelaars wat tussen 31 en 40 jaar oud was (33%) (Nkrumah-Abere & Schachtebeck, 2017:133). Daar is ook bevind dat 63% van die handelaars Suid-Afrikaanse burgers was en dat die meerderheid Graad 12 voltooi het (67%), gevvolg deur 30% van die handelaars wat 'n naskoolse kwalifikasie behaal het (Nkrumah-Abere, 2016:80-81). 'n Studie in Durban deur Mkhize *et al.* (2013:10-11) het bevind dat die meeste van die handelaars tussen die ouderdom van 35 en 39 jaar oud was, 'n sekere vlak van sekondêre onderwys behaal het en 'n gemiddelde maandelikse omset van R2 712 getoon het. 'n Studie onder voedselhandelaars in Kaapstad en omliggende gebiede het aangedui dat 52,9% van die respondent vroue was, 82% was Suid-Afrikaanse burgers, 64,3% was tussen die ouderdom van 25 en 44 jaar, 74,1% het nie matriek voltooi nie en die meeste van hulle het minder as R1 000 per week verdien (Hill *et al.*, 2018:5-7). In 'n ander studie oor informele straathandelaars in Kaapstad het Tawodzera (2019:446-447, 451) aangedui dat die meeste respondent mans (53,5%), buitelanders (51,7%), en tussen 30 en 34 jaar oud was (23,6%). Hulle het gedeeltelike hoërskoolopleiding voltooi (35%), en 'n gemiddelde maandelikse wins van R6 559,04 in die voorafgaande maande behaal. Hierdie studies bevestig dat daar nie 'n vaste patroon is in terme van straathandelaars se geslag, ouderdom en land van herkoms in Suid-Afrika se grootste stede nie.

Straathandel verskaf betaalde (en onbetaalde) werksgeleenthede vir beide gesins- en niefamilielede (Rogan & Skinner, 2017:21). Die Durban-studie van Mkhize *et al.* (2013:1) het byvoorbeeld bevind dat 30% van die respondent ten minste een persoon in diens gehad het. Tawodzera en Crush (2019:41) se studie oor die informele voedselsektor in Kaapstad het bevind dat ongeveer 'n derde van die verkopers werknemers gehad het; die meeste van hierdie verkopers het ook een persoon in diens gehad (54%), terwyl 31% van hierdie verkopers twee

mense in diens gehad het (Tawodzera & Crush, 2019:41). 'n Ander studie in Kaapstad van 518 mikro-ondernehemings wat deur immigrante besit is, het getoon dat hierdie eienaars werksgeleenthede vir 148 gesinslede en 496 niefamilielede geskep het (Tawodzera *et al.*, 2015:5). Informele handelaars bied ook indirekte geleenthede vir ander informele aktiwiteite. 'n Uitstekende voorbeeld hiervan is die sogenaamde waentjiestoters ("trolley pushers") wat handelaars help om hul goedere en stalletjie-infrastruktuur daagliks tussen die opbergingsfasiliteit en die handelsslutting te vervoer (Andrag, 2011:46; Horber, 2018:52).

Benewens informele straathandel se bydrae tot indiensneming is dit ook 'n belangrike verspreidingsmeganisme sowel as 'n bron van voedselsekerheid en voedseltoeganklikheid, veral vir arm en lae-inkomstehuishoudings met beperkte besteebare inkomste (Haysom *et al.*, 2017:49; Lighelm, 2004:39; Skinner & Haysom, 2016:15). Informele handelaars is prominente rolspelers in die waardeketting met betrekking tot die verspreiding van vars produkte in stedelike gebiede (Cousins, 2018:376; Skinner & Watson, 2020:2; Wegerif, 2020:798). Hill *et al.* (2018:27) het bevind dat 50,6% van hul studie se respondentie in Kaapstad wat voedselprodukte by informele straathandelaars koop, 'n maandelikse verdienste van minder as R3 000 het. Battersby *et al.* (2016:5) het op hulle beurt vasgestel dat 66% van die arm huishoudings in Kaapstad kos by informele straathandelaars koop. Informele straathandelaars bied verbruikers maklike toegang tot kleiner hoeveelhede kultureel aanvaarbare goedere teen bekostigbare pryse (Charman *et al.*, 2019:1; Mkhize *et al.*, 2013:37). Maklike toegang en bekostigbaarheid stel huishoudings sonder yskaste byvoorbeeld in staat om gereeld klein hoeveelhede vrugte en groente te koop.

Die informele voedselmark stel arm mense in staat om byvoorbeeld gekookte hoenderpote in die township te koop – 'n goedkoop kosproduk wat nie noodwendig elders vrylik beskikbaar is nie (Charman *et al.*, 2019:47). Aangesien informele handelaars oor die algemeen meer buigsame handelsure het, wat gebaseer is op die verbruikers se aanvraag, en hoofsaaklik langs vervoer- en voetgangerroetes geleë is, bied hulle produkte wat verbruikers sonder moeite naby hul huise of werkplek kan eet (Horber, 2018:20).

Informele straathandel hou ook niefinansiële voordele vir die deelnemers in. Dit bied byvoorbeeld die geleenthed om 'n gevoel van eiewaarde en onafhanklikheid te kweek, en om solidariteit met medehandelaars te geniet, en dit verskaf groter buigsaamheid om vir hul kinders te kan sorg en ander verantwoordelikhede na te kom, (Ah Goo & De Wit, 2015:78; Horber, 2018:13; Lighelm, 2004:39; Sassen *et al.*, 2018:31; Willemse, 2013:182).

Dit is duidelik dat die informele sektor en sleutelaktiwiteite soos informele straathandel 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie en die land se unieke sosio-ekonomiese konteks speel. Ondanks optimistiese teoretiese oortuigings dat die informele sektor die nadelige gevolge van eksterne skokke (soos met die COVID-19-pandemie) sal versag deur die werksverliese wat in die formele sektor plaasvind te absorbeer, dui vorige studies op die teendeel. Die informele sektor word dikwels buite verhouding geraak deur eksterne ekonomiese en gesondheidskokke, veral in die suide van Afrika (Bassier *et al.*, 2020; ILO, 2020c; Rogan & Skinner, 2018; Skinner & Rogan, 2019).

Wêreldwyd het die COVID-19-pandemie dieselfde tendens gevvolg as vorige krisisse. Daar is bevind dat deelnemers in die informele sektor, veral vroue en trekarbeiders, buite verhouding geraak is deur die invloed van veral inperkingsmaatreëls, aangesien hulle oor die algemeen nie voordele soos sosiale beskerming en werkverskaffing het nie. Boonop is hul toegang tot ekonomiese COVID-verligtingmaatreëls beperk (Diwakar, 2020:12; ILO, 2020a:7; ILO, 2020b:1-2; UNDP, 2020:4, 7-8). Hierdie bevindings is ook van toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks (Bassier *et al.*, 2020:1; ILO, 2020c:26; Jain *et al.*, 2020:11, 20; Rogan &

Skinner, 2020:21; UNDP, 2020:10, 20; Valodia, 2020). Statistics South Africa (2020b:4-5) dui aan dat daar gedurende die tweede kwartaal van 2020 'n verlies van 640 000 poste in die informele sektor was, met die meeste werksverliese in die handelsbedryf. Dit is die meeste werksverliese wat nog in die informele sektor ondervind is sedert die data in 2008 beskikbaar geword het. Rogan en Skinner (2020:2-3) het bevind dat vroue in die informele sektor 'n afname van 49% in hul tipiese werksure ondervind het en mans 'n vermindering van 25%. Boonop het werkende persone gerapporteer dat hul gemiddelde inkomste en totale inkomste gedurende Februarie en April 2020 met onderskeidelik 27% en 60% gedaal het (Rogan & Skinner, 2020:3).

Die aanvanklike korttermynneffek van die COVID-19-pandemie was skielik en intens. Verskeie informele straathandelaars het tydens die nasionale inperking wat op 27 Maart 2020 in Suid-Afrika begin het en informele straathandelaars verbied is om te werk, 'n afname in verkope gerapporteer (Hendricks, 2020). Ilhaam Benjamin se ervaring is gepas hier. Sy is iemand wat nou al vir meer as 40 jaar blomme by die bekende Trafalgar Place-blommemark in Adderleystraat verkoop. Die inperkingsmaatreëls het haar verkope geweldig geknou deurdat kerkdienste en huweliksonthale vir lang periodes nie plaasgevind het nie. In haar eie woorde: "*That is where the struggle began ... We are people that survive from the hand to the mouth on a weekly basis.*" Sy het ook geen spaargeld wat sy in hierdie tyd kon gebruik nie: "*Whatever we earn, we immediately have to spend to feed our children*" (Hendricks, 2020:1).

Hoewel die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Aangeleenthede (2020:12) die regulasies op 2 April 2020 gewysig het om informele handel moontlik te maak (met toestemming van 'n munisipaliteit), het talle handelaars gesukkel om skriftelike toestemming te verkry. Handelaars wat gaan voedsel en nie-voedselitems verkoop het, kon steeds nie onder die COVID-19-regulasies vir Vlak 5, wat van 26 Maart 2020 tot 30 April gegeld het, werk nie (Maphanga, 2020; Rafapa, 2020). Ten spyte van die toename in toelaatbare ekonomiese aktiwiteit volgens die COVID-19-regulasies vir Vlak 4 (Mei 2020) en Vlak 3 (Junie 2020–17 Augustus 2020), kon die meeste informele handelaars steeds nie werk nie en kon hulle slegs gaan voedsel verkoop as hulle 'n afleveringsdiens verskaf (Departement van Kleinsake-ontwikkeling, 2020:2; South African Informal Traders Alliance, 2020).

Informele handelaars is ook gekortwiek deur beperkte toegang tot vervoer, probleme met die aankoop van voorrade en konfiskering van goedere (Skinner & Watson, 2020:3). Boonop het verskeie informele handelaars, veral migrante, steeds nie toegang tot regeringshulpmaatreëls nie, hoofsaaklik omdat hulle nie aan die streng formele vereistes kan voldoen nie (Bassier *et al.*, 2020:2; CDE, 2020:6; ILO, 2020c:21, 23-24; Rakabe, 2020).

Die impak van die pandemie op hierdie reeds kwesbare deel van die arbeidsmag is dus potensieel een van rampsspoed, ellende en selfs broodgebrek. Peter Kariuki se situasie bevestig dit. Hy het tien jaar lank klein juwele en pette onder 'n gazebo in Kaapstad verkoop ten tyde van die aanvang van die eerste stel inperkingsmaatreëls. Ook hy het bevestig dat hy geen spaargeld het nie: "*We have not been in a position to save,*". Hy het slegs voedsel vir die eerste week van die grendeltyd gehad: "*After that, I don't know what to do,*"

Die effek van die pandemie op die situasie in die informele sektor sowel as die hantering van die pandemie deur dié mense wie se voortbestaan ingrypend deur hierdie pandemie en die daarmee gepaardgaande inperkingsmaatreëls bedreig is, vereis dringende aandag van sowel akademici as beleidmakers. Die ware impak en omvang van COVID-19 ná amper 600 dae is steeds onseker en die behoefte aan navorsing met 'n nouer fokus op die mikrovlak van die informele sektor om die hele situasie beter te verstaan, is eweneens dringend. Die volgende afdelings van hierdie artikel ondersoek die moontlike effek van die pandemie op informele

straathandelaars in Kaapstad, asook hul reaksie daarop en hantering daarvan. Eerstens word die data en metodologie bespreek.

Data en metodologie

Volgens die voorhande literatuur het die COVID-19-pandemie tot dusver 'n effek op 'n wye reeks persoonlike en besigheidsverwante bestaanselemente van informele straathandelaars gehad. Ten einde hierdie breë effek op 'n nouer mikrovlek van nader te ondersoek, is 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp ingespan om die gestelde doelwitte van die navorsing te bereik.

'n Kwalitatiewe benadering bied die geleentheid om 'n meer breedvoerige en diepgaande ontleiding te doen van die sosio-ekonomiese impak van die COVID-19-pandemie op die straathandelaars in Kaapstad se middestad. Meer spesifiek is 'n gevallestudie-navorsingsbenadering gevvolg met 'n verskeidenheid van kwalitatiewe dataverkrygingsmetodes (Yin, 2009; Du Plooy-Cilliers *et al.*, 2014:178). Die gevallestudiemetode is veral geskik om vrae soos "hoe" en "waarom" in die konteks van 'n komplekse vraagstuk na te vors (Dul & Hak, 2008:24). Die gevallestudie as metode in hierdie studie kan as 'n beskrywende gevallestudie beskryf word aangesien die doel was om 'n breedvoerige beskrywing van die sosio-ekonomiese effek van die COVID-19-pandemie op informele straathandelaars in Kaapstad se sakekern te verskaf.

Die navorsers se eie refleksie en posisionering as ekonome het 'n direkte invloed op die gekose studie en navorsingsmetode. Die gemoeidheid met die informele straathandelaars se ervaring rondom die COVID-19-pandemie is 'n logiese uitvloeisel van die outeurs se besondere belangstelling in die werking en rol van die informele sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die studie se invalshoek weerspieël dus die outeurs se refleksie as ekonome. Die doel van die studie en die onderhoudgids se vrae fokus eerstens op die direkte ekonomiese impak op die lewens en bestaansekerheid van die straathandelaars. Dit sluit die effek van die pandemie op faktore soos handelsure, produksamestelling, omset en werkverskaffing in.

Die spesifieke area waarin die studie gedoen is, is gekies volgens die tipiese liggingskenmerke van informele straathandel, dit wil sê naby vervoerinfrastruktuur soos treinstasies en bushalte, openbare vervoerroetes, winkelsentrums en formele sakegebiede (Andrag, 2011:12; Charman *et al.*, 2019:34; Lighthelm, 2013:60; Tawodzera, 2019:452). Figuur 1 is 'n grafiese illustrasie van die gekose gebied in Kaapstad se middestad.



- A) Kortmarkstraat
- B) St George-winkelsentrum
- C) Hans Strijdom-laan
- D) Krotoa-oord
- E) Heerengracht
- F) Trafalgar-oord
- G) Winkelsentrums (Goue Akker en Groot Parade)
- H) Parlementstraat
- I) Ou Marine-rylaan
- J) Hertzog-boulevard
- K) Laer Pleinstraat
- L) Hoek van Strandstraat en Pleinstraat
- M) Kaapstad-stasie
- N) Langafstand-busterminus
- O) Parade
- P) Golden Arrow-busterminus
- Q) Kasteelstraat

Figuur 1: Die afbakening van die geografiese area van die studie

Figuur 1 toon dat 'n groot verskeidenheid informele handelsnodes binne die gekose gebied voorkom, byvoorbeeld die Trafalgar-blommemark, die Stasie taxi-depot, die St. George-winkelsentrum en die Parade.

Daar is van twee metodes gebruik gemaak om die kwalitatiewe data in te samel. Waarnemings was die eerste metode en die doel daarmee was tweeledig: (1) om 'n deeglike kennis van die ligging, produkaanbod en aantal informele straathandelaars in die gekose gebied van die studie te verkry, en (2) om te ondersoek hoe hierdie situasie mettertyd verander het (of dieselfde gebly het), veral met betrekking tot die impak van COVID-19 en die verskillende inperkingsregulasies wat tydens die verloop van die pandemie gegeld het. Die waarnemings het ook inligting verskaf rakende aspekte soos handelsure en fisiese strukture van die informele straathandelaars.

Die waarnemings het op 6 Junie 2020 begin toe die inperkingsregulasies dit toegelaat het. Hierdie waarnemings is gedurende Junie 2020 en Oktober 2020 nege keer herhaal, op 'n voorafvasgestelde roete van ongeveer ses kilometer wat die gebied na behore verken het. Die waarnemings het op verskillende tye en dae plaasgevind om 'n holistiese uiteensetting te gee van informele straathandelaktiwiteit in die studiegebied. Merriam en Tisdell (2016:139) stel voor dat die insigte verkry deur waarnemings gebruik kan word as verwysingspunte vir daaropvolgende onderhoude, en om algehele bevindings te bevestig. Die waarnemings het dus die basis gevorm vir die diepgaande kwalitatiewe onderhoude met die informele straat-handelaars in die area van die studie.

Die eerste outeur het 'n semi-gestruktureerde onderhoudsgids gebruik om diepgaande gesprekke met informele straathandelaars te voer. Die onderhoudsgids het hoofsaaklik uit oop vrae (met betrekking tot die doel van die studie) bestaan, tesame met 'n aantal vrae betreffende standaard demografiese kenmerke. Daar is van doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak (Flick, 2018:88). Die beoogde respondent was gelisensieerde asook ongelisensieerde straat-handelaars wat ten minste 18 jaar oud was en bereid was om aan die studie deel te neem.

Voordat die veldwerk 'n aanvang geneem het, is 'n proeflopie gedoen om moontlike uitdagings en tekortkominge ten opsigte van die onderhoudsgids te identifiseer. Die nodige aanpassings is gedoen en die veldwerk het tussen 6 en 8 Mei 2021 plaasgevind. Daar is altesaam 19 diepgaande onderhoude met straathandelaars gevoer voordat die punt van databevrediging bereik is en verdere onderhoude nie nuwe data, temas, insigte en perspektiewe na vore gebring het nie (Creswell, 2014:248).

Tematiese ontleding is gebruik om tendense of temas te identifiseer, te ontleed en te beskryf (Bryman & Bell, 2014:439). In ooreenstemming met die protokol van Du Plooy-Cilliers *et al.* (2014:230) en Guest *et al.* (2012:7), het die navorsers die data telkens deurgegaan en die temas verskeie kere geïdentifiseer om die ontleding te verfyn.

Die navorsers het die "Gedragskode vir Navorsers" van die Noordwes-Universiteit deurlopend nagekom. Die empiriese komponent van die studie het eers begin nadat die navorsers etiese toestemming van die Navorsingssetiekkomitee van die Fakulteit Ekonomiese Bestuurwetenskappe verkry het. Al die tersaaklike etiese beginsels is tydens die onderhoude met informele straathandelaars nagekom en alle COVID-19-protokol is streng nagevolg. In die volgende afdeling word die bevindinge van die studie bespreek.

Bevindinge

Die demografiese eienskappe en besighedskenmerke van die respondent dien as 'n voorloper en agtergrond vir die res van die tematiese ontleding oor die impak van COVID-19 op hierdie

sektor van die informele ekonomie. Die meeste respondent was mans (57,14%) en die meerderheid (42,85%) het matriek voltooi. Terwyl 20% van die respondent selfs 'n tersiêre kwalifikasie voltooi het, het 35% van die respondent nie hul skoolopleiding voltooi nie.

Die respondent was meestal buitelanders uit Kameroen, Somalië en Malawi. Hulle was hoofsaaklik tussen 35 en 64 jaar oud; die jongste handelaar was 23 jaar oud en die oudste handelaar 74 jaar. Ten tyde van die onderhoude was klere en/of skoene die belangrikste produkte wat verkoop is, gevolg deur vrugte en groente, juweliersware, bykomstighede en handsakke. Sommige produk aanbiedinge soos blomme, vrugte of groente het hoofsaaklik 'n plaaslike kliëntebasis gehad, terwyl handelaars wat kuns, kuns vlytrariteite of juweliersware, bykomstighede en sakke verkoop het, grootliks deur toeriste ondersteun is. Die respondent se ervaring as informele straathandelaars het van ongeveer een jaar tot 56 jaar gewissel. Oor die algemeen het 67% van die respondent reeds langer as vyf jaar as informele handelaars gewerk. Hierdie syfers beklemtoon weereens dat die informele sektor in Suid-Afrika 'n langtermynverskynsel is (Chen, 2007:2; Fourie, 2018b:xvii).

Die veldwerk en gepaardgaande onderhoude het die negatiewe impak van COVID-19 en die gepaardgaande grenadelstaatregulasies op informele straathandelaars in die middestad van Kaapstad bevestig. Die tematiese ontleding met betrekking tot die invloed en gevolge van COVID-19 op die lewens en werksaamhede van die respondent het die volgende breë temas opgelewer, soos opgesom in Tabel 1.

TABEL 1: Tematiese ontleding met betrekking tot die invloed en gevolge van die COVID-19

Tema 1	Verlies van voorraad, inkomste en uitwissing van spaargeld
Tema 2	Gebreklike voedselsekerheid en onvermoë om oorbetaling aan familie te doen
Tema 3	Die verlies aan hul kliëntebasis wat nog nie herstel het nie
Tema 4	Die effek van COVID-19 op inkomste en winste
Tema 5	Die strategieë en pogings om die effek van die pandemie te versag

Tema 1: Verlies van voorraad, inkomste en uitwissing van spaargeld

COVID-19, die gepaardgaande grenadelstaat en toepaslike regulasies het daartoe gelei dat die respondent se informele straathandelondernemings in 2020 tussen een en vyf maande gesluit was. Die onmiddellike gevolg was beduidende voorraadverliese. Die meeste handelaars kon geen inkomste verdien nie en dié wat spaargeld gehad het, moes dit gebruik om te probeer oorleef. Boonop het twee respondent gesê dat sommige van hul familielede ook hul werk verloor het weens COVID-19, wat die algemene huishoudelike inkomste en sosio-ekonomiese welstand verder negatief beïnvloed het. Die volgende aanhalings is sprekend van hierdie bevindinge:

I was closed for between four and six months with no income during that time.

It was the first time in our lifetime that we were closed ... we did not work for months; we did not earn anything.

I didn't even have a saving of R1 000 and I am a man of a family ... I stayed in lockdown for 70 days ... It was terrible ...

The small that you saved is the one you used.

Die onmiddellike gevolg van die grendelstaat was dat verskeie van die straathandelaars en hul gesinne hongersnood in die gesig gestaan het. Dit was verder ook nie vir die buitelandse respondentie moontlik om beduidende oorbetalings aan familie in hulle lande van herkoms te maak nie. Die volgende tema soos geillustreer deur die meegaande aanhalings het dus duidelik na vore gekom.

Tema 2: Gebreklike voedselsekerheid en onvermoë om oorbetalings aan familie te doen

It was very difficult; we struggled a lot with food.

The minute they said that COVID has hit us and that we cannot trade ... it was like devastation, I could not believe it. It was complete where does your next bread come from sort of thing.

Een van die respondentie het gesê dat sy altyd geld na haar gesin kon stuur, maar sy kon dit nie meer doen nie, want daar is dikwels te min vir haarself. Hierdie situasie duur voort al het die verslapping in die grendelregulasies dit vir die informele handelaars moontlik gemaak om weer handel te dryf. Verskeie van die respondentie het die algemene gevoel in dié verband soos volg opgesom:

... that they are still struggling to find their feet.

Die redes hiervoor is te vind in die volgende tema wat na vore gekom het, naamlik die verlies aan hul kliëntebasis wat nog nie herstel het nie.

Tema 3: Die verlies aan hul kliëntebasis wat nog nie herstel het nie

Byna al die respondentie het die gebrek aan kliënte beklemtoon as 'n beduidende semipermanente negatiewe impak van COVID-19. Die redes hiervoor is hoofsaaklik dat daar baie min toeriste is. Voorts werk die meeste van hulle plaaslike kliënte tuis en vermy openbare ruimtes om te voldoen aan sosiale afstandsmaatreëls. Daarbenewens het verskeie respondentie gesê dat toeriste 'n positiewe invloed op hul winsmarge gehad het omdat toeriste duurder produkte gekoop het in vergelyking met die plaaslike kliënte. Die volgende aanhalings verleen verdere konteks aan hierdie tema:

I feel it most because most of my products are made for the tourism section.

There are no tourists. You can see the street is empty; no one is coming.

There are no customers. As you can see, Cape Town is quiet.

Verskeie respondentie het verder gesê dat 'n aansienlike aantal van hul plaaslike kliënte hul werk verloor het en nie geld het nie, en daarom koop hulle minder produkte en dienste as voor COVID-19. Die volgende aanhalings is voorbeeldelike hiervan:

Many of our customers lost their jobs during COVID.

People don't have so much money to spend anymore... everyone is struggling.

Even the locals, they can support me, but not much because they don't have money.

Die invloed van bogenoemde faktore op die inkomste en winsgewendheid van die straat-handelaars se informele ondernemings was inderdaad katastrofies.

Tema 4: Die effek van COVID-19 op inkomste en winste

Die meeste respondenten het gesê dat hul gemiddelde maandelikse wins sedert die aanvanklike Vlak-5-inperking in 2020 ongeveer die helfte minder was as die gemiddelde maandelikse wins wat die onderneming voor COVID-19 opgelewer het. Van die ander het drie ondernemings aangedui dat hulle slegs ongeveer 'n derde van die wins gemaak het as voor COVID-19, en twee ondernemings het minder as 'n derde gerealiseer. Een onderneming se wins was ongeveer 20–30% minder as voor COVID-19. Meer spesifiek: drie van die ondernemings het 'n gemiddelde maandelikse wins van tussen R6 000 en R10 000 voor COVID-19 gemaak en twee van die ondernemings het 'n gemiddelde daaglikske wins van tussen R250 en R300 behaal. In die laaste jaar sedert die pandemie genereer drie van die ondernemings egter 'n gemiddelde maandelikse wins van tussen R2 000 en R5 000 en verskeie ondernemings genereer 'n gemiddelde daaglikske wins van tussen R100 en R200.

Die vraag ontstaan dus: Wat doen die straat-handelaars om hierdie krisis die hoof te bied? Hierdie onderwerp het in die volgende tema na vore gekom.

Tema 5: Strategieë en pogings om die effek van die pandemie te versag

In 'n poging om hierdie onmiddellike krisis die hoof te bied, het twee van die handelaars van hul persoonlike besittings verkoop om 'n inkomste te genereer. Twee ander handelaars het dit reggekry om van hul produkte van die huis af te verkoop deur sosialemediaplatforms te gebruik en 'n afleveringsdiens te lewer.

Die respondenten is gevra om uit te brei oor die strategieë wat hulle gebruik in 'n poging om die uitdagings van die COVID-19-pandemie die hoof te bied. Die meeste van hierdie strategieë is gebaseer op die bevrediging van die behoeftes en voorkeure van hulle kliënte. Om 'n kliëntebasis op te bou en gereelde kliënte te behou deur goeie verhoudings te handhaaf en goeie diens te lewer is 'n belangrike deel van die strategie. Die respondenten het dit soos volg opgesom:

It is about keeping you happy as a customer ... If we do not have the specific colour, we chase, we search, even if we do not make a profit on it but keep that customer happy.

Trust is big for customers ... we have already built a relationship.

If you are nice with your customers, they will always come back to you.

Die respondenten het voorts die belangrikheid van ligging beklemtoon, veral op 'n plek met baie voetgangers. Byvoorbeeld, die handelaars op die Trafalgar Place-blommemark ruil elke maand om sodat elke onderneming 'n beurt kry om naaste aan die straat sake te doen. Een van die respondenten het dit so gestel:

People must see you.

Die respondenté het verder gesê dat dit belangrik is om vars voorraad te hê wat die voorkeure van kliënte in ag neem. Die handelaars wat vrugte en groente verkoop, koop vroegoggend vars voorraad by Kaapstad se varsproduktemark. Sommige handelaars maak hul eie produkte, koop voorraad by plaaslike entiteite of uit ander provinsies, en een van die respondenté voer goedere in vanaf Europa. Een respondent het die tema raak opgesom:

My strategy is to constantly have fresh herbs and new items that people want.

Sommige handelaars gebruik digitale- en sosialemediaplatforms soos Facebook en WhatsApp om voorraad te koop en hul produkte of dienste te adverteer. Twee van die respondenté het ook geriewe vir mense om debiet- of kredietkaarte te gebruik en 'n ander respondent bied SnapScan as betaalmetode. Een van die handelaars verkoop op krediet en twee verkoop die produk dikwels teen 'n verlaagde prys "as die kliënt 'n paar rand kort is". Interessant genoeg bring baie van hierdie kliënte die uitstaande bedrag kort daarna. Die respondenté som dit soos volg op:

They cannot afford to buy, so you must come down so that they can be able to take it so that you can get something to earn your living.

That also brings me success because that customer will come back, he will give me my R1, and he will buy again and tell his friends.

Van die respondenté het daarop gewys dat staatsondersteuning gehelp het om sommige van die nadelige gevolge van COVID-19 en die gepaardgaande inperkingsregulasies tydelik te versag. Sommige handelaars is byvoorbeeld vrygestel van die betaling van permitfooie vir verskillende tye. Een van die handelaars het ontsmettingsmiddels en afdroogdoeke by die Kaapstad Metro gekry. 'n Ander respondent en haar werknemers het uitbetalings van die Werkloosheidsversekeringsfonds ontvang.

Ten spyte van bogenoemde pogings het verskeie respondenté egter geen ander keuse gehad as om hulle werknemers se werksure en/of vergoeding te verminder nie. Die probleme wat die COVID-19-pandemie informele straathandelaars in Kaapstad se middestad besorg, is dus 'n daaglikske realiteit. In die woorde van die respondenté:

It is very difficult now.

It was very bad. Very very bad.

It's a disaster; it is a terrible situation.

It has been a hell of a journey.

Bespreking van bevindinge en toekomstige navorsingsagenda

Ná 20 maande van verskillende vlakke van inperkings weerklink die impak van die COVID-19-pandemie steeds deur die hele Suid-Afrikaanse ekonomie – insluitende die informele ekonomie. Die informele ekonomie oor die wêreld heen was inderwaarheid struktureel selfs meer kwesbaar as die formele ekonomie vir eksogene skokke soos die COVID-19-pandemie.

Tematiese ontleding van die kwalitatiewe data het die volgende verwante en onderling afhanglike temas na vore gebring: Al die respondenté se ondernemings was in 2020 tussen een en vyf maande gesluit weens die grendelstaat en die gepaardgaande regulasies. Hierdie onmiddellike effek was universeel in alle lande waar die informele sektor en straathandelveral

'n prominente deel van inwoners se stedelike bestaansekerheid vorm. Marchiori en Prandini Assis (2021) het byvoorbeeld die effek van die wetgewing en regulasies in reaksie op die COVID-19-pandemie in Latyns-Amerika op informele handelaars ondersoek. Sestien lande het deel van die ondersoek uitgemaak – Argentinië, Bolivia, Brasilië, Chili, Colombia, Costa Rica, Ecuador, El Salvador, Guatemala, Honduras, Mexiko, Nicaragua, Panama, Paraguay, Peru en Uruguay. Die effek was inderdaad geweldig negatief. Informele handelaars se inkomste is direk verwant aan hulle toegang tot openbare ruimtes en sosiale interaksie (Marchiori & Prandini Assis, 2021). Die ervaring in al die ontwikkelende lande was dus dieselfde. In Kaapstad en in bogenoemde sestien lande was die gevolge verwoestend vir straathandelaars se lewens en daaglikse bestaan. Verkope het getuimel as gevolg van inperkinge, verminderde getalle voetgangers en die gebrek aan openbare vervoer (Marchiori & Prandini Assis, 2021). Beduidende voorraadverliese, gebrek aan inkomste, uitwissing van hulle spaargeld en wesentlike voedselnooddheid was aan die orde van die dag. Thulare en Moyo (2021) het soortgelyke bevindinge in hulle studie in KwaZulu-Natal gemaak. Sosyal *et al.* (2021) se studie in Indonesië bevestig ook bogenoemde bevindinge.

Dit was verder ook nie vir die buitelandse respondentte moontlik om beduidende oorbetalings aan familie in hulle lande van herkoms te maak nie. Benewens die onmiddellike korttermyngevolge, het COVID-19 steeds nadelige gevolge, al kon die straathandelaars weer begin sake doen. Thulare en Moyo (2021) bevestig dat die straathandelaars, in hulle studie in KwaZulu-Natal, se verkope nadat hulle kon sake doen nie herstel het na vlakke voor die pandemie nie. In Kaapstad speel die negatiewe effek van COVID-19 op toerisme 'n verdere negatiewe rol in enige kans op herstel (Rogerson & Rogerson, 2022). Die verlies aan potensiële kliënte as gevolg van dalende toerismegetalle en plaaslike kliënte wat hul werk verloor het, word as 'n voortdurende bedreiging vir die lewensbestaan van die informele straathandelaars beskou. Die invloed van bogenoemde faktore op die inkomste en winsgewendheid van die straathandelaars se informele ondernemings was inderdaad katastrofies.

Die respondentte gebruik verskeie strategieë in 'n poging om die uitdagings van die COVID-19-pandemie die hoof te bied. Die elemente van hierdie strategieë is goeie kliëntediens, pogings om die beste moontlike ligging te bekom, die verkryging van vars voorraad, die gebruik van sosiale media en elektroniese betaalinstrumente, en die positiewe effek van die ondersteuningsmaatreëls van die staat en plaaslike owerheid. Thai, Dinh en Nguyen (2021) toon aan dat soortgelyke voorbeeld van straathandelaars se veerkrachtigheid in Viëtnam te bespeur was.

Internasionale literatuur verwys voorts na straathandelaars wat geen ander keuse gehad het as om te begin om onwettig sake te doen nie – selfs onder streng inperkingsmaatreëls. Marchiori en Prandini Assis (2021) het dit in hulle studie in Latyns-Amerika bevestig en verskeie ander studies het dit bevestig (Sosyal *et al.*, 2021). Thulare en Moyo (2021) het ook gevind dat straathandelaars byvoorbeeld hulle aktiwiteite verbloem het deur hulle items vanuit vullissakke te verkoop en/of om verbode items soos alkohol en sigarette by hul wonings te verkoop.

Nieteenstaande bogenoemde pogings het verskeie respondentte egter geen ander keuse gehad as om hulle werknemers se werksure en/of vergoeding te verminder nie. Die uitdagings waarvoor informele straathandelaars in Kaapstad se middestad as gevolg van die COVID-19-pandemie te staan kom, is dus 'n daaglikse realiteit wat in die afsienbare toekoms hul lewensbestaan bedreig.

Ten spye van die veerkrachtigheid en strategieë wat uit hierdie studie en die internasionale literatuur na vore kom, is dit duidelik dat straathandelaars hulp en ondersteuning op die medium

en selfs lang termyn benodig. Volgehoue ondersteuning vanaf die betrokke staatsdepartemente is duidelik nodig. Chigudu (2021) spreek hom ook ten gunste van staatsondersteuning uit as 'n belangrike maatreël om die impak van die pandemie op informele straathandelaars te versag.

Verdere opvolgstudies met dieselfde groep respondentie om die impak oor die medium en lang termyn te ondersoek kan 'n belangrike rol speel om beleid te ontwikkel wat op feitelike waarnemings geskoei is. 'n Belangrike voorbeeld hiervan is aksienavorsing met respondentie oor die impak van verligtingsmaatreëls op hulle lewens en lewensomstandighede. Navorsing oor die effek van die spesiale COVID-19 Social Relief of Distress Grant (SRD) van 350 Rand per maand op die informele sektor (insluitende straathandelaars) is ook dringend noodsaaklik. Vrae rondom die proses om aansoek te doen, die effek op lewensomstandighede en hoe die toelaag gebruik is, moet aan die spits van sodanige navorsing staan. Die COVID-19-pandemie is nie maar net 'n gesondheidsprobleem nie, maar 'n sosio-ekonomiese, kulturele en politieke krisis. Volgehoue navorsing mag moontlik help om aksieplanne te ontwikkel wat die stad, provinsie en land in staat sal stel om toekomstige eksogene skokke so te hanteer dat die verpletterende effek op die struktureel weerlose deel van die samelewing en ekonomie effens versag kan word.

BIBLIOGRAFIE

- Ah Goo, DFS & De Wit, AH. 2015. The role of the informal trade in medicinal plants in sustaining livelihoods: a case study of the Nelson Mandela Bay Municipality, Eastern Cape. *South African Geographical Journal*, 97(1):69-82. <http://dx.doi.org/10.1080/03736245.2014.924871>.
- Andrag, B. 2011. Transport and trade: A critical analysis of the informal sector at the Cape Town Station. Unpublished Master's dissertation, London School of Economics and Political Science.
- Bassier, I, Budlender, J, Zizzamia, R, Leibbrandt, M & Ranchhod, V. 2020. *Locked down and locked out: Repurposing social assistance as emergency relief to informal workers*. Version 2. Cape Town: SALDRU, UCT.
- Battersby, J, Marshak, M & Mngqibisa, N. 2016. *Mapping the invisible: the informal food economy of Cape Town, South Africa*. Urban Food Security Series No. 24. Cape Town: African Food Security Urban Network and Hungry Cities Partnership.
- Blaauw, PF. 2017. Informal employment in South Africa: Still missing pieces in the vulnerability puzzle. *Southern African Business Review*, 21(1):339-361.
- Bonnet, F, Vanek, J & Chen, M. 2019. *Women and Men in the Informal Economy: A Statistical Brief*. Manchester: Women in Informal Employment: Globalizing and Organizing (WIEGO).
- Bryman, A & Bell, E. 2014. *Research Methodology: Business and Management Contexts*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.
- CDE (Centre for Development and Enterprise). 2020. *The Growth Agenda: South Africa's informal sector in the time of Covid-19*. Johannesburg: CDE.
- Charman, A & Petersen, L. 2018. Informal micro-enterprises in a township context: A spatial analysis of business dynamics in five Cape Town localities. In: Fourie, (ed.). *The South African informal sector: creating jobs, reducing poverty*. Cape Town: HSRC Press, pp. 253-284.
- Charman, A, Bacq, S & Brown, K. 2019. *Spatial determinants of formal retailers' impact on informal microenterprises in the township context: A case study of Philippi East, Cape Town*. Food Security SA Research Report Series. Research Report 002. Cape Town: DST-NRF Centre of Excellence in Food Security.
- Chen, M, Vanek, J & Heintz, J. 2006. Informality, Gender and Poverty: A Global Picture. *Economic and Political Weekly*, 41(21):2131-2139.
- Chen, MA. 2007. *Rethinking the Informal Economy: Linkages with the Formal Economy and the Formal Regulatory Environment*. Working Paper No. 46, United Nations Department of Economics and Social Affairs. https://www.un.org/esa/desa/papers/2007/wp46_2007.pdf [23 Oktober 2021].

- Chigudu, D. 2021. Street entrepreneurship in the wake of Covid-19: The dilemma of street vending and strategies for endurance. *International Journal of Economics and Business Administration*, 9(1):257-273.
- Cousins, B. 2018. Employment in informal-sector agriculture in South Africa. In: Fourie, (ed.). *The South African informal sector: creating jobs, reducing poverty*. Cape Town: HSRC Press, pp. 353-381.
- Creswell, JW. 2014. *Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches*. 4th ed. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications.
- Department of Co-Operative Governance and Traditional Affairs (South Africa). 2020. *Disaster Management Act, 2002: Amendment of Regulations Issued in terms of Section 27(2)*. (Notice 446). *Government Gazette*, 43199:3-17, 02 April.
- Department of Small Business Development (South Africa). 2020. *Directions Issued in Terms of Regulation 4(9) of the Regulations Made Under Section 27(2) of the Disaster Management Act, 2002 (Act No.57 Of 2002): Measures to Prevent and Combat the Spread of Covid-19*. (Notice 522). *Government Gazette*, 43306, 12 May.
- Diwakar, V. 2020. *From pandemics to poverty: Hotspots of vulnerability in times of crisis*. https://cdn-odt.org/media/documents/coronavirus_from_pandemics_to_poverty3.pdf [25 Oktober 2021].
- Du Plooy-Cilliers, F, Bezuidenhout, R & Davis, C. 2014. *Research Matters*. Claremont: Juta.
- Dul, J & Hak, T. 2008. *Case Study Methodology in Business Research*. Boston, MA: Elsevier.
- Flick, U. 2018. *The SAGE Handbook of Qualitative Data Collection*. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications.
- Fourie, FCvN. 2018a. Enabling the forgotten sector: Informal-sector realities, policy approaches and formalisation in South Africa. In: Fourie (ed.). *The South African informal sector: creating jobs, reducing poverty*. Cape Town: HSRC Press, pp. 439-476.
- Fourie, FCvN. 2018b. *The South African informal sector: creating jobs, reducing poverty*. Cape Town: HSRC Press.
- Guest, G, MacQueen, KM & Namey, EE. 2012. *Applied Thematic Analysis*. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications.
- Thai, HMH, Dinh, PQ & Nguyen, PT. 2021. The resilience of street vendors in surviving Covid-19 crisis in Hanoi, Vietnam. In: *Global reflections on Covid-19 and urban inequalities*. Bristol: Bristol University Press, pp. 155-164.
- Haysom, G, Crush, J & Caesar, M. 2017. *The urban food system of Cape Town, South Africa*. Hungry Cities Report No. 3. Cape Town: Hungry Cities Partnership African Centre for Cities.
- Hendricks, A. 2020. *Covid-19: Lockdown hits informal traders*. <https://www.groundup.org.za/article/covid-19-informal-traders-close-shop/> [19 April 2020].
- Hill, J, Mchiza, Z, Puoane, T & Steyn, NP. 2018. Food sold by street-food vendors in Cape Town and surrounding areas: a focus on food and nutrition knowledge as well as practices related to food preparation of street-food vendors. *Journal of Hunger & Environmental Nutrition*. <https://doi.org/10.1080/19320248.2018.1434104>.
- Horber, J. 2018. *The right to a 'world class city'?: Street trading, public space and urban governance in the Cape Town city centre*. Unpublished Master's dissertation, University of Cape Town.
- ILO (International Labour Organization). 1993. *Resolution concerning statistics of employment in the informal sector; adopted by the Fifteenth International Conference of Labour Statisticians*. https://www.ilo.org/wcmsp5/groups/public/---dgreports/---stat/documents/normativeinstrument/wcms_087484.pdf [25 Januarie 2021].
- ILO (International Labour Organization). 2013. *Measuring informality: A statistical manual on the informal sector and informal employment*. Geneva: ILO.
- ILO (International Labour Organization). 2018. *Women and men in the informal economy: A statistical picture*. 3rd ed. Geneva: ILO.
- ILO (International Labour Organization). 2020a. *The impact of the COVID-19 on the informal economy in Africa and the related policy responses. (ILO brief)*. Geneva: ILO.
- ILO (International Labour Organization). 2020b. *Protecting migrant workers during the COVID-19 pandemic Recommendations for Policy-makers and Constituents. (Policy brief)*. Geneva: ILO.

- ILO (International Labour Organization). 2020c. *The impacts from a COVID-19 shock to South Africa's economy and labour market. (Rapid Country Assessment)*. Geneva: ILO.
- Jain, R, Budlender, J, Zizzamia, R & Bassier, I. 2020. *The labour market and poverty impacts of Covid-19 in South Africa*. NIDS-CRAM Wave 1. Cape Town: SALDRU, University of Cape Town.
- Kingdon, G & Knight, J. 2001. *Why high open unemployment and small informal sector in South Africa?* Oxford: Centre for the Study of African Economies, Department of Economics, University of Oxford.
- Ledingoane, CM & Viljoen, JMM. 2020. Employment growth constraints of informal enterprises in Diepsloot, Johannesburg. *Acta Commercii*, 20(1), art. #827. <https://doi.org/10.4102/ac.v20i1.827>.
- Lighelhm, AA. 2004. Profile of informal microenterprises in the retail sector of South Africa. *Southern African Business Review*, 8(1):39-52.
- Lighelhm, AA. 2006. Size estimate of the informal sector in South Africa. *Southern African Business Review*, 10(2):32-52.
- Lighelhm, AA. 2013. Confusion about entrepreneurship? Formal versus informal small businesses. *Southern African Business Review*, 17(3):57-75.
- Makaluza, N & Burger, R. 2018. Job-seeker entry into the two-tiered informal sector in South Africa. In: Fourie (ed.). *The South African informal sector: creating jobs, reducing poverty*. Cape Town: HSRC Press, pp. 178-200.
- Maphangwa, C. 2020. *Joburg issues permits to informal food traders after lockdown regulations amendment*. <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/joburg-issues-permits-to-informal-food-traders-after-lockdown-regulations-amendment-20200407> [19 April 2020].
- Marchiori, T & Prandini Assis, M. 2021. *The impact of COVID-19 laws on street vendors and market traders: Trends and insights from Latin America*. WIEGO Resource Document No. 21. Manchester, UK: WIEGO.
- Merriam, SB. & Tisdell, EJ. 2016. *Qualitative Research: A Guide to Design and Implementation*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Mkhize, S, Dube, G & Skinner, C. 2013. *Informal Economy Monitoring Study: Street Vendors in Durban, South Africa*. Manchester: Women in Informal Employment: Globalizing and Organizing (WIEGO).
- Nkrumah-Abebese, B. 2016. *Factors influencing street trading in the Tshwane central business district*. Unpublished Master's dissertation, University of Johannesburg.
- Nkrumah-Abebese, B & Schachtebeck, C. 2017. Street trading in South Africa: A case of the Tshwane central business district. *Acta Universitatis Danubius*, 13(3):128-138.
- Rafapa, M. 2020. *Covid-19: Street vendor says she can now feed family of 17 under relaxed regulations*. <https://www.groundup.org.za/article/covid-19-street-vendor-says-she-can-now-feed-family-17-under-relaxed-regulations/> [19 April 2020].
- Rakabe, E. 2020. *Eddie Rakabe: Informal business relief isn't hitting the mark*, <https://www.fin24.com/Opinion/eddie-rakabe-informal-business-relief-isnt-hitting-the-mark-20200416-2> [20 April 2020].
- Ranchhod, V & Daniels, RC. 2021. Labour market dynamics in South Africa at the onset of the COVID-19 pandemic. *South African Journal of Economics*, <https://doi.org/10.1111/saje.12283>.
- Rogan, M & Skinner, C. 2017. *The nature of the South African informal sector as reflected in the Quarterly Labour-Force Survey, 2008-2014*. <https://www.redi3x3.org/sites/default/files/Rogan%20%26%20Skinner%202017%20REDI3x3%20Working%20Paper%20%282017%20informal%20sector%20in%20SA%20-%20QLFS%20analysis.pdf> [23 Oktober 2021].
- Rogan, M & Skinner, C. 2018. The size and structure of the South African informal sector 2008-2014: A labour-force analysis. In: Fourie (ed.). *The South African informal sector: creating jobs, reducing poverty*. Cape Town: HSRC Press, pp. 77-102.
- Rogan, M & Skinner, C. 2020. *The COVID-19 crisis and the South African informal economy: 'Locked out' of livelihoods and employment*. NIDS-CRAM Wave 1. Cape Town: SALDRU, University of Cape Town.
- Rogerson, CM. & Rogerson, JM. 2022. The impacts of COVID-19 on urban tourism destinations: The South African experience. *African Journal of Hospitality, Tourism and Leisure*, 11(1):1-13. DOI: <https://doi.org/10.46222/ajhltl.19770720.207>.
- Sassen, S, Galvaan, R & Duncan, M. 2018. Women's experiences of informal street trading and well-being in Cape Town, South Africa. *South African Journal of Occupational Therapy*, 48(1):28-33.

- Skinner, C & Haysom, G. 2016. *The informal sector's role in food security: A missing link in policy debates?* Working Paper 44. Cape Town: PLAAS, UWC and Centre of Excellence on Food Security.
- Skinner, C & Rogan, M. 2019. *The informal economy: is policy based on correct assumptions?* <https://www.econ3x3.org/article/informal-economy-policy-based-correct-assumptions> [22 Oktober 2021].
- Skinner, C & Watson, V. 2020. Planning and informal food traders under COVID-19: the South African case. *Town Planning Review*, Doi: 10.3828/tpr.2020.38.
- Sosyal, Bilgiler, Eğitimi, Araştırmaları & Dergisi. 2021. Using coping strategies of informal sector traders amid COVID-19 in Indonesia for Social Studies teaching materials on realizing SDGs. *Journal of Social Studies Education Research*, 12(3):144-174.
- South African Informal Traders Alliance. 2020. *Street vendors are allowed to operate during level 3 of the national lockdown, but flea markets remain closed.* <https://www.facebook.com/SAInformalTraders/> [25 Oktober 2021].
- Stad Kaapstad. n.d. *Informal trading.* <http://www.capetown.gov.za/work%20and%20business/doing-business-in-the-city/business-support-and-guidance/informal-trading> [5 April 2020].
- Statistics South Africa. 2014. *Gross domestic product, Third quarter 2014.* (Statistical release P0441). Pretoria: Government Printers.
- Statistics South Africa. 2019. *Survey of Employers and the Self-employed 2017.* (Statistical release P0276). Pretoria: Government Printers.
- Statistics South Africa. 2020a. *Quarterly Labour Force Survey Quarter 1:2020.* (Statistical release P0211). Pretoria: Government Printers.
- Statistics South Africa. 2020b. *Quarterly Labour Force Survey Quarter 2:2020.* (Statistical release P0211). Pretoria: Government Printers.
- Sustainable Livelihoods Foundation. 2018. *Value chains and the informal economy.* <http://livelihoods.org.za/wp-content/uploads/2018/07/Value-Chain-infographic.pdf> [5 April 2020].
- Tabe, FB. 2014. Street Trading in the Central Business District of Cape Town 1864-2012: A Study of State Policies. Unpublished Doctoral thesis, University of the Western Cape.
- Tawodzera, G. 2019. The nature and operations of informal food vendors in Cape Town. *Urban Forum*, 30(3):443-459. <https://doi.org/10.1007/s12132-019-09370-8>.
- Tawodzera, G, Chikanda, A, Crush, J & Tengeh, R. 2015. *International Migrants and Refugees in Cape Town's Informal Economy.* Southern African Migration Programme (SAMP) Migration Policy Series No. 70. Waterloo, Canada: Southern African Migration Programme, International Migration Research Centre, Balsillie School of International Affairs.
- Tawodzera, G & Crush, J. 2019. *Inclusive growth and the informal food sector in Cape Town, South Africa.* Hungry Cities Report No. 16. Cape Town: Hungry Cities Partnership.
- Thulare, MH & Moyo, I. 2021. COVID-19 and street traders in the City of uMhlathuze, KwaZulu-Natal, South Africa: On responses and adaptation mechanisms. *Cogent Social Sciences*, 7:1, 2006392, DOI:10.1080/23311886.2021.2006392.
- UNDP (United Nations Development Programme). 2020. *Covid-19 in South Africa: Socio-economic impact assessment.* Pretoria: UNDP South Africa.
- Valodia, I. 2020. *Imraan Valodia: A new, fairer economy is possible, but that would mean sacrifice.* <https://www.news24.com/news24/Analysis/imraan-valodia-a-new-fairer-economy-is-possible-but-that-would-mean-sacrifice-20200507> [9 November 2020].
- Wegerif, MCA. 2020. "Informal" food traders and food security: experiences from the Covid-19 response in South Africa. *Food Security*, 12:797–800. <https://doi.org/10.1007/s12571-020-01078-z>.
- Willemse, L. 2013. Trading hope: Working conditions of sub-Saharan immigrant street traders in Johannesburg and Tshwane. *Africa Insight*, 42(4):166-185.
- Yin, RK. 2009. *Case Study Research: Design and Methods.* Thousand Oaks, CA: SAGE Publications.

Eksterne faktore wat die seksueel misbruikte kind verhoed om doeltreffend in Suid-Afrikaanse howe te getuig: 'n Vlugtige oorsig

External factors preventing the sexually abused child to testify effectively in a South African court: A rapid review

LIZE-MARI BUYS

MA-Student, Forensiese maatskaplike werk
Noordwes-Universiteit – Potchefstroomkampus
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: lize-mari@helpendehand.co.za



Lize-Mari Buys



Cornelia Wessels

CORNELIA WESSELS

Programleier, Forensiese maatskaplike werk
Noordwes-Universiteit – Potchefstroomkampus
Potchefstroom, Suid-Afrika
E-pos: Cornelia.Wessels@nwu.ac.za

LIZE-MARI BUYS het 'n B Maatskaplike Werkgraad. As deel van haar honneursartikel in 2018 het sy navorsing gedoen oor die effek van 'n bemagtigingsprogram vir vrywilligers op die selfbeeld van die vrywilligers. Die navorsing is in die vorm van kwalitatiewe onderhoude gedoen, sowel as kwantitatiewe vraelyste (gemengde studie). Daar is gebruik gemaak van die kwasi-eksperimentele navorsingsontwerp. In 2018 het sy 'n module *Maatskaplikewerknavorsing: Teorie en praktyk* geneem waar praktiese navorsingvaardighede aangeleer is. In 2019 neem sy deel aan 'n gemeenskapbehoeftebepaling wat geloods is in Orania, Noord-kaap deur Solidariteit Helpende Hand. Die navorsingstudie is in die vorm van kwalitatiewe onderhoude sowel as kwantitatiewe vraelyste gedoen (gemengde studie). Die navorsing was betrokke by die kwantitatiewe deel van die studie, sowel as die verwerking van die data en die skryf van die verslag. In 2019, sowel as 2020 is die module *Research Theory Methods and administration* geneem om haar navorsingvaardighede te verbeter.

LIZE-MARI BUYS holds a BA in Social work from the North Western University, Potchefstroom. In 2018 she did research on the effect of a volunteer empowerment program on the self-esteem of the volunteers as part of her honours article. The research was conducted in the form of qualitative interviews as well as quantitative questionnaires (mixed study). The Quasi-experimental research design was used. In 2018 she completed a module, titled *Social work research: Theory and practice* where practical research skills were acquired. In 2019 she participated in an assessment of community needs launched in Orania, Northern Cape Province. The research study was done in the form of qualitative interviews as well as quantitative questionnaires (mixed study). The researcher was involved in the quantitative part of the study, as well as the processing of the data and the writing of the report, which was subsequently published. In 2019 as well as 2020, she registered for the module *Research Theory Methods and administration* in order to improve her research skills.

Datums:

Ontvang: 2021-04-29

Goedgekeur: 2021-10-28

Gepubliseer: Junie 2022

<p>Publikasie-ervaring sluit in die Orania behoeftebepaling as medeskrywer, alhoewel Solidariteit Helpende Hand die uitgewer was.</p>	<p>She was co-author of the <i>Orania needs assessment report</i> published by Solidarity Helping Hand.</p>
<p>CORNELIA WESSELS is medeprofessor in die Skool vir Psigososiale Gesondheid in die Vakgroep Maatskaplike Werk. Haar akademiese loopbaan strek reeds vanaf Maart 1986 (35 jaar). Haar publikasierekord sluit die volgende in: 1 hoofstuk in 'n boek en 11 navorsingsartikels. Onder haar leiding het 60 MSW-studente en 9 PhD-studente hulle grade voltooi. Sy was projekleier van 4 navorsingsprojekte en lewer 11 voordragte by Internasionale Konferensies. Cornelia Wessels ontwikkel 'n MSW in Forensiese Praktyk-program aan die Noordwes-Universiteit. As programleier begin die program in 2006 en tot op hede het meer as 100 studente reeds hulle grade in die program behaal.</p>	<p>CORNELIA WESSELS is an associate professor at the School of Psychosocial Health, Subject Group Social Work. Her academic career spans from 1 March 1986 (35 years). Her publication record includes 1 chapter in a book, and 11 research publications. She has been study leader for 60 Master students and 9 PhD students. She was project leader for 4 bigger research projects. She presented 11 papers at International Conferences and 4 Poster Presentations. Cornelia Wessels developed a new programme MSW in Forensic Practice at the North-West University as programme leader. The programme started in 2006 and up to date more than 100 students have successfully graduated in the programme.</p>

ABSTRACT

External factors preventing the sexually abused child to testify effectively in a South African court: A rapid review

Child sexual abuse is an epidemic that adversely affects the whole of society. The conviction rate of sexual offenders is exceptionally low in South Africa (SAPS, 2019). There are several factors in the court process that prevent children from testifying effectively in court. These factors were researched in this article by means of a rapid review. The purpose of the research is to examine the legal system in South Africa regarding the court procedures in which children are involved and to identify the factors that influence children's testimony. We focused on external factors related to court proceedings. Various databases were searched, namely SA Publications, Sabinet, EBSCO-Host, LexisNexis, and Juta. The PRISMA guidelines were used for the quality appraisal of the articles. Both the title and summary of an article were examined to determine the relevance of the data. There were two researchers involved in the study: the first researcher launched the study and the second researcher ensured quality. From the eventual eight articles selected, factors were identified and thematically analysed to identify the external factors as outlined in this article.

Eight factors were identified that prevent children from testifying effectively in court. In more than 60% of the articles, it was shown that inadequate court preparation causes children to testify less effectively; so proper court preparation is of great value in obtaining more effective evidence. A quarter of the articles show that contact with the alleged offender or the possibility of contact during the court proceedings provokes excessive tension in the child as a witness. The tension and anxiety cause children to testify less effectively. In 37,5% of the articles, it was shown that the delay in court proceedings is directly related to poor evidence given by children and that this is a common problem in the South African legal system. More than 85% of the articles have shown that there is a reason for insufficient child participation in the South African courts, due to a lack of sufficient resources.

The law requires that specific services must be rendered to child witnesses, but due to a lack of resources or misuse of resources, these services are not provided sufficiently. It emerged

in 25% of the articles that a lack of adequate support for the family and the child influenced the effectiveness of the evidence provided. Parents of child witnesses cannot provide sufficient support to their child alone, as they themselves do not necessarily have all the answers about court proceedings and in many cases, one of them is the perpetrator. Due to anxiety and stress, highlighted in 75% of the articles, the quality of evidence is affected, because stress levels of the witnessing process affect children's recall of events and memory. It is extremely important to reduce the stress to as little as possible. In 50% of the articles, reference is made to secondary victimisation, and it has been shown that it has a tremendous impact on the child's ability to participate meaningfully in court proceedings. What is needed is that staff working in and around the court should receive thorough training and have the necessary awareness to be able to adequately address the issues mentioned above. It is crucial to consider that the factors are not independent of the socio-economic factors that already affect the daily lives of underprivileged children. The article is concluded by providing a list of factors that influence children's participation in the court process in the South African courts. Although the findings and recommendations have been formulated in the form of an article, more empirical research is needed to investigate the factors thoroughly in future studies.

KEYWORDS: child witnesses, courts, court proceedings, court preparation, cross-examination, external effective factors, forensic social work, rapid review, sexual abuse, South Africa, testifying

TREFWOORDE: effektiewe getuienis, eksterne faktore, forensiese maatskaplike werk, howe, hofverrigtinge, hofvoorbereiding, kindergetuies, kruisondervraging, seksuele misbruik, Suid-Afrika, vlugtige oorsig

OPSOMMING

Seksuele misbruik van kinders is 'n epidemie wat die hele samelewing nadelig beïnvloed. Die skuldigbevindingskoers van seksuele oortreders is uitsonderlik laag in Suid-Afrika. Daar is verskeie faktore in die hofproses wat kinders verhoed om doeltreffend in die hof te getuig. Die doel van die ondersoek is om binne die Suid-Afrikaanse regstelsel die hofprosedures waarby kinders betrokke is te ondersoek en die faktore te identifiseer wat kinders beïnvloed as hulle getuienis lewer. Die faktore is deur middel van 'n vlugtige oorsig nagevors. Daar is spesifiek gefokus op eksterne faktore wat verband hou met hofverrigtinge. Daar is gebruik gemaak van verskeie databases, naamlik SA Publications, Sabinet, EBSCOhost, LexisNexis en Juta. Die PRISMA-riglyne is gebruik vir kwaliteitversekering van die artikels. Die titel, sowel as die opsomming van die artikels is gelees om te bepaal hoe toepaslik die data is. Daar was twee navorsers betrokke by die studie: die eerste navorser het die studie geloods en die tweede navorser het kwaliteit verseker. Vanuit die finale agt artikels is daar faktore geïdentifiseer en tematies geanalyseer om die eksterne faktore te bepaal. Daar word afgesluit met 'n lys van faktore wat in die Suid-Afrikaanse howe 'n invloed op kinders se deelname aan die hofproses het. Alhoewel die bevindings en aanbevelings in die vorm van 'n artikel geformuleer is, word meer empiriese navorsing benodig om die faktore meer diepgaande te ondersoek.

1. Inleiding

Die misbruik van kinders, veral seksuele misbruik, word tereg as 'n wêreldwye epidemie deur die United Nations Children's Fund (2017) beskryf. Volgens die Wêrelgedesondheidsorganisasie

(WGO) se beramings in 2020 is 1 biljoen minderjariges tussen die ouderdomme van 2 en 17 jaar oud aan een of ander vorm van misbruik of geweld blootgestel (WGO, 2020). Die navorsingsresultate wat deur die Sentrum vir Geregtigheid en Misdaadvorkoming gedoen is, het dit aan die lig gebring dat 1 uit 5 Suid-Afrikaanse kinders in 2020 die risiko geloop het om seksueel misbruik te word voordat hul volwassenheid bereik (Gwala & Gcwabe, 2021). In die staatsrede op 18 Junie 2020 spreek president Ramaphosa sy kommer uit oor die geweld teen vroue en kinders in Suid-Afrika. Laasgenoemde sluit verkragting van en moord op kinders in. Verkragting en moord op vroue en kinders word as 'n tweede pandemie in Suid-Afrika beskryf, te midde van die internasionale Covid-19-pandemie (Ramaphosa, 2020). Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) beklemtoon die noodaaklikheid van die bespoediging van hofsaak en 'n deeglike ondersoekproses (SAPS, 2018).

Volgens die SAPD se amptelike verslag oor misdade wat gepleeg is teen kinders, was die ondersoekkoers vir 2017/2018 69,90% (SAPS, 2018). Uit die 45 299 misdade teen kinders wat in 2018/2019 aangemeld is, was daar slegs 14,03% vervolgings. Uit dié vervolgingsgetalle was daar 'n skuldigbevindingskoers van 22,53% (SAPS, 2019). Indien daar spesifiek verwys word na die seksuele misbruik van kinders, was daar 24 387 aangemelde sake vir die tydperk 2018/2019 (SAPS, 2019). Die lae skuldigbevindingskoers word volgens die SAPD aan verskeie faktore toegeskryf (SAPS, 2019). Een van die faktore wat uitstaan is dat kinders se beste belang nie altyd in die howe in ag geneem word nie. Voorbeeld hiervan is dat kinders nie altyd voorberei word vir die hofsaak nie, 'n aparte kamer en 'n tussenganger nie altyd beskikbaar is in alle howe vir kinders wat moet getuig nie, en kinders se ontwikkelingsvlak nie in ag geneem word tydens kruisondervraging nie. Howe moet dus seker maak dat hulle 'n veilige omgewing skep vir kinders wat slagoffers is en in die hof moet getuig. Die forensiese maatskaplike werker se primêre funksie is om kinders te assesseer en om deskundige getuienis in howe te lewer (Smith, 2014). Volgens die SAPD (2019) se verslag het die forensiese maatskaplike werkers in diens van die SAPD 6 077 assessorings gedoen van kinders waar reeds 'n verklaring afgelê is en 'n saaknommer uitgereik is. Dit beteken dat 24% van die sake wat aangemeld is 'n forensiese maatskaplike werker van die SAPD betrek het. Hieruit is 4 307 hofverslae saamgestel wat in die kriminele howe gebruik kon word (SAPS, 2019). Geen aanduiding word egter gegee wat van die ander 1 770 sake wat ondersoek is, geword het nie. Indien die totale aantal van 24 387 wat aanvanklik aangemeld is as seksuele misbruik in ag geneem word, is die vraag wat van die ander 18 310 sake geword het kommerwekkend. Aangesien privaat forensiese maatskaplike werkers ook soms betrek word om assessorings te doen en om as deskundiges in die hof te getuig, is dit nodig om dit ook in ag te neem. Dit is egter moeilik om die aantal assessorings te bepaal, aangesien dit privaat gedoen word.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat kinderslagoffers nie die nodige ondersteuning van 'n forensiese maatskaplike werker ontvang het nie, hetsy hulle in diens van SAPD of privaat praktiseer nie. In die lig van die stygende getal sake van seksuele misbruik van kinders, is dit belangrik om die gevalle wat wel aangemeld word, so doeltreffend as moontlik te ondersoek sodat dit kan lei tot 'n skuldigbevinding.

In 'n navorsingstudie van Cunningham en Stevens (2011) word verskeie faktore uitgelig wat kinders verhoed om doeltreffend te getuig. Kinders wat dikwels nie kan getuig nie en hofprosedures wat nie altyd kindervriendelik is nie, dra volgens die navorsers daartoe by dat die uitkomst van die hofsaak nie altyd lei tot die skuldigbevinding van die oortreder nie. Die doel van dié vlugtige oorsig, is om te bepaal watter eksterne faktore in die hof daartoe bydra dat die kind nie doeltreffend kan getuig nie.

1.1 Definisie van seksuele misbruik

Seksuele misbruik word soos volg gedefinieer in die The Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act (32/ 2007):

Any person who engages a child (a person under the age of 18) with or without the consent of the child, in a sexual act. Sexual act is defined as an act of sexual penetration or an act of sexual violation. Sexual penetration can be seen as any sexual form of penetration to any extent whatsoever by the genital organ, any body part and/or object by one person into, or beyond, the genital organs, anus, or mouth of another person.

1.2 Oorsig van die probleem

Geldenhuys (2015) bevestig dat die howe in Suid-Afrika van verskillende vorme van bewyssukke gebruik maak om 'n saak te stel of te verdedig. Getuienislewering is slegs een van die wyses waarop bewys in die hof gelewer word. Dié getuienis kan gelewer word deur die slagoffer, ooggetuies of 'n deskundige wat bewyssukke interpreteer (Brown & Lamb, 2015). Volgens Goodman en Melinde (2007) is kinders meestal die enigste getuie in die saak van seksuele misbruik en daarom is hul getuienis noodsaklik en belangrik, omdat daar dikwels min tot geen ander bewyse van die misbruik is nie.

Die Verenigde Nasies (VN)-riglyne rakende kindergetuies stipuleer dat kinders inderdaad kwesbaar is wanneer hulle tydens hofverrigtinge moet getuig (Fambasayi & Koraan, 2018). Navorsing het aangetoon dat daar verskeie faktore van die getuienisleweringsproses is wat tot spanning kan lei en 'n negatiewe impak op kinders kan hê (Arnomd, 2018). Dit is egter 'n noodsaklike element wat deel is van enige regstelsel dat daar met die nodige kundigheid en aanpasbaarheid te werk gegaan moet word om in besonder tydens die getuienisleweringsproses op die kwesbaarheid van kinders te let.

Die navorsingsprobleem wat na vore kom, is dat daar faktore spesifiek in die Suid-Afrikaanse regstelsel is wat daartoe aanleiding gee dat kinders ondoeltreffend in die hof getuig. Smith (2014) is van mening en wys daarop dat die navorsing oor kindergetuies binne die Suid-Afrikaanse konteks baie beperk is. Dit dui op die weselike noodsaklikheid daarvan om die forensiese aspek duidelik te ondersoek, ten einde die regstelsel en geregtigheid in die algemeen voldoende te ondersteun. Daar moet dus bepaal word of die hofprosedures van die Suid-Afrikaanse regstelsel in die beste belang van die kind funksioneer (Children's act 28/2005, Article 9). Deur 'n vlugtige oorsig te doen, word die navorsing die geleentheid gebied om dié faktore wat daartoe aanleiding gee dat kinders nie doeltreffend kan getuig nie, te identifiseer.

Tydens die getuienisleweringsproses is daar faktore in en om die hof wat 'n uitwerking het op die kind se vermoë om doeltreffend getuienis te kan lewer. Daar word in tersaaklike literatuur 'n onderskeid getref tussen interne en eksterne faktore wat kinders tydens die getuienisleweringsproses kan beïnvloed (Cunningham & Stevens, 2011). Eksterne faktore is aspekte in die hofverrigtinge self waaroor die kind nie beheer het nie, maar wat wel 'n groot invloed het op die getuienisleweringsproses. Die eksterne faktore in howe wissel van land tot land weens die verskil in hofprosedures, sowel as verskillende landswette. Vir doeleindes van dié navorsing is daar meer gefokus op eksterne faktore. Die rede hiervoor is dat die howe en professionele persone meer beheer het oor faktore in en om die hofverrigtinge as faktore wat direk met die kind verband hou. Interne faktore word beskou as faktore eie aan elke kind. Dit behels onder andere die kognitiewe ontwikkeling, taalvaardighede en ouderdom van die kind. Die graad van trauma wat tydens die voorval van seksuele misbruik ervaar is, die aantal kere

wat die misbruik plaasgevind het en die verbintenis met die oortreder, word ook as interne faktore beskou (Lamb *et al.*, 2009). Baie waardevolle inligting is verkry uit internasionale navorsing, wat as verwysingsraamwerk gebruik word, maar in hierdie studie is dit belangrik om faktore wat spesifiek gekoppel is aan die Suid-Afrikaanse hofverrigtinge te ondersoek en binne die Suid-Afrikaanse raamwerk te verbeter. Die doel van die studie is om te bepaal watter eksterne faktore kinders affekteer in die hof en daar toe bydra dat hulle minder doeltreffend getuig, of wat hulle deelname aan die hofproses beperk.

Die navorsingsvraag is: Watter eksterne faktore dra daar toe by dat die kind nie altyd doeltreffend in die hof oor sake van seksuele misbruik getuig nie?

2. Metodiek

2.1 Vlugtige oorsig

'n Vlugtige oorsig is 'n literatuuroorsig wat ontwerp is om die beste beskikbare bronne rakende 'n spesifieke navorsingsvraag te vind, te beoordeel en om informatiewe en bewysgebaseerde antwoorde te verskaf rakende die navorsingsvraag (Boland, Cherry & Dickson, 2014). Hierdie vlugtige ondersoek, wat bestaan uit 'n kwalitatiewe analise van beskikbare literatuur, het die navorsing in staat gestel om eksterne faktore te identifiseer wat daar toe mag bydra dat kinders nie doeltreffend getuigenis kan lewer nie. Daar is deur middel van sleutelwoorde 'n groepering van artikels verkry. Vanuit dié artikels is daar vervolgens gebruik gemaak van 'n keuringsproses om te bepaal of die artikels verband hou met die studie of nie.

Die sleutelwoorde het die volgende ingesluit: [Child* OR "young person" OR "young people" OR adolescent OR teen OR youth] AND [Witness or Court] AND [barrier or hurdle or impediment or hindrance or deterrent or complication or difficult or obstacle or problems or challenges] AND [sexual abuse or sexual trauma or sexual violence or sexual assault] AND [South Africa" or "Western Cape" or "Eastern Cape" or "Northern Cape" or "North West" or "Free State" or "Kwazulu-Natal" or Gauteng or Limpopo or Mpumalanga].

Met dieloods van die aanvanklike soektog in Julie 2019 was die sleutelwoorde beperk gewees. 'n Soektog is op "one Search" geloods wat uit 306 databasisse bestaan het. Tydens die herloods van die soektog in 2020 is daar meer spesifiek gesoek na die Suid-Afrikaanse konteks en is Suid-Afrikaanse databasisse gebruik (African Journals, before SAe Publications en Sabinet). Ter wille van volledigheidsdoeleindes is daar ook deur EBSCO-Host, LexisNesis en Juta soektogene geloods, maar dit het nie effektiewe data opgelewer nie.

In die navorsing is daar gebruik gemaak van die PRISMA (Preferred Reporting Items for Systematic Reviews and Meta-Analysis) riglyne vir die kwaliteitsverzekering van die studie. Die kernstappe vir die uitvoer van die vlugtige oorsig, soos geïdentifiseer deur Boland, Cherry & Dickson (2017) is gevolg. Die PRISMA-riglyne bestaan uit 'n 27 punt kontrolelys en 'n vloeidiagram van vier fases met verskeie stappe onder elke fase.

2.2 In- en uitsluitingskriteria


Die nege stappe soos beskryf deur Boland, *et al.* (2014) en Uman (2011) is streng gevolg om kwaliteit te verseker. Twee navorsers was by die kwaliteitsbeoordeling betrokke om vooroordeel sover moontlik te beperk en die kwaliteit van die studie te verbeter.

Studies wat by die navorsing ingesluit is, is artikels wat die eksterne faktore uitwys wat kinders verhoed om tydens seksuelemisbruik-sake doeltreffend te getuig in 'n hof. Die data

is beperk tot datum (2009–2019), tipe artikel (slegs akademiese artikels is gebruik) en die taal waarin die artikel geskryf is (slegs Afrikaanse en Engelse artikels is ingesluit). Net data rakende kindergetuies is gebruik en daar is nie gebruik gemaak van volwassegetuies nie. Slegs navorsing in 'n Suid-Afrikaanse konteks is by die studie betrek. Daar is egter kennis geneem van die internasionale tendens van eksterne faktore wat kinders tydens hofverrigtinge kan beïnvloed.

Daar is gebruik gemaak van die PICO-raamwerk om te bepaal watter data in- en uitgesluit moet word (Boland *et al.*, 2017). Volgens die PICO-raamwerk is die onderskeie simbole soos volg; P is die bevolking, I is die intervensie, C is die vergelyking, en O is die uitkomst (Boland *et al.*, 2017). Vir die navorsing is P – Kindergetuies, I – Faktore wat kinders negatief beïnvloed in die hof, C – Daar mag moontlik vergelykings wees, maar die studie sal nie daarop fokus nie, O – Die uitkomste van die hofsaak.

2.3 Data



Figuur 1: PRISMA-diagram van die soekproses na studies oor eksterne faktore wat kinders verhoed om doeltreffend te getuig

Met die loods van die studie in September 2020 is 291 artikels gevind. Nadat geduplikeerde artikels uitgehaal is, het daar 188 artikels oorgebly. Die navorsers het 51 artikels se opskrifte en opsommings gelees en 13 artikels het oorgebly nadat die volledige artikels gelees is. Daarna is 'n kwaliteitsbepaling gedoen van die betrokke data en nog 5 artikels is in die proses uitgeskakel omdat dit nie binne die fokus van die navorsing gevall het nie, of die kwaliteit van die navorsing nie voldoende was nie. Daar is uiteindelik 8 artikels ingesluit vir die navorsing.

'n Tematiese sintese is gedoen, waardeur temas geïdentifiseer is (Thomas & Harden, 2008). Tydens die tematiese sintese is die data geanalyseer en temas is sistematies geïdentifiseer. Dit het die navorsers in staat gestel om verskeie temas deur die proses van kleurkodering te identifiseer (Rubin & Babbie, 2016). Daar is tematies hoofonderwerpe en sub-onderwerpe in die data geïdentifiseer. Die teenwoordigheid van die hooftemas is analities verwerk tot 'n persentasie. Na kleurkodering van die data was die verwerking en interpretasie moontlik.

Die onderstaande tabel is gebruik vir die tematiese identifisering van die verskillende faktore wat in die onderskeie artikels voorgekom het:

TABEL 1: Verskillende faktore wat deur die data geïdentifiseer is

Verskillende faktore	A:1	A:2	A:3	A:4	A:5	A:6	A:7	A:8
Onvoldoende hofvoorbereiding	x	x	x	x	x			
Kontak met die beweerde oortreder	x			x				
Vertragings van hofsake	x	x			x			
Onvoldoende hulpbronne	x		x	x	x	x	x	x
Onvoldoende ondersteuning aan kind en ouers	x	x						
Kruisondervraging	x	x			x		x	
Spanning		x	x	x	x	x	x	
Sekondêre viktimisering		x	x		x		x	

3. Bespreking

3.1 Beperkings van die studie

Een van die prominentste beperkings wat 'n invloed gehad het op die studie, is die tekort aan navorsing rakende die faktore wat kinders in die hof beïnvloed, spesifiek binne die Suid-Afrikaanse konteks (Smit, 2014). Dié tekort veroorsaak dat daar min toepaslike publikasies is wat by die studie betrek kon word. Verskeie internasionale bronne moes noodgedwonge geraadpleeg word om vergelykende faktore en verdere konteks te kry wat met die faktore verband hou. Alhoewel die data wat in die vlugtige oorsig gebruik is slegs plaaslik was, is internasionale bronne gebruik as versterking van die navorsing. Die gevolgtrekkings is uit 'n geïntegreerde oorsig gedoen, alhoewel die studie slegs plaaslik geloods is.

3.2 *Implikasies*

Vir die Suid-Afrikaanse regstelsel, sowel as die forensiese maatskaplike werkpraktyk, is dit belangrik om in die beste belang van die kind op te tree, aangesien dit een van die grondbeginsels van die Children's Act 38/2005 is. Die studie is dus voordelig vir die maatskaplike werkprofessie, sowel as die forensiese maatskaplike werker, wat kinders in die hof moet ondersteun. Volgens Mathews *et al.* (2014) is daar 'n groot leemte in Suid-Afrika as dit kom by die beskerming van kinders. Die enigste wyse om dit aan te spreek, is om die feite na vore te bring en 'n konkrete oplossing daar te stel om te verseker dat kinders binne die hofstelsel beskerm word (Smith, 2014). Daar moet dus voortdurend ondersoek ingestel word of die huidige regspraktyk optimaal vir kindergetuies aangewend word. Juis op die huidige tydstip, te middel van die geweldige aanslag op kinders wat seksueel misbruik word in Suid-Afrika, is dit noodsaaklik om deeglik kennis te neem van wat reeds in die literatuur oor die onderwerp gepubliseer is. Die gegewe dat forensiese maatskaplike werk onlangs in Suid-Afrika as spesialisveld binne die maatskaplike werkprofessie erken is, is navorsing en publikasie rakende die maatskaplike aspekte van die hof vir toekomstige verwysing in die howe belangrik.

In die lig van die navorsing sal daar effektief gelet kan word op faktore wat kinders negatief beïnvloed en kan die nodige veranderings of aanpassings tydens hofverrigtinge waarby kinders betrokke is, gemaak word. Dit sal om die beurt daartoe lei dat meer akkurate getuienis gelewer word en meer skuldigbevindings moontlik kan plaasvind.

4. Bevindings

Agt artikels is hersien om aanwysers te vind wat 'n aanduiding gee watter eksterne faktore kindergetuies verhoed om doeltreffend in die hof te getuig. Die artikels wat nagegaan is, toon 'n weerspieëeling van uiteenlopende navorsing vanuit verskeie dissiplines. Die eksterne faktore wat geïdentifiseer is, is dan soos volg:

4.1 *Eksterne faktore*

Eksterne faktore wat uit die navorsing geïdentifiseer is, is onder andere onvoldoende hofvoorbereiding, kontak met die beweerde oortreder, vertragings van hofsake, onvoldoende hulpbronne, onvoldoende ondersteuning aan die kind en ouers, kruisondervraging, spanning en sekondêre viktimisering. Dit is nodig om in ag te neem dat die faktore nie losstaande is van die sosio-ekonomiese faktore wat minderbevorregte kinders se daagliksle Lewens raak nie. Waterhouse en Nagia-Luddy (2009) wys daarop dat hongerte en moegheid direk 'n invloed het op kinders se vermoë om sinvol aan die hofprosesse deel te neem. Daar word in verskeie van die artikels verwys na faktore, maar dit word verwoord as aspekte van die hofproses wat aangepas kan word om 'n kind se deelname aan die hofverrigtinge te verbeter.



Figuur 2: Grafiese opsomming van faktore

4.1.1 Onvoldoende hofvoorbereiding

In meer as 60% van die artikels is uitgewys dat onvoldoende hofvoorbereiding veroorsaak dat kinders minder doeltreffend getuig. Onvoldoende voorbereiding van die kind as getuie word as een van die hooffaktore geklassifiseer waarom kinders minder doeltreffende getuienis in die hof lewer (SAPS, 2018). Iyer en Ndlovu (2011) voer aan dat 'n kind se gebrek aan begrip van die hofverrigtinge 'n uitermate nadelige effek op die kind se getuienis en deelname aan die hofproses het. Daar word dus onvoldoende getuienis gelewer as gevolg van swak voorbereiding (Cunningham & Stevens, 2011).

Volgens Geldenhuys (2015) dra behoorlike hofvoorbereiding by tot die kind se vermoë om akkurate getuienis te lewer. Waterhouse en Nagia-Luddy (2009) is van mening dat hofvoorbereiding 'n sleutelaspek in seksuelemisbruik-sake is, aangesien dit die kind se vermoë verbeter om te getuig. Daar word duidelike doelwitte en voordele vir hofvoorbereiding gestel, dit sluit in om die kind se vermoë te verbeter om vrae so eerlik en akkuraat as moontlik te beantwoord, wat bydra tot geloofwaardige getuienis en om nadelige nagevolge van hofgetuienis te verminder (Vandervort, 2013). Volgens Cunningham en Stevens (2011) is die korrekte voorbereiding en bemagtiging van kindergetuienis van kritieke belang vir enige hofsak. Die deurgee van inligting en voorbereiding van die proses is nodig om kinders se spanningsvlakke te verlaag en die situasie so ver as moontlik te normaliseer (Cunningham & Stevens, 2011). Hofvoorbereiding fokus op logistieke aspekte, prosesse en procedures van die hof soos hoforiëntasie, emosionele ondersteuning, en getuievoorbereiding (Waterhouse & Nagia-Luddy, 2009).

Ten spyte van navorsing wat teen voorbereiding gekant is, word daar in die algemeen spesifiek klem gelê op voorbereiding van alle slagoffers van seksuele misbruik vir hofverrigtinge om sekondêre trauma te voorkom (Cunningham & Stevens, 2011). Daar word aanbeveel dat 'n slagoffer se ondersteuningsbeampte deur die hof aangewys moet word om hierdie kinders tydens die getuienisleweringsproses te ondersteun (Reyneke, 2008).

4.1.2 Kontak met die beweerde oortreder

Kontak met die beweerde oortreder tydens die hofprosedures veroorsaak uitermatige hoë spanningsvlakke by die kindergetuie en is in 25% van die artikels aangetoon. Geldenhuys (2015) stel dit duidelik dat kontak met die oortreder 'n negatiewe uitwerking op die kwaliteit van die kind se getuenis het en dat dit weer 'n impak het op die uitslag van die hofsak. Daar moet te alle tye na die beste belang van die kind omgesien word. Om die kind aan die beweerde oortreder bloot te stel, lei daar toe dat die kind se kapasiteit om doeltreffend aan hofverrigtinge deel te neem, verminder word (Fambasayi & Koraan, 2018).

Kontak met die oortreder tydens die hofverrigtinge kan tot verdere trauma vir die kind lei en word as 'n bydraende faktor beskou omdat dit die spanningsvlakke by kinders verhoog (Cunningham & Stevens, 2011). Daar is verskeie tekens van posttraumatische stresversteuring (PTSV) wat na vore kom indien 'n kind tydens die hofprosedures aan die oortreder blootgestel word (Elmi, Daignault & Hébert, 2018). Volgens Townsend, Waterhouse & Nomdo (2014) is daar 'n beduidende aantal deskundiges wat van mening is dat kinders meer spanning en trauma ervaar tydens die getuenislewering waar die beweerde oortreder in dieselfde vertrek teenwoordig is. Die angstigheid en spanning veroorsaak dat die kwaliteit van die getuenis wat gelewer word, verlaag (Randell, Seymour, Henderson & Blackwell, 2018).

As gevolg van beduidende navorsing wat die nadelige effek van 'n beweerde oortreder se teenwoordigheid met die getuenislewering van 'n kind uitwys, het die Wysigingswet op die Strafproseswet, 4 van 2017 ontstaan (Fambasayi & Koraan, 2018). Die Wysigingswet op die Strafproseswet, 4 van 2017 spesifieer dat daar in spesifieke gevalle uitsonderings gemaak kan word om die kind tydens die getuenisleweringssproses te beskerm. Die Wysigingswet op die Strafproseswet, 4 van 2017 spesifieer onder andere ook dat daar voorsiening gemaak word vir die gebruik van 'n tussenganger in gevallen waar kinders as slagoffers van seksuele misbruik betrokke is (Wysigingswet op die Strafproseswet, 2017 Wet No. 4 van 2017). Volgens Cooper & Mattison (2017) word die wysigingswet (Wysigingswet op die Strafproseswet, 2017 Wet No. 4 van 2017) nie outomatis toegestaan soos in sommige ander lande nie. Inteendeel, Suid-Afrika se regstelsel is van mening dat die gebruik van 'n alternatiewe vorm van getuenislewering slegs toegestaan mag word indien daar aangetoon kan word dat kindergetuies geestelike spanning ervaar wat buite die normale spanning van getuenislewering is. Daar is verskeie studies waarin sterk uitsprake teen die benadering tot getuenislewering van kinders gemaak word en waar aanbeveel word dat enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar toegang moet hê tot 'n tussenganger, aangesien dit in die beste belang van die kind is (Fambasayi & Koraan, 2018).

4.1.3 Vertragings van hofsake

In 37,5% van die artikels word daar aangetoon dat die vertragting van hofsake direk verband hou met swakker getuenis wat deur kinders gelewer word. Vertragings van hofsake is 'n reuse-uitdaging in die Suid-Afrikaanse regstelsel. Dit word aan verskeie faktore toegeskryf, soos hoë gevallenladings van hoofoffisiere, 'n tekort aan howe, sowel as tegniese aspekte van die saak wat meer tyd benodig (Reyneke, 2008). Die vertragings van hofsake, weens watter redes ook al, verleng die emosionele spanning van die kind. Kinders oor die algemeen het 'n kort aandagspan en vind dit moeilik om vir lang periodes te wag. Die uitstel en lang uitrek van hofverrigtinge veroorsaak dat kinders moeg raak en moontlik belangrike besonderhede vergeet (Prinsloo, 2012). Die navorsing van Theron (2005), soos aangehaal deur Prinsloo

(2012), bevestig dat kindergetuies probleme ervaar in die herroep van detail as gevolg van lang vertragings en die uitstel van hofsake. Negatiewe implikasies van die regstelsel kan veroorsaak dat die kind as 'n swak getuie beskou word, aangesien 'n kind se geheue mettertyd nie meer alle relevante besonderhede oor die gebeure kan herroep wat 'n wesenlike verskil in bewyse kan meebring nie (Geldenhuys, 2015).

4.1.4 'n Tekort aan genoegsame hulpbronne

Die meerderheid (85%) artikels toon aan dat as gevolg van 'n tekort aan genoegsame hulpbronne die deelname van kinders in die Suid-Afrikaanse howe onvoldoende is. Volgens Lechlech (2020) is daar verskeie tipes stremminge wat veroorsaak dat daar nie altyd voldoen word aan die hoe standarde wat daargestel is in die wet nie, (Wysigingswet op die Strafproseswet, 2017). Die stremminge sluit onder andere 'n tekort aan fasilitete (binnekringtelevisie [CCTV], onderhoudskamers en ander elektroniese hulpbronne), lae salaris, hoe werkclas, personeeltekort en selfs 'n hulpbrontekort soos rekenaar- en kantoorruimte vir onderhoude (Reyneke, 2008) in. Die tekort aan befondsing vir die nodige hulpmiddels wat in die wet (Wysigingswet op die Strafproseswet, 2017 Wet No. 4 van 2017) voorgeskryf word, lei tot verskeie nadelige gevolge vir die hof in sy geheel en lei daar toe dat kindergetuies kwesbaar is.

Artikel 158 (2) (a) van die Strafproseswet 51 van 1977 bepaal dat die hof mag beslis dat dit nie in die beste belang van die kind is om in 'n opehof te getuig nie, en om hierdie rede deur middel van 'n tussenganger, CCTV en/of eenrigtingglas mag getuig. Ongelukkig is daar verskeie howe in Suid-Afrika wat nie ingerig is om kindergetuies te akkommodeer nie; daar is nie toegang tot eenrigtingglas of CCTV's nie; dus word dit nie tydens die hofverrigtinge toegestaan nie (Geldenhuys, 2015). Die kind se vermoë om getuenis te gee word as gevolg van 'n tekort aan hulpbronne gedemp. Hofverrigtinge word nie altyd *in camera* gehou nie en daar word nie altyd voorsiening gemaak vir afsonderlike wagkamers vir die slagoffers en oortreders nie, wat 'n direkte uitwerking op die kind se spanningsvlakte het (Iyer & Ndlovu, 2011).

In 'n studie gedoen deur Townsend *et al.*, (2014) onder ondersteunende werkers van die RAPCAN Kindergetuie-projek (CWP), word frustrasies uitgespreek ten opsigte van ondersoekbeamptes wat kinders en die oortreder in dieselfde vertrek toelaat. Daar is selfs slagoffers wat saam met die beweerde oortreder in dieselfde voertuig na die hof vervoer word (Geldenhuys, 2015). Laasgenoemde kan toegeskryf word aan 'n tekort aan vervoer of aan onkunde van die ondersoekbeamptes om nie die slagoffer aan die beweerde oortreder bloot te stel nie (Geldenhuys, 2015). Meer as 60% van die artikels verwys spesifiek na onopgeleide personeel as 'n onvoldoende hulpbron. In Suid-Afrika is dit ontstellend om te besef dat nie alle hofpersoneel behoorlik opgelei is in die hantering van seksuelemisbruik-sake nie, en uiterst beperkte kennis het rakende die hantering van kinders (Iyer & Ndlovu, 2011). Volgens Waterhouse en Nagia-Luddy, (2009) ly die dienste wat aan kinders in Suid-Afrika gelewer word grootliks as gevolg van 'n tekort aan gekwalifiseerde professionele personele in die hofstelsel. Meintjes en Collings (2009) toon aan dat 'n gebrek aan kennis rakende kinders in die hofsaak direk verband hou met die misverstaan en verkeerde hantering van kinders tydens hofverrigtinge. Daar bestaan kommer binne die Suid-Afrikaanse howe dat bevoegdheidstoetse voor getuenislewering dikwels gedoen word deur professionele personele wat geen kinderontwikkelingsopleiding het nie. Dit veroorsaak dat kinders wat wel kan getuig nie die geleentheid gegun word nie, of dat kinders wat nie kan getuig nie verder getraumatiseer word deur die getuenislewingsproses (Kruger & Diale, 2016).

Alhoewel die Wysigingswet op die Strafproseswet, 4 van 2017 spesifieer dat daar voorsiening gemaak moet word vir die gebruik van 'n tussenganger in gevalle waar kinders betrokke is as slagoffer van seksuele misbruik, is daar steeds kinders wat weens 'n tekort aan opgeleide tussengangers en die nodige hulpbronne in 'n ope hof moet getuig (Cooper & Mattison, 2017). 'n Ander aspek wat bydraend is, is tussengangers en ondersteunende personeel wat nie vir hofverrigtinge opdaag nie. Dit veroorsaak dat hofsake uitgestel word, of dat daar voortgegaan word sonder die nodige hulp en bystand aan die kind (Iyer & Ndlovu, 2011). Waterhouse en Nagia-Luddy (2009) wys uit dat nieregeringsorganisasies (NRO's) vroeër hulp verleen het aan die hofstelsel en ondersteuning aan die kinders gebied het, maar as gevolg van finansiële druk nie meer die dienste kan lewer nie.

4.1.5 Onvoldoende ondersteuning aan die kind en ouers

In 25% van die artikels is uitgewys dat 'n tekort aan genoegsame ondersteuning aan die familie van die kind 'n effek het op die doeltreffendheid van die getuenis wat gelewer word. Ondersteuning aan die kind sluit baie nou aan by hofvoorbereiding.

Faktore tydens die hofverrigtinge wat direk kinders se vermoë beïnvloed om doeltreffend te kan getuig, is onvermoë om ingewikkelde en verwarringe procedures tydens die hele hofsaak, sowel as tydens die getuenisleweringsproses te verstaan (Oliver, 2019). Onsekerheid oor aspekte van die verhoor het 'n wesenlike effek op die spanningsvlakke wat die kinders en hul gesinne tydens die proses ervaar (Randell *et al.*, 2018). Ouers het in navorsing getoon dat hulle verantwoordelik voel om die hofproses prakties en ouderdomsgepas aan hulle kinders te verduidelik, hul vrae te beantwoord en hul bekommernisse met hulle te bespreek (Randell *et al.*, 2018). Volgens Shrimpton, Oates, en Hayes (2014) sal die las op die ouers minder wees indien daar beter hofvoorbereiding aan die kinders gegee word met ouderdomsgepaste verduidelikings. Praktiese ondersteuning- en inligtingsessies word as hoë prioriteit beskou vir ouers van kinders wat tydens seksuelemisbruik-sake getuenis lewer (Randell *et al.*, 2018).

4.1.6 Kruisondervraging

In 50% van die artikels is aangetoon dat kruisondervraging tydens die getuenisleweringsproses 'n ernstige nadeel inhoud vir kinders. Navorsing (Randell *et al.*, 2018) toon verder aan dat al word kinders baie goed voorberei vir die hof, kruisondervraging steeds as uitermate stresvol ervaar word. Daar is drie hoofaspekte rakende kruisondervraging wat in die literatuur uitgewys word, wat bydra tot die kind se ervaring van spanning: die verwarringe aard van die vrae, die intimiderende optrede van die verdediging, sowel as dat die kinders daarvan beskuldig word dat hulle nie die waarheid praat nie (Randell *et al.*, 2018).

Volgens die SAPD (2018) word kinders baie keer misverstaan in die hof weens wanvertolkning van die verklarings wat die kinders gemaak het, sowel as die kind se onkunde rakende die hofprosesse en kruisondervragingsproses. Dit lei daartoe dat kinders beskou word as oneffektiewe getuies in die hof. Volgens Szojka *et al.* (2017) is daar steeds verskeie regstelsels, insluitende die Suid-Afrikaanse regstelsel, wat gebruik maak van kruisondervragingstegnieke wat direk in stryd is met kinderontwikkelingsnavorsing. As gevolg van hierdie wanprakteke lei dit daartoe dat kinders in die hof minder akkurate getuenis lewer.

Taalgebruik in hofverrigtinge is baie kompleks en verwarrend (Meintjes & Collings, 2009). Die taalgebruik in die hof kan tydens ondervraging en kruisondervraging misverstaan word, wat veroorsaak dat die kind nie doeltreffend getuig nie (Cunningham & Stevens, 2011).

Volgens Zajac *et al.* (2018) het kinders die vermoë om spesifieke detail van 'n gebeurtenis of 'n gevoel te onthou en akkuraat te kan beskryf. Die probleem dat kinders ongeloofwaardig in die hof beskou word, het baie meer te doen met hoe die vrae deur die verdediging gestel en geïnterpreteer word, as die akkuraatheid van die kind se geheue.

Volgens Plotnikoff en Woolfson (2009) kan die akkuraatheid van kinders se getuienis aansienlik verswak onder intimiderende omstandighede, soos kruisondervraging. Uitdagende vrae wat tydens kruisondervraging aan 'n kind gestel word, lei dikwels daar toe dat die verdediging insinueer dat die kind nie die waarheid praat nie. Dit lei daar toe dat kinders wat in die hof getuig se spanningsvlakke verhoog, wat dus die akkuraatheid van hul getuienis laat afneem (Plotnikoff & Woolfson, 2009).

Volgens Iyer en Ndlovu (2011) is dit nie moontlik vir 'n kind om as 'n betroubare getuie voor te kom gegewe die teenwoordigheid van kruisondervraging, spanning en angstigheid nie; dus beïnvloed dit die kwaliteit van die kind se getuienis. Die teenstrydige aard van kriminele howe en veral die wyse waarop kruisondervraging plaasvind, is verwarrend en ontstellend; dit dra by tot die spanning wat kindergetuies ervaar en hul onvermoë om voldoende te kommunikeer (Prinsloo, 2012).

4.1.7 Spanning

In 75% van die artikels is spanning as 'n hooffaktor aangevoer op grond waarvan kinders nie effektiewe getuienis in seksuelemisbruik-sake lewer nie. Verskeie ander faktore wat reeds hier bo bespreek word, dra by tot spanning en spanningsvolle ervarings in die hof. Spanning en angstigheid hou verband met die trauma wat as gevolg van die misbruik ervaar is, sowel as stresfaktore wat deur hofverrigtinge veroorsaak word. Die stresfaktore wat deur hofverrigtinge veroorsaak word, sluit onder andere die volgende in: vertragings van die hofproses, meervoudige ondervraging deur professionele persone en meervoudige getuienislewering, soos reeds bespreek (Pantell, 2017).

Die hofervaring is vir kinders oor die algemeen baie spanningsvol, des te meer vir slagoffers van seksuele misbruik (Fambasayi & Koraan, 2018). In die meeste seksuelemisbruik-sake is die kind die enigste getuie en moet die staat sterk daarop kan steun. Dit dra tot spanning by omdat daar nie ander bewyse is om die kind se getuienis te versterk nie (Pantell, 2017).

Die spanning wat kinders tydens die hofverrigtinge ervaar, kan toegeskryf word aan die moontlikheid om die oortreder te sien, die beskrywing van detail van die misdaad, sowel as die angstigheid om nie te verstaan wat gevra word nie (Fambasayi & Koraan, 2018). Die dinamika van seksuelemisbruik-sake verhoog ook die spanningsvlakke van die kind. Die meeste seksuelemisbruik-oortreders is bekend aan die kind, wat bydra tot die kompleksiteit van die hofsake en die spanning wat daarmee gepaardgaan (SAPS, 2020). Soos reeds bespreek, dra die beweerde oortreder se reg om die persoon wat die klakte lê te konfronteer by tot die spanning en kompleksiteit van die proses van getuienislewering (Oliver, 2019).

Volgens Iyer en Ndlovu (2011) word daar net soveel spanning ervaar deur 'n kind as deur 'n volwassene wat moet getuig, maar dit word vererger by kinders deur die trauma wat ervaar is en die onvermoë om prosesse en procedures te verstaan. Om hierdie rede maak die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede), 4 van 2017 voorsiening vir tussengangers, maar soos reeds uitgewys, word dit nie outomatis aan kinders toegestaan nie, alhoewel dit duidelik na vore kom dat die feit dat 'n kind moet getuig genoegsame spanning en trauma veroorsaak wat 'n tussenganger regverdig. Daar word wel in sekere gevalle van tussengangers gebruik gemaak met die lewer van getuienis: daar word

in 'n ander vertrek getuig en nie in die ope hof nie, om die trauma en psigologiese stresfaktore by kinders tydens die getuienisleweringsproses te verminder (Cassim, 2003).

Aangesien die angstigheid en spanning veroorsaak dat die kwaliteit van die getuienis belemmer word, is dit belangrik om die spanningsvlakte van die kind wat moet getuig so laag as moontlik te hou. Die deurgee van inligting en voorbereiding op die proses, sodat die kind weet wat om te verwag, is ook nodig sodat kinders weet waarmee hulle te doen gaan kry. Dit sal alles daartoe bydra dat die situasie so ver as moontlik normaliseer (Cunningham & Stevens, 2011).

4.1.8 Sekondêre viktimisering

Sekondêre viktimisering word in 50% van die artikels aangetoon. Daar word uitgewys dat dit 'n geweldige impak het op die kind se vermoë om aan die hofprosedures deel te neem. Sekondêre viktimisering verwys na die gedrag en benadering van maatskaplike diensverskaffers wat onSENSITIEF is teenoor slagoffers en hulle tot 'n mate blameer vir die oortreding en dit lei tot verdere traumatisering van die slagoffer (Prinsloo, 2012). Sekondêre viktimisering vind in verskeie aspekte van die hofproses plaas, byvoorbeeld as die kind herhaaldelik moet getuig en die mishandeling moet herleef deur die getuienis, en die voortvloeiende ondervraging en kruisondervraging wat details van die misbruik bevraagteken (Cunningham & Stevens, 2011). Sekondêre viktimisering laat die kind verneder en weerloos voel. Dit het nie net 'n effek op die effektiwiteit van die kind se getuienis nie, maar ook op die kind se herstelproses na die hofsak (Waterhouse & Nagia-Luddy, 2009). Afgesien daarvan dat dit oneties is om kinders deur sekondêre trauma te laat gaan weens die onbevoegdheid van professionele persone, het kinders die basiese reg om beskerm te word teen sekondêre viktimisering (Meintjes & Collings, 2009).

5. Gevolgtrekkings en aanbevelings

Die misbruik van kinders, veral seksuele misbruik, word as 'n wêreldwyse epidemie beskou wat dringend aandag moet geniet. Uit die bestaande navorsing is dit duidelik dat seksuele misbruik van kinders in Suid-Afrika baie voorkom. Die vlak van min skuldigbevindings van net 22,53% duï daarop dat daar ernstige tekorte is in die wyse waarop howe kindergetuies hanteer en dit geld ook die ondersoek van sake waar kinders die slagoffer is. Oneffektiewe getuienislewering dra ook by tot min skuldigbevindings in seksuelemisbruik-sake. Die gevolge hiervan is dat die oortreder in baie gevalle net weer 'n ander kind seksueel misbruik en sodoende dra dit by tot talle kinders wat slagoffers word van dieselfde oortreder.

Daar word duidelik in die navorsing aangetoon dat kinders kwesbaar is tydens die getuienislewering in kriminele howe, te meer as hulle slagoffers van seksuele misbruik was. Daar is verskeie faktore wat die kind verhoed om effektief deel te neem aan die hofprosedures en doeltreffend te getuig.

Verskeie pogings is in die verlede aangewend om Suid-Afrikaanse kinders tydens die getuienisleweringsproses te beskerm, byvoorbeeld die daarstel van tussengangers en hofvoorbereiding, maar steeds is daar faktore wat kinders belemmer om tydens seksuelemisdaad-sake doeltreffend te getuig. Eksterne faktore wat uit die navorsing geïdentifiseer is, is onvoldoende hofvoorbereiding, kontak met die beweerde oortreder, vertragings van hofsake, onvoldoende hulpbronne, onvoldoende ondersteuning aan die kind en ouers, kruisondervraging, spanning en sekondêre viktimisering. Dis belangrik om in ag te neem dat die faktore nie losstaande is

van die sosio-ekonomiese faktore wat reeds kinders in die land se daaglikslelewens raak nie. Waterhouse en Nagia-Luddy (2009) wys uit dat honger en moegheid direk 'n invloed het op kinders se vermoë om aan die hofprosesse deel te neem.

Kruisondervraging dra daar toe dat kinders nie ouderdomsgewys ondervra word nie en dat hulle sodoende onakkurate inligting weergee. Daar is in verskeie artikels daarop gewys dat onvoldoende hofvoorbereiding veroorsaak dat kinders minder doeltreffend getuig; dus is behoorlike hofvoorbereiding van groot waarde om meer effektiewe getuienis te verkry. Kontak met die beweerde oortreder of die moontlikheid van kontak is as faktor beklemtoon wat aandag moet geniet.

Indien hofprosedures nie reg aangewend word nie, kan dit uitermatige spanning by die kind as getuie ontlok. Die spanning en angstigheid veroorsaak dat kinders minder doeltreffend kan getuig. Die noodsaklikheid is beklemtoon om die beweerde oortreder en slagoffers sover as moontlik fisiek uitmekaa te hou.

In baie van die artikels (37,5%) word aangetoon dat die vertraging van hofsake direk verband hou met swakker getuienis wat deur kinders gelewer word. Dit is 'n algemene probleem in die Suid-Afrikaanse regstelsel en daar sal gepoog moet word om sake waarby kinderslagoffers betrokke is, voorrang te gee.

Daar is in meer as 85% van die artikels aangetoon dat die rede vir onvoldoende kinderdeelname in die Suid-Afrikaanse howe voortspruit uit 'n tekort aan genoegsame hulpbronne. Die wet (die Wysigingswet op die Strafproseswet, 4 van 2017) stipuleer spesifieke dienste wat gelewer moet word (vereistes waaraan voldoen moet word), maar weens 'n tekort aan hulpbronne of misbruik van hulpbronne ly kinders se getuienis daaronder.

Die tekort aan genoegsame ondersteuning aan die gesin en die kind het 'n effek op die effektiwiteit van die getuienis wat gelewer word. Die ouers van kindergetuies kan nie genoeg ondersteuning bied nie, omdat hulle self nie al die antwoorde het as dit kom by hofverrigtinge nie.

Angs en spanning veroorsaak dat die kwaliteit van die getuienis belemmer word, omdat spanningsvlakke van die getuienisleweringsproses kinders se herroeping van gebeure en geheue beïnvloed. Die spanningsvlakke en angstigheid moet dus beheer word.

Sekondêre viktimisering het 'n groot impak op die kind se vermoë om deel te neem aan die hofprosedures. Deeglike opleiding en bewusmaking van personeel wat in en om die hof werk, is nodig om die kwessie te ondersoek.

Een van die grootste stremminge wat in die literatuur na vore kom, is nie noodwendig die tekort aan wetgewing om kinders te beskerm tydens die getuienisleweringsproses nie, maar die howe se onvermoë om die wette af te dwing (Prinsloo, 2008) "as well as the fact that certain children's rights are guaranteed vide section 28 included in Chapter 2 (Bill of Rights)".

Vir die Suid-Afrikaanse regstelsel, sowel as die forensiese maatskaplikewerkpraktyk, is dit belangrik om in die beste belang van die kind op te tree aangesien dit een van die kernbeginsels van die Children's Act 38/2005 is. Die implementering van wetgewing in die praktyk moet ernstig hersien word ten opsigte van die faktore wat kinders verhoed om doeltreffend in die hof te getuig. Deur die faktore uit te skakel, sal daar 'n bydrae daar toe gelewer word dat reg en geregtigheid geskied teenoor kinders wat slagoffers is van seksuele misbruik.

In die lig van die feit dat forensiese maatskaplike werk in Suid-Afrika as 'n spesialisveld binne die maatskaplikewerkprofessie erken is, is dit belangrik om te let op die eksterne faktore wat 'n invloed het op die kind as getuie en dit aktief in ag te neem ten einde kindergetuies so effektief as moontlik aan te wend in hofsake. Die volgende faktore kan in die toekoms ondersoek

word: deur verdere navorsing en praktiese implementering van die reeds genoemde voorstelle, dan sal daar 'n wesenlike verskil gemaak kan word in kinders se hofervaring. Die studie maak 'n bydrae tot die maatskaplike professie, sowel as die regssprofessie waar daar met kinders gewerk word tydens kriminele hofsake. Die faktore wat veroorsaak dat kinders minder doeltreffend getuig in die hof, is geïdentifiseer en kan gelys word, om sodoende te let op die nagevolge. Hierdie studie was suksesvol, aangesien dit die navorsers die geleentheid gebied het om die evaluasies en aanbevelings te kon uitvoer.

Erkenning

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns word hartlik bedank vir die beskikbaarstelling van 'n beurs wat die student in staat gestel het om die navorsing te onderneem.

BIBLIOGRAFIE

- Arnomd, A. 2018. 3 Women on What It Was Like to Testify at Their Sexual-Assault Hearings. *Criminal Justice System*. Beskikbaar by: <https://www.thecut.com/tags/criminal-justice-system/>
- Boland, A, Cherry Gemma, M & Dickson, R. 2017. *Doing a Systematic Review: A student's guide* (2nd edition). London, New Delhi, Singapore, Washington DC, Melbourne: Sage Publishers.
- Boland, A, Cherry, M & Dickson, R. 2014. *Doing a Systematic Review: A student's guide*. London: Sage Publications.
- Brown, DA & Lamb, ME. 2015. Can Children Be Useful Witnesses? It Depends How They Are Questioned. *Child Development Perspectives*. *The Society for Research in Child Development*, (39):1-6.
- Cassim, F. 2003. The rights of child witnesses versus the accused's right to confrontation: a comparative perspective. *The Comparative and International Law Journal of Southern Africa*, 36(1):65-82. Beskikbaar by: <http://www.jstor.org/stable/23252224>. [7 Julie 2020].
- Cooper, P & Mattison, M. 2017. Intermediaries, vulnerable people and the quality of evidence: An international comparison of three versions of the English intermediary model. *The International Journal of Evidence & Proof*, 21(4):351-370.
- Cunningham, A & Stevens, L. 2011. Helping a Child be a Witness in Court: 101 Things to Know, Say & Do. Centre for Children & Families in the Justice System (London Family Court Clinic). <https://www.tcvcm.ca/files/2015-12/helping-a-child-witness.pdf> [10 Jan 2022].
- Elmi, MH, Daignault, IV & Hébert, M. 2018. Child sexual abuse victims as witnesses: The influence of testifying on their recovery', *Child Abuse and Neglect*, 86(March):22-32. doi: 10.1016/j.chab.2018.09.001. [11 Junie 2020].
- Fambasayi, R & Koraan, R. 2018. Intermediaries and the international obligation to protect child witnesses in South Africa. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 21(21). doi: 10.17159/1727-3781/2018/V21I0A2971 [28 Aug. 2020]
- Geldenhuys, K. 2015. The child witness in court. *Servamus:*, Community-based Safety and Security Magazine (July):20-27.
- Goodman, G & Melinde, A. 2007. Child witness research and forensic interviews of young children: A review. *The British Psychological Society Legal and Criminological Psychology*, 1(12):1-19.
- Gwala, N & Gcwabe, L. 2021. Rape, childhood sexual abuse continues to plague SA. *Health News*. December 9, 2021. <https://health-e.org.za/2021/12/09/rape-childhood-sexual-abuse-continues-to-plague-sa/> Date of access: 10 Jan 2022.
- Iyer, D & Ndlovu, L. 2011. Protecting the child victim in sexual offences: is there a need for separate legal. *Sabinet African Journals*, 33(1):1-26.
- Lamb, ME, Hershkowitz, I, Orbach, Y & Esplin, PH. 2009. *Tell me what happened: structured investigative interviews of child victims and witnesses*. West Sussex: Wiley-Blackwell.

- Lechlech, L. 2020. Post-rape care and justice in South-Africa: Improving support services for survivors of sexual violence. *Orphanet Journal of Rare Diseases*, 21(1):1-9. doi: 10.1155/2010/706872. [11 Nov 2020].
- Mathews, S, Jamieson, L, Lake, L & Smith, C. 2014. *Child Gauge: End the cycle of violence*. South African 2014. Children's Institute. University of Cape Town.
- Meintjes, R & Collings, SJ. 2009. Issues raised by judge Bertelsmann in connection with child sexual abuse victims and witnesses: the role and submission of the South African Professional Society on the Abuse of Children', *Child Abuse Research*, 9(2):1-23. Beskikbaar by: <http://hdl.handle.net/10520/EJC24334>. [13 Nov 2020].
- Oliver, J. 2019. Annual Report. Submission of the annual report to the Minister of Police, B.H. Cele. SAPS Strategic Management. 10.1017/CBO9781107415324.004.
- Pantell, RH & AAP Committee on Psychological aspects of Child and Family Health. (2017). The Child Witness in the Courtroom. *Pediatrics*, 139(3):1-9.
- Plotnikoff, J & Woolfson, R. 2009. Measuring up? Evaluating implementation of government commitments to young witnesses in criminal proceedings, NSPCC and Nuffield Foundation, London. Beskikbaar by: <http://www.nuffieldfoundation.org/sites/default/files/measuring>. [20 Mei 2019].
- President Cyril Ramaphosa: South Africa's response to the COVID-19 Coronavirus Pandemic | South African Government. 2020. Beskikbaar by: <https://www.gov.za/speeches/president-cyril-ramaphosa-south-africa's-response-covid-19-coronavirus-pandemic-17-jun-2020> (date of access: 8 July 2020).
- Pretorius, HG & Diale, BM. 2016. A psychological perspective on competency testing of the child victim and witness of sexual offences in South Africa', *Child Abuse Research in South Africa*, 17(2):1-12. Beskikbaar by: <https://journals.co.za/content/carsa/17/2/EJC198067>. [28 Aug 2020].
- Prinsloo, J. 2008. In the Best Interest of the Child : the Protection of Child Victims and Witnesses in the South African Criminal Justice System. *Child Abuse Research*, 9(2):49-64. doi: ISSN 1562-1383.
- Prinsloo, J. 2012. The rights of child victims and witnesses of crime: an international analysis, South African Professional Society on the Abuse of Children. *Child Abuse Research A South African Journal*, 2012: 13(1):74-86.
- Randell, I, Seymour, F, Henderson E & Blackwell, S. 2018. The experiences of young complainant witnesses in criminal court trials for sexual offences. *Psychiatry, Psychology and Law*, 25(3):357-373. doi: 10.1080/13218719.2017.1396866. [20 Nov 2020].
- Reyneke, HK. 2008. Sexual Offences Courts in South Africa: Quo vadis?', *Journal for Juridical Science*, 33(2)(June):32-40.
- Ruben, A & Babbie, E. 2017. *Essential Research Methods for Social Work*. (3rd ed.) USA: Brooks/Cole Cengage Learning.
- SAPS [South African Police Services]. 2018. Annual Report. Submission of the annual report to the Minister of Police, B.H. Cele. SAPS Strategic Management. https://www.saps.gov.za/about/stratframework/annual_report/2018_2019/saps_annualreport2018_2019v2.pdf [10 Julie 2019].
- SAPS [South African Police Services]. 2019. Annual Report. Submission of the annual report to the Minister of Police, B.H. Cele. SAPS Strategic Management. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/2020/12/south-african-police-service-annual-report-20192020.pdf [10 Julie 2019].
- SAPS [South African Police Services]. 2020. Annual Report. Submission of the annual report to the Minister of Police, B.H. Cele. SAPS Strategic Management.
- Shrimpton, S, Oates, K & Hayes, S. 2014. The Child Witness and Legal Reforms in Australia. *International Perspectives on Child Abuse and Children's Testimony: Psychological Research and Law*, (15):132-144. doi: 10.4135/9781483327501.n8.
- Smith, S. 2014. A forensic assessment model for the sexually abused child in the South African context. Potchefstroom North-west University (Thesis- MSc).
- South-Africa. 1977. Criminal Procedure Act 51 of 1977.
- South-Africa. 2005. Children's Act 38 of 2005.
- South-Africa. 2007. Criminal Law Sexual Offences and Related Matters Amendment Act, 32 of 2007.
- Szojka, S, Holloway, R, Andrews, SJ, Lamb, Stolzenberg, SN & Lyon, TD. 2017. Online First Publication, 6). Challenging the Credibility of Alleged Victims of Child Sexual Abuse in Scottish Courts. American Psychological Association. *Psychology, Public Policy, and Law* 23(1):1-37.

- Thomas, J & Harden. A. 2008. Methods for thematic synthesis of qualitative research in systematic reviews. *BMC Medical Research Methodology*, 8:1-10.
- Townsend, L, Waterhouse, S & Nomdo, C. 2014. Court support workers speak out Upholding children's rights in the criminal justice system. *South African Crime Quarterly*, 48, 75-88.
- Uman, LS. 2011. Systematic Reviews and Meta-Analyses. Herwin uit: <http://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC3024725/> [25 Nov 2020].
- Vandervort, FE. 2013. Protecting Child Witnesses on the Witness Stand: The Law and the Role of the Forensic Social Worker in Criminal Proceedings. *Journal of Forensic Social Work*, 3:150-175. <https://doi.org/10.1080/1936928X.2013.845638>. [2 Des 2020].
- Waterhouse, S & Nagia-Luddy, F. 2009. Oiling the wheels of Justice?. *Institute for Security Studies-SA Crime Quarterly*, 9:37-41.
- World Health Organisation. 2020. Violence against children, <https://www.who.int/news-room/fact-sheets/detail/violence-against-children> 8 Junie 2020. Date of access:11/01/2022.
- Zajac, R, Westera, N & Kaladelfos, A. 2018. The "Good Old Days" of courtroom questioning: changes in the format of child cross-examination questions over 60 years. *Child Maltreatment*, 23(2):186-195.

Die verwerwing van Afrikaanse foneme deur kinders van 24–72 maande

The acquisition of Afrikaans phonemes in children aged 24–72 months.

CHANTÉ PRINGLE

Departement Spraak-Taalpatologie en Oudiologie
Universiteit Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: chantepringle@gmail.com
ORCID ID: 0000-0001-7861-6348



Chanté Pringle



Mia le Roux

MIA LE ROUX

Departement Spraak-Taalpatologie en Oudiologie
Universiteit Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: mia.leroux@up.ac.za
ORCID ID: 0000-0001-7739-4907



Salomé Geertsema



Marien Graham

SALOMÉ GEERTSEMA

Departement Spraak-Taalpatologie en Oudiologie
Universiteit Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: salome.geertsema@up.ac.za
ORCID ID: 0000-0002-0856-0737

MARIEN GRAHAM

Departement Wetenskap-, Wiskunde- en Tegnologie-Onderwys
Universiteit Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: marien.graham@up.ac.za
ORCID ID: 0000-0003-4071-9864

CHANTÉ PRINGLE se akademiese loopbaan begin in 2016 toe sy geregistreer en gekeur is by die Universiteit van Pretoria as 'n student in Spraak- en Taalpatologie. Sy verwerf die graad BKommunikasiepatologie: Spraak-Taal Patologie in 2019. Sy is 'n lid van die Golden Key International Honour Society vanaf 2017. Sy het gedurende 2021 haar graad in Mkommunikasiepatologie: Spraak- en Taal Patologie voltooi. Haar navorsing het gefokus op die verwerwing van Afrikaanse foneme tussen die ouderdomme van 24–72

CHANTÉ PRINGLE's academic career started in 2016 when she was registered as a student in Speech- and Language Pathology at the University of Pretoria. She obtained her BCommunication Pathology: Speech-Language Pathology degree in 2019. She has been a member of the Golden Key International Honour Society since 2017. She completed her MCommunication Pathology: Speech- and Language Pathology in 2021. Her research focused on the acquisition of Afrikaans phonemes between the ages of 24–72

Datums:

Ontvang: 2021-08-30

Goedgekeur: 2022-01-31

Gepubliseer: Junie 2022

<p>maande. Sy het befondsing ontvang vanaf die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns om haar Meestersgraad en navorsing te voltooi. Chanté se hoofareas waarin sy belangstel as Spraak- en Taalterapeut is Pediatric Disphagia, Serebraalgestremheid, Neurologiese kondisies en Spraak- en Taalafwykings. Sy is tans 'n Spraak-Taalterapeut in privaat praktyk.</p>	<p>months. She received funding from the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns to complete her Masters degree and research study. Chanté's main areas of interest as a Speech- and Language Therapist are Pediatric Dysphagia, Cerebral Palsy, Neurological Disorders, and Speech- and Language Disorders. She is currently Working in private practice as a Speech-Language Therapist.</p>
<p>MIA LE ROUX is 'n senior lektor in die Departement van Spraaktaalpatologie en Oudiologie aan die Universiteit van Pretoria. Haar navorsingsvelde is linguistiek, fonetiek, taalverwerwing en -aanlering, -onderrig, en geletterdheidsaanlering. Sy doseer op voorgraadse vlak en is betrokke by verskeie navorsingsprojekte. Sy het onlangs befondsing ontvang vanaf die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir 'n navorsingsprojek oor die aanleer van die Afrikaanse foneme. Dr le Roux het as studieleier vir verskeie nagraadse studente opgetree en is tans studieleier vir vyf Meestersgraad en drie PhD-studente. Sy het veelvuldige artikels in geakkrediteerde joernale gepubliseer en het ook talle referate by nasionale en internasionale kongresse aangebied gedurende die afgelope paar jaar. Dr le Roux is tans betrokke as projekleier by 'n navorsings- en gemeenskapsontwikkelingsprojek in samewerking met die World Literacy Foundation by 'n plattelandse laerskool in Gauteng. Sy is 'n raadslid van die Literacy Association of South Africa, 'n lid van die World Literacy Foundation, en 'n lid van verskeie akademiese assosiasies. Sy het onlangs gradering vanaf die NRF ontvang.</p>	<p>MIA LE ROUX is a senior lecturer in the Department of Speech-Language Pathology and Audiology in the Faculty of Humanities at the University of Pretoria. Her areas of research are linguistics, phonetics, language acquisition, learning, and teaching, and literacy acquisition. She teaches at undergraduate level and is involved in numerous research projects. She recently received funding for a research project on the acquisition of Afrikaans phonemes from the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Dr le Roux has supervised a number of postgraduate students and is currently supervising five masters and three PhD candidates. She has already published articles in accredited journals and has presented and co-presented research papers at various national and international conferences during the past years. Dr le Roux is currently involved as project leader in a research and community development project in collaboration with the World Literacy Foundation in a rural primary school in Gauteng. She is a board member of the Literacy Association of South Africa, a member of the World Literacy Foundation, and a member of various academic associations. She recently received an NRF rating.</p>
<p>SALOMÉ GEERTSEMA behaal die graad BKomunikasiepatologie aan die Universiteit van Pretoria in 1999, waarna sy haar loopbaan afskop as audioloog by Beltone (Edms Bpk). Haar liefde vir kinders stu haar egter in die rigting van die spesiale onderwys waar sy onder andere poste beklee by Muriel Brandskool vir Leerders met Serebraalgestremheid, asook Via Nova-skool vir Leerders met kognitiewe uitdagings. Gedurende hierdie tyd voltooi sy die graad MKomunikasiepatologie met 'n tesis getitled "Stemversterking vir die onderwyser met stemprobleme". Sy sluit in 2008 by die Universiteit van Pretoria aan as lektor. Haar hoofareas van belangstelling behels Spesifieke Leergestremheid (Disleksie), Spraakklinkafwyking en</p>	<p>SALOMÉ GEERTSEMA obtained the degree B Communication Pathology from the University of Pretoria in 1999, whereafter she started her career in Audiology, working at Beltone (PTY Ltd). However, her love for working with children led to her working with the children at Muriel Brand School for Learners with Cerebral Palsy and Learning Disabilities. She continued her passion for Speech-Language Pathology and persons with disabilities, at Via Nova School for learners who face cognitive challenges. During this time she finished the degree M Communication Pathology, with a dissertation titled "Voice amplification for the teacher with voice problems". In 2008 she joined the University of Pretoria, as a lecturer. Her main areas of interest</p>

<p>Kindertaalafwykings. Sy voltooí haar PhD suksesvol in 2015 met 'n proefskrif getitled "Die toepassing van motorleerbeginsels in die behandeling van Spraakklandafwykings". Publikasies sluit 17 internasionaal en plaaslik geakkrediteerde artikels in. Sy het ook nie-akademiese literatuur gepubliseer in die vorm van 'n kortverhaal vir kinders van 7–9 jaar, uitgegee deur Fonteine Publisieerders in 2018. Sy is tans 'n senior lektor aan die Universiteit van Pretoria.</p>	<p>are Developmental Dyslexia (Specific Learning Disorders), Speech Sound Disorders, and Childhood Language Disorders. She completed her PhD in Motor Learning Principles and Speech Sound Disorders in 2015. To date she has published 17 articles in internationally and nationally accredited journals on the above-mentioned areas of interest. She has also published non-academic literature in the form of a short story for children aged 7–9 years, published by Fonteine Publishers, in 2018. Dr Geertsema is currently a senior lecturer at the University of Pretoria.</p>
<p>MARIEN GRAHAM is 'n deskundige op die gebied van assesserings- en kwaliteitsverzekering, nie-parametrische statistiek en statistiese kwaliteitsbeheer. Sy is 'n medeprofessor in die Departement Wetenskap-, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika. Sy het op vele terreine bydraes gelewer, insluitende onderwys, gesondheidsorg, sosiale kwessies en landbou. Sy het 'n Y1-gradering van die National Research Foundation (NRF), Suid-Afrika. Prof. Graham is die medeouteur van <i>Nonparametric Statistical Process Control</i>, John Wiley & Sons (2019). Sy is ook op die redaksionele adviesraad van <i>Scientific Studies and Research, Series Mathematics and Informatics</i>, en het in tale geakkrediteerde internationale eweknie-beoordeelde joernale gepubliseer en haar navorsing op verskeie nasionale en internasionale konferensies aangebied.</p>	<p>MARIEN GRAHAM is a specialist in assessment, quality assurance, nonparametric statistics and statistical quality control. She is an Associate Professor in the Department of Science, Mathematics and Technology Education, at the University of Pretoria, South Africa. She has contributed to many disciplines such as education, healthcare, social issues and agroforestry. Prof. Graham holds a Y1 rating from the National Research Foundation (NRF), South Africa. She is the co-author of <i>Nonparametric Statistical Process Control</i>, John Wiley & Sons (2019). She is also on the editorial advisory board of <i>Scientific Studies and Research, Series Mathematics and Informatics</i>; in addition, she has published in numerous internationally accredited peer-reviewed journals and presented her research at several national and international conferences.</p>

ABSTRACT

The acquisition of Afrikaans phonemes in children aged 24–72 months

Purpose and aims of the study:

The primary aim of this study was to determine and describe the ages of acquisition of the various Afrikaans phonemes according to the theoretical framework of 75% correct production by children aged 24–72 months. The phonemes studied included all Afrikaans vowels (monophthongs and diphthongs), single consonants, and consonant clusters. The sub-aim of the study was to determine if there were any differences between male and female participants for all age groups of the study regarding the ages of acquisition of phonemes. After the researcher had conducted an extensive and comprehensive literature review, it was discovered that only limited data are currently available about the acquisition of Afrikaans phonemes. Information that was available regarding the acquisition of Afrikaans phonemes, before the current study was conducted, was published over 40 years ago and did not cover phoneme

acquisition between the ages of 24 and 36 months, the acquisition of vowels, or possible differences in acquisition between males and females per age group.

Method:

The study population consisted of 150 participants (30 participants per age group) for the age groups two to six years. All age groups had the same number of male and female participants (15 males and 15 females). Participants presented with typical development, normal hearing and typical language development, and normal anatomical structures and physiological functions of the oral and facial structures. Phoneme production of the participants was assessed using two assessment instruments, namely, the Afrikaanse Dieptetoets vir die Artikulasie van Foneme and the Afrikaanse Artikulasie Ondersoek. A self-compiled vowel repetition task was also included in the research procedures to assess the participants' production of Afrikaans vowels (monophthongs and diphthongs). Data collection procedures were initially conducted face-to-face by the researcher, but the procedures were adapted to online data collection due to the Covid-19 pandemic and resultant lockdown.

Results and discussion:

The results of the study show that all Afrikaans vowels (monophthongs and diphthongs) were acquired by the age of two years. Although the two-year-old age group as a whole had acquired the /œ:/ monophthong, the female group had not yet acquired this monophthong by the age of two years as the production accuracy did not exceed the 75% criterion. However, there were no significant statistical differences in the acquisition of vowels, including monophthongs and diphthongs, by males and females from the age of two years up to the age of six years.

Afrikaans single consonants were all acquired by the age of five years. Consonants were mainly acquired in the following sequence: plosives, the approximant, nasals, the lateral, affricates, fricatives, and lastly the trill. All Afrikaans plosive consonants, namely /p/, /t/, /k/, /b/, /d/, and /g/ were acquired by the age of two years. The approximant, /j/, was acquired at the age of two years. The two Afrikaans affricates, /tʃ/ and /dʒ/, were acquired by the age of three years. The four Afrikaans nasal consonants namely /m/, /n/, /ŋ/ and /ɲ/ were also acquired by three years. The Afrikaans lateral consonant, /l/, was acquired at the age of three years. All Afrikaans fricatives, /h/, /f/, /v/, /s/, /ʃ/, /z/, and /x/, were acquired at the age of four years. The trill /r/ was the last consonant to be acquired in Afrikaans, namely by the age of five years. Females seem to acquire single consonants earlier than males, although not statistically significantly earlier. The p-value of Fisher's Exact test indicated that there are no significant statistical differences in the ages of acquisition of all Afrikaans single consonants between males and females across all age groups (24–72 months).

All Afrikaans consonant clusters were acquired by the age of five years. The p-value of Fisher's Exact test found significant statistical differences in the age of acquisition of three consonant clusters, namely the /sp/, /sk/, and /sl/ clusters. There was a significant statistical difference in the acquisition of the /sp/ cluster ($\chi^2 = 0,035$, $p = 0,035$) between males and females at the age of three years and for the /sk/ ($\chi^2 = 0,04$, $p = 0,04$) and /sl/ ($\chi^2 = 0,01$, $p = 0,01$) clusters by four years. No significant statistical differences were discovered for any other consonant cluster across all age groups.

Conclusion:

Overall, all Afrikaans phonemes are acquired by the age of five years. In general, females seem to acquire Afrikaans consonants and consonant clusters earlier than males while no statistically significant differences were noted in the production of vowels.

KEYWORDS: phonemes; acquisition; phoneme acquisition; Afrikaans phoneme acquisition; Afrikaans; children; children aged 24-72 months; consonants; consonant clusters; diphthongs; monophthongs; vowels

TREFWOORDE: foneme; verwerwing; verwerwing van foneme; verwerwing van foneme van Afrikaans; Afrikaans; kinders; kinders tussen die ouderdomme van 24 en 72 maande; konsonante; konsonantkombinasies; diftonge; monoeftonge; vokaalklanke

OPSOMMING

Doel:

Die hoofdoel was om die ouerdom waarop Afrikaanse foneme deur kinders van die ouderdomsgroep 24–72 maande verwerf word, te beskryf volgens die teoretiese raamwerk van 75% korrekte produksie. Die subdoel was om te bepaal of 'n verskil in verwerwing tussen manlike en vroulike kinders per ouerdomsgroep gevind kon word.

Metode:

Die studiebevolking het uit 150 deelnemers bestaan (30 per ouerdomsgroep, 15 manlik en 15 vroulik), ouerdom 24–72 maande. Die *Afrikaanse Dieptetoets vir die Artikulasie van Foneme* en die *Afrikaanse Artikulasie Ondersoek* is gebruik om foneemproduksie te assesseer. 'n Nabootsingtaak is uitgevoer om die produksie van vokaalklanke te assesseer.

Resultate:

Alle vokaal- en plofklanke is teen die ouerdom van twee jaar verwerf. Die twee affrikate, vier nasale klanke en die laterale klank is teen die ouerdom van drie jaar verwerf. Alle frikatiewe is teen vier jaar verwerf terwyl die trilklang teen die ouerdom van vyf jaar verwerf is. Daar was geen beduidende verskil tussen manlike en vroulike deelnemers ten opsigte van die verwerwing van vokaalklanke nie. Vroulike deelnemers het konsonante vroeër as hulle manlike eweknieë verwerf, maar dit was nie 'n statisties beduidende verskil nie.

Alle konsonantkombinasies is teen die ouerdom van vyf jaar verwerf. Daar was 'n beduidende verskil tussen manlike en vroulike deelnemers op die ouerdom van drie jaar vir die verwerwing van /sp/ ($\chi^2 = 0,035$, $p = 0,035$), asook van /sk/ ($\chi^2 = 0,04$, $p = 0,04$) en /sl/ ($\chi^2 = 0,01$, $p = 0,01$) op die ouerdom van vier jaar. Geen beduidende verskille het op enige ouerdomsvlak vir die ander konsonantkombinasies voorgekom nie.

Gevolgtrekking:

Teen die ouerdom van vyf jaar is al die foneme verwerf. Oor die algemeen lyk dit of vroulike deelnemers die konsonante en konsonantkombinasies van Afrikaans op 'n vroeër ouerdom as manlike deelnemers verwerf het.

1. Inleiding en grondrede

Die verwerwing van foneme behels verskeie prosesse, onder andere die verwerwing van sake soos funksies en gedrag, asook die stelselmatige organisasie van foneme in 'n foneeminventaris (Yalcinkaya *et al.*, 2010:60) en die meegaande ontwikkeling van die vermoë om kontras waar te neem (Collée *et al.*, 2018:17). Wellman en medeskrywers (1931:1-82) was van die eerste akademici wat die verwerwing van Engelse foneme bestudeer het. Daaropvolgende studies deur Poole (1934:159-161) en Templin (1957:1-183) het gepoog om die verwerwingsouderdom vir 'n verskeidenheid foneme te bepaal.

Amayreh en Dyson (1998:643-644) het drie teoretiese raamwerke voorgestel waarvolgens die ouderdom van verwerwing bepaal kan word. Hierdie raamwerke vir beskrywing is die volgende: *ouderdom waarop klanke gewoonlik reg geproduseer word* ("age of customary production"), *ouderdom waarop die produksie van klanke verwerf word* ("age of acquisition of production") en *ouderdom waarop die produksie van klanke bemeester is* ("age of mastery of production") (Priester *et al.*, 2011:593). Die *ouderdom waarop klanke gewoonlik reg geproduseer word*, beskryf die korrekte produksie van 'n klank in ten minste twee klankomgewings deur ten minste 50% van die kinders in 'n bepaalde ouderdomsgroep (Tresoldi *et al.*, 2015:890):

each word targeting a specific phoneme or cluster. The aims of the study are: to assess reliability of Schindler's repetition test; to establish normative data for speech development in Italian-speaking children; to analyse validity of this instrument. Methods: Six-hundred-two Italian children, aged range between 3;0 and 10;8 years, were included in the study: 557 without clinical sign of speech impairment and 45 had a speech sound disorder. Reliability. One-hundred-five children were tested the same day by two examiners (inter-rater reliability).

Ondersoeke na die *ouderdom waarop die produksie van klanke verwerf word* kan verduidelik word as die stadium waarop kinders van 'n bepaalde ouderdomsgroep 'n foneem 75% korrek produseer in alle klankomgewings (MacLeod *et al.*, 2011:102). Die derde en finale raamwerk waarbinne ouderdom van verwerwing beskryf word, is die *ouderdom waarop die produksie van klanke ten volle bemeester is*. Hierdie raamwerk werp lig op die stadium waarop 'n foneem in alle klankomgewings deur 90% van alle kinders (sprekers van die bepaalde taal) korrek geproduseer word (Tresoldi *et al.*, 2015:890):

each word targeting a specific phoneme or cluster. The aims of the study are: to assess reliability of Schindler's repetition test; to establish normative data for speech development in Italian-speaking children; to analyse validity of this instrument. Methods: Six-hundred-two Italian children, aged range between 3;0 and 10;8 years, were included in the study: 557 without clinical sign of speech impairment and 45 had a speech sound disorder. Reliability. One-hundred-five children were tested the same day by two examiners (inter-rater reliability).

Party navorsers gebruik *ouderdom waarop die produksie van klanke bemeester is* (90% korrekte produksie) (Crowe & McLeod, 2020:2155-2169; Lotter, 1974:1-176; McLeod & Crowe, 2018:1-26; Mowrer & Burger, 1991:139-164; To *et al.*, 2013:103-122). Ander verkies die *ouderdom waarop die produksie van klanke verwerf word* (75% korrekte produksie) (Beers, 1995:1-290; 2003: 245-259; Dodd *et al.*, 2003:617-643; MacLeod *et al.*, 2011:93-109; McIntosh & Dodd, 2008:460-469; Priester *et al.*, 2011:592-596; Yalcinkaya *et al.*, 2010:60-66). Die

ouderdom waarop die produksie van klanke verwerf word, word beskou as 'n strenger kriterium waarvolgens ouderdom van verwerwing van foneme beskryf kan word (Selby *et al.*, 2000:260): "18, 21, 24 and 36 months of age. All phonetically transcribable vocalizations (glossable and non-glossable)". Storkel (2019:71) het aangedui dat die *ouderdom waarop die produksie van klanke verwerf word* (75% korrekte produksie) op of net onder die kind se kronologiese ouderdom val. Die 75% kriterium dui verder aan dat kinders se foutpatrone soortgelyk is aan kinders van dieselfde ouderdomsgroep (Storkel, 2019:71). Navorsers meen oor die algemeen dat hierdie raamwerk meer akkuraat is as die *ouderdom waarop die produksie van klanke bemeester is* (90% korrekte produksie), wat bokant die kronologiese ouderdom val. Die huidige studie maak dus gebruik van die teoretiese raamwerk van *ouderdom waarop die produksie van klanke verwerf word* (75% korrekte produksie). Navorsing is met behulp van verskeie raamwerke uitgevoer met die doel om die verwerwing van foneme deur jong kinders te bestudeer ten einde norme vir spraakontwikkeling te bepaal en 'n foneeminventaris op te stel.

Foneme word tipies in 'n bepaalde volgorde verwerf: vokaalklanke, enkelkonsonante en laastens konsonantkombinasies (MacLeod *et al.*, 2011:93-109; Priester *et al.*, 2011:592-596; Yalcinkaya *et al.*, 2010:60-66). Studies wat deur Priester *et al.* (2011:592-596) byeengebring is, fokus op die verwerwing van die foneme van Engels en Nederlands. Volgens hierdie skrywers is die meeste konsonante teen die ouderdom van vier jaar reeds verwerf (Priester *et al.*, 2011:592-596). In 'n ander studie (Crowe & McLeod, 2020:2155-2169) is die bevinding dat konsonante in verskillende tale gewoonlik bemeester is (90% akkurate produksie) teen die ouderdom van vyf jaar. Dit lyk of die verwerwing van konsonantfoneme deur ouderdom beïnvloed word, aangesien die akkuraatheid van produksie met ouderdom toeneem (Zarifian & Fotuhi, 2020: 614-625).

Die verwerwing van foneme word in verband gebring met eienskappe van spraakproduksie en sluit die interaksie tussen gebiede soos fonologie, artikulasie, praksis en prosodie in (O'Hare & Bremner, 2016:272). Die verwerwing en produksie van foneme behels ook vier vlakke, soos voorgestel deur Van der Merwe (2021:398), naamlik linguistiese simboliekbeplanning, wat spraakproduksie voorafgaan, en drie vlakke van motoriese beheer naamlik beplanning, programmering en uitvoering. Met inagneming van hierdie vlakke van verwerwing en produksie kan verwag word dat foneme met minder komplekse spraakproduksie- en artikulasiekenmerke vroeër verwerf sal word as foneme met meer komplekse kenmerke (McLeod & Crowe, 2018:1-26).

Hoewel die ouderdom waarop enkelkonsonante verwerf word klaarblyklik ooreenstem vir verskillende tale, is daar verskille ten opsigte van die ouderdom waarop konsonantkombinasies verwerf word (Priester *et al.*, 2013:1469-1473). Dodd en medewerkers (2003:617-643) het bevind dat konsonantkombinasies teen die ouderdom van vyf jaar verwerf is, terwyl Stes (1977:140-149; 1997:1-447) heelwat vroeër aangeteken het dat konsonantkombinasies eers tussen die ouderdomme van ses en tien jaar verwerf word. Die verwerwing van konsonantkombinasies word as 'n geleidelike proses beskou en die skrywers na wie hier verwys is, het berig dat /stɪ/, /spɪ/ en /skɪ/ laaste verwerf word. Ter opsomming, die meeste skrywers stem saam dat die meeste foneme in alle tale teen die ouderdom van ses jaar en twee maande reeds verwerf en ten volle bemeester is. Dit lyk of konsonantklanke teen om en by vyf jaar bemeester is, terwyl vokaalklanke reeds vroeër verwerf word (Priester *et al.*, 2011:594).

Die spesifieke ouderdom waarop vokaalklanke verwerf word, verskil egter van taal tot taal aangesien elke taal 'n eie kenmerkende vokaalinventaris het (Yalcinkaya *et al.*, 2010:60). Daar kan egter ooreenkoms ten opsigte van vokaalklanke sowel as die verwerwing daarvan wees waar tale aan dieselfde taalfamilie behoort. Afrikaans is deel van die Wes-Germaanse

tak van die Indo-Europese taalfamilie en is dus verwant aan sowel Nederlands as Duits (Carstens & Bosman, 2014:1-491). Afrikaanse vokaalklanke is soortgelyk aan dié van ander Germaanse tale, veral Nederlands en Duits (Heeringa *et al.*, 2015:15). Volgens Priester *et al.* (2011:595; 2013:1469) is die vokaalklanke van Nederlands reeds teen die ouderdom van drie jaar verwerf. Hoewel dit aan Nederlands en Duits verwant is, het Afrikaans in betreklike isolasie in Suid-Afrika ontwikkel en oor die jare verander as gevolg van wisselwerking met ander tale (Bos, 2016:4-5). Hierdie Germaanse taal het dus 'n unieke foneeminventaris ontwikkel (Bos, 2016:7-8). Die monoftonge (fonemiese vokale) van Afrikaans asook 'n voorbeeld van 'n Afrikaanse woord wat die bepaalde vokaalklank bevat, word in Tabel 1 verskaf terwyl die diftonge – twee opeenvolgende vokale in dieselfde klankgreep – van Afrikaans in Tabel 2 verskyn.

TABEL 1: Afrikaanse monoftonge

Monoftonge	Voorbeeld van Afrikaanse woord waarin die monoftong voorkom
<i>Kort monoftonge</i>	
/i/	Diep
/y/	Nuut
/e/	Tree
/ø/	Neut
/ə/	Vis
/ɛ/	Hemp
/æ/	Ek
/œ/	Hut
/a/	Aan
/ɔ/	Klop
/o/	Boor
/u/	Hoed
<i>Lang monoftonge (vokale met lengte geproduseer en uitgespreek)</i>	
/i:/	Tier
/y:/	Muur
/e:/	Bene
/ə:/	Wîe
/ɛ:/	Lê
/æ:/	Skêr
/œ:/	Brûe
/a:/	Kaart
/ɔ:/	Môre
/o:/	Glo
/u:/	Vloer

(Aangepas uit Coetzee, 2018:34-35 en Carstens en Bosman, 2017:91-125)

Buite die vokaalklanke beskik Afrikaans ook oor bykans 26 konsonantklanke (Khan, 2016:42). Die Afrikaanse konsonante word volgens die wyse van vorming in groepe verdeel, naamlik plosiewe, affrikate, NASAALKLANKE, trilklanke, frikatiewe, glyklanke en laterale klanke (Coetzee, 2018:35-36). Die groepe, asook die konsonante wat tot elke groep behoort, word in Tabel 3 uitgebeeld.

TABEL 2: Afrikaanse diftonge

Diftonge	Voorbeeld van Afrikaanse woord waarin die diftong voorkom
/əi/	Brei
/əu/	Kous
/œi/	Huis
/a:i/	Kraai
/o:i/	Mooi
/ui/	Koei
/eu/	Leeu
/ai/	Mandjie
/ɔi/	Toilet

(Aangepas uit Coetzee, 2018:35 en Carstens en Bosman, 2017:91-125)

TABEL 3: Afrikaanse konsonantgroepe en konsonante

Konsonante	Voorbeeld van Afrikaanse woord waarin die konsonant voorkom
Plosiewe	
/p/	Perd
/t/	Tafel
/k/	Kat
/b/	Boeke
/d/	Deur
/g/	Berge
Affrikate	
/f/	Tjek
/dʒ/	Jellie
Nasale klanke	
/m/	Man
/n/	Neus
/ɲ/	Hondjie
/ŋ/	Ding
Alveolêre trilklang	
/r/	Rok
Uvulêre trilklang	
/R/	Rooi (Wes-Kaapse dialek)
Frikatiewe	
/f/	Vel
/s/	Piesang
/ʃ/	Sjokolade
/x/	Geld
/v/	Was
/z/	Zebra
/h/	Hand
Glyklank	
/j/	Jas
Laterale klank	
/l/	Laai

(Aangepas uit Coetzee, 2018:35-36)

Afrikaans het verskeie konsonantkombinasies wat uit twee of meer konsonante bestaan. Die Afrikaanse konsonantkombinasies verskyn in Tabel 4.

TABEL 4: Afrikaanse konsonantkombinasies

Konsonantkombinasies wat uit twee konsonante bestaan	Konsonantkombinasies wat uit drie konsonante bestaan
/rt/, /rk/, /nt/, /st/, /kr/, /dr/, /br/, /sk/, /bl/, /pl/, /xl/, /kl/, /fl/, /lt/, /lf/, /lp/, /lk/, /rs/, /sl/, /ls/, /ts/, /ks/, /sp/, /pr/, /tr/, /rx/, /sw/, /kw/, /kn/, en /ŋk/	/spr/, /str/, en /skr/

(Aangepas uit Lotter, 1974:153-154)

Die verwerwing van Afrikaanse konsonante en konsonantkombinasies by bykans 'n duisend kinders tussen die ouderdomme van drie en nege jaar en ses maande is deur Lotter (1974:1-176) ondersoek. Die enkelkonsonante en konsonantkombinasies wat volgens die teoretiese raamwerk van *ouderdom waarop die produksie van klanke bemeester is* (90% korrekte produksie) verwerf en bemeester is, word in Tabel 5 verskaf. In teenstelling met die huidige studie het Lotter (1974:1-176) die 90% kriterium as teoretiese raamwerk gebruik, maar die 75% kriterium moes vir die trilklang /r/ en frikatiwew klank /s/ asook die kombinasies /rt/, /dr/, /br/, /rs/, /spr/ en /str/ geld, aangesien vir hierdie klanke selfs op nege jaar en ses maande nie 'n 90% korrekte produksie verkry is nie. Lotter se navorsingsbevindinge vir Afrikaans is ingesluit in 'n kruistaal-oorsig oor die verwerwing van konsonantfoneme (McLeod & Crowe, 2018:1-26). Hierdie outeurs het die gemiddelde ouderdom waarop elke konsonant verwerf is, bereken deur gebruik te maak van die gemiddelde verwerwingsouderdom van al die tale wat by die studie ingesluit is sonder om na die inligting aangaande enige bepaalde taal te verwys (McLeod & Crowe, 2018:1-26).

TABEL 5: Die verwerwing van Afrikaanse konsonantfoneme tussen die ouderdomme van drie en ses jaar (90% kriterium)

Afrikaanse enkelkonsonant-foneme wat verwerf is	Afrikaanse konsonantkombinasies wat verwerf is
/p/, /b/, /m/, /f/, /v/, /t/, /d/, /n/, /l/, /k/, /x/, /ŋ/, /h/, /j/, en /g/	/kl/, /kw/, /lp/, /lf/, /ŋk/, /nt/, /xl/, /sw/, /pl/, /bl/, /fl/, /lt/, en /ks/

(Aangepas uit Lotter, 1974:127)

Die huidige studie sluit 'n beskrywing in van foneemverwerwing by manlike en vroulike deelnemers afsonderlik, asook in die onderskeie ouderdomsgroepe. Navorsing daarop dat daar by die twee geslagte 'n verskil in die tempo van spraak- en taalontwikkeling is (Adani & Cepanec, 2019:142). In 'n studie deur To en medewerkers (2013:111) is bevind dat dogters aanvangskonsonante, finale konsonante en vokaalklanke beduidend vroeër as seuns verwerf in Katonees. Zarifian en Fotuhi (2020:614-625) het vasgestel dat daar geen statisties beduidende verskille tussen Persiessprekende seuns en dogters met betrekking tot die verwerwing van foneme is nie. Dogters het egter meer akkurate produksie van foneme as seuns getoon (Zarifian & Fotuhi, 2020:614-625). Geen data is tans beskikbaar oor die verwerwing van die foneme

van Afrikaans deur seuns en dogters onderskeidelik nie. Daarbenewens bestaan daar ook geen data oor die aard van verwerwing vir die ouderdomsgroep 24–35 maande nie. Die feit dat die beskikbare gegewens oor die verwerwing van Afrikaanse konsonante en konsonantkombinasies meer as 40 jaar gelede gepubliseer is (Lotter, 1974:1-176), moet ook in ag geneem word. Afrikaans het verandering ondergaan oor die afgelope paar jaar as gevolg van kontak met ander inheemse tale en interne verandering van Afrikaans (Kirsten, 2018:13-30). Verder het Lotter (1974) ook nie die verwerwing van Afrikaanse vokaalklanke by haar studie ingesluit nie.

Baie min inligting is beskikbaar oor die verwerwing van vokaalklanke in Afrikaans, veral in die ouderdomsgroep 24–35 maande. Die huidige studie het gefokus op die verwerwing van alle Afrikaanse foneme deur Afrikaans eerstetaal-sprekende kinders in die ouderdomsgroep 24–72 maande. Die studie het ook ondersoek ingestel na die verskille, indien enige, ten opsigte van foneemverwerwing tussen seuns en dogters in die verskillende ouderdomsgroepe. Die navorsingsvraag wat hierdie studie gemotiveer het, is dus: Op watter ouderdom word die onderskeie foneme van Afrikaans deur Afrikaans eerste taal sprekende manlike en vroulike kinders in die ouderdomsgroep 24–72 maande verwerf?

2. Metode

2.1 Doelwitte van die studie

Die hoofdoel van die studie was om die ouderdom waarop Afrikaans eerste taal sprekende kinders in die ouderdomsgroep 24–72 maande die foneme van Afrikaans verwerf, volgens die teoretiese raamwerk van 75% korrekte produksie te beskryf. Die subdoelstelling was om te bepaal of daar enige verskil ten opsigte van die verwerwing van foneme tussen manlike en vroulike deelnemers per ouderdomsgroep voorgekom het.

Die eerste mikpunt was om 'n opname te maak van die produksie van die foneme van Afrikaans per ouderdomsgroep (24–72 maande) en om 'n paneel luisteraars per ouderdomsgroep (24–72 maande) te gebruik om vas te stel of die onderskeie foneme 75% korrek geproduseer is. Die tweede mikpunt was om die resultate aangaande die akkuraatheid van produksie aan te teken en vergelykings te tref tussen manlike en vroulike deelnemers in die onderskeie ouderdomsgroepe.

2.2 Ontwerp

Die studie behels kwantitatiewe, beskrywende deursneenvorsing vanuit 'n waarskynlikheidsperspektief (Hulley *et al.*, 2013: 85-96, Lambert & Lambert, 2012:255-256, Watson, 2015:44). Die ontwerp het ook vergelykingskomponente.

2.3 Studiekonteks

Die insameling van data het aanvanklik geskied by Afrikaans-medium privaat voorskole in Pretoria, Gauteng Provinse, Suid-Afrika. Die konteks is gewysig na 'n aanlyn omgewing as gevolg van die Covid-19-pandemie en die gevolglike grendelstaat. Owers van deelnemers is persoonlik of deur Afrikaanse privaat skole en voorskole van al die provinsies van Suid-Afrika gekontak.

2.4 Deelnemers

Daar was 150 deelnemers, 30 per ouderdomsgroep (15 manlike en 15 vroulike deelnemers in elke groep). Die deelnemers is van 'n middelklas sosio-ekonomiese status waarvan 85% afkomstig is van die Gauteng provinsie, 2% van die Wes-Kaap, 6% van Mpumalanga, 4% van die Vrystaat en 3% van KwaZulu Natal. Die gemiddelde ouderdomme van elke ouderdomsgroep is as volg: 24–35 maande (28 maande), 36–47 maande (41 maande), 48–59 (50 maande), 60–71 maande (66 maande), 72 maande (72 maande). Voornemende deelnemers is by die studie ingesluit as hulle aan die volgende insluitingskriteria voldoen het: die eerste taal van die deelnemers moes Afrikaans wees, en deelnemers moes in die ouerdomsgroep 24–72 maande val. Deelnemers moes ook 'n verslag van tipiese ontwikkeling toon, normale gehoor- en taalontwikkeling hê, asook besik oor normale anatomiese strukture en fisiologiese funksie van die mond- en gesigstrukture.

2.5 Prosedures vir die seleksie van deelnemers

Die navorsers het 'n verwerkte Afrikaanse gevalsgeskiedenis- en ontwikkelingsvraelys vir ouers gebruik om inligting oor kinders se ontwikkeling te bekom (Owens, 2016; Roth & Worthington, 2016; Shipley & McAfee, 2016). Gehoorsifting en 'n orofasiale ondersoek is ter aanvang deur die navorser uitgevoer as deel van die seleksieprosedure. 'n Otoskopiese ondersoek en toetsing van oto-akoestiese emissies (OAE) is as gehoorsifting gebruik. Daar kon op 17% van die deelnemers OAE-toetse uitgevoer word as deel van die seleksieprosedures. Die orofasiale ondersoek het ten doel gehad om te bepaal of deelnemers normale anatomiese strukture en fisiologiese funksie van die orofasiale strukture getoon het. As gevolg van die Covid-19-pandemie kon die navorser nie die gehoorsifting en fisiese ondersoek by alle deelnemers uitvoer nie. Vrae aangaande gehoor, taalontwikkeling en orofasiale strukture en funksies is by die ontwikkelingsvraelys ingesluit. Die navorsers het gemik om vrae in te sluit wat sensitief is ten opsigte van al die onwikkellingsareas. Die navorsers het ook verskeie vrae ingesluit en nie net staatgemaak op een vraag nie. Die vraelys is elektronies versprei aan ouers wat bereid was om hulle kinders aan die studie te laat deelneem.

Die *Crowley and Baigorri School-age Language Assessment Measures* (SLAM)-kaarte is vir taalsiftingsdoeleindes gebruik (Crowley & Baigorri, 2015). As gevolg van die Covid-19-pandemie en die gevorglike inperkings het die navorser 'n elektroniese weergawe van die SLAM-kaarte voorsien tesame met breedvoerige aanwysings deur middel van 'n PowerPoint-aanbieding, sodat ouers die taalsifting op hulle kinders kon uitvoer.

2.6 Navorsingsprosedures

2.6.1 Loodsondersoek

'n Loodsondersoek is in die voorbereidingsjaar (2019) uitgevoer. Die doelwit van dieloodsondersoek was om vas te stel of die beplande materiaal en apparaat toepaslik en genoegsaam was om die verwerwing van foneme volgens die raamwerk van 75% korrekte produksie te beskryf. Dit was ook belangrik om te bepaal of die materiaal en apparaat toereikend sou wees om moontlike verskille tussen manlike en vroulike deelnemers ten opsigte van verwerwing te bereken. Dieloodsondersoek was ook daarop gemik om enige verandering wat nodig sou wees voordat die navorsing vir die hoofstudie onderneem word, te identifiseer.

Data vir die loodsondersoek is versamel by twee privaat voorskole in Pretoria, Gauteng Provincie, Suid-Afrika. Die deelnemers aan die loodsstudie moes aan dieselfde insluitingskriteria voldoen as die deelnemers aan die hoofstudie. Die deelnemers se eerste taal moes dus Afrikaans wees, hulle moes in die ouderdomsgroep 24–72 maande val en moes tipiese algemene ontwikkeling, gehoor en taalontwikkeling hê en normale anatomiese strukture en fisiologiese funksie van die mond- en gesigstrukture.

Daar is bevind dat die materiaal en apparaat wat in die loodsondersoek gebruik is, vir die uitvoering van die hoofstudie benut kon word. Die volgorde waarin die assessorings uitgevoer word, is tydens die hoofstudie gewysig. Die langste toets, die *Afrikaanse Dieptetoets*, moes eerst uitgevoer word aangesien deelnemers gou moeg geword het as dit ná die *Afrikaanse Artikulasie Ondersoek* onderneem is.

Dataverwerkingsprosedures wat tydens die loodsondersoek gebruik is, was toepaslik. Die werkswyse van die paneel luisteraars was voldoende om die geldigheid en betrouwbaarheid van die studie te verhoog (Geertsema & Le Roux, 2020:205-206). Die teoretiese raamwerk van ouderdom van verwerwing (75% korrekte produksie) was aanvaarbaar om 'n aanduiding te gee of die foneme wel verwerf is. Die data-insamelingsprosedures is aangepas vir die hoofstudie as gevolg van die Covid-19-pandemie. Die prosedures wat tydens die hoofstudie gebruik is, verskil dus van dié wat tydens die loodsondersoek gebruik is.

2.6.2 Data-insameling

Die deelnemers se foneemproduksie is ondersoek deur gebruik te maak van die *Afrikaanse Artikulasie Ondersoek* wat deur Lotter (1974) ontwikkel is en die *Afrikaanse Dieptetoets vir die Artikulasie van Foneme* wat deur Venter (1977) saamgestel is. Beide die twee assessorings evalueer die produksie van teikenklanke in die inisiele, mediale en finale posisie van woorde. Die *Afrikaanse Dieptetoets vir die Artikulasie van Foneme* (Venter, 1977) is eerste uitgevoer. Hierdie assessoring vereis van deelnemers om twee prentjies wat op dieselfde bladsy verskyn, opeenvolgend te benoem, byvoorbeeld "kar-kat". Die *Afrikaanse Artikulasie Ondersoek* (Lotter, 1974) is tweede uitgevoer. In hierdie toets word deelnemers versoek om alle prentitems wat aan hulle voorgelê word, te benoem.

Die derde en laaste toets was 'n nabootsingstaak vir Afrikaanse vokaalklanke wat deur die ondersoeker self saamgestel is. Die ontlokking van vokale (nabootsing) verskil dus van die ontlokking van vokale (spontaan). Die vokale was in die mediale posisie van elke woord. Dit was nodig om so 'n taak te ontwerp omdat daar tans geen ondersoekinstrument vir die produksie van Afrikaanse vokaalklanke beskikbaar is nie. Die instrument bestaan uit 'nwoordelys waarin al die Afrikaanse vokaalklanke voorkom en dit is gebaseer op die beskrywing van Afrikaanse vokaalklanke deur Coetze (2018:34-36). Die uitleg van die taak is ontleen aan die vokaalassessering wat deur Watts (2004:22-25) ontwerp is. Deelnemers is versoek om die woorde agter die ondersoeker aan te sê.

Hoëkwaliteit klankopnames van al die response van elke deelnemer in al drie toetse is met behulp van 'n LG G6-slimfoon gemaak. Die assessoring is vir elke deelnemer afsonderlik by een geleentheid afgehandel in 'n stil vertrek op die skoolgrond van die onderskeie skole. Data-insamelingsprosedures is tydens die grendeltydperk aangepas. Dit was nie vir die navorsing moontlik om die persoonlike assessorings te hervat nie. Navorsingsprosedures is dus aangepas en 30% van alle data (45 deelnemers) is deur middel van persoonlike assessorings ingesamel terwyl 70% van die data (105 deelnemers) deur middel van aanlyn prosedures ingesamel is. Die navorsing het al die aanwysings asook die assessoringsinstrumente elektronies as PowerPoint-skyfievertontings via e-pos aan die ouers van deelnemers verskaf. Die ouers het

al die assessorings uitgevoer en hoëkwaliteit klankopnames na die navorser terugstuur. Die assessorings is genommer in die volgorde waarin hulle oorspronklik deur die ondersoeker uitgevoer is. Owers het dus die assessorings in dieselfde volgorde uitgevoer as wat die ondersoeker dit gedoen het. Die ouers het die klankopnames deur middel van 'n slimfoon gemaak, in ooreenstemming met die navorser se werkswyse. Indien opnames wat ontvang is vanaf ouers nie korrek was nie of onduidelik was, is die deelnemers uitgesluit by die studie.

2.6.3 Data ontleding

'n Paneel luisteraars is by die data-ontledingsprosedures ingesluit. Die paneel het bestaan uit drie normaalhorende moedertaalsprekers van Afrikaans wat daagliks met kinders werk (Hautamäki *et al.*, 2013:2520). Die deelnemers was nie aan die paneel bekend nie (Geertsema & Le Roux, 2020:205). Die ondersoeker het die opnames van elke deelnemer se response aan die paneel voorgespeel. Die paneellede is nie toegelaat om die response te bespreek nie en kon ook nie mekaar se beoordelings sien nie (Geertsema & Le Roux, 2020:205-206). Die paneellede is dus versoek om telkens 'n onafhanklike binêreoordeel te vel deur aan te duif vir die foneem korrek uitgespreek is of nie. Paneellede is toegelaat om te versoek dat bepaalde response weer voorgespeel word (Hautamäki *et al.*, 2013:2520). Die paneellede se binêre beoordelings is aangeteken op 'n optekenvorm wat deur die ondersoeker verskaf is.

Die navorser het die aangetekende resultate ontleed en het aanvaar dat as twee van die drie paneellede (die meerderheid) die klank as korrek gemerk het, die klank dan aangeteken is as korrek geproduseer. Die data is op 'n Excel datavorm ingevul wat vervolgens aan 'n statistikus oorhandig is vir statistiese ontleding. Die data is in *Statistical Package for Social Sciences (SPSS) (version 27)* ingevoer vir ontleding. Die persentasie akkuraatheid van produksie van die foneeme per ouerdomsgroep is bereken en verskille tussen manlike en vroulike deelnemers is ondersoek deur van die Chi-kwadraattoets gebruik te maak, asook Fisher se *Exact test* vir kruistabellering in die geval van yl data. 'n Vyf persentvlak van beduidendheid is gebruik, wat beteken daar is 'n beduidende verband tussen persentasie korrekte produksie en geslag indien die p-waarde minder as 0.05 is. Dit duif dan op 'n beduidende verskil tussen seuns en dogters ten opsigte van akkuraatheid van produksie. In die huidige studie is die teoretiese raamwerk van ouerdom waarop produksie verwerf is (75% korrekte produksie van foneeme) (Amayreh & Dyson, 1998:643-644) gebruik. Indien 'n bepaalde ouerdomsgroep en manlike en vroulike deelnemers van 'n ouerdomsgroep die 75% kriterium bereik het, is aanvaar dat die foneem deur daardie geslagsgroep verwerf is.

2.7 Etiese oorwegings

Etiese klaring vir die studie is van die Komitee vir Navorsing en Etiek van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan Universiteit van Pretoria ontvang (HUM015/1219). Die navorser het seker gemaak dat etiekriglyne tydens die insameling van data gevolg is. Tydens die ondersoek is die volgende etiekbeginsels streng nagevolg: outonomie, goedwilligheid, vertroulikheid, niekwaadwilligheid en eerlikheid. Die anonimitet vanweë die aard van die studie kon nie verseker word nie. Konfidensialiteit is wel verseker deur die name en inligting van die deelnemers konfidensieel te hou deur vir elke deelnemer 'n alfanumeriese nommer te verskaf.

2.8 Betroubaarheid en geldigheid

Die betroubaarheid van die studie is verseker deurdat die mees toepaslike vertrek by elkeen van die skole en in die wonings van deelnemers gebruik is om die assessorings uit te voer. Die

assesserings is by alle deelnemers in dieselfde volgorde uitgevoer. Tussen-beoordelaars betrouwbaarheid is verseker deurdat van 'n paneel luisteraars gebruik gemaak is. Die onderzoeker het daarna gestreef om die geldigheid en betrouwbaarheid voor en na die Covid-19-inbreuk dieselfde te hou deur die navorsingsprosedures sover moontlik dieselfde te hou.

Siggeldigheid is verseker deurdat gestandaardiseerde assessoringsinstrumente vir die Afrikaanse bevolking gebruik is. Kriteriumgeldigheid (meer bepaald konkurrante geldigheid) is bevestig deurdat 'n verskeidenheid instrumente gebruik is om foneemproduksie te assesseer (Kim & Sherry, 2010:349-353). Die navorser het konstruktgeldigheid verseker deur van formele assessoringsinstrumente gebruik te maak, aangesien akkurate foneemproduksie nie direk waargeneem en beskryf kon word nie (Dikko, 2016:521-528).

3. Resultate en bespreking

Die hoofdoel van die studie was om die ouderdom waarop die verskillende foneme van Afrikaans deur Afrikaans eerste taal sprekende kinders tussen 24 en 72 maande verwerf word, te beskryf. Die teoretiese raamwerk van die *ouderdom waarop produksie verwerf word* as kriterium, dit wil sê wanneer die lede van 'n bepaalde ouderdomsgroep 'n klank of foneem 75% korrek in alle posisies in woorde produseer, is gebruik om te bepaal of 'n ouderdomsgroep foneme verwerf het (Amayreh & Dyson, 1998:642-643). Die resultate aangaande die verwerwing van vokaal- en konsonantfoneme word in tabelvorm met 'n daaropvolgende bespreking aangebied. Die resultate en bespreking met betrekking tot die verwerwing van vokaalklanke, wat monoftonge en diftonge behels, word nie vir elke ouderdomsgroep afsonderlik aangebied nie, omdat alle Afrikaanse vokaalklanke oor die algemeen teen dieselfde ouderdom verwerf word. Die resultate en bespreking met betrekking tot die verwerwing van enkelkonsonante en konsonantkombinasies word daarna vir elke ouderdomsgroep afsonderlik behandel. Die verwerwing van Afrikaanse foneme deur die manlike en vroulike subgroepe is by die bespreking van alle foneme ingesluit.

Lotter (1974:1-176) was die eerste en tot dusver die enigste navorser wat die verwerwing van Afrikaanse konsonantfoneme deur kinders bestudeer het. Sy het egter die 90% korrekte produksieraamwerk gebruik, terwyl die huidige studie van die 75% korrekte produksiekriterium gebruik gemaak het. Lotter (1974) het nie die verwerwing van vokaalklanke by haar studie ingesluit nie, ook nie die foneemverwerwing in die ouderdomsgroep 24–35 maande nie. Die verskille tussen seuns en dogters ten opsigte van foneemverwerwing is ook nie opgeteken nie. Die resultate van hierdie studie sal dus nie met dié van Lotter (1974:127) vergelyk word nie, behalwe ten opsigte van die trilklank /r/ en frikatiwye /s/ enkelkonsonante asook die konsonantkombinasies /rt/, /dr/, /br/, /rs/, /spr/ en /str/. Lotter (1974) het die 75% korrekte produksiekriterium gebruik om na die verwerwing van hierdie foneme te verwys.

3.1 Vokaalklanke

3.1.1 Monoftonge en Diftonge


Die resultate met betrekking tot die verwerwing van die kort en lang monoftonge en diftonge van Afrikaans word onderskeidelik in Tabel 6 en Tabel 7 aangebied. Die ouderdom waarop Afrikaanse monoftonge verwerf word, word in Figuur 1 uitgebeeld, terwyl die besonderhede in verband met diftonge in Figuur 2 verskyn.

TABEL 6: Akkuraatheid van produksie (%) van Afrikaanse monofonge: geslagte per ouderdomsgroep


Ouderdomsgroep		Kort monofonge												Lang monofonge												
		i	y	e	ø	ə	ɛ	æ	a	ɔ	o	u	ɪ:	y:	e:	æ:	ə:	ɔ:	u:	ʊ:						
Twee jaar	Groep (n=30)	97	100	97	97	100	100	93	100	97	100	97	97	100	97	93	78	97	93	93	97					
	Manlik (n=15)	100	100	93	93	100	100	87	100	100	100	100	93	100	93	93	93	93	100	100	100	100	100	100	100	
	Vroulik (n=15)	93	100	100	100	100	100	100	100	93	100	93	100	100	100	100	93	62	93	100	85	93				
Drie jaar	p-waarde	1,00	-	1,00	1,00	-	-	0,48	-	-	0,48	-	0,48	1,00	-	-	1,00	1,00	0,08	1,00	1,00	0,21	1,00			
	Groep (n=30)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	
	Manlik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	
Vier jaar	Vroulik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	
	p-waarde	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
	Groep (n=30)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	
Vyf jaar	Manlik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	
	Vroulik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	
	p-waarde	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-		
Ses jaar	Groep (n=30)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	
	Manlik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	
	Vroulik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	
	p-waarde	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-		

TABEL 7: Akkuraatheid van produksie (%) van Afrikaanse diftonge: geslagte per ouderdomsgroep

Ouderdomsgroep		Diftonge						ai ji
		äi	əu	æi	a:i	o:i	üi	
Twee jaar	Groep (n=30)	100	93	90	100	93	87	97
	Manlik (n=15)	100	100	87	100	93	87	100
	Vroulik (n=15)	100	86	93	100	93	87	93
Drie jaar	p-wardre	-	0,22	1,00	-	1,00	1,00	0,22
	Groep (n=30)	100	100	100	97	97	100	97
	Manlik (n=15)	100	100	100	100	93	100	100
Vier jaar	Vroulik (n=15)	100	100	100	93	100	100	100
	p-wardre	-	-	1,00	0,48	-	1,00	0,48
	Groep (n=30)	100	100	100	100	97	100	100
Vyf jaar	Manlik (n=15)	100	100	100	100	93	100	100
	Vroulik (n=15)	100	100	100	100	93	100	100
	p-wardre	-	-	-	-	-	-	-
Ses jaar	Groep (n=30)	100	100	100	100	100	100	100
	Manlik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100
	Vroulik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100
	p-wardre	-	-	-	-	-	-	-



Figuur 1: Ouderdomme waarop monofthonge van Afrikaans verwerf word



Figuur 2: Ouderdomme waarop diphthonge van Afrikaans verwerf word

Ter opsomming, die resultate dui daarop dat, oor die algemeen, alle vokaalklanke reeds teen die ouderdom van twee jaar verwerf is. In die huidige studie is die verwagte 75% kriterium dus oor die hele ouderdomspektrum (24–72 maande) oorskry (Amayreh & Dyson, 1998:643–644). Afrikaans, 'n Germaanse taal, is aan Nederlands verwant en dit is dus 'n redelike aanname dat die vokaalklanke van Afrikaans en Nederlands op soortgelyke ouderdom verwerf sal word. Priester *et al.* (2011: 595) het berig dat die vokaalklanke van Nederlands teen die ouderdom van drie jaar verwerf is en korrek geproduseer word. Die bevindings van die huidige studie was dat die vokaalklanke van Afrikaans oor die algemeen voor die ouderdom van drie jaar verwerf word, aangesien die akkuraatheid van produksie by tweejariges reeds die 75% kriterium oorskry.


Manlik teenoor vroulik

Hoewel die vokaalklanke van Afrikaans reeds teen die ouderdom van twee jaar verwerf is, is daar 'n verskil in die ouderdomme waarop manlike en vroulike deelnemers die /œ:/ monoftong verwerf het. Die manlike groep het wel 75% akkuraatheid vir die produksie van die monoftong /œ:/ oorskry, maar die vroulike groep het nog nie die 75% produksie kriterium bereik nie. Dit is dus moontlik dat seuns die /œ:/ monoftong vroeër as dogters verwerf. Die p-waarde van Fisher se *Exact test* het egter aangetoon dat die verskil nie statisties beduidend is nie.

Daar was verder geen statisties beduidende verskille in die verwerwing van vokaalklanke by manlike en vroulike deelnemers van die ouderdom drie jaar tot die ouderdom ses jaar nie. Dit stem ooreen met die bevindings van Zarifian en Fotuhi (2020:614–625). In die geheel kom die resultate van die studie nie ooreen met dié van To *et al.* (2013:103–122) nie, aangesien vroulike deelnemers nie die vokaalklanke van Afrikaans beduidend vroeër as die manlike deelnemers verwerf het nie.

3.2 Konsonante

Die resultate met betrekking tot die verwerwing van konsonantklanke word in Tabel 8 vertoon. Die ouderdomme waarop enkelkonsonantklanke verwerf word, kan in Figuur 3 gesien word. Die resultate word hier aangegee en bespreek volgens die teoretiese raamwerk van die ouderdom waarop 75% korrekte produksie aangeteken is en dit geld vir alle skrywers na wie se werk verwys word, tensy anders vermeld. In gevalle waar 'n jonger ouderdomsgroep reeds al die konsonantklanke in 'n bepaalde groepering volgens die kenmerk van lugvrylating (byvoorbeeld plosiewe) verwerf het, word daardie konsonantgroepering nie weer onder die daaropvolgende ouderdomsgroepe bespreek nie.



Figuur 3: Ouderdomme waarop die konsonante van Afrikaans verwerf word

24-35 maande (Twee jaar):

Plosiewe

Die resultate van hierdie studie toon oor die algemeen dat die plosiewe van Afrikaans, /p/, /t/, /k/, /b/, /d/, en /g/, teen die ouderdom van twee jaar verwerf is. McLeod en Crowe (2018:1-26) het in 'n kruistaalstudie bevind dat twee jaar en ses maande die gemiddelde ouderdom is waarop plosiewe verwerf is. Dit korreleer met die navorsers se bevindings. Aangesien Afrikaans aan Nederlands verwant is, sou 'n mens kon aanneem dat die plosiewe van Afrikaans en dié van Nederlands teen min of meer dieselfde ouderdom verwerf word. Beers (1995:1-290; 2003: 245-259) berig dat die /p/, /t/, /k/, /b/ en /d/ plosiewe klanke van Nederlands tussen die ouderdom van drie en vyf jaar verwerf word. Beers (1995:1-290; 2003:245-259) se gegewens stem dus met dié van hierdie studie ooreen wat aantoon dat die Afrikaanse klanke effens vroeër as die Nederlandse klanke verwerf word aangesien die plosiewe klanke van Afrikaans reeds teen die ouderdom van twee jaar verwerf is. Die /g/ foneem is egter nie by Beers (1995:1-290; 2003: 245-259) se studie ingesluit nie.

Manlik teenoor vroulik

Die vroulike subgroep het teen die ouderdom van twee jaar reeds al die plosiewe klanke van Afrikaans verwerf, terwyl die manlike subgroep al die plosiewe behalwe die /d/ foneem verwerf het. Vir hierdie klank is die 75% kriterium van verwerwing nie bereik nie. Geen statisties beduidende verskil tussen die twee subgroepe is aangedui nie.

TABEL 8: Akkuraathed van produksie (%) van Afrikaanse konsonante: geslagte per ouderdomsgroep

Ouderdoms-groep		Konsonante												Frikatieve		Glyklank	Lateraal						
		Plosiewe				Afrikatae				Nasale klanklike				Trillklank		f	s	j	x	v	z		
		p	t	k	b	d	g	gf	m	n	ŋ	r	f	s	j	x	v	z	f	h	j	-	
Twee jaar	Groep (n=30)	97	93	83	97	77	77	44	68	83	80	90	57	17	87	37	27	83	97	72	97	87	57
	Manlik (n=15)	100	93	80	100	73	67	38	71	87	80	87	53	20	87	27	33	80	93	87	93	93	67
	Vroulik (n=15)	93	93	87	93	80	87	50	64	80	80	93	60	13	87	47	20	87	100	57	100	80	47
Drie jaar	p-waarde	1,00	1,00	1,00	1,00	1,00	0,39	0,70	1,00	1,00	1,00	1,00	1,00	1,00	0,45	0,68	1,00	1,00	0,11	1,00	0,60	0,46	
	Groep (n=30)	100	100	97	100	100	100	76	76	100	100	97	93	24	100	57	67	100	97	67	100	97	100
	Manlik (n=15)	100	100	93	100	100	100	69	69	100	100	93	100	20	100	47	53	100	100	60	100	100	100
Vier jaar	Vroulik (n=15)	100	100	100	100	100	100	83	83	100	100	87	33	100	67	80	100	93	73	100	93	100	100
	p-waarde	-	-	1,00	-	-	-	0,65	0,65	-	-	1,00	0,48	0,68	-	0,46	0,25	-	1,00	0,70	-	1,00	-
	Groep (n=30)	100	100	100	100	97	96	96	100	100	93	63	100	77	76	97	100	90	97	100	93	100	93
Vijf jaar	Manlik (n=15)	100	100	100	100	93	92	92	100	100	93	50	100	79	71	100	100	86	100	86	100	100	93
	Vroulik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	93	75	100	93	80	93	100	93	93	100	93	100	93
	p-waarde	-	-	-	-	0,48	0,44	0,44	-	-	-	1,00	0,26	-	0,32	0,43	1,00	-	0,59	1,00	-	1,00	-
Ses jaar	Groep (n=30)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	93	100	84	80	100	100	90	100	90	100	100	90
	Manlik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	87	100	87	80	100	100	87	100	100	100	100
	Vroulik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	80	100	100	93	100	100	100	100
P-waarde	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
	Groep (n=30)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	97	100	97	100	100	93	100	100	80
	Manlik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	93	100	100	100	100	93	100	100	100
Vroulik (n=15)	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	93	100	100	100	100	93	100	100	100
	p-waarde	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	

Affrikate

Die tweejariges het nie die 75% produksie kriterium vir die affrikate /ʃ/ en /dʒ/ bereik nie. Die gemiddelde ouderdom waarop /ʃ/ verwerf word, is vier jaar en vir /dʒ/ is dit drie jaar (McLeod & Crowe, 2018:1-26). Dit is dus te verwagte dat /ʃ/ en /dʒ/ nog nie teen die ouderdom van twee jaar verwerf sou wees nie, soos dit in hierdie studie inderdaad bevind is.

Manlik teenoor vroulik

Nie die manlike of die vroulike subgroep het die affrikate /ʃ/ en /dʒ/ verwerf nie want nie een van die twee subgroepe het die 75% verwerkingskriterium bereik nie. Daar was geen statisties beduidende verskil tussen die subgroepe nie.

Nasale klanke

In ooreenstemming met die bevindings van McLeod en Crowe (2018:1-26) het die tweejariges die /m/ en /n/ reeds verwerf. McLeod en Crowe (2018:1-26) berig dat drie jaar die gemiddelde ouderdom is waarop die palatale klank /ɲ/ verwerf word. Die navorsers se resultate toon egter dat die /ɲ/ in Afrikaans reeds teen die ouderdom van twee jaar verwerf is (75% korrek). In teenstelling met die resultate van McLeod en Crowe (2018:1-26) het die velêre nasale klank /ŋ/ nie 75% akkurate produksie bereik nie en is die klank dus nog nie teen die ouderdom van twee jaar verwerf nie.

Manlik teenoor vroulik

Die verwerkingspatroon vir nasale klanke in Afrikaans is dieselfde vir die manlike en vroulike subgroepe aangesien albei groepe teen die ouderdom van twee jaar reeds die nasale /m/, /n/, en /ŋ/ verwerf het. Daar is geen statisties beduidende verskille tussen die twee subgroepe nie.

Trilklanke

Die trilklang /r/ het nie 75% akkurate produksie bereik nie en is dus in Afrikaans nog nie teen twee jaar verwerf nie. Die /r/ is een van die laaste foneme van Nederlands wat deur jong kinders verwerf word (Priester *et al.*, 2011:596) en dit is te verwagte dat dit in Afrikaans nog nie teen hierdie ouderdom verwerf sal wees nie.

Manlik teenoor vroulik

Die trilklang /r/ is nie deur manlike of vroulike deelnemers teen die ouderdom van twee jaar verwerf nie. Daar is geen statisties beduidende verskille tussen die twee subgroepe nie.

Frikatiewe

Vier frikatiewe, /f/, /f/, /v/, en /x/, het op die ouderdom van drie jaar die 75% kriterium bereik. Die akkuraatheid van produksie oortref dié wat deur Beers (1995:1-290; 2003: 245-259) aangeteken is. Volgens McLeod en Crowe (2018:1-26) is die gemiddelde ouderdom waarop die glottale klank /h/ en die labiale klank /f/ verwerf word, twee jaar, terwyl die gemiddelde ouderdom waarop die labiale klank /v/ en die velêre klank /x/ verwerf word, drie jaar is. Die frikatiewe /v/ en /x/ word dus in Afrikaans op 'n vroeër ouderdom verwerf as wat McLeod en Crowe (2018:1-26) berig.

Frikatiewe wat in die huidige studie nog nie teen die ouderdom van twee jaar verwerf is nie, is /s/, /z/, en /ʃ/. In Nederlands is /s/ volgens Beers (1995:1-290; 2003: 245-259) teen die

ouderdom van twee jaar reeds verwerf. Stes (1977:140-149; 1997:1-447) berig egter dat die alveolêre frikatiewe /s/ en /z/ in Nederlands eers later, tussen die ouderdomme van drie jaar en nege jaar, verwerf word. Die /s/ is een van die laaste foneme wat verwerf word en dit is dus te verwagte dat dit teen twee jaar nog nie verwerf sou wees nie (Priester *et al.*, 2011:596).

Manlik teenoor vroulik

Die p-waarde van Fisher se *Exact test* toon dat daar ten opsigte van /f/, /f/, /v/ en /x/ geen statisties beduidende verskil tussen die twee subgroepe voorgekom het nie. Hoewel /s/, /z/ en /ʃ/ teen die ouderdom van twee jaar nog nie verwerf is nie, is daar 'n verskil tussen die twee subgroepe ten opsigte van akkuraatheid van produksie, maar dit is nie statisties beduidend nie.

Glyklank

Die tweeariges het wat die glyklank /j/ betref die kriterium van 75% oortref. Hierdie palatale glyklank van Afrikaans is dus teen twee jaar reeds verwerf. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Beers (1995:1-290) en ook van McLeod en Crowe (2018:1-26).

Manlik teenoor vroulik

Die manlike en vroulike tweearige subgroepe het albei reeds die glyklank /j/ verwerf. Daar is geen statisties beduidende verskille tussen die twee subgroepe nie.

Laterale klank

Die laterale foneem /l/ van Afrikaans is teen twee jaar nog nie verwerf nie. Die /l/ foneem van Nederlands is volgens Beers (1995; 2003:245-259) wel teen hierdie ouderdom verwerf. Stes (1977:140-149; 1997:1-447) asook McLeod en Crowe (2018:1-26) konstateer egter dat /l/ eers teen drie jaar verwerf word, wat met die huidige studie se resultate ooreenstem.

Manlik teenoor vroulik

Nie die manlike of die vroulike subgroep het teen twee jaar die /l/ van Afrikaans verwerf nie. Daar is geen statisties beduidende verskille tussen die twee subgroepe nie.

36–47 maande (Drie jaar):

Affrikate

Die driejarige groep het vir sowel /ʃ/ as /dʒ/ 'n gemiddelde akkuraatheid van produksie getoon wat die 75% kriterium oortref. Die gemiddelde ouderdom waarop /ʃ/ verwerf word, is vier jaar (McLeod & Crowe, 2018:1-26). In Afrikaans is /ʃ/ egter reeds deur die driejariges verwerf. Volgens McLeod en Crowe (2018:1-26) word /dʒ/ op die ouderdom van drie jaar verwerf, in ooreenstemming met die navorsers se bevindings. Die /ʃ/ en /dʒ/ is nie deur Beers (1995:1-290; 2003:245-259) of deur Stes (1977:140-149; 1997:1-447) in Nederlands ondersoek nie.

Manlik teenoor vroulik

Hoewel die driejarige groep sowel /ʃ/ as /dʒ/ reeds verwerf het, was daar 'n verskil tussen die manlike en vroulike deelnemers ten opsigte van die verwerwing van die twee affrikate. Daar is nie 'n statisties beduidende verskil aangedui nie.

Nasale klanke

Drie van die vier nasale klanke van Afrikaans, naamlik /m/, /n/, /ŋ/, is reeds teen die ouerdom van twee jaar verwerf. Die driejariges het ook die laaste nasale klank, naamlik die velêre klank /ŋ/, verwerf. Die resultate van die huidige studie stem ooreen met die bevindings van Stes (1977:140-149; 1997:1-447) maar nie met dié van McLeod en Crowe (2018:1-26) nie. Hulle berig dat /ŋ/ reeds voor die ouerdom van drie jaar verwerf word. Beers (1995:1-290; 2003:245-259) het nie die verwerwing van /ŋ/ in Nederlands ondersoek nie.

Manlik teenoor vroulik

Ten opsigte van die akkuraatheid van produksie van /m/ en /n/ is daar geen verskil tussen manlike en vroulike driejariges gevind nie. Gevolglik is daar ook geen statistiese beduidendheid van verskil bereken nie.

Trilklang

Die driejarige groep het nog nie die trilklang /r/ verwerf nie. In die studie deur Lotter (1974:1-176) is ook bevind dat die Afrikaanse foneem /r/ teen drie jaar nog nie verwerf is nie. Beers (1995:1-290; 2003:245-259) het egter bevind dat /r/ teen twee jaar ses maande verwerf is. Die bevinding van die huidige studie stem wel ooreen met dié van Stes (1977:140-149; 1997:1-447) en van Lotter (1974:1-176), wat albei berig dat /r/ nog nie teen die ouerdom van drie jaar verwerf is nie.

Manlik teenoor vroulik

Nog die manlike, nog die vroulike subgroep het /r/ verwerf aangesien nie een van die twee subgroepe die verwerwingskriterium bereik het nie. Daar was ook geen statisties beduidende verskil tussen die twee subgroepe nie.

Frikatiewe

Die frikatiewe /f/, /f/, /v/ en /x/ is reeds deur die tweejariges verwerf. Die driejariges het nog nie /s/, /z/ en /ʃ/ verwerf nie.

Manlik teenoor vroulik

Die manlike en vroulike subgroepe het dieselfde akkuraatheid van produksie getoon vir /f/, /f/ en /x/. Daar is wel 'n verskil tussen die twee subgroepe ten opsigte van die ouerdom waarop /ʃ/ verwerf word. Die vroulike subgroep het /ʃ/ het die 75% kriterium bereik, maar nie die manlike subgroep nie. Daar is egter nie 'n statisties beduidende verskil nie.

Laterale klank

Die laterale klank /l/ is teen die ouerdom van drie jaar reeds verwerf, soos blyk uit die bevinding dat akkuraatheid van produksie die 75% kriterium oorskry. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van sowel McLeod en Crowe (2018:1-26) as Stes (1977:140-149; 1997:1-447), wat ook aandui dat /l/ teen die ouerdom van drie jaar reeds verwerf is.

Manlik teenoor vroulik

Die manlike en vroulike subgroepe het albei die kriterium van 75% akkurate produksie vir /l/ oorskry en daar is dus geen verskil tussen die twee subgroepe ten opsigte van verwerwingsouderdom of akkuraatheid van produksie nie.

48–59 maande (Vier jaar):

Trilklang

Die trilklang /r/ is teen die ouderdom van vier jaar nog nie verwerf nie, aangesien die akkuraatheid van produksie nog nie die 75% kriterium bereik het nie. Die resultate van die huidige studie kan met dié van Lotter (1974:1-176) en ook van Stes (1977:140-149; 1997:1-447) in verband gebring word. Beide hierdie navorsers het bevind dat die /r/ foneem teen die ouderdom van vier jaar nog nie verwerf is nie.

Manlik teenoor vroulik

Hoewel die vierjarige groep as geheel nog nie die /r/ verwerf het nie, het die vroulike subgroep wel 75% kriterium van produksie vir /r/ bereik en hulle het dus die foneem verwerf. Die manlike subgroep het nie die 75% kriterium bereik nie. Daar is nie 'n statisties beduidende verskil nie.

Frikatiewe

Vier van die sewe frikatiewe van Afrikaans, naamlik /f/, /f/, /v/ en /x/, is reeds teen die ouderdom van twee jaar verwerf. Die laaste drie frikatiewe, /s/, /ʃ/ en /z/, is teen die ouderdom van vier jaar verwerf aangesien die vierjariges die 75% kriterium bereik het. Die gemiddelde ouderdom waarop /s/ en /z/ verwerf word, is volgens McLeod en Crowe (2018:1-26) drie jaar, terwyl Stes (1977:140-149; 1997:1-447) berig dat hierdie foneme in Nederlands eers op sewe tot nege jaar verwerf word. Priester *et al.* (2011:592-596) het ook aangedui dat die /s/ in Nederlands teen vier jaar nog nie verwerf is nie. Volgens Lotter (1974:1-176) word /s/ in Afrikaans tussen die ouerdomme van sewe en agt jaar verwerf. Die huidige studie verskil egter van hierdie vorige ondersoeke met die bevinding dat /s/ in Afrikaans reeds teen die ouderdom van vier jaar verwerf is.

Die huidige studie het verder bevind dat die frikatiel /ʃ/ teen die ouderdom van vier jaar reeds verwerf is. Stes (1977:104-149; 1997:1-447) het, in ooreenstemming met die huidige studie se resultate, gevind dat /ʃ/ in Nederlands teen die ouderdom van vier jaar reeds verwerf is.

Manlik teenoor vroulik

Die manlike en vroulike vierjarige subgroepe het verskil ten opsigte van die verwerwing van /ʃ/. Die manlike subgroep het nie die 75% verwerwingskriterium bereik nie, terwyl die vroulike subgroep dit wel bereik het. Daar is egter nie 'n statisties beduidende verskil nie.

60–71 maande (*Vyf jaar*):

Trilklank

Die bevinding van die huidige studie is dat die /r/ trilklank van Afrikaans op vyf jaar verwerf word, hoewel die gemiddelde ouderdom waarop hierdie klank verwerf word volgens McLeod en Crowe (2018:1-26) vier jaar is. Stes (1977:140-149; 1997:1-447) het, in ooreenstemming met die huidige studie, gevind dat die /r/ in Nederlands op vyf jaar verwerf word. Lotter (1974:1-176) het die ouderdom waarop /r/ in Afrikaans verwerf word, as tussen vyf en ses jaar aangeteken. Dit is ietwat later as in die huidige studie waar gevind is dat /r/ in Afrikaans reeds op vyf jaar verwerf is.

Manlik teenoor vroulik

Die manlike en vroulike subgroepe wat aan die studie deelgeneem het, het albei die verwerwingskriterium vir /r/ teen die ouderdom van vyf jaar bereik. Daar is geen statisties beduidende verskil nie.

72 maande (*Ses jaar*):

Al die foneme van Afrikaans het op hierdie ouderdom in die huidige studie die 75% kriterium oorskry, aangesien almal reeds teen die ouderdom van vyf jaar verwerf is. Die akkuraatheid van produksie by die sesjarige groep het selfs die 90% kriterium (Amayreh & Dyson, 1998:643-644) vir alle konsonantfoneme oorskry. Die stelling kan dus gemaak word dat al die foneme van Afrikaans teen die ouderdom van ses jaar bemeester is (90% korrek geproduseer).

Manlik teenoor vroulik

Die p-waarde van Fisher se *Exact test* het aangetoon dat daar op die ouderdom van ses jaar geen statisties beduidende verskil tussen die manlike en vroulike subgroepe vir enige van die konsonante bestaan nie.

Ter opsomming, daar is wel verskille tussen manlike en vroulike deelnemers ten opsigte van die ouderdom waarop enkelkonsonante verwerf word, maar hierdie verskille is nie statisties beduidend nie. Oor die algemeen blyk dit dat vroulike deelnemers moontlik die enkelkonsonante van Afrikaans ietwat vroeër as manlike deelnemers verwerf het, aangesien ses konsonante deur vroulike subgroepe op verskillende ouderdomme vroeër as die manlike subgroep op daardie ouderdom verwerf is, terwyl dit net vir een konsonant die geval was dat 'n manlike subgroep vroeër as die vroulike subgroep die 75% kriterium bereik het. In hierdie opsig is daar 'n korrelasie tussen die resultate van die huidige studie en dié van To en medewerkers (2013:103-122) wat gevind het dat vroulike deelnemers konsonantfoneme vroeër as manlike deelnemers verwerf het, hoewel die huidige studie se verskille nie statisties beduidend is nie.

3.3 Konsonantkombinasies


Die resultate met betrekking tot die verwerwing van konsonantkombinasies in Afrikaans word in Tabel 9 weergegee.

TABEL 9: Akkuraatheid van produksie (%) van Afrikaanse konsonantkombinasies: geslagte per ouderdomsgroep

Ouderdoms-groep		Konsonantkombinasies																
		rt	rk	nt	st	kr	dr	br	sk	bl	pl	xl	kl	fl	lf	lp	lk	
Twee jaar	Groep (n=30)	13	13	93	43	7	27	20	43	57	57	55	77	53	55	67	63	83
	Manlik (n=15)	13	20	87	40	7	20	20	27	67	53	57	80	53	60	73	53	80
	Vroulik (n=15)	13	7	100	47	7	33	20	60	47	60	53	73	53	50	60	73	87
	p-waarde	1,00	0,60	0,48	1,00	1,00	0,68	1,000	0,14	0,46	1,00	1,00	1,00	1,00	0,72	0,70	0,45	1,00
Drie jaar	Groep (n=30)	24	27	100	63	30	45	40	63	90	97	77	93	97	100	90	87	97
	Manlik (n=15)	20	20	100	53	27	33	33	47	87	93	80	87	100	100	87	80	93
	Vroulik (n=15)	29	33	100	73	33	57	47	80	93	100	73	100	93	100	93	93	100
	p-waarde	0,68	-	0,45	1,00	0,27	0,71	0,13	1,00	1,00	1,00	0,48	1,00	-	1,00	0,60	1,00	
Vier jaar	Groep (n=30)	73	60	100	87	63	66	73	86	90	90	97	93	100	86	93	100	
	Manlik (n=15)	57	50	100	79	57	71	64	71	93	79	86	93	93	100	86	86	100
	Vroulik (n=15)	87	69	100	93	69	60	81	100	87	100	93	100	93	100	86	100	100
	p-waarde	0,10	0,46	-	0,32	0,71	0,70	0,42	0,04	1,00	0,46	0,59	0,47	1,00	-	1,00	0,21	-
Vijf jaar	Groep (n=30)	80	83	97	80	83	90	90	87	97	93	100	100	97	97	80	100	100
	Manlik (n=15)	67	73	93	80	79	80	80	93	100	93	100	100	93	100	80	100	100
	Vroulik (n=15)	93	93	100	80	87	100	100	80	93	93	100	100	100	93	80	100	100
	p-waarde	0,17	0,33	1,00	1,00	0,65	0,22	0,22	0,08	1,00	1,00	-	-	0,48	1,00	1,00	-	-
Ses jaar	Groep (n=30)	100	87	100	100	90	90	90	96	90	93	100	100	97	100	100	100	100
	Manlik (n=15)	100	93	100	100	81	87	87	100	81	87	100	100	100	100	100	100	100
	Vroulik (n=15)	100	100	100	100	93	93	92	100	100	100	100	100	93	100	100	100	100
	p-waarde	-	1,00	-	-	0,23	1,00	1,00	0,43	0,23	0,49	-	-	0,47	-	-	-	-

TABEL 9: Akkuraatheid van produksie (%) van Afrikaanse konsonantkombinasies: geslagte per ouderdomsgroep (*vervolg*)

Ouderdoms-groep		Konsonantkombinasies																
		rs	sl	ls	ks	sp	pr	tr	xr	kw	kn	ŋk	spr	str	skr			
Twee jaar	Groep (n=30)	22	33	50	67	50	23	23	20	57	87	45	67	23	13	28		
	Manlik (n=15)	31	47	53	67	53	20	20	20	53	80	47	73	27	13	21		
	Vroulik (n=15)	14	20	47	67	80	47	27	27	20	60	93	43	60	20	13	33	
	p-waarde	0,39	0,25	1,00	1,00	0,25	1,00	1,00	1,00	1,00	0,60	1,00	0,70	1,00	1,00	0,68		
	Groep (n=30)	38	63	47	63	70	72	24	37	37	67	100	90	97	33	27	37	
	Manlik (n=15)	20	60	33	47	60	53	21	33	33	53	100	93	93	33	13	33	
Drie jaar	Vroulik (n=15)	53	67	60	80	80	93	27	40	40	80	100	87	100	33	40	40	
	p-waarde	0,06	1,00	0,27	0,12	0,43	0,04	1,00	1,00	1,00	0,25	-	1,00	1,00	1,00	0,22	1,00	
	Groep (n=30)	75	83	97	97	86	63	73	69	79	97	100	93	100	64	69	61	
Vier jaar	Manlik (n=15)	58	64	100	93	93	79	50	71	64	79	100	100	86	100	50	64	43
	Vroulik (n=15)	92	100	93	100	100	93	77	75	73	79	93	100	100	100	79	73	79
	p-waarde	0,16	0,01	1,00	0,47	0,47	0,33	0,24	1,00	0,70	1,00	-	0,21	-	0,24	0,70	0,12	
	Groep (n=30)	76	87	83	83	97	83	90	90	87	100	100	93	100	83	80	83	
Vijf jaar	Manlik (n=15)	77	87	87	87	87	100	80	80	87	87	100	100	93	100	79	73	79
	Vroulik (n=15)	75	87	80	79	79	93	87	100	93	87	100	100	93	100	87	87	
	p-waarde	1,00	1,00	0,22	0,65	0,48	1,00	0,22	1,00	1,00	-	-	1,00	-	0,65	0,65	0,65	
	Groep (n=30)	89	87	97	100	100	97	90	97	93	100	100	100	100	93	83	90	
Ses jaar	Manlik (n=15)	86	81	100	100	93	87	93	87	100	100	100	100	100	93	75	80	
	Vroulik (n=15)	92	93	100	100	100	100	93	100	100	100	100	100	100	93	93	100	
	p-waarde	1,00	0,60	0,47	-	-	1,00	1,00	1,00	0,49	-	-	-	-	1,00	0,34	0,22	



Figuur 4: Ouderdomme waarop Afrikaanse konsonantkombinasies verwerf word

24–35 maande (Twee jaar):

Die teoretiese raamwerk van die *ouderdom waarop 75% korrekte produksie verwerf word*, is gebruik om te bepaal of konsonantverbinding met welslae verwerf is of nie (Amayreh & Dyson, 1998:643-644). Volgens hierdie produksiekriterium het die tweeariges wat aan die huidige studie deelgeneem het, net vier van die 34 konsonantkombinasies van Afrikaans verwerf.

Die kombinasies wat volgens die teoretiese raamwerk deur die tweeariges verwerf is, is /nt/, /kl/, /lk/ en /kw/. Stes (1977:140-149; 1997:1-447) berig dat /kl/ en /kw/ in Nederlands eers op die ouderdom van vier jaar verwerf word. Die /nt/ kombinasie is in Afrikaans reeds op die ouderdom van twee jaar verwerf terwyl dit volgens Stes (1977:140-149; 1997:1-447) in Nederlands eers op vyf jaar verwerf word. Die huidige studie het bevind dat /lk/ in Afrikaans ook reeds teen twee jaar verwerf is terwyl dit in Nederlands eers teen die ouderdom van nege jaar verwerf word (Stes, 1977:140-149; 1997:1-447). Die resultate van die huidige studie lewer dus 'n nuwe perspektief op die verwerwing van die konsonantkombinasies van Afrikaans deur tweeariges. Beers (1995:1-190; 2003:245-259) het nie die verwerwing van konsonantkombinasies in Nederlands ondersoek nie en Lotter (1974:1-176) het nie die verwerwing van konsonantkombinasies vir die ouderdomsgroep twee jaar ondersoek nie.

Manlik teenoor vroulik

In die geheel het die tweearige groep nog nie die /ks/ kombinasie verwerf nie, maar die vroulike subgroep het wel die 75% verwerwingskriterium gehaal. Daar is egter geen statisties beduidende verskil nie.

36–47 maande (Drie jaar):

Benewens die konsonantkombinasies wat vroeër reeds verwerf is, het die driejarige groep nog nege konsonantkombinasies verwerf naamlik /bl/, /pl/, /xl/, /fl/, /lt/, /lf/, /lp/, /kn/ en /ŋk/. Die akkuraatheid van produksie van hierdie kombinasies oorskry die 75% kriterium. Dit staan in teenstelling met die bevinding van Stes (1977:140-149; 1997:1-447) dat hierdie kombinasies in Nederlands eers op vier jaar verwerf word. Die resultate van die huidige studie stem slegs ten opsigte van die verwerwing van die kombinasie /ŋk/ ooreen met Stes (1977:140-149; 1997:1-447) se bevinding dat /ŋk/ in Nederlands op driejarige ouderdom verwerf word. Die navorsers se bevindings dui daarop dat die kombinasies /lt/, /lf/ en /lp/ reeds op die ouderdom van drie jaar verwerf is, nieteenstaande Stes (1977:140-149; 1997:1-447) se stelling dat /lt/ eers op vyf jaar en /lf/ en /lp/ op sewe jaar verwerf word.

Manlik teenoor vroulik

Die vier konsonantkombinasies /ts/, /ks/, /sw/ en /sp/ is nog nie deur die driejarige groep as geheel verwerf nie, maar die vroulike subgroep het dit wel reeds verwerf. Die p-waarde van Fisher se *Exact test* toon dat daar in hierdie ouerdomsgroep geen statisties beduidende verskil tussen die subgroeppe is ten opsigte van die verwerwing van /ts/, /ks/, en /sw/ nie. Daar is egter 'n statisties beduidende verskil tussen driejarige manlike en vroulike deelnemers ten opsigte van die verwerwing van /sp/ ($\chi^2 = 0,035$, $p = 0,035$).

48–59 maande (Vier jaar):

Die vierjarige groep het benewens die konsonantkombinasies wat reeds verwerf is, nog tien kombinasies verwerf, te wete /st/, /sk/, /rs/, /sl/, /ls/, /ts/, /ks/, /sp/, /rx/ en /sw/. Die navorsers se resultate ten opsigte van die ouerdom waarop hierdie kombinasies verwerf word, verskil van dié van Stes (1977:140-149; 1997:1-447) wat berig dat die kombinasies in Nederlands nie voor die ouerdom van ses jaar verwerf word nie. Lotter (1974:1-176) het die 75% kriterium vir /rs/ gebruik en het bevind dat hierdie kombinasie nie voor die ouerdom van nege jaar verwerf word nie. Die huidige resultate verskil dus van dié van Lotter (1974:1-176) aangesien /rs/ reeds teen die ouerdom van vier jaar verwerf is.

Manlik teenoor vroulik

Hoewel die vierjarige groep as geheel die kombinasies /sk/, /sl/ en /rs/ verwerf het, het die manlike subgroep nie die 75% verwerwingskriterium teen dié ouerdom bereik nie. Die p-waarde van Fisher se *Exact test* vir /sk/ ($\chi^2 = 0,04$, $p = 0,04$) en /sl/ ($\chi^2 = 0,01$, $p = 0,01$) lewer 'n statisties beduidende verskil tussen manlike en vroulike deelnemers. Geen statisties beduidende verskil is egter ten opsigte van /rs/ gevind nie.

Die konsonantkombinasies /rt/, /br/, /pr/, /tr/, /spr/ en /skr/ is nog nie deur die vierjarige groep as geheel verwerf nie, maar wel deur die vierjarige vroulike subgroep. Die verskil tussen die subgroeppe is egter nie volgens die p-waarde van Fisher se *Exact test* beduidend nie.

60–71 maande (Vyf jaar):

Die konsonantkombinasies wat bo en behalwe die reeds verworwe kombinasies op die ouerdom van vyf jaar verwerf is, is /rt/, /rk/, /kr/, /dr/, /br/, /pr/, /tr/, /xr/, /spr/, /str/ en /skr/.

Die resultate van die huidige studie stem ooreen met dié van Stes (1977:140-149; 1997:1-447) ten opsigte van die ouderdom waarop /kr/, /br/, /pr/ en /xr/ verwerf word, aangesien hierdie kombinasies ook in Nederlands op vyf jaar verwerf word. Anders as in Afrikaans (volgens die bevindings van die huidige studie), word die Nederlandse kombinasies /rt/, /rk/, /dr/, / /tr/, / /xr/, /spr/, /str/ en /skr/ eers na die ouderdom van ses jaar verwerf (Stes, 1977:140-149; 1997:1-447). Lotter (1974:1-176) het die 75% kriterium vir /rt/, /dr/, /br/, /spr/ en /str/ gebruik. Volgens Lotter (1974:1-176) word hierdie kombinasies tussen die ouderdomme van vier en ses jaar verwerf, wat min of meer ooreenstem met die huidige bevinding dat hulle op die ouderdom van vyf jaar verwerf word.

Stes (1977:140-149; 1997:1-447) maak die stelling dat konsonantkombinasies eers tussen die ouderdomme van ses en tien jaar verwerf word. In die huidige ondersoek is egter gevind dat al die konsonantkombinasies van Afrikaans teen die ouderdom van vyf jaar reeds deur dié ouderdomsgroep as geheel verwerf is.

Manlik teenoor vroulik

Verskille tussen die manlike en vroulike deelnemers ten opsigte van die akkuraatheid van produksie het voorgekom. Die vroulike vyfjarige subgroep het beter as die manlike subgroep presteer ten opsigte van akkuraatheid van produksie van agt van die konsonantkombinasies wat teen hierdie ouderdom verwerf is, te wete /xr/, /pr/, /kr/, /spr/, /skr/, /dr/, /br/ en /tr/. Daar kom egter nie 'n statistiese beduidende verskil voor nie.

72 maande (Ses jaar):

Al die konsonantkombinasies van Afrikaans het teen die ouderdom van ses jaar die 75% verwerwingskriterium oorskry aangesien al die konsonantkombinasies reeds teen hierdie ouderdom verwerf is.

Manlik teenoor vroulik

Hoewel al die konsonantkombinasies van Afrikaans teen die ouderdom van vyf jaar reeds verwerf is, was daar tog 'n verskil tussen die manlike en vroulike subgroepe met betrekking tot die akkuraatheid van produksie van bepaalde kombinasies op die ouderdom van ses jaar. Die manlike subgroep se akkuraatheid van produksie was hoër as dié van die vroulike subgroep vir /fl/, /ls/ en /sk/. Die vroulike subgroep het hoër akkuraatheid van produksie as die manlike subgroep behaal vir /dr/, /br/, /rs/, /tr/, /rk/, /pr/, /xr/, /sl/, /pl/, /rx/, /str/ /kr/, /bl/ en /skr/. Die p-waarde van Fisher se *Exact test* het egter getoond dat hierdie verskille nie statisties beduidend is nie.

Ter opsomming, dit lyk of vroulike deelnemers die konsonantkombinasies van Afrikaans oor die algemeen vroeër as manlike deelnemers verwerf het aangesien die vroulike deelnemers op die verskillende ouderdomsvlakke 15 konsonantkombinasies vroeër as die manlike deelnemers verwerf het, terwyl slegs twee konsonantkombinasies vroeër deur die manlike deelnemers verwerf is. Hierdie bevindings stem dus ooreen met dié van To *et al.* (2013) wat berig het dat vroulike deelnemers konsonante vroeër as manlike deelnemers verwerf het.

4. Slotopmerkings

In hierdie studie is gevind dat al die foneme van Afrikaans, vokaalklanke, konsonante en konsonantkombinasies, teen die ouderdom van vyf jaar deur hierdie deelnemers verwerf is.

Die vokale is almal reeds op die ouderdom van twee jaar verwerf. Volgens hierdie studie is die vokaalklanke van Afrikaans vroeër as dié van Nederlands verwerf. Die verwerwing van die vokale van Afrikaans is nog nie voorheen ondersoek nie. Die resultate in hierdie verband bring dus nuwe inligting tot die gebied van spraakklankverwerwing. Vroulike en manlike deelnemers het vokale bykans teen dieselfde tempo verwerf in die geval van Afrikaans.

Teen die ouderdom van vyf jaar is alle enkelkonsonante reeds verwerf. Plosiewe en die glyklank /j/ is voor nasale klanke, affrikate, die laterale klank /l/ en die frikatiwewerf. Die trilklang /r/ is die laaste konsonantklank wat verwerf is. Resultate toon dat dogters moontlik enkelkonsonante en konsonantkombinasies in Afrikaans op 'n vroeër ouderdom as seuns verwerf.

Alhoewel die navorsers die 75% kriterium gebruik het, is dit belangrik om in ag te neem dat die akkuraatheid van verskillende verwerwingskriteria (50%, 75% en 90%) nog nie vasgestel is nie (Storkel, 2019:68). Dit is belangrik om in ag te neem dat spraak- en taaltherapeute nie alleenlik moet staatmaak op Engelse ouderdomsnorme nie, aangesien die ruimte vir individuele variasie in tipiese ontwikkelingsverloop nie in ag geneem word nie. Die resultate van die huidige studie verskaf riglyne in verband met die ontwikkeling van Afrikaanse foneme aan spraak- en taaltherapeute. Hierdie riglyne kan dien as grondslag vir bewysgebaseerde intervensie vir Afrikaanssprekende kinders tussen die ouderdomme van 24 en 72 maande.

Daar moet in ag geneem word dat die navorsers die benadering en data-insameling prosedures moes verander as gevolg van die Covid-19-pandemie, soos reeds voorheen genoem. Die navorsers het steeds gestreef daarna om die betrouwbaarheid en geldigheid dieselfde te probeer hou al moes die oorspronklike data-insameling prosedures aangepas word.

Die deelnemers is 85% afkomstig vanaf die Gauteng provinsie. Dit is dus aanvaar dat meeste van die deelnemers Transvaalse Afrikaans praat (Carstens & Bosman, 2017:326-327). Die navorsers het dus gekyk na standaard Afrikaans en nie na ander dialekte soos die Wes-Kaapse Afrikaans met die uvulêre tril /R/ nie. Toekomstige navorsing word aanbeveel wat al die Afrikaanse dialekte insluit.

Die ondersoek plaas die soeklig op die potensiaal vir toekomstige navorsing. Sulke navorsing kan fokus op die fonologiese patronen en prosesse wat by die ouderdomsgroep 24–72 maande voorkom, aangesien kinders dikwels fonologiese foute toon voordat foneme verwerf word.

Dankbetuiging

Die skrywers wil graag die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* bedank vir die befondsing van hierdie navorsingsprojek.

BIBLIOGRAFIE

- Adani, S & Cepanec, M. 2019. Sex differences in early communication development: Behavioral and neurobiological indicators of more vulnerable communication system development in boys. *Croatian medical journal*, 60(2):141-149.
- Amayreh, MM & Dyson, AT. 1998. The acquisition of Arabic consonants. *Journal of Speech, Language, and Hearing Research*, 41(3):642-653.
- Beers, W. 1995. The phonology of normally developing and language-impaired children (Doktorale proefskrif, Universiteit Amsterdam).
- Beers, M. 2003. Klankproductieproblemen: een fonologische benadering. *Stem-, spraak- en taalpathologie*, 11(4):245-259.

- Bos, K. 2016. From Cape Dutch to Afrikaans: A Comparison of Phonemic Inventories (Baccalaureus tesis, Universiteit Utrecht).
- Carstens, WA & Bosman, N. 2014. *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, WA & Bosman, N. 2017. *Kontemporäre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Coetzee, AE. 2018. *Fonetiek*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Collée, KE. 2018. A new Non-Word Repetition Task to test the production of consonant clusters with and without /s/ by TD Dutch Children (Meestersgraad tesis, Universiteit Utrecht).
- Crowe, K & McLeod, S. 2020. Children's English consonant acquisition in the United States: A review. *American Journal of Speech-Language Pathology*, 29(4):2155-2169.
- Crowley, C & Baigorri, M. 2015. *The Crowley and Baigorri School-age Language Assessment Measures*. Columbia University.
- Dikko, M. 2016. Establishing Construct Validity and Reliability: Pilot Testing of a Qualitative Interview for Research in Takaful (Islamic Insurance). *Qualitative Report*, 21(3):521-528.
- Dodd, B, Holm, A, Hua, Z & Crosbie, S. 2003. Phonological development: a normative study of British English-speaking children. *Clinical Linguistics & Phonetics*, 17(8):617-643.
- Geertsema, S & Le Roux, M. 2020. The Effect of Blocked Versus Serial Practice in the Treatment of Developmental Motor-Based Articulation Disorder. *Communication Disorders Quarterly*, 41(4):199-213.
- Hautamäki, RG, Hautamäki, V, Rajan, P & Kinnunen, T. 2013. Merging human and automatic system decisions to improve speaker recognition performance. In *Interspeech*: 2519-2523.
- Heeringa, W, De Wet, F & Van Huyssteen, GB. 2015. Afrikaans and Dutch as closely-related languages: A comparison to West Germanic languages and Dutch dialects. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 47(1):1-18.
- Hulley, SB, Cummings, SR, Newman, TB, Browner, WS, & Grady, DG. 2013. Designing cross-sectional and cohort studies. *Designing clinical research*, 85-96.
- Khan, T. 2016. IsiZulu Adoptives from English and Afrikaans: An Optimality Theory Analysis (Doktorale Proefschrift, Universiteit van die Witwatersrand).
- Kim, SH & Sherry, A. 2010. Descriptive discriminant analysis. *Encyclopedia of research design*: 349-353.
- Kirsten, J. 2018. Afrikaans. In *The social and political history of Southern Africa's languages*, 13-30. Palgrave Macmillan, London.
- Lambert, VA & Lambert, CE. 2012. Qualitative descriptive research: An acceptable design. *Pacific Rim International Journal of Nursing Research*, 16(4):255-256.
- Lotter, EC. 2009. 'n Ondersoek na die ontwikkeling van artikulasie by die Afrikaanssprekende kind met die oog op die opstel van 'n geskikte artikulasietoets (Meestersgraadverhandeling, Universiteit Pretoria).
- Lotter, EC. 1974. Die ontwikkeling en toetsing van artikulasievermoëns by die Afrikaanssprekende kind. *Tydskrif van die Suid Afrikaanse vereniging vir spraak en gehoorheekunde*, 33:33-41.
- MacLeod, AA, Sutton, A, Trudeau, N & Thordardottir, E. 2011. The acquisition of consonants in Québécois French: A cross-sectional study of pre-school aged children. *International journal of speech-language pathology*, 13(2):93-109.
- McIntosh, B & Dodd, BJ. 2008. Two-year-olds' phonological acquisition: Normative data. *International Journal of Speech-Language Pathology*, 10(6):460-469.
- McLeod, S & Crowe, K. 2018. Children's consonant acquisition in 27 languages: A cross-linguistic review. *American Journal of Speech-Language Pathology*, 27(4):1-26.
- Mowrer, DE & Burger, S. 1991. A comparative analysis of phonological acquisition of consonants in the speech of 2½-6-year-old Xhosa-and English-speaking children. *Clinical Linguistics & Phonetics*, 5(2):139-164.
- O'Hare, A & Bremner, L. 2016. Management of developmental speech and language disorders: Part 1. *Archives of disease in childhood*, 101(3):272-277.
- Owens, RE. 2016. *Language development*. Harlow: Pearson Education.
- Poole, I. 1934. Genetic development of articulation of consonant sounds in speech. *The Elementary English Review*, 11(6):159-161.

- Priester, GH, Post, WJ & Goorhuis-Brouwer, SM. 2011. Phonetic and phonemic acquisition: Normative data in English and Dutch speech sound development. *International journal of pediatric otorhinolaryngology*, 75(4):592-596.
- Priester, GH, Post, WJ & Goorhuis-Brouwer, SM. 2013. Measuring speech sound development: An item response model approach. *International journal of pediatric otorhinolaryngology*, 77(9):1469-1473.
- Roth, F & Worthington, C. 2016. *Treatment resource manual for speech-language pathology*. New York: Cengage Learning.
- Selby, JC, Robb, MP & Gilbert, HR. 2000. Normal vowel articulations between 15 and 36 months of age. *Clinical linguistics & phonetics*, 14(4):255-265.
- Shipley, K & McAfee, J. 2016. *Speech-Language Pathology: A Resource Manual*. Canada: Plural Publishing.
- Stes, R. 1977. Normatieve studie over articulatieontwikkeling bij Nederlandssprekende kinderen tussen 3-8 jaar (Normative study on articulation development Dutch speaking children between 3-8 years of age). *Tijdschrift voor Logopedie en Audiologie*, 7(1):140-149.
- Stes, R. 1997. *Articulatiestoornissen: fenomenen, oorzaken en behandeling*. Leuven: Acco.
- Storkel, HL. 2019. Using developmental norms for speech sounds as a means of determining treatment eligibility in schools. *Perspectives of the ASHA Special Interest Groups*, 4(1):67-75.
- Templin, MC. 1957. *Certain language skills in children; their development and interrelationships*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- To, CK, Cheung, PS & McLeod, S. 2013. A population study of children's acquisition of Hong Kong Cantonese consonants, vowels, and tones, *The American Speech-Language-Hearing Association*, 56(1):103-122.
- Tresoldi, M, Ambrogi, F, Favero, E, Colombo, A, Barillari, MR, Velardi, P & Schindler, A. 2015. Reliability, validity and normative data of a quick repetition test for Italian children. *International journal of pediatric otorhinolaryngology*, 79(6):888-894.
- Van Der Merwe, A. 2021. New perspectives on speech motor planning and programming in the context of the four-level model and its implications for understanding the pathophysiology underlying apraxia of speech and other motor speech disorders. *Aphasiology*, 35(4):397-423.
- Venter, A. 1977. 'n Afrikaanse Dieptetoets vir die artikulasie van die foneme. Universiteit Pretoria.
- Watts, N. 2004. Assessment of vowels summary. *Acquiring Knowledge in Speech, Language and Hearing*, 6(1):22-25.
- Wellman, BL, Case, IM, Mengert, IG & Bradbury, DE. 1931. Speech sounds by young children. *University of IOWA studies in child welfare*, 5(1):1-82.
- Yalcinkaya, F, Muluk, NB & Budak, B. 2010. Speech sounds acquisition evaluated by Speech Sound Development Test (SSDT) in Turkish-speaking children. *The Journal of International Advanced Otology*, 6(1):60-66.
- Zarifian, T & Fotuhi, M. 2020. Phonological development in Persian-speaking children: A cross-sectional study. *International Journal of Speech-Language Pathology*, 22(6):614-625.

Digitale tegnologie as alternatiewe benadering tot onderrig van vaardighede vir leerders met erge intellektuele gestremdheid

Digital technology as an alternative approach to teaching skills to learners with severe intellectual disabilities

ZELDA BOTHA

PhD-student

Departement Opvoedkundige Sielkunde
Stellenbosch Universiteit
Stellenbosch, Suid-Afrika
E-pos: zelda10600@gmail.com



Zelda Botha



Lorna Dreyer

LM DREYER

Departement Opvoedkundige Sielkunde
Stellenbosch Universiteit
Stellenbosch, Suid-Afrika
E-pos: lorna.dreyer@sun.ac.za

ZELDA BOTHA se onderwysloopbaan het 29 jaar gelede (1992) by Laerskool Nelspruit begin. In 1995 was sy by Nelspruit Privaat Kollege werkzaam en het daarna Exzel Onderwysinstansie (1997) begin. Sy het in 2000 die pos van Departementshoof van die junior fase by Felicitas spesiale skool in Gauteng aanvaar. Sy moes egter na die Wes-Kaap verhuis en weer van onder begin en het 'n Posvlak 1-pos by Jan Kriel Skool vir leerders met leerprobleme en epilepsie aanvaar. In Julie 2017 het sy 'n betrekking by Alta du Toit-Skool aanvaar wat voorsiening maak vir leerders met erge intellektuele gestremdheid. In 2017 het sy 'n betrekking aanvaar as Departementshoof by Rusthof Spesiale Skool in die Strand. Sy is op 1 Julie 2019 as Adjunkhoof by die skool aangestel. Sy glo aan volgehoue professionele ontwikkeling en het in haar onderwysloopbaan die volgende kwalifikasies (cum laude) verwerf: Diploma in Hoër Onderwys (1992), Verdere Diploma in Minimale Brein-disfunksie (1994), Verdere Diploma in Spesiale Onderwys (1996), honneursgraad in Onderwys-

ZELDA BOTHA's teaching career began 29 years ago (1992) at Nelspruit Primary School. In 1995, she started working at Nelspruit Private College, after which she started Exzel Education Institution (1997). In 2000, she accepted the position of Head of Department of the junior phase at Felicitas Special School in Gauteng. However, she had to move to the Western Cape and had to start all over again and accepted a Post Level 1 position at Jan Kriel School for learners with learning difficulties and epilepsy. In July 2017, she accepted a position at Alta du Toit School which caters for learners with severe intellectual disabilities. In 2017, she accepted a position as Head of Department at Rusthof Special School in the Strand and on 1 July 2019, she was appointed Deputy Principal at the school. She believes in sustained professional development and has obtained the following qualifications (cum laude) in her teaching career: Diploma in Higher Education (1992), Further Diploma in Minimal Brain Dysfunction (1994), Further Diploma in Special Education (1996), an honours

Datums:

Ontvang: 2021-10-15

Goedgekeur: 2022-01-28

Gepubliseer: Junie 2022

<p>bestuur (2003), Nagraadse Diploma – Inklusiewe Onderwys (2006), meestersgraad (2013) en PhD in Opvoedkundige Ondersteuning (2021). Sy is ook die Wes-Kaapse Provinciale Opleier van die Gedifferensieerde Kurrikulum (GKABV) in Wiskunde vir leerders met erge intellektuele gesremdhed.</p>	<p>degree in Education Management (2003), post-graduate diploma in Inclusive Education (2006), a master's degree (2013) and a PhD in learning support (2021). She is also the Western Cape Provincial Trainer of the Differentiated Curriculum (CCMA) in Mathematics for learners with severe intellectual disabilities.</p>
<p>LORNA M DREYER is medeprofessor en departementeel voorsitter in die Departement Opvoedkundige Sielkunde, Stellenbosch Universiteit. Sy het uitgebreide onderwysservaring oor die volle formele onderwyssektor. Sy het as leerondersteuningsadviseur gewerk en was koördineerder van spesiale skole in die Wes-Kaap Onderwysdepartement. Haar kundigheid is in die voorsiening van leerondersteuning in 'n inklusiewe onderwyskonteks vanuit 'n menseregte en sosiale geregtigheidsperspektief. Haar huidige navorsing fokus op die transformasie van hoër-onderwysinstellings en die ervaring van studente met spesifieke leergestremdhede. Met die klem op vakkundige leierskap in hoër onderwys beywer sy haar vir ontentieke insluiting wat sistemiese en pedagogiese faktore wat studenteleer affekteer, in ag neem. Sy is 'n NNS-gegradeerde navorser, mederedakteur van boeke en outeur van verskeie navorsingsartikels en boekhoofstukke. Sy het referate by verskeie internasionale en plaaslike konferensies gelewer.</p>	<p>LORNA M DREYER is an Associate Professor and Departmental Chair in the Department of Educational Psychology, Stellenbosch University. She has extensive teaching experience across the full spectrum of the formal education sector. She worked as a learning support advisor and was coordinator of special schools in the Western Cape Education Department. Her expertise lies in the provision of learning support within an inclusive education context from a human rights and social justice perspective. Her current research focusses on transformation of higher education institutions and experiences of students with Specific Learning Disabilities. With the emphasis on scholarly leadership in higher education she advocates for authentic inclusion that acknowledges systemic and pedagogical factors that impact on student learning. She is an NRF rated researcher and has co-edited books and authored several articles and book chapters and presented numerous papers at national and international conferences.</p>

ABSTRACT

Digital technology as an alternative approach to teaching skills to learners with severe intellectual disabilities

Learners with severe intellectual disabilities have been described in the past as impossible to teach and placed in programmes designed to provide only basic care and safety. However, research has shown that these learners can be trained and develop skills that are important for increased quality of life. Skills acquisition in five different areas of development involves long-term teaching and ongoing support to learners with severe intellectual disabilities.

This article discusses how digital technology addresses the skills development of these learners in such a way that they also experience success and improve their self-image. According to the findings of this study, it is confirmed that digital technology can improve learners' involvement and retention of certain skills and activities.

The findings also showed that the literature, knowledge of learners with severe intellectual disabilities and digital technology are essential for successful skills development. Examples of specific skills that can be learned with the use of digital technology include household, leisure and work skills as well as skills for the outside world and partial independence. From these findings, it is clear that the application of digital technology improves these learners' communication, thinking skills, creativity as well as problem-solving skills.

Digital technology has become an integral part of everyday life and is increasingly being used to enhance access to and quality of education. In South Africa, the Education White Paper 7 provided an impetus for the Smart School Project in which the WCED has equipped special schools with various digital technologies. While there is ample literature on the use of technology in mainstream schools, there is limited literature on the value of technology in special schools. The central theme of this article is therefore, the use of digital technology for the skills development of learners with severe intellectual disabilities.

This study was conducted within the framework of the explanatory-sequential-mixed-method research design with socio-constructivism as the philosophical framework. Data were collected and analysed according to the explanatory-sequential-mixed method. Quantitative data (digital online questionnaire) and qualitative data (group interviews and semi-structured interviews) were collected separately. This data was set against the background of an extensive literature study. The school was purposefully selected as one of the pilot schools in the School Classroom Project of a specific education department. The participants were purposefully selected to represent teachers and therapists at special schools for learners with severe intellectual disabilities. Aligned with the research design, data analysis was done statistically as well as thematically. Findings were then integrated and discussed thematically. Triangulation was used to verify the reliability and validity of the research findings.

Three themes emerged from the findings, indicating the positive value of digital technology in the skills development of learners with severe intellectual disabilities. By mapping the findings from the data against the literature review, several recommendations are made to promote and improve the use of digital technology in special schools with specific reference to learners with severe intellectual disabilities.

In conclusion, as an outflow of this research, the researcher identified a need and subsequently created an application (app) for developing the packaging skills required within protective (sheltered) labour market environments for learners with severe intellectual disabilities after completing their school career. This application will be available on the Google Play Store as well as other virtual platforms soon.

KEYWORDS: digital technology, severe intellectual disability, skills, skills development, packaging/sorting skills, application (app)

TREFWOORDE: digitale tegnologie, erge intellektuele gestremdheid, vaardighede, vaardigheidsontwikkeling, verpakkingsvaardighede, sorteringsvaardighede, toepassing (app)

OPSUMMING

Die onderhawige artikel dui aan dat digitale tegnologie vaardigheidsontwikkeling van leerders met erge intellektuele gestremdheid op so 'n manier aanpak dat hulle ook sukses ervaar en tot verhoogde selfvertroue lei. Leerders met erge intellektuele gestremdheid is in die verlede as onmoontlik om te leer bestempel en in programme geplaas wat ontwerp is om slegs basiese versorging en veiligheid te voorsien. Navorsing het egter getoon dat hierdie leerders opgelei kan word en vaardighede kan ontwikkel om hul lewenskwaliteit te verbeter. Volgens die literatuur is kennis van leerders met erge intellektuele gestremdheid en digitale tegnologie noodsaaklik vir suksesvolle vaardigheidsontwikkeling. Vyf spesifieke vaardighede wat met behulp van tegnologie aangeleer kan word, sluit onder meer in huishoudelike, ontspannings- en werksvaardighede asook vaardighede vir die buitewêreld en gedeeltelike onafhanklikheid.

Hierdie studie is gedoen binne die raamwerk van die verduidelikende-opeenvolgende-gemengde metode van navorsingsontwerp met sosio-konstruktivisme as die filosofiese raamwerk. Data is volgens die verduidelikende-opeenvolgende-gemengde metode ingesamel en geanaliseer. Kwantitatiewe data (digitale aanlyn vraelys) en kwalitatiewe data (groepsonderhoude en semi-gestruktureerde onderhoude) is afsonderlik versamel. Hierdie data is teen die agtergrond van 'n uitgebreide literatuurstudie gestel. Die deelnemers is doelgerig gekies om opvoeders en terapeute by spesiale skole vir leerders met erge intellektuele gestremdheid te verteenwoordig. In ooreenstemming met die navorsingsontwerp is data-analise statisties sowel as tematies gedoen. Bevindinge is daarna geïntegreer en tematies bespreek. Triangulasie is gebruik om die betroubaarheid en geldigheid van die navorsingsbevindings te bevestig.

Drie temas het uit die bevindinge na vore gekom, wat die positiewe waarde van digitale tegnologie in die vaardighedsontwikkeling van leerders met erge intellektuele gestremdheid aandui. Deur die data van die bevindinge met die literatuuroorsig te vergelyk, is verskeie aanbevelings gemaak om die gebruik van digitale tegnologie in spesiale skole te bevorder en te verbeter met spesifieke verwysing na leerders met erge intellektuele gestremdheid.

Ten slotte, as 'n uitvloeisel van hierdie navorsing, het die navorsing 'n behoefte geïdentifiseer en daarna 'n toepassing (app) geskep vir die ontwikkeling van verpakkingsvaardighede wat benodig word in beskermende (beskutte) arbeidsmarkomgewings vir leerders met erge intellektuele gestremdheid na afloop van hul skoolloopbaan. Hierdie toepassing is binnekort beskikbaar in die Google Speel-winkel sowel as op ander virtuele platforms.

1. Inleiding

Digitale tegnologie is vandag deurweef in die alledaagse maatskaplike samelewing en het 'n sentrale plek in onderrig en leer ingeneem. Sedert 2020 het die COVID-19-pandemie die onderwys, weens sosiale afstand en inperkings, gedwing om alternatiewe maniere van onderwys te gebruik, veral die gebruik van elektroniese hulpmiddels. Gevolglik is virtuele onderrig en opleiding meer as ooit tevore gebruik en opvoeders is noodgevonge in die diepkant van die digitale wêreld ingedwing. Opvoeders, veral diegene wat nie voorheen gereeld van digitale tegnologie as hulpmiddel gebruik gemaak het nie, moes in 'n rekordtyd 'n hele nuwe dimensie van onderwys betree. So ook het dit gelei tot meer inspanning ter bevordering van inklusiewe onderwys met spesiale verwysing na spesiale skole wat leerders met erge intellektuele gestremdheid akkommodeer (Departement van Onderwys, 2001b; Departement van Basiese Onderwys, 2010; Wearmouth, 2010; UNICEF, 2015).

Die gebruik van digitale tegnologie in die onderrig van lewensvaardighede word onderskraag deur sosio-konstruktivisme. 'n Sosio-konstruktivistiese benadering steun die verwagting dat onderrig nie 'n praktyk is waar daar van leerders verwag word om net te luister en notas te neem nie. Volgens hierdie raamwerk neem leerders aktief aan die onderrig- en leerproses deel (Northedge, 2003; Nemec, 2007). Die gebruik van digitale tegnologie vergemaklik hierdie aktiewe deelname. Volgens Vygotsky word leer en ontwikkeling gesteun deur middel van kulturele gereedskap (Vygotsky aangehaal in Rieber, 1987:16). Digitale tegnologie kan beskou word as een van die moderne kulturele gereedskap wat vandag vir leer en ontwikkeling beskikbaar is. Dit speel al hoe meer 'n belangrike rol in die ontwikkeling van vaardighede van leerders met erge intellektuele gestremdheid (Vygotsky aangehaal in Rieber, 1987:16). Navorsing toon dat opvoeders toenemend van digitale tegnologie in die klaskamer gebruik maak om op hierdie wyse vaardighede doeltreffend in te oefen (Smith, 2003, 2009; Kaur *et al.*, 2015).

Dit is verder belangrik dat die persoonlikheid en omgewing van 'n kind as 'n eenheid tydens vaardigheidsontwikkeling bestudeer en in ag geneem moet word (Rieber, 1987). Dit is spesifiek belangrik wanneer die kind intellektueel erg gestremd is. Ernstige intellektuele gestremdheid kompliseer 'n kind se intellektuele ontwikkeling. Dit kan egter lei tot die ontginning van nuwe kreatiewe kognitiewe prosesse (Vygotsky aangehaal in Rieber 1987:17&20). Dit beteken dat die "ou bedrading" in die brein na nuwe ontwikkelingsbane en -patrone vir ontwikkeling en funksionering herlei word (Vygotsky, 1978; 1987; 1993). Die leerder se brein word dus "bedraad" met oefeninge en speletjies sodat hy/sy ten spyte van die ernstige intellektuele gestremdheid nog steeds 'n gelukkige en gebalanseerde volwassene kan word (Van Jaarsveld, 2018).


Die toepassing van digitale tegnologie om vir leerders vaardighede aan te leer kan egter 'n uitdaging wees omdat hierdie leerders verskillende ontwikkelingsbehoeftes het (Smith, 2009; Kaur, Hashim & Noman, 2015). Dit is dus verder belangrik dat opvoeders elke leerder as individu ken ten einde take te ontwikkel wat beide vir individue sowel as die groep geskik sal wees. Opvoeders moet vaardighede identifiseer wat die fokus vir leeraktiwiteite vorm (Harris *et al.*, 2008; Smith, 2009; Kaur *et al.*, 2015). Opvoeders is bewus daarvan dat alle leerders nie op dieselfde vlak presteer nie (Smith, 2009; Kaur *et al.*, 2015). Dit is dus belangrik dat nuwe maniere van hulpverlening en ondersteuning beklemtoon word sodat alle leerders sukses kanervaar.

Alhoewel daar voldoende literatuur oor die gebruik van tegnologie in hoofstroomskole is, is daar beperkte literatuur oor die waarde van tegnologie in spesiale skole vir leerders met erge intellektuele gestremdheid. Die doel van hierdie artikel is dus om die gebruik van digitale tegnologie vir die aanleer van vaardighede vir leerders met ernstige intellektuele gestremdhede te ondersoek.

2. Digitale tegnologie as alternatiewe onderrig- en leerhulpmiddel

Digitale tegnologie vereenvoudig interaksie, en daarom is dit 'n uitstekende hulpmiddel vir ondersteuning aan leerders omdat dit makliker is om te "lees" as mense. Volgens European Schoolnet & University of Liège (2013) en Downing en MacFarland (2013) sal interaksie met digitale tegnologie meeste van die tyd dieselfde wees en die verwagtings altyd konsekwent wees. Digitale tegnologie het die vermoë om die aandag van hierdie leerders te "hou" en hulle te laat fokus op die taak wat uitgevoer moet word (Beetham & Sharpe, 2013; Kuosa *et al.*, 2016). Leerders leer dus speel-speel nuwe opvoedkundige vaardighede aan. Op hierdie wyse word die leerders bemagtig om aktiewe, entoesiastiese deelnemers in die klaskamer te wees (Bramlett *et al.*, 2011; Kuosa *et al.*, 2016).

Volgens Adam en Tatnall (2008) en Bialobrzeska en Cohen (2005) is digitale tegnologie definitief 'n belangrike hulpmiddel vir vaardigheidsontwikkeling, maar dit word nog nie doeltreffend in spesiale skole geïntegreer nie. Doeltreffende onderrig kan leerders se vermoë om te leer verbeter en daarom word klem gelê op digitale tegnologie om maksimum vaardigheidsontwikkeling te verseker. Met digitale tegnologie word hier bedoel die gebruik van digitale toestelle (Mimio/eBeam, dokumentkyker, Beamz), interaktiewe witborde, grafiese sagteware (toepassings) en YouTube (Downing & MacFarland, 2013). Dit vereis goeie beplanning deur die opvoeder sodat hierdie tegnologie sinvol aangewend kan word. Figuur 1 hier onder dui die verskillende wyses aan waarop digitale tegnologie as alternatiewe benadering tot onderrig en leer in spesiale skole gebruik en/of geïntegreer kan word.



Figuur 1: Maniere waarop digitale tegnologie vir onderrig en leer gebruik kan word (aangepas uit Bialobrzeska en Cohen (2005)


In hierdie moderne era van digitale tegnologie is dit kommerwekkend dat spesiale skole wat leerders met erge intellektuele gestremdhed akkommodeer nog nie ten volle op die gebied van digitale tegnologie voordeel trek nie (Sharpies, 2006; Yang & Hsiung, 2011; Singh & Khanna, 2014; Jamieson & Azzam, 2016). Verskeie studies het getoon dat digitale tegnologie vir leerders met erge intellektuele gestremdhed voordelig kan wees (Abbott, 2007; Fernandez-Lopez *et al.*, 2013; Starcic & Bagon, 2014; Jarvin, 2015). Leerders vind 'n lesaanbieding interessanter wanneer tegnologie betrokke is omdat baie programme strokiesprentfigure, direkte reaksies, helder kleure, musiek en aanmoedigende stemme bevat (Campigotto *et al.*, 2013). Volgens die literatuur kan leerders met erge intellektuele gestremdhede met behulp van digitale tegnologie leer om sekere vaardighede onafhanklik uit te voer, bv. sekere kositems (toebroodjies, sop en oliebolle ("doughnuts")) te maak, wasgoed te was en hulself aan en uit te trek (Kapadia, 2008; Scott-Wilson, 2014; Smith, 2012).

2.1 Die aanleer van funksionele lewensvaardighede met behulp van digitale tegnologie

Wanneer opvoeders digitale tegnologie in verskillende onderrig- en leersituasies gebruik, moet hulle op funksionele lewensvaardighede fokus omdat dit vir leerders met erge intellektuele gestremdhed noodsaklik is (Ayres *et al.*, 2013; Wehman, 2006; Wehmeyer, 2013). Funksionele vaardighede word beskryf as vaardighede of take wat tot die suksesvolle funksionering van 'n individu as volwassene kan bydra (Alwell & Cobb, 2009). Funksionele vaardighede sluit in selfversorging, eenvoudige keuses maak, meer gevorderde vaardighede soos besluitneming, probleemoplossing en huishoudelike vaardighede (Downing & MacFarland, 2013; Dyer, 2008; Schuh, 2014; Scott-Wilson, 2014). Hierdie outeurs is van mening dat digitale tegnologie die leerders kan lei om vaardighede aan te leer wat hulle nodig het sodat hulle gedeeltelik onafhanklik kan wees. Herhaling, gereelde hersiening en "overlearning" is dié belangrikste kenmerke van 'n onderrigprogram (opleidingsprogram) vir leerders met erge intellektuele gestremdhed (Botha, 2013; Westwood, 2004, 2011). Rohrer *et al.* (2005:361) definieer

“overlearning” as volg: “... a pedagogical concept according to which newly acquired skills should be practiced well beyond the point of initial mastery, leading to automaticity”. Verskeie navorsers is van mening dat die voordeel van presies dieselfde demonstrasie van ’n taak deur herhaling oor en oor te sien en te hoor, leer verbeter en die leerders se selfvertroue verhoog om die taak met sukses uit te voer (Mechling & Savidge, 2011; Ayres *et al.*, 2013; Kucirkova & Falloon, 2017; Henderson & Romeo, 2015).

Navorsers is dit eens dat digitale tegnologie nie oplossings in alle areas van ontwikkeling kan bied nie, maar dit kan wel vaardigheidontwikkeling steun (Ayres *et al.*, 2013; Wehmeyer, 2013). Volgens Alwell en Cobb (2009) word die vyf funksionele vaardighede oor die algemeen in vyf kurrikulêre domeine gegroepeer (Figuur 2). Die vyf vaardigheidontwikkelingsareas word met voorbeeldel in Figuur 2 uitgebeeld:




Figuur 2: Vyf vaardigheidontwikkelingsareas (kurrikulêre domeine) (Alwell & Cobb, 2009)

2.2 Digitale tegnologie as alternatiewe benadering tot onderrig

Soos reeds genoem is digitale tegnologie ’n belangrike hulpmiddel vir vaardigheidontwikkeling (Bialobrzeska & Cohen, 2005). Die gebruik daarvan om doeltreffende onderrig te verseker, kom egter nie tot sy reg in spesiale skole nie. Navorsing het getoon dat suksesvolle inkorporering van digitale tegnologie leerders se vermoë om te leer, kan verbeter en suksesvolle vaardigheidontwikkeling bevorder.

Figuur 3, hier onder, dui verskillende wyses aan waarop digitale tegnologie as alternatiewe benadering tot onderrig en leer in spesiale skole gebruik en/of geïntegreer kan word.




Figuur 3: Maniere waarop digitale tegnologie vir onderrig en leer gebruik kan word (aangepas uit Bialobrzeska en Cohen (2005))

2.3 Vygotsky se sosiale konstruktivistiese teorie

Volgens Vygotsky se teorie van sosiale konstruktivisme is die konsepte van Meerkundige Ander (MKA), die Sone van Proksimale Ontwikkeling (SPO) en Kulturele Gereedskap belangrik vir die aanleer van vaardighede (Vygotsky, 1987, 1978; Vygotsky *et al.*, 1993). Onderwysers, as MKA's, kan digitale tegnologie as 'n kontemporêre kulturele gereedskap gebruik om onderrig en leer binne die SPO van die leerders te bevorder.

Die wonder-element van Vygotsky se sosiale konstruktivistiese teorie is dus dat onderwysers vaardighede met behulp van tegnologie (as 'n kulturele gereedskap) op een manier vir een groep leerders kan aanbied en op 'n ander manier vir 'n ander groep leerders (Vygotsky, 1987, 1978; Ayres *et al.*, 2013; Campigotto *et al.*, 2013; Sandals, 2014). In die skoolopset maak digitale tegnologie dit moontlik dat vaardighede deur simulasies stap-vir-stap aan die leerders geleer kan word. Die opvoeder as MKA verleen steun met die gebruik van tegnologie. In die SPO van die leerders gebruik die onderwyser verskeie maniere om kennis en vaardighede vas te lê. Nadat vaslegging plaasgevind het en die leerder aktiwiteite onafhanklik kan verrig, het internalisering plaasgevind. Dit duï op die tweede vlak van leer en ontwikkeling volgens Vygotsky. Op hierdie stadium kan die onderwyser onttrek en die leerder toelaat om op sy/haar eie die instruksies of stappe met die spesifieke tegnologie te volg. Die leerder werk dan alleen en die vaardigheid of aktiwiteit word onafhanklik uitgevoer en verdere vaslegging vind plaas (Hasselbring & Glaser, 2000; Henderson & Romeo, 2015; Vygotsky, 1987; Vygotsky *et al.*, 1993). Digitale tegnologie, as hedendaagse kulturele gereedskap, verander die tradisionele wyse waarop onderwysers onderrig en leer bevorder (Parmeter, 2012; Parsons, 2015; Parsons *et al.*, 2015).

Skematis kan Vygotsky se SPO en gebruik van kulturele gereedskap in die onderrig- en leerproses vir leerders met erge intellektuele gestremdheid as volg voorgestel word:



Figuur 4: SPO ten opsigte van leerders met ergé intellektuele gestremdheid

3. Navorsingsontwerp en metodologie

3.1 Navorsingsontwerp en paradigma

Die wêreldbeskouing (paradigma) waarbinne hierdie navorsing plaasgevind het, is die post-positivistiese paradigma. Dit wat werklik in die klaskamer gebeur tydens die onderrig van vaardighede deur digitale tegnologie kon objektief waargeneem word (Creswell & Cresswell, 2018; Nieuwenhuis, 2010). Die post-positivistiese wêreldbeskouing fokus op wat in die praktyk werkbaar en doeltreffend is en is daarom pragmatis van aard (Cresswell & Clark, 2011). Daarom is 'n gemengde-metode ontwerp – meer spesifiek 'n verklarende-opeenvolgende-gemengde metode – gebruik om beide kwalitatiewe en kwantitatiewe data in te samel en te analiseer om integriteit te verhoog (Creswell & Cresswell, 2018).

Die verklarende-opeenvolgende-gemengde-metode navorsingsontwerp het bygedra daartoe dat uitgebreide response verseker is en data kon vanuit 'n wyer reeks perspektiewe ingesamel word om unieke omstandighede, voorstelle, menings en opinies te verduidelik (Collins *et al.*, 2006; Johnson & Onwuegbuzie, 2004). Triangulasie van metodes verseker betroubaarheid van bevindinge en die interpretasie daarvan. Fokusgroeponderhoude en individuele onderhoude met verskeie personeellede dien as triangulasie om die betroubaarheid van die navorsing te versterk (Creswell, 2013).

3.2 Selektering van deelnemers

Doelgerigte steekproefneming is gebruik om die populasie (onderwyspersoneel van 'n spesiale skool) te kies (Creswell, 2013; Gall *et al.*, 2007; Onwuegbuzie *et al.*, 2009 Nieuwenhuis, 2010). Die kriteria vir seleksie van die populasie was dat die skool voorsiening moet maak vir leerders met erge intellektuele gestremdheid en dat die skool reeds van digitale tegnologie gebruik maak. Die deelnemers is ook doelgerig gekies omdat hulle aan die volgende kriteria voldoen het: Eerstens het hulle digitale tegnologie vir leerders met erge intellektuele gestremdheid op 'n daaglikse basis gebruik; en tweedens, die gebruik van digitale tegnologie word op hul daaglikse rooster aangedui. In totaal was daar 28 deelnemers wat ingestem het om aan die studie deel te neem.

Die skool akkommodeer ongeveer 365 leerders tussen die ouderdomme van ses en 18 jaar. Al die leerders van Reezly Spesiale Skool (skuilnaam) is intellektueel erg gestremd. Van die leerders het Downsindroom, terwyl daar ander is wat multi-gestremd is (Reezly Spesiale Skool, 2018a & b). Reezly Spesiale Skool bied dus gespesialiseerde professionele vaardighedsontwikkeling aan leerders met erge intellektuele gestremdheid. Alle deelnemers was verseker dat hul identiteit beskerm sal word deur die gebruik van skuinname.

3.3 Data-insameling

In lyn met die gemengde metodese navorsingsontwerp is kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe data versamel. 'n Digitale vraelys (kwantitatiewe data), semi-gestrukteerde fokusgroep, sowel as individuele onderhoude (kwalitatiewe data) is gebruik om data in te samel (Creswell & Creswell, 2018; Nieuwenhuis, 2010). Die kwantitatiewe en die kwalitatiewe databasisse word afsonderlik in hierdie benadering ontleed en die resultate van die databasisse word geïntegreer in die bespreking van die bevindinge (Creswell & Creswell, 2018).

'n Digitale vraelys is gebruik om die kwantitatiewe data in te samel. Die vraelys is gebaseer op die Gedifferensieerde Kurrikulum Assesseringsbeleidsverklaring (GKABV) (die aangepaste kurrikulum) wat in die Reezly Spesiale Skool gebruik word, asook uit 'n literatuurstudie oor die onderwerp. Die GKABV (DCAPS) is nasionaal in Januarie 2018 in sommige spesiale skole geloods (Departement van Basiese Onderwys, 2018).

Vrae op die digitale vraelys is in die Likertskaal-formaat opgestel. Een van die voorbeeldte is as volg: Nie seker, Toeps (Applications) op Google Speel-winkel, Visualiseerder, YouTube, Mimio/eBeam en Ander: Bv.: Beamz/Xbox. Dit het die volgende vaardighede gemeet: huishoudelike, ontspannings-, buitewêreld-, gedeeltelike onafhanklikheid- en werksituasievaardighede. Google Vorms is gebruik omdat hierdie program vir die opsomming en uiteensetting van statistiese data voorsiening maak. Die digitale vraelys is aan die deelnemers gestuur en is aanlyn voltooi. Dit het ongeveer 'n halfuur geneem om die vraelys te voltooi.

Kwalitatiewe data-insameling is deur middel van fokusgroepes en semi-gestrukteerde onderhoude gedoen. Fokusgroeponderhoude is gebruik om die temas vanuit die digitale vraelys verder te ondersoek. Twee fokusgroeponderhoude is gevoer om hierdie temas in meer diepte te bespreek. Een fokusgroeponderhoud is gevoer met die onderwyspersoneel in die junior fase en die tweede met die personeel in die senior fase. Hierdie onderhoude het ongeveer een uur elk geduur. Die response van die altesaam 28 deelnemers in die fokusgroeponderhoude is gebruik om die semi-gestrukteerde individuele onderhoudskedule (18 onderhoude) te

ontwerp. Foto's is ook van verskeie aktiwiteite in die klaskamers geneem ter stawing van die bevindinge.

3.4 Data-analise

Inlyn met die navorsingsontwerp is data statisties en tematies ontleed en geïnterpreteer. Met die eerste fase is kwantitatiewe data wat van 'n digitale vraelys (op Google Forms) ingesamel is, deur middel van beskrywende statistieke, tabelle en grafiese geanaliseer. Met die tweede fase is die kwalitatiewe data tematies geanaliseer. Die kwantitatiewe en kwalitatiewe data is in die bespreking van die bevindinge geïntegreer.

3.5 Geldigheid en etiese maatreëls

In hierdie studie is vertrouenswaardigheid versterk en die bevindinge gesteun deurdat verskillende databronne (deelnemers), data-insamelingsmetodes (vraelys, fokusgroep- en individuele onderhoude) en datatipes (kwalitatiewe en kwantitatiewe data) gebruik is.

Tydens die fokusgroep- en individuele onderhoude het die navorsing die bevindinge herhaal en ook foto's van sommige aktiwiteite geneem om te bevestig dat die navorsing se interpretasie van die data korrek weergegee is (Maree, 2016; Maree & Pietersen, 2010). Alle inligting wat op bogenoemde wyses bekom is, is gedokumenteer sodat daarna terugverwys kon word (Maree, 2016; Maree & Pietersen, 2010). Goedkeuring van die universiteit se Etiese Navorsingskomitee is verkry om die navorsing wettiglik te onderneem (Strydom, 2011; Maree, 2010; Maree & Pietersen, 2010). Toestemming is ook verkry van die toepaslike onderwysdepartement en skoolhoof van Reezly Spesiale Skool. Die deelnemers het ingeligte toestemming verleen om data in te samel wat vir navorsingsdoeleindes gebruik mag word. Die skool en die deelnemers is anoniem en skuilname is gebruik.

4. Navorsingsbevindinge en bespreking

Drie temas is uit die navorsing geïdentifiseer, maar vir hierdie artikel word slegs op een tema gefokus, naamlik vaardighedsontwikkeling. Die fokus van die bevindinge is pragmaties van aard en klem word gelê op watter vyf vaardighede doeltreffend onderrig kan word deur van digitale tegnologie gebruik te maak. Die tegnologie wat gebruik is, is interaktiewe witborde (IWB), YouTube, apps op Google Play-aanlynwinkel, X-Box, Mimio/eBeam apparaat (vir gebruik op die magnetiese witbord), Beamz en dokumentkyker. Laasgenoemde drie items is nie algemeen bekend nie en word ter wille van duidelikheid kortlik geillustreer en verduidelik.

1) Beamz

Dit is 'n apparaat wat leerders in staat stel om hulle eie musiek te komponeer deur vier infrarooistrale met hul vingers of hande te onderbreek. Hierdie apparaat word gebruik om konsepte vir terapeutiese doeleinades, genot asook sensoriese ontwikkeling aan te leer (Beamz Interactive, 2015)




Figuur 5: Beamz Interactive, 2015

Leerders ontdek verskillende klank en musiekinstrumente wanneer hulle hierdie apparaat gebruik. Beamz ontwikkel die volgende vaardighede: kreatiwiteit, herkenning, herroeping en vergelyking.

2) Elektroniese pen met sagteware

Hierdie elektroniese pen het sagteware (MimioStudio) wat jou toelaat om funksionele, praktiese lesse te skep en te stoor (Nashua, 2013).



Figuur 6: Draagbare magneetarm waarin die stylus (elektroniese pen) en "hub" gestoor word



Figuur 7: Stylus (elektroniese pen) en "hub"

Die sagteware sluit ook 'n elektroniese MimioStudio-boek in wat outomatis veelvoudigekeusevrae en numeriese en kort antwoorde op assesseringsvrae insluit. Dit spaar opvoeders die tyd om ekstra assesseringstake te ontwerp.

3) Dokumentkyker

Die dokumentkyker se funksies sluit die volgende in: vergroot items of leesmateriaal wat direk onder die lens geplaas word tot 400% en swart-en-wit foto's kan na kleur omgeskakel word (Avermedia Technologies, 2005).

Die apparaat het ook 'n beeldvaslegging- en kopieerfunksie. Wanneer die dokumentkyker aan 'n rekenaar gekoppel word, kan stilbeelde en video-opnames gestoor word. Beelde wat vasgelê word, kan gemanipuleer word (onderstreep, omkring, verander, byskrifte aanbring en nog vele ander funksies).




Figuur 8: Die dokumentkyker (vergroot beelde sodat dit gemanipuleer kan word)

Vervolgens word die data met betrekking tot die volgende vyf vaardighede afsonderlik bespreek: 1) huishoudelike vaardighede, 2) vaardighede vir ontspanning, 3) vaardighede in die buite-wêreld, 4) vaardighede vir gedeeltelike onafhanklikheid, en 5) vaardighede in die werksplek.

4.1 Huishoudelike vaardighede

Grafiek 1 beeld die deelnemers se mening uit oor watter digitale tegnologie vir huishoudelike vaardighede gebruik kan word.



Grafiek 1: Huishoudelike vaardighede

Badkamer opruim

- 'n Verskeidenheid apps is beskikbaar, byvoorbeeld: Bad skoonmaak-toepassing.
- 'n Leerder wys hoe hy die bad skoonmaak (vryf met sy vinger oor die witbord).



Vuil bad




Skoon bad

Toilet skoonmaak-app



Vuil toilet



Skoon toilet

Leerders volg die instruksies op die YouTube-insetsel/app en doen dan die aktiwiteit by hulle tafels op rekenaartablette, op die interaktiewe witbord of deur die Mimio-/eBeam-apparaat te gebruik. Leerders wat 'n hoë mate van steun benodig, sal dikwels voortgaan om die digitale app herhaaldelik te oefen.


Uit die bevindinge is dit duidelik dat huishoudelike vaardighede oortuigend suksesvol aangeleer kan word deur van verskillende digitale tegnologiese apparate en apps gebruik te maak. Een van die deelnemers, Anna, beaam dit as volg: "... omdat ons op praktiese vaardighede fokus, twyfel ons glad nie daaraan dat huishoudelike vaardighede deur die gebruik van tegnologie suksesvol vir hierdie leerders aangeleer kan word nie". "Elke dag oefen ons die aktiwiteit oor en oor met behulp van visuele hulpmiddels". "... die toepassings wat gebruik word, is ook so ontwerp om die leerders geleentheid te gee om vaardighede oor en oor te oefen". Praktiese voorbeeld van sommige huishoudelike vaardighede word in die foto's gestaaf en uitgebeeld:

Die bevindinge van die navorsing stem ooreen met die literatuur dat leerders aktief aan die onderrig- en leerproses moet deelneem (Northedge, 2003; Nemec, 2007). Deur gebruik te maak van onder andere die YouTube-video's is die leerders aktief betrokke en neem ten volle aan die aktiwiteit deel. Dit is visueel, ouditief en deur dit prakties na te volg, gebruik die leerders soveel as moontlik sintuie. Die tegnologie is deurweef in die onderrig van hierdie vaardigheid en neem so 'n sentrale plek in die klaskamer in (Departement van Basiese Onderwys, 2010; Wearmouth, 2010; UNICEF, 2015). Die leerders kan die huishoudelike take wat by die skool aangeleer word weer by die huis toepas. Wanneer die leerders hierdie vaardighede aanleer, word dit speel-speel gedoen (Hasselbring & Glaser, 2000; Henderson & Romeo, 2015; Vygotsky, 1987).

Die deelnemers was dit eens met Vygotsky se siening dat steiering *'n wyse is waarop* onderrig sosiaal konstrueer kan word, soos in die volgende opmerking duidelik is: "... die aktiwiteite wat ons ontwerp, word vereenvoudig en prakties in kleiner sekvensiële stappe met gereelde herhaling en hersiening aangebied". Anna noem 'n voorbeeld: "... as ons bv. koffie maak, sal die eerste stap wees om water in die ketel (te) sit. Tweede stap sal wees om die ketel korrek op sy voetstuk te plaas. Derde stap, kyk of die kragprop korrek ingeprop is by die muur, ensovoorts". Stap-vir-stap instruksies wat visueel uitgebeeld word, is vir hierdie leerders van kardinale belang om sukses te verseker (Bialobrzeska & Cohen, 2005). Uit die bevindinge is dit dus duidelik dat die gebruik van tegnologie dit vir die leerders moontlik maak om sinvolle huishoudelike take aan te leer aangesien dit visueel, stapsgewys "afgebreek" en gereeld herhaal word. Die volgende vaardigheid wat vir hierdie leerders van belang is, is vryetydsbesteding.

4.2 *Vryetydsbesteding: vaardighede vir ontpanning*

Grafiek 2 beeld die deelnemers se mening uit oor watter digitale tegnologie vir vryetydsbesteding gebruik kan word. Hierdie vaardighede is nodig vir ontpanning vir leerders met erge intellektuele gestremdheid.



Grafiek 2: Vaardigheidsontwikkeling: vryetydsbesteding

Daar is 'n oorweldigende gevoel dat apps op Google Play-aanlynwinkel met die Mimio/dokumentkyker sowel as YouTube aangewend kan word om vaardighede vir ontspanning in te oefen en te ontwikkel. Die Mimio/eBeam-apparaat en dokumentkyker is egter die populêrste tegnologie wat gebruik word om aktiwiteite te ontwikkel. Volgens Karen, Anna, Dina en Lorinda "... sukkel ons kinders soms om hulself konstruktief besig te hou". Leerders met erge intellektuele gestremdheid moet volgens Linda "... fisies geleer word wat sinvolle tydverdrywe is". Praktiese voorbeeld van vryetydsbesteding wat aangeleer word, word in die volgende foto's bevestig.

Eenvoudige naaldwerk, brei- en hekelwerk



Die leerder kyk na die YouTube-insetsel op die witbord terwyl sy/hy besig is om te brei. Dieselfde word gedoen met tolletjie brei. Die leerder kyk die video dan weer soos nodig.

Tafelspeletjies (Karate, Bingo, Slangetjies-en-Leertjies)




Leerders gebruik die rekenaartablette om tafelspeletjies te speel, bv. Slangetjies-en-Leertjies en legkaart bou.

Die deelnemers is oor die algemeen van mening dat "... vryetydsbesteding is een van die belangrikste vaardighede wat hierdie leerders benodig om te verhoed dat hulle met verkeerde sosiale vriende en elemente omgaan". Lynette sluit hierby aan en wys daarop dat "... hulle (die leerders) is so aangewese op komplimente en aanvaarding dat hulle maklik by groepe betrokke sal raak maar om verkeerde redes". Deur vaardighede doeltreffend in te oefen en vir hulle goeie "sosiale gereedskap" aan te leer (Vygotsky aangehaal in Rieber, 1987), sal dit hulle aandag fokus op beter alternatiewe aktiwiteite, byvoorbeeld deelname aan of belangstelling in sport en kultuuraktiwiteite (Kaur *et al.*, 2015).

Daar is so 'n wye verskeidenheid vaardighede dat elke leerder se behoeftes aangespreek kan word (Smith, 2003, 2009; Kaur *et al.*, 2015). Die opvoeder moet dus die leerders baie goed ken. Daar is aktiwiteite vir almal om te doen en waarvan elkeen hou. Leerders word dus individueel gestimuleer volgens hul vermoëns, binne elkeen se eie SPO. Vaardighede vir die buitewêreld word vervolgens bespreek.

4.3 Vaardighede vir die buitewêreld



Grafiek 3: Vaardigheidsontwikkeling: vaardighede vir die buitewêreld

Grafiek 3 beeld die deelnemers se mening uit oor die gebruik van digitale tegnologie om vaardighede vir die buitewêreld aan te leer en die doel daarvan vir leerders met erge intellektuele gestremdheid.

Uit die grafiek is dit baie opvallend dat YouTube, die Mimio-/eBeam-toestelle en visualiseerders weereens populêr is om hierdie vaardighede aan te leer. Die opvoeders het gevind dat die leerders baie suksesvol is met die vaardighede wat aangeleer word (Ayres *et al.*, 2013). Hierdie vaardigheid is volgens die deelnemers baie belangrik vir leerders met erge intellektuele gestremdheid omdat 'n wye verskeidenheid belangrike vaardighede aangeleer word, soos byvoorbeeld die hantering van geldnote en munte waarmee hulle inkopies by die snoepie of by die huis doen. Een van die deelnemers verduidelik dit as volg: "... dit is 'n uitdaging vir verskeie leerders om geldnote fisies aan te wend, bv.: die groen/renoster/R10-noot – wat kan jy daarmee koop?". Baie leerders kan nie lees nie en het nie 'n begrip van die "10" nie, en daarom word kleur (groen noot) of die dier (renoster) gebruik om die geldnoot te identifiseer (Campigotto *et al.*, 2013).

Volgens die deelnemers word die leerders in die klaskamer deur middel van tegnologie aan verskillende "virtuele winkels" blootgestel. Hulle word dan op hierdie wyse geleer om supermark-name en brosjures te "lees" en te verstaan deur middel van funksionele digitale leesaktiwiteite wat deur verskillende apps asook ander programme aangebied word. Anna noem "... (dat) leerders kennis dra van die winkels in hul gemeenskap en wat elkeen bied om hulle sodoende sosiaal aanvaarbaar te maak ... Leerders moet geleer word om by die korrekte soort winkel, die korrekte items te soek wat hulle benodig ... hulle moet nie 'n brood by 'n hardwarewinkel wil gaan koop nie". Soos reeds bo genoem, ondervind hierdie leerders probleme met lees en is dit belangrik om dus op funksionele lees te fokus.

Volgens Sandals (2014) is funksionele lees baie belangrik. Dit stel die individu in staat om apparaat wat hulle daagliks sal gebruik te "lees", soos byvoorbeeld 'n televisie, horlosies, 'n wasmasjien, 'n haardroër en 'n stoof (hoe warm is een (1)?, en hoe warm is ses (6)). Karen, Susan en Dina het beaam dat funksionele lees die leerders in staat stel om in 'n beperkte mate 'n bydrae tot die gemeenskap te lewer deur bv. verskillende disse voor te berei en om koeke, terte, ens. te bak vir 'n tuisnywerheid omdat hulle die stoof kan "lees" en verstaan" (met hulpverlening). Hulle kan ook moontlik in 'n wassery gaan werk omdat hulle verstaan en weet hoe die wasmasjien, tuimeldroër en strykyster werk. "... op hierdie wyse oefen leerders om 'inkopies' te doen, om items wat aangekoop is, korrek in 'n trollie/mandjie te pak (blikkies onder en sagte vrugte, koek en brood bo-op) en waar om die kruideniersware te stoor (yskas of koskas), ens."

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat dit nie saak maak watter tegnologie gebruik word nie, maar wel dat die leerders baie meer suksesvol vaardighede aanleer as wanneer gewone onderrigmetodes gebruik word (Campigotto *et al.*, 2013). Bertha beaam bogenoemde: "... dit is net ongelooflik hoe vatbaar hulle vir enige inligting is wat via tegnologie geskied! Ongelooflik!" Die deelnemers stem dus saam met Adam en Tatnall (2008) en Bialobrzeska en Cohen (2005) dat digitale tegnologie beslis 'n belangrike hulpmiddel vir die onderrig van hierdie spesifieke vaardigheid is (Sandals, 2014).

'n Paar praktiese voorbeeld van vaardighede wat vir die buitewêreld aangeleer kan word met bogenoemde tegnologie (soos gestaaf deur die volgende foto's):

Toepassing van padveiligheidsreëls: Om nie in 'n vreemdeling se motor te klim nie en niks wat 'n vreemdeling aanbied te aanvaar nie.



Voer 'n sinvolle gesprek met 'n besoeker of 'n persoon in 'n winkel om aankope te doen.



Hoe om items in 'n trollie/mandjie te pak:

Dit is ook belangrik, volgens die deelnemers, om vir die leerders te leer hoe items in 'n trollie of inkopiesak gepak moet word, bv. die brood, tamaties, ens. nie onder swaar items soos blikkies nie.




Uit die bogenoemde bevindinge is dit duidelik dat die deelnemers vir leerders met erge intellektuele gestremdheid vaardighede aanleer wat nodig is om doeltreffend in die samelewing, die gemeenskap waar hulle woon, asook beskermde arbeidsmarkomgewings te kan funksioneer (Campigotto *et al.*, 2013). Met die aanleer van hierdie vaardighede kan hulle 'n bydrae tot die gemeenskap lewer, byvoorbeeld, pakwerk by 'n kettingwinkel, in 'n bakkery, troeteldierwinkel, haarkapper, vulstasie en dies meer.

Die tegnologie maak voorsiening vir die verskillende vlakke waarop die leerders funksioneer en leerders se individuele behoeftes word raakgesien en aangespreek (Kaur *et al.*, 2015). Vaardighede word met behulp van die tegnologie makliker of moeiliker gemaak om die leerders te ontwikkel, afhangend van hul behoeftes in die SPO. Die tegnologie prikkel die leerders se belangstelling en hulle wil graag leer en sukses ervaar (Bialobrzeska & Cohen, 2005). Uit bogenoemde vaardighede is dit duidelik dat aktiwiteite wat in die algemeen as vanselfsprekend aanvaar word, vir hierdie leerders prakties aangeleer moet word. Wat oor die

algemeen as “natuurlik” gebeur, kom nie “natuurlik of vanselfsprekend” vir hierdie leerders nie, so ook by die aanleer van vaardighede vir gedeeltelike onafhanklikheid.

4.4 Gedeeltelike onafhanklikheid

Grafiek 4 beeld die gebruik van digitale tegnologie uit vir gedeeltelike onafhanklikheid en die doel daarvan vir leerders met erge intellektuele gestremdheid.



Grafiek 4: Vaardigheidsontwikkeling: gedeeltelike onafhanklikheid

Grafiek 4 beeld die opvoeders se entoesiasme uit en Dina beaam dat “... dit so verblydend (is) om te sien hoe die (leerders) die (bogenoemde) vaardighede baasraak deur die toeps, YouTube en Mimio te gebruik. Die persentasie is 'n aanduiding dat die opvoeders ten volle gebruik maak van die tegnologie om hierdie vaardighede te ontwikkel. Hulle maak ook melding dat die gebruik van die tegnologie “... die leerders se gedrag baie verbeter (het) en sommige so oulik (is), (want) hulle weet hoe om self die toepassings te aktiveer en/of die dokumentkyker op te stel”.

Dina is van mening dat “... die leerders raak die vaardighede vir gedeeltelike onafhanklikheid makliker baas wanneer digitale tegnologie gebruik word. As die leerders so entoesiasties reageer, motiveer hulle die opvoeders om meer gereeld van digitale tegnologie gebruik te maak”. Vaardighede vir gedeeltelike onafhanklikheid behels ook onder andere belangrike selfsorgvaardighede wat herhaaldelik ingeoefen en ingeskerp moet word omdat hulle vaardighede oor en oor moet inoefen sodat dit later 'n “outomatiese” handeling word (Rohrer *et al.*, 2005). Hulle is nie in staat om dit uit hulle eie uit baas te raak nie, maar het formele leiding nodig.

Grafiek 4 toon ook dat verskillende tegnologiese middels gebruik word. Dina, Jaminda en Trudie noem die volgende: “Ons raak nou so oulik, ons kan met verskillende apparate verskillende lesse aanbied, bv. tyd, dae van die week of publieke tekens”. Een van die

deelnemers noem dat hulle op vaardighede fokus: "... (wat) die leerders kan gebruik wanneer hulle die skool verlaat". Sy noem ook dat daar nie van die leerders verwag word "... om te lees en te skryf nie, (omdat) hulle meestal nie kan nie, maar wel om een of ander vaardigheid baas te raak. Belinda en Trudie noem tydens hulle individuele onderhoude dat die leerders: "... mal (is) oor voedselproduksie en geniet die kookperiodes".

'n Praktiese voorbeeld van vaardighede vir gedeeltelike onafhanklikheid wat met bogenoemde tegnologie (soos gestaaf deur die foto's)aangeleer kan word:

Uitwys van prentjies/vorms/items wat nie by die ander pas nie. Apps, die witbord en Mimio-toestel word gebruik.



Bewustheid van belangrike inligting (naam, adres, telefoonnummer, skool). Apps, die witbord en Mimio-toestel word gebruik.




Die navorsing het dit duidelik gemaak dat gedeeltelike onafhanklikheid 'n belangrike vaardigheid is om ingeoefen te word deur sekere digitale apps en apparaat te gebruik.

Werksvaardighede sluit aan by gedeeltelike onafhanklikheid en dit is ook 'n belangrike vaardigheid wat aangeleer moet word deur middel van tegnologie.

4.5 Werksvaardighede

Grafiek 5 beeld die gebruik van digitale tegnologie uit vir werksvaardighede en die doel daarvan vir leerders met erge intellektuele gestremdheid.



Grafiek 5: Vaardigheidsontwikkeling: werksvaardighede

Grafiek 5 toon 'n interessante persentasieverdeling. Die opvoeders toon dat hul oor die kennis beskik om met oortuiging aan te dui watter tegnologie hulle tot sinvolle onderrig lei. Buitendie feit dat onderrig en leer sinvol moet wees (Blumberg & Fish, 2013), is dit volgens die opvoeders belangrik om in gedagte te hou dat "... ons kinders op visuele stimuli en blootstelling aangewese is". Danel verduidelik: "Met die gebruik van die dokumentkyker word artikels of produkte wat ons kinders maak vooraf deur die onderwyser opgeneem. Hulle kan dan sien hoe die klaargemaakte produk of artikel gaan lyk. Die rede hiervoor is omdat die leerders nie kan visualiseer hoe die produk lyk nie. Die voorbeeld van die produk (bv. glasperekhouertjies ('coasters')), die stap-vir-stap-demonstrasie en ouditiewe verduideliking van hoe die produk of artikel gemaak word verseker optimale leer" (Browder *et al.*, 2014). Anna en Dina verduidelik dat die leerders: "... visueel waarneem wat van hulle verwag word. Hierdie opname kan herhaaldelik teruggespeel word totdat hulle die artikel of produk klaargemaak of voltooi het". Leerders met erge intellekturele gestremdheid het volgens die deelnemers 'n kort aandagspan en geheue en daarom kan en moet dieselfde aktiwiteite en vaardighede visueel en herhaaldelik vasgelê word (Charsky, 2010; Erny-Newton, 2014).

Dit is verblydend dat die aanleer van goeie werksgewoontes (stiptelikheid, georganiseerdheid en doeltreffendheid) deur digitale tegnologie moontlik is omdat die leerders volgens Dina: "... nie goed kan lees en skryf nie, maar hulle is goed met hulle handjies en hierdie vaardighede kan vir hulle 'n inkomste inbring. Hulle maak baie oulike produkte/items wat ons ook in die skool se winkeltjie verkoop vir 'n inkomste". Anna noem: "... as hulle bv. leer om fudge te maak, kan hulle dit verkoop aan 'n tuisnywerheid of by 'n bakkery gaan werk". Sommige besighede in die gemeenskap wat hierdie leerders akkommodeer, is meer tegemoetkomend as hulle hoor van hierdie vaardighede waaroer die leerders beskik. As hulle dan klaar is met skool kan hulle direk begin werk". Die opvoeders het herhaaldelik beaam dat "... die dokumentkyker is 'n wenner! Ons gebruik dit om video-opnames te maak en die Beamz-apparaat gebruik ek graag vir musiek en die kinders maak hulle eie musiek deur

infrarooistrale te breek. Nog 'n wenner!" Karen gebruik "... die Xbox vir bewegingsaktiwiteite. Die kinders is ongelooflik gek daarna".

Praktiese voorbeeld van werksvaardighede en foto's van die app wat ontwerp is om bogenoemde bevindinge te staaf:

- a. **Aanleer van goeie werksgewoontes**, bv. stiptelikheid, georganiseerdheid en doeltreffendheid. Apps, YouTube, die witbord en Mimio-toestel word gebruik.



Draai, druk en sny nadat lekkers verpak is. Apps, YouTube en die witbord word gebruik. Leerders kyk die video en doen dit dan self.



Uit bogenoemde bevindinge kom die volgende belangrike voordele van die gebruik van digitale tegnologie in die onderrigproses na vore: Leerders se selfvertroue verbeter geweldigt baie, hulle is gemotiveerd en entoesiasties om aktief deel te neem, kurrikulumuitkomste word meer toeganklik en bereikbaar volgens elkeen se vermoë en die leerders leer speel-speel en ondersteun mekaar. Dit stel hulle in staat om meer onafhanklik te wees. Basiese funksies en aktiwiteit is nie vir hierdie leerders vanselfsprekend nie, maar moet met gereelde herhaling, stap-vir-stap aangeleer word totdat dit 'n outomatiese handeling word.

5. Aanbevelings

Hierdie navorsing toon dat die gebruik van digitale tegnologie wel suksesvol geïmplementeer kan word. Teen die agtergrond van die literatuurstudie en die data wat in hierdie navorsing versamel is, kan die volgende aanbeveling gemaak word:

- Die ontwikkeling of verandering van 'n beleid ten opsigte van die gebruik van digitale tegnologie in spesiale skole. Met riglyne vir verpligte inkorporasie van digitale tegnologie sal opvoeders nie kan kies of hulle tegnologie wil gebruik of nie. Digitale tegnologie moet in spesiale skole as alternatiewe benadering tot onderrig gebruik word om maksimum vaardigheidsontwikkeling vir leerders met erge intellektuele gestremdheid te verseker

- Die ontwerp van 'n toepaslike, geïntegreerde webtuiste wat spesifiek op spesiale skole fokus wat vir leerders met erge intellektuele gestremdheid voorsiening maak, is noodsaaklik vir die professionele ontwikkeling van opvoeders in hierdie spesiale skole.
- Pre-indiensnemingsopleidingsprogramme wat spesifiek op die gebruik van digitale tegnologie vir leerders met erge intellektuele gestremdheid fokus, kan deel van basiese onderwysopleiding vorm.
- Samewerking tussen die opvoeders van verskillende spesiale skole en werkswinkels in beskutte arbeidsmarkomgewings word aanbeveel om die suksesvolle onderrig en opleiding van alle leerders te verseker.

6. Gevolgtrekking

Uit hierdie studie was dit duidelik dat digitale tegnologie 'n positiewe rol kan speel met betrekking tot die vyf vaardighedsontwikkelingsareas vir leerders met erge intellektuele gestremdheid. Dit is duidelik dat daar 'n behoefte is aan die gebruik van digitale tegnologie wat geherkonseptualiseer word om doeltreffende onderwys te verseker. Dit is dus ook belangrik dat voordiens- en indiensopleidingsprogramme by die gebruik van digitale tegnologie beklemtoon en geïntegreer word, veral in die digitale era waarin ons tans leef. Dit sal onderwysers in spesiale skole met selfvertroue toerus om leerders te onderrig. Hierdie opleiding kan die onderrigproses bevorder en leerders toerus om 'n bydrae, al is dit gering, te kan maak tot die gemeenskap waarin hulle woon. Ten opsigte van die breë samelewing kan hierdie vaardighede toegepas word in werkswinkels en ander beskutte arbeidsmarkomgewings.

'n Leemte wat egter geïdentifiseer is gedurende die navorsingsproses is dat daar nie 'n toepassing (app) beskikbaar was wat gebruik kan word vir een van die belangrikste werksvaardighede vir hierdie leerders nie, naamlik verpakking.

Die navorser het 'n verpakkings-app ontwerp wat die deelnemers gebruik het. Die opvoeders was oorstelp. Daar was verskeie leerders wat glad nie aan hierdie aktiwiteit deelgeneem het nie. Vandat die toepassing gebruik is, het meer leerders, volgens die deelnemers, spontaan begin deelneem.

Uitvloeisel van die navorsing

Die foto's hier onder illustreer hoe die opvoeders te werk gegaan het om verpakking van houertjies met deksels vir die leerders aan te leer. 'n Langwerpige kaartjie wat in 10 blokkies verdeel is, is gebruik. Die houertjies word dan een vir een op elke blokkie op die kaart geplaas en daarna word 'n doppie voor elk van die 10 houertjies geplaas. Daarna word dit in 'n sakkie verpak. Die houertjies word eers bo-op mekaar gestapel en in die sakkie geplaas en dan word die deksels bo-op geplaas.



Foto 1





Foto 2




Foto 3

Daar is nie 'n digitale app/aktiwiteit beskikbaar waarmee hulle hierdie vaardigheid kan aanleer nie. Die navorser het 'n verpakkings-app ontwikkel sodat die leerders die aktiwiteit op die witbord kan inoefen voordat hulle dit prakties uitvoer. Dit is met groot sukses toegepas en word tans gebruik deur die fase wat verpakkingsaktiwiteite verrig. Die tydselement wat in die speletjie ingebou is, om dit vir die leerders meer uitdagend te maak, is baie genotvol. Die skakel wat tans gebruik kan word om onmiddellik toegang tot hierdie toepassing te verkry, is as volg: <https://simmer.io/@arktixx/~aa09239d-3a0e-9351-f120-9246a7a5d61a>



Verpakkingsaktiwiteit soos op Google-aanlynwinkel vertoon sal word

Sodra die app oopmaak, word die volgende openingskerm vertoon. Hierdie toepassing kan op die witbord en Mimio-toestel gebruik word, asook op enige slimfoon of rekenaartablet in die toekoms. Tans is dit nog net by die bogenoemde skakel beskikbaar.



'n Voorbeeld van twee van die skerms wat te sien is wanneer die speletjie gespeel en geoefen word. Daarna word die aktiwiteit by die leerders se tafels prakties uitgevoer

BIBLIOGRAFIE

- Abbott, C. 2007. E-inclusion: Learning difficulties and digital technologies. Future Lab Series, 7599, 1-36. doi:978-0-9548594-5-9, London: Kings College
- Adam, T & Tatnall, A. 2008. Using ICT to improve the education of students with learning disabilities. *Learning to Live in the Knowledge Society*, 281:63-70.
- Alwell, M & Cobb, B. 2009. Functional life skills curricular interventions for youth with disabilities: A systematic review. *Career Development for Exceptional Individuals*, 32(2):82-93.
- Avermedia Technologies. 2005. Avermedia and Avervision 130 user manual. AverMedia Technologies, Inc: Taiwan.
- Ayres, KM, Mechling, L & Sansosti, FJ. 2013. The use of mobile technologies to assist with life skills/ independence of students with moderate/severe intellectual disability and/or autism spectrum disorders: Considerations for the future of school psychology. *Psychology in the Schools*, 50(3):259-271.
- Beamz Interactive. 2015. Musical instrument discovery series. YouTube. (Onttrek van <https://www.YouTube.com/watch?v=efBT2JuAP7M>).
- Beetham, H & Sharpe, R. 2013. *Rethinking pedagogy for a digital age: Designing for the 21st century* (2nd ed.). Abingdon: Routledge.
- Bialobrzeska, M & Cohen, S. 2005. *Managing ICTs in South African schools: A guide for school principals*. South African Institute for Distance Education (SAIDE): Braamfontein.
- Blumberg, FC & Fisch, SM. 2013. *Digital games: A context for cognitive development*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Botha, Zelda. 2013. Kurrikulumdifferensiasie in die vak Wiskunde Graad R vir leerders met erge intellektuele gestremdheid in inklusiewe Wes-Kaapse spesiale skole. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria. (Onttrek van <http://hdl.handle.net/10500/10495>).
- Bramlett, V, Ayres, KM, Cihak, DF & Douglas, KH. 2011. Effects of computer and classroom simulations to teach students with various exceptionalities to locate apparel sizes. *Education and Training in Autism and Developmental Disabilities*, 46(3):454-469.
- Browder, DM, Wood, L, Thompson, J & Ribuffo, C. 2014. Evidence-based practices for students with severe disabilities (Document No. IC-3). (Onttrek van Universiteit van Florida, Collaboration for Effective Educator, Development, Accountability, and Reform Centre-webwerf: <http://ceedar.education.ufl.edu/tools/innovation-configurations/>).
- Campigotto, R, McEwen, R & Demmans, EC. 2013. Especially social: Exploring the use of an IOS application in special needs classrooms. *Computers & Education*, 60(1):74-86.
- Charsky, D. 2010. From edutainment to serious games: A change in the use of game characteristics. *Games and Culture*, 5(2):177-198.
- Collins, KMT, Onwuegbuzie, AJ & Sutton, IL. 2006. A model incorporating the rationale and purpose for conducting mixed methods research in special education and beyond. *Learning Disabilities: A Contemporary Journal*, 4:67-100.
- Creswell, JW. 2013. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. Los Angeles, CA: Sage.
- Creswell, JW & Creswell, JD. 2018. *Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. (5th ed.). Los Angeles, CA: Sage.
- Creswell, JW & Plano Clark, VL. 2011. *Designing and conducting mixed methods research* (2nd ed.). Los Angeles, CA: Sage.
- Departement van Basiese Onderwys. 2010. Guidelines for inclusive teaching and learning. Education white paper 6. Special needs education building an inclusive education and training system. Pretoria: Staatsdrukker.
- Departement van Onderwys. 2001b. Education White Paper 6. Special Needs Education: Building an inclusive education and training system. Pretoria: Staatsdrukker.
- Departement van Basiese Onderwys. 2018. Differentiated Curriculum and Assessment Policy Statement (DCAPS). Pretoria: Staatsdrukker.
- Downing, JE & MacFarland, S. 2013. Education and individuals with severe disabilities: Promising practices. *Turkish Online Journal of Educational Technology*, 12(2):247-253.

- Dyer, C. 2008. *Teaching pupils with severe and complex difficulties: Back to first principles*. Philadelphia, PA: Jessica Kingsley.
- Erny-Newton, E. 2014. Serious games: Reaching the parts other resources cannot reach (Part 3). EducPros. (Onttrek van <http://blog.educpros.fr/instructional-design/2014/04/11>)
- European Schoolnet, U. of L. 2013. Survey of Schools: ICT in Education, Benchmarking Access, Use and Attitudes to Technology in Europe's Schools, Final Study Report (p. 163). <https://doi.org/10.2759/94499>.
- Fernandez-Lopez, A, Rodriguez-Fortiz, MJ, Rodriguez-Almendros, ML & Martinez-Segura, MJ. 2013. Mobile learning technology based on iOS devices to support students with special education needs. *Computers & Education*, 61, 77-90.
- Gall, MD, Gall, JP & Borg, WR. 2007. *Educational research: An introduction* (8th ed.). Upper Saddle River, NJ: Pearson.
- Harris, J, Mishra, P & Koehler, M. 2008. Teachers' technological pedagogical content knowledge and learning activity types: Curriculum-based technology integration reframed. *Journal of Research on Technology in Education*, 41(4):393-416. doi:10.1207/s15326985ep2803_7.
- Hasselbring, TS & Glaser, CHW. 2000. Use of computer technology to help students with special needs. *The Future of Children*, 10(2):102-122.
- Henderson, M & Romeo, G. 2015. *Teaching and digital technologies. Big issues and critical questions*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Jamieson, V & Azzam, T. 2016. The Use of Technology in Evaluation Practice. *Journal of Multidisciplinary Evaluation*, (S.I.), v. 8, n. 18, p. 1-15, mar. 2012. ISSN 1556-8180. Available at:<http://journals.sfu.ca/jmde/index.php/jmde_1/article/view/340>. Date accessed: 31 Dec. 2019.
- Jarvin, L. 2015. Edutainment, games, and the future of education in a digital world. *New Directions for Child and Adolescent Development*, 147:33-40.
- Johnson, RB & Onwuegbuzie, AJ. 2004. Mixed methods research: A research paradigm whose time has come. *Educational Researcher*, 33(7):14-26. doi:10.3102/0013189X033007014.
- Joubert, I, Hartell, C, & Lombard, K. 2016. *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik.
- Kapadia, Rajiv. 2008. Teaching and Learning Styles in Engineering Education. Proceedings-Frontiers in Education Conference.T4B-1.10.1109/FIE.2008.-4720326.
- Kaur, A, Hashim RA., & Noman, M. 2015. *Teacher autonomy support intervention as a classroom practice in a Thai school: A self-determination theory perspective*. Sintok: University Utara Malaysia.
- Kucirkova, N & Falloon, G. 2017. *Apps, technology, and younger learners: International evidence for teaching*. New York, NY: Routledge.
- Kuosa, K, Damiano, T, AnneCerulo, L, Fernández, A & Koro, J. 2016. Interactive visualization tools to improve learning and teaching in online learning environments. *International Journal of Distance Education Technologies*, 14(1):1-21.
- Maree, K. 2016. *First steps in research* (2nd ed.). Pretoria: Van Schaik.
- Maree, K & Pietersen, J. 2010. The quantitative research process. In K. Maree (ed.), *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik, pp. 145-154.
- Mechling, LC & Savidge, EJ. 2011. Using a personal digital assistant to increase completion of novel tasks and independent transitioning by students with autism spectrum disorder. *Journal of Autism and Developmental Disorders*, 41:687-704.
- Nashua. 2013. Smart classrooms. MimioConnect: Interactive Teaching Community. (Onttrek van <https://www.mimioconnect.com/lessons/9/all/all/new>).
- Nemec, J. 2007. *Edutainment or entertainment: Education possibilities of didactic games in science education: The evolution of children play*. Brno: Masarykova University.
- Nieuwenhuis, J. 2010. Introducing qualitative research. In K. Maree (ed.), *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik, pp. 46-68.
- Northedge, A. 2003. Rethinking teaching in the context of diversity. *Teaching in Higher Education*, 8(1): 17–32. doi:10.1080/1356251032000052302.
- Onwuegbuzie, AJ, Slate, JR, Leech, NL & Collins, KMT. 2009. Mixed data analysis: Advanced integration techniques. *International Journal of Multiple Research Approaches*, 3:13-33.
- Parmeter, C. 2012. Student learning engagement with smart boards in reader's workshop (Ongepubliseerde MA-tesis). Rochester, St. John Fisher College.

- Parsons, S. 2015. Learning to work together: Designing a multi-user virtual reality game for social collaboration and perspective-taking for children with autism. *International Journal of Child-Computer Interaction*, 6:28-38. doi:10.1016/j.ijcci.2015.12.002.
- Parsons, S, Guldberg, K, Porayska-Pomsta, K & Lee, R. 2015. Digital stories as a method for evidence-based practice and knowledge co-creation in technology-enhanced learning for children with autism. *International Journal of Research & Method in Education*, 38(3):247-71. doi:10.1080/1743727X.2015.1019852.
- Reezly Spesiale Skool. 2018a. Skool.co.za (Onttrek van http://--school.wsite.com/—school/about_us).
- Reezly Spesiale Skool. 2018b. Skool. Ontwikkelingskantoor. (Onttrek van <https://www.org.za/index.php/how-we-make-a-difference/our-programmes/item/-/>)
- Rohrer, D, Taylor, K, Pashler, H, Cepeda, NJ & Wixted, JT. 2005. The effect of overlearning on long-term retention. *Applied Cognitive Psychology*, 19:361-374.
- Sandals, L. 2014. Technology in classrooms helping students succeed. Ontario Ministry of Education. (Onttrek van <http://news.ontario.ca/edu/en/2014/09/technology-in-classrooms-helping-students-succeed.html>).
- Schuh, M. 2014. *Teaching functional life skills*. Colorado Springs, CO: Peak Parent Center.
- Scott-Wilson, R. 2014. Learners with special educational needs. (Doktorale tesis). Stellenbosch: Stellenbosch University.
- Sharpies, M. 2006. *Big issues in mobile learning*. Nottingham: University of Nottingham.
- Singh, A & Khanna, A. 2014. Edutainment based mobile games for health communication in India. *International Journal of Science and Research*, 3(1):371-374.
- Smith, MK. 2003, 2009. Jean Lave, Etienne Wenger and Communities if Practice. *The Encyclopaedia of Informal Education*. (Onttrek van www.infed.org/biblio.communities_of_practice.html).
- Smith, T. 2012. *Teaching students with special needs in inclusive settings*. New Delhi: PHI Learning.
- Starcic, AI & Bagon, S. 2014. ICT-supported learning for inclusion of people with special needs: Review of seven educational technology journals, 1970–2011. *British Journal of Educational Technology*, 45 (2): 202–230. doi:10.1111/bjet.12086.
- Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In AS de Vos, H Strydom, CB Fouché & CSL Delpot (Reds.). *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*, pp. 62-75.
- UNICEF. 2015. *Study on children with disabilities from birth to four years old*. Pretoria: UNICEF Suid-Afrika.
- Van Jaarsveld, P. 2018. 'n Gelukkige kind. Bemagtig jou kind om positief te dink. Kaapstad: Lux Verbi.
- Vygotsky, LS. 1978. *Mind and society: The development of higher psychological processes*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Vygotsky, LS. 1987. Cognition and language. *The collected works of L. S. Vygotsky, Vol. 1. Problems of general psychology* (RW Rieber & AS Carton, eds). NJ: Plenum Press.
- Vygotsky, LS & Rieber, RW & Carton, AS (eds). 1993. Cognition and language: A series in psycholinguistics. *The collected works of L. S. Vygotsky: The fundamentals of defectology (abnormal psychology and learning disabilities)* (JE Knox & CB Stevens, Trans.). NJ: Plenum Press.
- Wearmouth, J. 2010. *A beginning teacher's guide to special educational needs*. Maidenhead: McGraw-Hill/Open University Pres.
- Wehman, P. 2006. *Life Beyond the Classroom: Transition Strategies for Young People with Disabilities*, (4th ed.). Brookes Publishing Company. Brookes Publishing Company. (Onttrek van <https://acces.bbl.ulaval.ca/login?url=https://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=eric&AN=ED491786&lang=fr&site=ehost-live>).
- Wehmeyer, ML. 2013. *The story of intellectual disability: An evolution of meaning, understanding, and public perception*. Baltimore, MD: Brookes.
- Westwood, P. 2004. *Learning and learning difficulties: A handbook for teachers*. London: David Fulton.
- Westwood, P. 2011. *Commonsense methods for children with special educational needs* (6th ed.). Chippenham: Cromwell Press.
- Yang, S & Hsiung, P. 2011. Real-time services for special education. *IT Professional*, 13(2):14-19. doi:10.1109/MITP.2011.32.

Die arm Afrikaner in die Knysnabos: Witwees in Dalene Matthee se *Moerbeibos* (1987)*

The poor Afrikaner in the Knysna forest: Whiteness in Dalene Matthee's The Mulberry Forest (1987)

DELIA RABIE

Departement Afrikaans
Universiteit van Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: deliarabie@gmail.com



Delia Rabie

DELIA RABIE voltooи in 2020 haar Meestersverhandeling, “’n Mensboom in olifantskoeне: ’n postkoloniale ekokritiese analise van Dalene Matthee se *Moerbeibos* (1987) en *Toorbos* (2003)”, aan die Departement Afrikaans by die Universiteit van Pretoria waar sy ook deeltyds Afrikaanse letterkunde doseer. In haar MA-verhandeling analiseer sy die uitbeelding van die mens-niemenslike-verhouding in Matthee se laaste twee bosromans. Haar navorsingsbelangstellings lê hoofsaaklik by die oorvleueling van witheidstudies en die ekokritiek. Sy is tans besig met navorsing vir ’n doktorsgraad met die oog op ’n vergelykende studie tussen Nederlandse en Afrikaanse letterkunde. Sy is ook deel van Same-spraak (2021), ’n nagraadse studiegroep vir Afrikaans en Nederlands.

DELIA RABIE completed her master’s degree in Afrikaans literature at the University of Pretoria’s Department of Afrikaans in 2020. In her thesis, titled “’n Mensboom in olifantskoeне: ’n post-colonial ekokritiese analise van Dalene Matthee se *Moerbeibos* (1987) en *Toorbos* (2003)”, she analyses the human-nonhuman-relationship portrayed in Dalene Matthee’s last two forest novels. Her research interest is in the intersection of whiteness studies and ecocriticism. She is currently working on research for a comparative study between Afrikaans and Dutch literature. She hopes to complete a PhD at the University of Pretoria, where she is a part-time lecturer in the Department of Afrikaans. Delia is also a member of Same-spraak (2021), a postgraduate study group for Afrikaans and Dutch.

* Die navorsing in hierdie artikel is gebaseer op my MA verhandeling “’n Mensboom in Olifantskoeне: ’n postkoloniale ekokritiese analise van *Moerbeibos* (1987) en *Toorbos* (2003) deur Dalene Matthee (2020)”, ’n studie wat befonds is deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Universiteit van Pretoria.

Datums:

Ontvang: 2021-01-14

Goedgekeur: 2021-10-22

Gepubliseer: Junie 2022

ABSTRACT

The poor Afrikaner in the Knysna forest: Whiteness in Dalene Matthee's The Mulberry Forest (1987)

Dalene Matthee's four forest novels, translated into English as Circles in a Forest (1984), Fiela's Child (1985), The Mulberry Forest (1987) and Dreamforest (2003), are characterised by what Wylie (2018:96) calls an "uneasy but deeply respectful symbiosis" between the forest community and the Knysna forest. This multifaceted connection between humans and the Knysna forest is also present in Matthee's second last forest novel, The Mulberry Forest. In The Mulberry Forest, protagonist Silas Miggel lives with his daughter, Miriam, in the Knysna forest. The story is set between 1881 and 1882 and tells of Silas' plight in caring for Italian immigrants who were brought to South Africa under the pretence of farming silk in a mulberry forest. Silas cares for the immigrants, who are forced by the British government to live in tents in the forest, in exchange for his right to live on crown land. As the novel unfolds, it becomes clear that the British government aims to utilise the immigrants as cheap labour for cutting and milling wood. The novel ends in the closure of the mill, the devastation of the forest and Silas' incarceration for unlawfully squatting on crown land.

Whilst the analysis in this article is situated within the postcolonial ecocritical framework, in which the human-nonhuman-relationship and the effects of colonisation thereon are analysed, the emphasis in Matthee's forest novels on the human-nonhuman-relationship is also underlined by the focus on specifically a poor white Afrikaner community's connection with the African landscape. As a result, the forest novels are characterised by the absence of the first nations residing in the Knysna forest and instead promote, to a certain degree, the poor white Afrikaner community's claim to the African landscape.

Tiffany Willoughby-Herard (2007; 2015) argues that the emphasis in Afrikaans literature on the connection between poor white Afrikaners and the African landscape is a political and social strategy, aimed to promote and uphold Afrikaner nationalist narratives. For Willoughby-Herard (2007; 2015), this claim to the African landscape forms the foundation of Afrikaner identity which is utilised to present Afrikaners as an ancient tribe of Africa.

The portrayal of the so-called poor white Afrikaner's connection to the African landscape is historically represented in Afrikaans literature. Especially the farm novels of the 1930s depict the connection between white Afrikaners and the African landscape. Although The Mulberry Forest does not depict specifically a farm setting and is indeed novel in depicting the human connection to the Knysna forest, the overlapping themes between the farm novels of the 1930s and The Mulberry Forest, as well as the similarities between the depiction of the African landscape, present the possibility that The Mulberry Forest could be interpreted as a novel supporting Afrikaner nationalist narratives. These themes focus on the African landscape inhabited by Afrikaners as romantic, mythical, and idyllic. The Afrikaner community feels at home and finds meaning in the African landscapes presented in the farm novels, despite it being a patriarchal, historical, and feudal space (Van Coller, 2006:96).

This article utilises Willoughby-Herard's work (2007; 2015) in whiteness studies as a theoretical framework to analyse Dalene Matthee's The Mulberry Forest (1987). By utilising Van Coller's (2003; 2006) description of the African landscape portrayed in the farm novels of the 1930s, as well as the themes encapsulated by these novels, this article aims to analyse the portrayal of an Afrikaner community's claim to the Knysna forest, as well as the absence in portrayal of the Knysna forest's Outeniqua tribe.

To determine how the poor white Afrikaner community in The Mulberry Forest is depicted as intertwined with the African landscape as nonhuman, this article firstly analyses how the

protagonist, Silas Miggel, and the Italian silk farmers' relationship with the Knysna forest is depicted. Thereafter the article investigates the influence that British colonialism has on this human-nonhuman-relationship. To conclude, this article compares the themes depicted in The Mulberry Forest and the first wave of farm novels in Afrikaans. Through this comparison of themes, a conclusion can be formulated as to whether, or not, The Mulberry Forest could be considered as upholding Afrikaner nationalist narratives.

Despite overlapping themes and the similarities between the depiction of the African landscape in The Mulberry Forest and the farm novels of the 1930s, this article also investigates the depiction of Silas as a tragic hero whose plight as a representative of the Afrikaner community is brought on by his own self-deception. This article finds that the focus on Silas' self-deception, as well as the portrayal of the Italian immigrants as a community situated between the postcolonial Self and Other, problematises the homogenous and monolithic racial classifications found in Afrikaner nationalist narratives. Therefore, The Mulberry Forest could also be read as a novel investigating and challenging the upheld belief of a connection between white Afrikaners and the African landscape found in Afrikaner nationalist narratives.

KEYWORDS: *The Mulberry Forest; Dalene Matthee; African landscape; whiteness studies; poor whites; Afrikaner nationalism; Knysna forest; white poverty; forest novels; human-nonhuman-relationship; postcolonialism; Self/Other; postcolonial ecocriticism*

TREFWOORDE: *Moerbeibos; witwesstudies; Dalene Matthee; Afrikalandskap; wit armoede; Afrikanernasionalisme; Knysnabos; armlankevraagstuk, mens-niemenslike-verbintenis; bosroman; postkolonialisme; Self/Ander; postkoloniale ekokritiek*

OPSUMMING

Dalene Matthee se bosromans is gekenmerk deur wat Wylie (2018:96) 'n "uneasy but deeply respectful symbiosis" tussen die bosgemeenskap en die Knysnabos noem. Hoewel die veelvlakkige verbintenis tussen die bosgemeenskap en die Knysnabos in *Moerbeibos* op die agtergrond afspeel, is hierdie verbintenis desnieteenstaande teenwoordig. In *Moerbeibos*, soos ook deurgaans in Matthee se ander bosromans, is die klem egter alleenlik op spesifieke arm, wit Afrikaners se verbintenis met die Afrikalandskap. Sodoende is die bosromans gekenmerk deur die afwesigheid van die eerste nasie(s) van die Knysnabos. Die uitbeelding van die verbintenis tussen die mens en die Afrikalandskap, en spesifieker die wit Afrikaner se aanspraak op Afrikagrond, is in konteks van die breër Afrikaanse literêre tradisie 'n verskynsel wat reeds voorkom in die eerste plaasromans (Meyer, 2016). Die plaasromans, soos Matthee se bosromans, fokus op die (arm) wit Afrikaner se verbintenis met die Afrikalandskap.

Volgens Van Coller (2006:96) is die Afrikanerruumtes wat in die eerste golf plaasromans uitgebeeld word, singewend, idillies, feodaal, mities, onvervreembaar, patriargaal, histories, en religieus. Soortgelyk aan die eerste golf plaasromans voel die hoofkarakter in *Moerbeibos*, Silas, tuis in die bos, ten spye van die patriargale en byna feodale stelsels wat die houtkapergemeenskap verarm. Die bos word uitgebeeld as 'n idilliese ruimte waarin wette en mitiese verbintenisse tussen die mens en die niemenslike heers, terwyl dit ook 'n ruimte is waarin die bosgemeenskap in al Matthee se bosromans skynbaar deur beide die niemenslike en die regerende Britse moondheid verwerp word.

Tiffany Willoughby-Herard (2007; 2015) voer aan dat die klem in die Afrikaanse letterkunde op die verbintenis tussen huis die sogenaamde *armblanke* en Afrikagrond deel uitmaak

van die Afrikanernasionalistiese narratiewe waarin Afrikaneridentiteit, sowel as die Afrikaner se aanspraak op Afrika, bevorder word. In hierdie artikel word Dalene Matthee se tweede laaste bosroman, *Moerbeibos* (1987), vanuit Willoughby-Herard (2007; 2015) se werk in kritiese witweesstudies geanaliseer. Deur te steun op Van Coller (2003; 2006) se omskrywing van die Afrikalandskap soos uitgebeeld word in die plaasromans, sowel as die temas teenwoordig in die plaasromans, word die uitbeelding van 'n Afrikanergemeenskap se aanspraak op die Knysnabos en ook die afwesigheid van die Outeniqua-stam in *Moerbeibos* geanaliseer.

Die analise van *Moerbeibos* in hierdie artikel fokus op die vraag oor hoe die arm, wit Afrikanergemeenskap in *Moerbeibos* as verstrengel met die niemenslike natuur uitgebeeld word, en of hierdie uitbeelding 'n Afrikanernasionalistiese narratief bevorder. Om hierdie vraag te beantwoord, sal daar eerstens 'n kort oorsig van die postkoloniale ekokritiek en witweesstudies uiteengesit word waarvolgens *Moerbeibos* se temas in verband gebring sal word met dié van die plaasromantradisie, soos deur Van Coller (2006) bespreek word.

Inleiding

Dalene Matthee se derde roman in haar vierluik bosromans, *Moerbeibos* (1987), word in André P Brink (1987) se resensie "die jaar se grootste teleurstelling" genoem. In Jooste en Senekal (2016:776) word Silas Miggel as 'n hoofkarakter beskryf wat slegs vir sy "eie belang skerm en in die proses min geestelike groei toon". Tesame met Matthee se laaste bosroman, *Toorbos* (2003), word *Moerbeibos* deur Van Biljon en Van Vuuren (2003:72) beskryf as "minder in gehalte as die eerste bosboek".

Buiten hierdie vergelyking in gehalte van Matthee se bosboeke, word die romans ook beskou as "goeie gewilde prosa" (Jooste & Senekal, 2016:770). Volgens John (2010:36) kan die vooropgestelde idee dat gewilde prosa van minder literêre waarde is, veroorsaak dat sodanige romans nie akademies bestudeer word nie. Die enkele studie deur Van Zyl (1989) oor *Moerbeibos*, die roman wat in hierdie artikel geanaliseer word, behels byvoorbeeld slegs 'n postkoloniale analise van die roman.

In hierdie artikel wil ek aanvoer dat *Moerbeibos* benewens kolonisatie ook onderzoek instel na die verhouding tussen ekologiese verwoesting, kolonisatie en Afrikaneridentiteit. Met nadere ondersoek word dit duidelik dat die verbintenis tussen die onderdrukking van die niemenslike¹ en die onderdrukking van die mens sentraal geplaas word in hierdie roman, wat dit sodoende moontlik maak om *Moerbeibos* te beskou binne 'n postkoloniale ekokritiese raamwerk wat aangevul kan word met insigte uit witweesstudies.

In teenstelling met die ander bosromans, naamlik *Kringe in 'n bos* (1984), *Fielo se kind* (1985) en *Toorbos* (2003), is die "gedetailleerde beschrijving van de ontmoeting met de geheimzinnige, verheven natuur van het oerwoud" (Ester, 1988:2) nie op die voorgrond van *Moerbeibos* nie, maar is die fokus van hierdie roman eerder op die hoofkarakter en verteller, Silas Miggel, en die verantwoordelikheid wat hy moet neem vir 'n groep Italiaanse immigrante in ruil vir sy verblyfreg op "kroongrond".²

¹ Ek gebruik die term *niemenslike* na aanleiding van Marius Crous (2015) se analise van Elisabeth Eybers se gedig "Die huiskat", waarin die term *niemenslike* omskryf is as enige wesens, hetrys plante of diere, wat nie mens is nie.

² Die term *kroongrond* word in Matthee se romans gebruik as benaming vir staatsgrond. Die term word ook in die HAT vermeld as 'n historiese gebruik vir die "benaming vir staatsgrond in SA tot republiekwording in 1961" (Luther et al., 2015:691). Die term word verder in hierdie artikel sonder aanhalingstekens gebruik.

In *Moerbeibos* is die houtkapper, Silas Miggel, 'n randfiguur wat saam met sy tiener dogter, Mirjam, omsien na Italiaanse immigrante op die platrand by Gouna in die Knysnabos tussen 1881 en 1882. Silas het die geïsoleerde platrand, wat kroongrond is, uitgekies om Mirjam in afsondering groot te maak sodat sy nie (soos haar ouma en ma) swanger word en tydens die geboorteproses sterf nie. Silas se poging om Mirjam in afsondering te hou, is wel onsuksesvol omdat die platrand toegeken word aan Italiaanse syboere. Die Italiaanse syboere is deur die Britse regering verkeerdelik onder die indruk gebring dat die Knysnabos uit moerbeibome bestaan. Dit word Silas se verantwoordelikheid om die Italianers te versorg in ruil vir sy verblyf op kroongrond.

Die oprig van 'n saagmeul in die bos lei stelselmatig tot die ontbossing en vernietiging van die Knysnabos en tot die uitbuiting van die Italianers, maar die regering blameer Silas en die Italianers vir hul eie ondergang sowel as dié van die bos. Die roman sluit af met Mirjam wat geboorte sken aan haar en die ivoorstrooper, Josafat Stander, se buite-egtelike seun. Kort ná die kind se geboorte word Silas in hegtenis geneem weens sy onwettige verblyf op die platrand. Silas vlug van die polisie af en vestig homself in afsondering in die "Bos se hart" (131)³ waar 'n strook rooi lelies groei.

Matthee se bosromans is gekenmerk deur wat Wylie (2018:96) 'n "uneasy but deeply respectful symbiosis" tussen die bosgemeenskap en die Knysnabos noem. Hoewel die veelvlakkige verbintenis tussen die mens en die Knysnabos in *Moerbeibos* op die agtergrond geplaas is, is hierdie verbintenis 'n belangrike komponent in Silas en die Italianers se verhaal. Deur die lens van die postkoloniale ekokritiek se kritiese analise van Self/Ander-dualismes tussen mense, maar ook tussen mense en die niemenslike in tekste, sou mens kon aanvoer dat die klem in *Moerbeibos*, en ook in Matthee se ander bosromans, egter alleenlik op arm wit Afrikaners se verbintenis met die Afrikalandskap is. Sodoende word die bosromans gekenmerk deur die afwesigheid van die eerste nasie(s) van die Knysnabos. Ek wil dus aanvoer dat witweesstudies 'n handige lens bied waarmee hierdie dualistiese verhaal geanaliseer kan word.

Voordat witweesstudies uiteengesit word, is dit egter belangrik om die postkoloniale ekokritiek kortlik hier op te som, veral in ag genome dat witweesstudies deel vorm van die postkolonialisme binne die vergelykende raamwerk van die postkoloniale ekokritiek wat in hierdie artikel gebruik word.

Visagie (2013) verduidelik dat die postkoloniale ekokritiek "die sambrel [is] wat die meeste ekologiese kwessies [...] omvou". Volgens Visagie (2013) is hierdie teoretiese benadering van waarde, aangesien die analise van Suid-Afrikaanse tekste vanuit die ekokritiek of die postkolonialisme neerkom op begrip vir die invloed wat die koloniale tydperk op die niemenslike gehad het en vir die verandering van inheemse denkwyses oor die niemenslike vandat Suid-Afrika "vanaf die 17de eeu 'n ontmoetingsplek vir bevolkings uit Afrika, Europa en Asië geword het".

Volgens Visagie (2013) is dit aan die hand van die postkoloniale ekokritiek dat daar erkenning gegee word aan die hibriede, verwikkeld identiteit van menslike subjekte in Suid-Afrika en die verbintenis tussen die mens en die niemenslike, sowel as die erkenning dat die niemenslike ook deur prosesse van kolonisasie beïnvloed is.

Die postkoloniale ekokritiek het hoofsaaklik ontstaan as 'n teenreaksie op die radikale ekologie. Die radikale ekologie word dikwels as anti-antroposentries beskryf omdat hierdie beweging, volgens Cilano en DeLoughrey (2007:71), nie die ongelykhede binne die menslike

³ Waar slegs bladsynommers gebruik word, verwys ek na Matthee, D. 1987. *Moerbeibos*. Kaapstad: Tafelberg.

samelewing in ag neem nie, maar eerder alleenlik op die niemenslike natuur fokus. Hierdie fokus op die niemenslike natuur geskied huis paradoksaal vanuit 'n antroposentriese uitgangspunt waar die mens as 'n soort heerser van die niemenslike gekonseptualiseer word. Heise (2010:253) voer aan dat nie net die radikale ekokritiek nie, maar die ekokritiek as geheel dikwels die idee van suwer, primordiale ekosisteme en ruimtes bevoordeel. Die fokus op byvoorbeeld wilde landskappe wat in afsondering van die mens uitgebeeld word, of geromantiseerde, pastorale beeld van die niemenslike natuur, bevorder wat Huggan (2004:704) beskryf as 'n "imperialist nostalgia – a closet ideology the practitioners of which are given to mourn what they themselves have helped destroy." 'n Imperialistiese nostalgie verwys onder andere na die wildernistroop, naamlik die Joods-Christelike ideologie waarin landskappe beskou word as 'n soort spirituele ruimte waarin die mens in afsondering kan terugtrek.

'n Voorbeeld van hierdie imperialistiese nostalgie uit die Afrikaanse letterkunde waarna Van Coller (2003) verwys, is te vind in die werke van CM van den Heever, soos sy romans *Droogte* (1930); *Groei* (1933) en *Laat vrugte* (1939). Johann Lodewyk Marais (2011:6) noem Van den Heever se romans "volkse romantiek, waarin natuurbeelding 'n belangrike rol speel". JC Kannemeyer (aangehaal in Marais, 2011:6) verwys ook na die werke van S Ignatius Mocke wat veral eienskappe van "heimwee na 'n rustige landelike bestaan" verwoord. Hierdie uitbeelding konseptualiseer die niemenslike natuur as 'n entiteit wat afsonderlik van menslike geskiedenis ontstaan het. Gevolglik word die komplekse verbintenis tussen die mens (spesifiek die inheemse bevolking) en die niemenslike geignoreer, en sodoende ook ondermy.

Dit is hier waar witwesstudies handig te pas kom en waarmee hierdie imperialistiese nostalgie in die Afrikaanse letterkunde geanaliseer kan word. Witwesstudies kan beskryf word as 'n uitbreiding van die postkolonialisme aangesien dit gemoeid is met die verstaan en problematisering van wit identiteite en kulture. Matthee se *Moerbeibos* kan gelees word as kritiek op die ontbossing en onderdrukking van die natuur, maar ook as kommentaar op die impak wat koloniale stelsels op arm, wit gemeenskappe het. Matt Wray (2006:5) stel in *Not quite white: white trash and boundaries of whiteness* dat daar verskeie vorms van ongelykheid binne ras, klas, gender en seksualiteit is. Matthee fokus huis in *Moerbeibos* op die ervaring van 'n arm, wit gemeenskap onder die mag van verskeie koloniale en patriargale stelsels. Verder kan *Moerbeibos* ook in verband gebring word met die postkoloniale ekokritiek deurdat die verhouding tussen ekologiese verwoesting sowel as die kolonisatie van arm, wit gemeenskappe in die romans sentraal geplaas en verweef word.

Witwesstudies problematiseer egter ook die uitbeelding van die kolonisatie van arm, wit gemeenskappe, veral waar hierdie uitbeelding aspekte van essensialisme bevat en die onderdrukking van die swart Ander⁴ uitsluit. *Moerbeibos* beeld hoofsaaklik 'n wit gemeenskap se verbintenis met die niemenslike natuur uit. In ag genome dat hierdie uitsluiting van die swart Ander kan aansluit by narratiewe van Afrikanernasionalisme, is dit noodsaaklik om Matthee se roman binne die breër Afrikaanse literêr-historiese konteks te plaas ten einde die moontlike uitsluiting van ander rasgroepe en die imperialistiese nostalgie in *Moerbeibos* te analiseer.

In die konteks van die breër Suid-Afrikaanse en Afrikaanse literêre tradisie se fokus op die plaas-, dorp- of stadsruimte, is Matthee se spesifieke fokus op die Knysnabos as milieu buitengewoon. JC Kannemeyer (2005:626) dui daarop dat slegs die werke van Helmuth Luttig en Jan H du Preez ook die Knysnabos as milieu uitbeeld. Tog is die uitbeelding van die

⁴ Swart word hier gebruik om die ervaring en onderdrukking van die Ander gedurende apartheid te tipeer, eerder as wat dit 'n rassekategorie is.

verbintenis tussen die mens en die niemenslike, en spesifiek die wit Afrikaner se aanspraak op Afrika se grond, 'n verskynsel wat reeds voorkom in die eerste plaasromans van die 1930's (Meyer, 2016). Die plaasroman is een genre binne die Afrikaanse literêre tradisie wat, soos Matthee se romans, fokus op die (arm) wit Afrikaner se verbintenis met die niemenslike. Die plaasromantradisie kan volgens Van Coller (2006:99) egter ook vanuit die postkolonialisme gelees word as 'n bevordering van Afrikanernasionalisme.

Volgens Van Coller (2006:94) is die eerste golf plaasromans 'n soort dokumentering van die Afrikaner se beweging van die plaas na die dorp en/of stad toe. Van Coller (2006:98) beskryf die uitbeelding van die plaasruimte in die eerste golf plaasromans as:

'n singewende ruimte, waardeur die bewoners ook aanspraak verwerf op die bodem; as 'n idilliese ruimte; as 'n feodale ruimte wat hiërgaries gestructureer is rondom klas en ras; as 'n mitiese ruimte waarbinne heldegestalte worstel met onder andere die noodlot; as 'n onvervleembare ruimte wat deur erfopvolging van vader na seun moet oorgaan; as 'n patriargale ruimte waarin manlike waardes oorheers; as 'n historiese ruimte waarbinne tradisie en geskiedenis sentraal staan; en as 'n religieuse ruimte, dikwels met trekke van 'n panteïstiese belewing.

Matthee se uitbeelding van die Knysnabos stem ooreen met hierdie beskrywing. In *Moerbeibos* voel die hoofkarakter Silas tuis in die bos, ten spyte van die patriargale en byna feodale stelsels wat die houtkappers verarm. Die bos word uitgebeeld as 'n idilliese ruimte waarin wette en mitiese verbintenisse tussen die mens en die niemenslike heers, terwyl dit ook 'n ruimte is waarin die bosgemeenskap in al Matthee se bosromans skynbaar deur beide die niemenslike en die regerende Britse moondheid verwerp word.

Van Coller (2003:50) verduidelik aan die hand van CM van den Heever se werke dat die mens in die eerste golf plaasromans dikwels in konflik is met die natuur (gedurende, byvoorbeeld, 'n droogte), terwyl die wit Afrikaanse boer (in kontras met Britse kolonialiste en die jong, moderne stedeling) ook 'n unieke band met die natuur het. Dit is hierdie band wat "die Afrikaner [heg] aan die aarde en sy geskiedenis" en "sy aanspraak op die land bevestig" (Van Coller, 2003:50). Ook in Matthee se bosromans word die wit Afrikaanse bosgemeenskap se verbintenis en struweling met die bos uitgebeeld. Soos die plaasromans beeld die bosromans die verarming van 'n Afrikanergemeenskap uit. Die redes vir verarming word in beide die bosromans en in die eerste golf plaasromans toegeskryf aan kolonialisme, swak vergoeding vir arbeid en "onkundigheid oor moderne geldhandel" (Van Coller, 2003:53). 'n Postkoloniale analise van die eerste golf plaasromans getuig daarvan dat hierdie tradisie benut is as 'n "ideologiese werktuig [wat] Afrikanernasionalisme" (Van Coller, 2006:99) bevorder en sodoende die dualisme van Self/Ander in stand hou.

Volgens Coetzee (1988:5) is die ideologiese funksie van die eerste plaasromans in die Afrikaanse literatuur om die Afrikaner se reg op die Afrikalandskap te bevestig. Die uitbeelding van spesifiek die Afrikaner se arbeid op die Afrikalandskap beteken noodwendig dat die arbeid van eerste nasies in hierdie narratiewe weggelaat word. Ook in *Moerbeibos* is daar slegs een karakter, Mieta, wat "'n swarte vel" (105) het en voorgestel word as 'n nasaat van die Outeniqua-stam. Hierbykomend beklee die Italianers 'n noemenswaardige posisie in *Moerbeibos* – omdat hulle ook, soos die bosgemeenskap, deur die Britse moondheid onderdruk word, maar skynbaar as immigrante meer wetlike aanspraak op die Knysnabos se grond het. Na aanleiding van die uitbeelding van juis 'n Afrikanergemeenskap se aanspraak op die Knysnabos, maar ook die afwesigheid van die Outeniqua-stam, kan *Moerbeibos* moontlik ook geïnterpreteer word as 'n imperialistiese nostalgie en spesifiek die bevestiging van Afrikanernasionalisme, waarin

wit Afrikaners se identiteit verbind word met die Afrikalandskap ten einde die wit Afrikaner se aanspraak op Afrika se grond te bevorder.

Vanweë hierdie dubbelsinnige uitbeelding van nasionalistiese narratiewe – waar Britse kolonialisme uitgedaag word, maar Afrikanernasionalisme ondersteun word – ondersoek hierdie artikel die uitbeelding van die arm wit Afrikanergemeenskap en sy aanspraak op die Knysnabos as Afrikalandskap in *Moerbeibos*. Om hierdie uitbeelding te analiseer, word Tiffany Willoughby-Herard (2007; 2015) en Matt Wray (2006) se werk in kritiese witwesstudies benut.

Wray (2006:4) voer aan dat kritiese witwesstudies 'n interdissiplinêre vakgebied is wat vanuit die postkolonialisme se kritiese rasstudies ontwikkel het. As teoretiese benadering ontstaan kritiese witwesstudies in die 1990's weens die opkoms van postkoloniale reaksies op die koloniserende prerogatief van wit subjektiwiteit.

Soos die postkoloniale ekokritiek se teenstand van die Self/Ander dualisme, word kritiese witwesstudies ook benut om die heerskappy van 'n bepaalde menslike groep te analiseer, maar met 'n spesifieke fokus op die gevolge van wit heerskappy op, onder andere, wit (menslike) gemeenskappe (Wray, 2006:4). Kritiese witwesstudies verskaf 'n analitiese raamwerk en perspektief waarmee die prosesse en gevolge van *superordinasie* en *meerderheid* ("majorisation") bestudeer kan word (Wray, 2006:4). Dit behels die bestudering van die historiese ontwikkeling van rasgebaseerde sosiale oorheersing en die nalatenskap van wit oorheersing op gemarginaliseerde sowel as wit rasgroepe (Wray, 2006:4). Kritiese witwesstudies bestudeer dus die gevolge van wit heerskappy op spesifiek wit gemeenskappe, maar erken die bevoordeelde kategorie wat wit identiteit wêreldwyd geniet en dat hierdie bevoordeling 'n primêre rol speel in sosiale oorheersing (Wray, 2006:5). Die term *witwees* verwys dus na die psigologiese en kulturele voordele, sowel as ekonomiese en politieke bevoordeling, wat onderliggend aan wit identiteit is.

Mary West (2009:3-5) voer aan dat ook wit identiteit hoofsaaklik uit 'n stel problematiese en dikwels onbewuste aannames bestaan wat nie die verskeie klasse- en kultuurverskille, sowel as lingistiese verskille, aandui nie. Volgens West (2009:18) het spesifiek wit identiteit histories 'n duidelike hiërargie. West (2009:18) voer aan dat wit Engelse sprekers in hierdie hiërargie as die ideaal voorgestel word. Witwees is in hierdie verband paradoksaal, omdat die apparate waarmee wit hegemoniese identiteit gekonstrueer word, merkers van uitsluiting eerder as insluiting is. West (2009:19) wys daarop dat, weens hierdie merkers van uitsluiting, witwees bevestig wie nie wit is nie, eerder as wie wel as wit gekategoriseer kan word. Willoughby-Herard (2007; 2015) voer in haar werke aan dat wit Afrikanergemeenskappe ook deel uitmaak van die groepe wat nie as wit geklassifiseer word nie.

Hoewel witwees in Suid-Afrika ook verwys na die psigologiese en kulturele voordele, sowel as die ekonomiese en politieke bevoordeling van wit Suid-Afrikaners, is wit Suid-Afrikaners 'n minderheidsgroep wat 'n lang geskiedenis van koloniale en sosiale mag oor die meerderheidsgroep, naamlik swart Suid-Afrikaners, het. Daar is 'n aantal Suid-Afrikaanse studies oor witwees, waarvan Christi van der Westhuizen se *Sitting pretty: white Afrikaans women in post-apartheid South Africa* (2018) en *Whiteness, Afrikaans, Afrikaners* (2018), saamgestel deur Netshitenzhe, Gilder en Merrett, die nuutste is. Hierdie studies sluit aan by 'n tradisie van studies oor witwees in Suid-Afrika.⁵

⁵ Sien byvoorbeeld die teoretisering van Teppo (2013), Bottomley (2012), Goodwinn en Schiff (1995) en Steyn (2001).

Annika Teppo (2013) voer aan dat kritiese witweesstudies en spesifiek die studie van arm, wit Afrikaners, juis belangrik is in die Suid-Afrikaanse konteks. Sy argumenteer dat wit Afrikaners 'n ongelyke hoeveelheid mag in postapartheid Suid-Afrika besit. Deur witwees te bestudeer, word die uitbeelding van 'n maghebbende groep onder 'n kritiese lens geplaas, maar lei die bestudering ook tot die begrip dat hierdie rassekategorieë ook nadelig vir wit gemeenskappe in Suid-Afrika is:

The racial categories [...] also disadvantaged the whites as [these] obliged them to be and behave like 'good whites', a demand that heavily stigmatized those who did not measure up to the norms of whiteness. (Teppo, 2013:124-125)

Die fokus op arm, wit Afrikaners funksioneer in hierdie opsig as kritiek teen kulturele essensialisme. Die fokus op die armoede van wit Afrikaners dekonstrueer die aanname dat wit Afrikaners almal dieselfde is en dieselfde voorregte geniet.

Wray (2006) beklemtoon die problematiek van die term *poor white* (oftewel *armblanke*). Volgens Wray (2006:3) klassifiseer hierdie term mense as 'n *kaste* eerder as 'n klas. Arm wit mense, aan die hand van die term *poor white*, "are thought to have no social worth and only regressive political tendencies" (Wray, 2006:3). Die Afrikaanse vertaling van *poor white*, naamlik *armblanke*, bestaan ook uit die term *blanke* wat geassosieer word met apartheid se binêre rasseklassifikasies van blank/swart.

Dit is egter belangrik om uit te wys dat Wray (2006:3) hier na 'n kastestelsel verwys. Volgens PharosAanlyn (2020) is 'n *kaste* 'n "soort stand, afgeslote kring, waarin [geen] vreemdes opgeneem word nie". Daar is ruimte vir kritiek teen Wray (2006:3) se argument dat wit, arm mense 'n *kaste* eerder as 'n bepaalde klas is. Wray (2006:3) voer aan dat studies oor wit armoede, wat primêr fokus op klas en ras, nie voldoende fokus op die laagste sosiale groepe nie. Wit armoede het vir Wray (2006:3) meer te make met 'n groep mense wat, soos in die kastestelsel, uitgesluit word deur kapitalistiese modernisering. Hulle vorm dus nie deel van die kapitalistiese stelsel nie, ook nie as goedkoop arbeid nie. Hoewel hierdie argument moontlik van toepassing is op veral die Verenigde State van Amerika, kan daar aangevoer word dat wit armoede in Suid-Afrika, soos in *Moerbeibos* uitgebeeld is, juis 'n kapitalistiese strategie van die Britse moondheid is omdat arm wit Afrikaners as goedkoop arbeid vir die kapitalistiese bevordering van die staat benut word.

Daar is egter een faktor wat Wray (2006:3) se woordkeuse van "kaste" verbind met die *armblankevraagstuk*, naamlik eugenetika. Willoughby-Herard (2007) voer aan dat die Carnegie-kommissie en die *armblankevraagstuk* slegs deur 'n nasionalistiese agenda gedryf is om die Afrikaner se heerskappy te ondersteun en te bewerkstellig. Sy argumenteer dat die Carnegie-kommissie ontstaan het vanuit eugenetika – 'n internasionale beweging wat gespruit het vanuit 'n selfbewuste en veranderende wit setlaarsgemeenskap/minderheidsregerende politieke bestel in eertydse rassedemokrasieë (Willoughby-Herard, 2007:485). Haar gebruik van die term *racial democracy* (Willoughby-Herard, 2007:485) verwys daarna dat die opvatting van rassediskriminasie nie binne 'n bepaalde gemeenskap bestaan nie. Dit wil sê dat Suid-Afrika gedurende die oorgang tot Uniewording, waartydens die Carnegie-kommissie ontstaan het, nie rassediskriminasie erken het nie.

Eugenetika het ontstaan gedurende 'n era van wetenskaplike rassisme wat negatiewe en statistiese karaktereienskappe aan 'n individu of groep mense toegeken het. Hierdie karaktereienskappe word gemeet aan die groep se fisiese liggeme, genetiese of oorerlike samestellings, gelaatstrekke, intellektuele kapasiteit, benadering tot genderrolle, grootmaak van kinders, manier van produksie, en migrasie of nedersetting, sowel as hul vermoë tot

selfbestuur. Hierdie vorm van wetenskaplike rassisme is 'n positivistiese en sistematiese metode waardeur 'n groep se sosiale en politieke status, wat om die beurt as submenslik beskou word, genaturaliseer word deurdat daardie sosiale status op die groep se liggame gekarteer word (Willoughby-Herard, 2007:488). Volgens Willoughby-Herard (2007:485) het die Carnegie-kommissie witwees as ideologie in stand gehou aan die hand van genetiese evaluering, sterilisasie, intelligensietoetse en gedwonge verskuiwing en aanhouding. Hul doel was om die arm, wit gemeenskappe op te voed en af te sonder van ander inheemse bevolkingsgroep in Suid-Afrika om die idee van biologies geregverdigde wit heerskappy (en dus die seggenskap oor die Afrikalandskap) te bevorder.

In Willoughby-Herard (2007; 2015) se werke word kritiese witweesstudies benut om die armlankervraagstuk in Suid-Afrika te problematiseer en te herevalueer. Terwyl kritici in kritiese witweesstudies hoofsaaklik witwees as bevoordele identiteit eien wat onverdiende regte vergun word, bestudeer Willoughby-Herard (2007:483) hierbenewens witwees as 'n projek waarin wit identiteit gekonstrueer word in reaksie teen verkleinering en onderdrukking:

I speak of diminished white selfhood in the face of the predominant though inadequate historiography of political change under South African apartheid [...] which suggests that ethnic conflict between Afrikaner and British is a meaningful and salient explanation for colonial domination.

Volgens Willoughby-Herard (2007:483) word die geskiedskrywing van die wit Afrikaner, wat gedurende apartheid ontwikkel is, gebruik om aan te voer dat Afrikaneridentiteit outochtonies⁶ eerder as 'n politieke konstruk is, vanweë die Afrikaner/Brit-dualisme wat tydens Britse kolonialisme ontstaan het.

Willoughby-Herard (2015) voer aan dat Afrikaneridentiteit 'n gefabriseerde identiteit is wat gekonstrueer is met die doel om wit (Afrikaanse) heerskappy in Afrika te bevorder.⁷ Een manier waarop Afrikaneridentiteit gefabriseer is, is deur die voorstelling dat Afrikaners een van verskeie antieke stamme in Afrika is (Willoughby-Herard, 2015:5). Hierdie voorstelling hou verband met die stigting van wat Willoughby-Herard (2015:6) *Afrikanerruimtes* noem. Met die Groot Trek as die hoofgebeurtenis binne hierdie "imitation history" (Willoughby-Herard, 2015:6), word die landskappe wat die Afrikaner gedurende die Groot Trek oorgeneem het, gekonseptualiseer as leeg: "without people or time" (Willoughby-Herard, 2015:6). Dit wil sê dat Afrikaneridentiteit die samehorighed van 'n groep mense vertoon aan die hand van hul aanspraak op Afrika se landskap. Deur die wit Afrikaner voor te stel as 'n antieke stam van Afrika wat aanspraak het op Afrika se grond, word Afrikanernasionalisme en gevoldiglik homogene, wit Afrikaanse heerskappy, bevorder. Dit is hierdie narratief wat so prominent figureer in die Afrikaanse letterkunde se plaasromans, en wat ek hier ondersoek in Matthee se *Moerbeibos*.

⁶ Outochtonies kan omskryf word as *inheems* eerder as *afkomstig van immigrante of setlaars*. Willoughby-Herard (2007) gebruik die term om die idee dat die Afrikaner deel is van 'n wit Afrikastam te kritiseer.

⁷ Hoewel dit buite die omvang van hierdie artikel val, is dit belangrik om uit te lig dat enige groepsidentiteit aanpasbaar is. Nuwe en hersiene narratiewe en oorsprongsverhale word voortdurend in sosiale groepe gekonstrueer om die groep se oorlewing te verseker. Vir meer oor spesifiek narratiewe oor Afrikaneridentiteit, raadpleeg Gilioomé (2013) se *Die Afrikaner*. Marx Knoetze (2020) bespreek spesifiek narratiewe van *white victimhood* in die artikel "Romanticising the 'Boer': Narratives of White Victimhood in South African Popular Culture", terwyl DiAngelo die aanpasbaarheid van wit identiteit in *White Fragility* (2018) aanspreek.

Die Knysnabos as Afrikanerruimte

Soos reeds kortliks genoem is, verduidelik Van Coller (2006:98) dat Afrikanerruimtes dikwels in die plaasromantradisie uitgebeeld is as singewende, feodale, mitiese, onvervrembare, patriargale, historiese en religieuse ruimtes. Die ooreenkoms tussen Van Coller (2006:98) se beskrywing van die Afrikanerruimtes in die plaasromantradisie en dié van Matthee se *Moerbeibos* is noemenswaardig. Deurgaans in *Moerbeibos* beklemtoon die hoofkarakter Silas dat die bos sy *plek* is. Die leser weet dat sy pa en oupa in die bos gewoon het en dat Silas ook begeer om die bos simbolies aan sy kleinseun oor te dra. Hoewel dit nie 'n wetlike proses is nie, word die bos simbolies oorgeërf deur die seuns van die houtkappers wat in die bos woon en sodoende word die bos as 'n onvervrembare ('n bekende of eie) ruimte voorgestel. Silas beklemtoon ook die singewendheid van die bos deur deurgaans te sê "die platrand is my plek. Dis my huis. Dis my reg. Dis my meisiekind se reg en niemand sal daardie reg kom vat nie" (272). Hierdie onvervrembare, singewende ruimte is egter ook 'n feodale ruimte, waarop Silas geen wetlike aanspraak het nie omdat dit kroongrond is.

Histories, en in *Moerbeibos*, huur die houtkappers (afstammelinge van Nederlandse setlaars) nie die grond by die moondheid nie, maar verkoop die hout wat hulle kap aan houtkopers in ruil vir geld of ander goedere, soos twak, meel of koffie. In die roman is die karakter Henry Barrington een van die Britse onderdane wat nog grond besit in die Knysnabos. Henry probeer dikwels om grond, spesifiek die area Karawater, aan Silas te gee in ruil vir arbeid en verblyfreg (176). Silas weier egter herhaaldelik om op Barrington se grond, Karawater en Portland, te bly. Volgens Silas werk bosmense nie vir ander nie (16), en hy, "Silas Miggel, staat nie aan [ander] verhuur nie; wat [hy] doen, doen [hy] om [sy] blyreg op hierdie platrand te verdien, en vir niks anders nie" (82). Silas is dus skynbaar bewus van die feodale stelsel waarin hy verstrengel sal word indien hy op Henry Barrington se grond bly. Die ironie is dat Silas juis homself aan die Britse regering verhuur in ruil vir sy verblyfreg op die platrand. Sodoende verstrengel hy homself wel in 'n soort feodale stelsel waarin hy uiteindelik uitgebuit word. Ten spyte daarvan dat die bos vir Silas 'n singewende ruimte is, verhoed die feodale stelsel dat hy "sê [het] in die kroon" (4).

Ten spyte van, of juis weens, wat Van Zyl (1989) Silas se "selfmisleiding" noem, simpatiseer die leser met Silas. Indien Silas gelees word as die verteenwoordigende figuur van die arm, wit Afrikaner wat deur Britse kolonialisme en die feodale stelsel uitgebuit word, is die implikasie dat die leser se simpatie ook by dié van die arm, wit Afrikaner is, terwyl die verteenwoordigende karakters van Britse kolonialiste, soos Henry Barrington, as antagoniste uitgebeeld word wat teen die arm, wit Afrikaner is. Hierdie verhouding tussen die Britse amptenary en Silas is soortgelyk aan die magsverhouding tussen die Afrikaanse boer en Britse kolonialis wat in die plaasromantradisie uitgebeeld word.

Die Italianers beklee ook 'n noemenswaardige posisie in *Moerbeibos*. Hoewel hulle deur 'n feodale stelsel uitgebuit word, het hulle, as Europese immigrante, die reg om die grond te huur, terwyl Silas, die wit Afrikaner, nie daardie reg het nie juis omdat dit kroongrond is. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat wit Afrikaners wel histories die reg gehad het om grond te besit onder die Britse regering in Suid-Afrika. In *Moerbeibos* is Silas, en enige ander lid van die bosgemeenskap, egter nie in staat om grond in die Knysnabos te besit nie. Silas het ook die geld om grond te koop, maar, soos ons kan aflei van die Italianers se tolk, Christie, is die verkope van grond aan die bosgemeenskap nie 'n "wetlike" (261) proses nie. Die leser word nooit pertinent meegedeel waarom hierdie die geval is nie, maar ons sou kon aflei dat dit te make het met die Knysnabos as kroongrond. Indien Silas dan nooit grond in

die Knysnabos kan besit nie omdat dit kroongrond is, dui sy obsessiewe besparing om grond te koop op sy selfmisleiding. Aan die ander kant wys dit ook uit dat die Britse regering Britse onderdane bevoordeel het. Henry Barrington besit grond in die Knysnabos, die regering gee aan Christie twintig akker grond, terwyl twintig akker aan die Italianers verhuur word mits hulle die grond bewerk. Na regte sou Silas dus ook die grond moes kon huur by die staat. Enersyds is dit nie 'n kwessie van historiese korrektheid nie, maar dui die uitbeelding in *Moerbeibos* daarop dat die Britse regering die wit Afrikaner onderdruk en die Italianers uitbuit vir goedkoop arbeid. Die arm, wit Afrikaner is dus, selfs in vergelyking met Italianers wat in tente moet bly op grond wat aan hulle verhuur word, die ondergeskikte, sosiale Ander met geen reg of wetlike aanspraak op Afrika (en spesifieke die Knysnabos) se landskap nie. Die uitbeelding van die Italianers dien in hierdie oopsig as 'n beklemtoning van die koloniale onderdrukking wat teen die arm, wit Afrikanerbosgemeenskap gepleeg word.

Dit word duidelik dat die arm, wit Afrikanergemeenskap wat in *Moerbeibos* uitgebeeld word, 'n unieke band met die bos het wat genealogies, maar ook fisiologies, gegronde is. Silas verduidelik byvoorbeeld dat “[sy] Oupa [...], Pa [en hy] in die bos gebore [is]” (8), en dat die bos sy “lyf se tweede baadjie” (75) is. Dit word ook gesuggereer dat Silas hierdie genealogiese verbintenis met die bos wil voortsit wanneer hy sy kleinseun die bos wil invat “sodat hy die lug kan inkry en weet waar sy plek is” (356). Die bos is ook die plek waarheen Silas vlug wanneer hy uit die tronk ontsnap en volgens Van Zyl (1989) put hy die meeste van sy kennis uit die bos. Die bos bied dus beskerming en huisvesting, en funksioneer in verbintenis met die bosgemeenskap. Hierdie band bevestig veral Silas, maar ook ander lede van die bosgemeenskap, se aanspraak op die Afrikalandskap, soos dit volgens Van Coller (2003:50) ook in die eerste golf plaasromans uitgebeeld word.

Soos in die plaasromans word die verarming van die Afrikaner in *Moerbeibos* toegeskryf aan kolonialisme, omdat veral die arm Afrikaner geen wetlike aanspraak op grond het nie. Van Coller (2003:53) verduidelik dat die Afrikaner se armoede in die plaasroman toegeskryf word aan kolonialisme, swak vergoeding en “onkundigheid oor moderne geldhandel”. In *Moerbeibos* word die armoede van die Afrikaner ook toegeskryf aan Britse kolonialisme wat in die roman as 'n soort feedale stelsel uitgebeeld word. Ook die uitbeelding van die swak vergoeding wat die bosgemeenskap vir hul arbeid by houtkopers kry, funksioneer om die verarming van die Afrikaner te beklemtoon. Silas se val, “waaruit [hy] nooit weer sou kon opkom nie [want] die goewermentswiel het [hom] in [sy] maai gery” (358), verteenwoordig dus ook die groter Afrikanergemeenskap se val tydens Britse kolonialisme. Hoewel die onderdrukking van die Afrikaner deur Britse kolonialisme 'n geskiedkundige gebeurtenis is, is die manier waarop hierdie gebeurtenis aangewend word, as deel van 'n groter, gefabriseerde identiteit, volgens Willoughby-Herard (2007) problematies omdat dit die Afrikaner voorstel as 'n slagoffer van Britse kolonialisme met die doel om die Afrikaner se aanspraak op die Afrikalandskap te regverdig. Silas se val, as verteenwoordigend van die Afrikaner se val onder Britse kolonialisme, kan dus geïnterpreteer word as 'n bevordering van Afrikanernasionalisme.

Die arm, wit Afrikaner se aanspraak op die Afrikalandskap word ook bevorder deur die uitbeelding van die bos as 'n patriargale ruimte. Mirjam, Petroniglia ('n Italiaanse vrou) en Mieta (die “medisynevrou” (33) van die bos) is die enigste vrouestemme wat in die roman weergee word. Reeds in terme van die aantal manlike karakters teenoor die aantal vrouekarakters in die roman, word die bos uitgebeeld as 'n patriargale ruimte waarin die manlike karakter woon en heers. Silas onttrek huis vir Mirjam van die ruigte van die Knysnabos om haar in afsondering op 'n oopte groot te maak sodat daar nie “na [sy] meisiekind [...] geloer word [deur mans] nie” (242). Die patriargale ruimte word egter ook bevestig deur die bepaalde

beweeglikheid van die manlike karakters. Slegs wanneer Silas "skietgegee" (27) het, kon Mirjam bos of dorp toe gaan. Gevolglik word Mirjam deurgaans binne die huis uitgebeeld waar sy kook, skoonmaak, of in haar kamer huil. Ook die Italiaanse vrou, Petroniglia, kan slegs met Silas se leiding die bos betree om dorp toe te gaan waar sy van haar dogter wat agtergebly het in die Kaap, kort-kort verneem. Die bos word sodoende primêr voorgestel as 'n manlike, patriargale ruimte, waarin vroue, en veral Mirjam, nie kan of mag beweeg nie.

Dit is wel kenmerkend dat daar uitsonderings in *Moerbeibos* is, en die klem val juis op die gebeure waar vroue hierdie grens tussen die patriargale en vroulike ruimtes oorskry. Een van die verhale wat parallel met die Italianers se stryd vertel word, is dié van die geheimsinnige liefdesverhouding wat Mirjam met die ivoorstroper, Josafat Stander, *in die bos* ('n patriargale ruimte) aanknoop. Ook Mieta loop "op 'n windstil nag met haar kers nes 'n spook Bos in [...] om haar medisyne te pluk" (106). Wanneer Mirjam die bos betree, word sy egter beskryf as "skelm" (63) en word sy swanger met haar en Josafat se buite-egtelike kind. Sy bevestig ook, ná haar swangerskap bekend word, dat sy en Josafat op die dorp (hier verteenwoordigend van 'n huisliker en dus stereotipies vrouliker ruimte) gaan woon.⁸ Teenoor die klem op die gevolge van Mirjam se betreding van die bos, word die bos uitgebeeld as 'n mitiese en spirituele ruimte wanneer Mieta die bos betree. Daar word byvoorbeeld verduidelik dat die maan (tradisioneel 'n vroulike simbool) die bossies wat Mieta vir medisyne gebruik, kragtiger maak (106).

Die paradoksale uitbeelding van die Knysnabos as beide 'n patriargale en vroulike ruimte hou direk verband met die vrouekarakters se ras. Waar Mirjam 'n arm, wit Afrikaner is, het Mieta 'n "swarte vel" (105). Dit is dus asof die wit Afrikanervrou nie die patriargale bos mag betree nie, omdat sy dan te "grof" (95) is en deur sondige dade (soos, volgens die Christelike geloof, buite-egtelike seksuele omgang) na die verderf gelei sal word. Die swart vrou mag egter die bos betree en kan ook die bos as 'n vroulike ruimte ervaar. Wat deur hierdie representasie van die beweeglikheid van bepaalde vrouekarakters in die bos voorgestel word, is dat die swart vrou tuis hoort in die gevaarlike wildernis, terwyl die wit vrou nie daarin tuis hoort nie, maar eerder in 'n huishoudelike ruimte, soos die dorp, óf in 'n afgesonderde (getemde) ruimte, soos die platrand, moet leef waar sy ander kan versorg (282-283).

Mieta se beweeglikheid in die bos toon dat die bos 'n bepaalde spirituele en mitiese aard het. Ook Silas ervaar die bos op hierdie manier, maar heg 'n sterk Christelike (dus religieuse) konnotasie aan die bos as ruimte. Op 'n bepaalde geleentheid, nadat Silas gehoor het van Mirjam se swangerskap, loop hy na die lelievlei toe om "op [sy] knieë in die modder [te] gaan staan en [bid] soos alleen 'n mens in sy grootste nood kan bid. [...] Dit was of [hy] elke voël tot stilte bid, die wind ook" (339). Tom Gouws (1988:2) argumenteer dat *Moerbeibos* selfs as 'n Christelike allegorie geïnterpreteer kan word, waar Mirjam (Hebreeus vir Maria), Josafat (Josef), en Silas die Italianers na die beloofde land (die Knysnabos) lei.

Gouws (1988:2) vergelyk die Knysnabos met die paradys, en trek 'n verband tussen Mirjam se swangerskap en dié van die Christelike Maagd Maria. Hoewel hierdie interpretasie van Gouws (1988) gekritiseer kan word, veral omdat só 'n lees van *Moerbeibos* nie in ag neem dat die "kroonwoude" (176) verwys na Britse kolonialisme, eerder as 'n goddelike koning nie, is die sterk religieuse klem en selfs die Christelike allegorie vergelykbaar met dié van die plaasromantradisie. Die uitbeelding van die Knysnabos as singewende, onvervreembare, feodale, patriargale en religieuse ruimte in *Moerbeibos* sluit dus direk aan by die uitbeelding

⁸ 'n Feministiese analise van die rol wat vroue in *Moerbeibos* speel, byvoorbeeld, aan die hand van Christi van der Westhuizen se *Sitting Pretty: white Afrikaans women in post-apartheid South Africa* (2018) kan 'n interessante studie uitmaak, maar is buite die omvang van hierdie artikel.

van die plaasruimte in die eerste golf plaasromans, soos verduidelik deur Van Coller (2006). Hierdie bepaalde uitbeelding van die Knysnabos as Afrikanerruimte bring ook 'n aantal temas wat aansluit by die temas van die plaasroman na vore. Hierdie temas sluit in die dominerende vaderfiguur, die uitbeelding van die pioniersvrou en volksmoeder, die teenwoordigheid van 'n liefdesverhouding en buite-egtelike kind, vyandskap tussen bure en 'n uiteindelike vredemaking.

In *Moerbeibos* vervul Silas die rol van die dominerende vaderfiguur wanneer hy Mirjam in afsondering probeer hou. Op een stadium getuig hy dat hy “alleen goewermann gestaan [het] oor twee-en-dertig Italiane, maar oor [sy] eie meisiekind kon [hy] nie regeer nie” (184). Hoewel die fokus van hierdie artikel nie op die representasie van manlikheid in *Moerbeibos* is nie, is dit van belang om te noem dat Silas se manlikheid dikwels gekontrasteer word met dié van die tolk, Christie. Silas noem byvoorbeeld dat Christie, tydens 'n voorval waar olifante op die platrand wei, 'n “bespotting vir homself [is]: uitgegroeide man hurkend bo-op 'n keporrige seilkateltjie met 'n nagjurk tussen die bene nes 'n vroumensrok” (103). Tydens 'n ander incident bevestig Silas sy idees oor manlikheid: “'n Man wat nie sy man kan staan nie, beteken niks” (70). Hierdie uitbeelding van manlikheid sluit aan by die uitbeelding van manlikheid in die eerste golf plaasromans waarin die sterk, manlike Afrikaner gekontrasteer word met die moderne, jong kolonialis of stedeling.

Soortgelyk aan die uitbeelding van vroue in plaasromans, word Mirjam uitgebeeld as 'n soort pioniersvrou en volksmoeder deurdat sy

oor die vroue en kinders gewaak het [...]. Mirjam het [die vleis] uitgedeel. Mirjam het die medisyne gaan pluk en getrek. Mirjam het gedokter. Mirjam het 'skoolgehou'. Mirjam het getroos. (282-283)

Soos in die plaasroman, is daar ook 'n liefdesverhouding in *Moerbeibos* aanwesig in die vorm van Josafat en Mirjam se verhouding. Dit is dan ook uit hierdie (verbode) verhouding wat die buite-egtelike kind gebore word. Die tema van vyandskap met bure kom ook aan bod wanneer Silas teen al sy bure in opstand kom: die Italianers, die ander lede van die bosgemeenskap en die Britse amptenary.

Wat wel ontbreek in *Moerbeibos* is die tema van vredemaking. Waar daar in plaasromans dikwels 'n hoopvolle einde is met die uiteindelike vredemaking tussen bure (of die wit Afrikaner en die Britse kolonialis), is daar nie vrede tussen Silas en sy bure nie. Inteendeel verwerp hy die Italianers deur hul bestaan te ontken. Teen die einde van die roman word Silas in hegtenis geneem, maar hy breek uit en vlug terug platrand toe. Hy verduidelik sy plan om die bos in te vlug aan Mirjam wat gevolglik vra: “Wat van die Italianers, Pa?” (358). Silas se antwoord, “Watter Italiane? [...] Ek weet van geen Italiane nie.” (358), eggo die woorde van die Britse amptenaar, Walker, en getuig van die ontbrekende tema van vredemaking. Ook die naskrif, waarin die tragiese uitkoms van die Italianers se verblyf op die platrand, sowel as die uitwissing van die bos se hart, verwoord word, plaas klem op die newe-effekte van Britse kolonialisme op beide die mens (spesifiek 'n arm, wit Afrikanergemeenskap) en die Afrikalandskap. Die leser word sodoende gekonfronteer met die vraag of Silas se ontkenning bygedra het tot die feit dat slegs een Italianer kon terugkeer na Italië.

Van Zyl (1989:13) argumenteer dat hierdie ontkenning van die Italianers se bestaan deur die regering afgedwing is en uiteindelik ook die onreg van Britse kolonialisme beklemtoon. Sy argumenteer dat Silas se nawoord, vyftien jaar later, getuig van sy wil om die Italianers te help, maar ook van sy onvermoë om dit te kan doen juis omdat die Britse regering dit nie toelaat nie. Ek stem saam met Van Zyl (1989:13) se argument, maar wil ook aanvoer dat hierdie

klem op die onreg van Britse kolonialisme die arm, wit Afrikaner vergestalt as 'n soort tragiese held wat, weens omstandighede wat tot stand gebring is deur kolonialisme, nie die postkoloniale Ander kán help nie. Só 'n lees van *Moerbeibos* kan lei tot die bevordering van Afrikanernasionalisme se gefabriseerde geskiedenis waarin arm, wit Afrikaners op Afrika se grond geregtig is huis vanweë hul goedhartigheid. Hierdie narratief word ook bevorder deur die vermelding in die naskrif van die Italianers wat "vandag Afrikaanssprekend" (360) is. Die ongeregtigheid wat dus in *Moerbeibos* teen die Italianers gepleeg word, onder andere die uitbuiting van hul armoede en afhanklikheid van die staat, kan met die lees van die naskrif herinterpreteer word as 'n onreg wat teen 'n breër Afrikanergemeenskap gepleeg is.

Die feit dat daar ook geen verwysing na die eerste nasie(s), naamlik die Outeniqua-stam van die Knysnabos in *Moerbeibos* is nie, kan lei tot die lees van die roman in terme van Willoughby-Herard (2015) se wit Afrikanerruimte wat in die nasionalistiese oorsprongsverhale benut is. Deur nie te verwys na die inheemse bevolking van die Knysnabos nie, of die nasate van slawe wat na Knysna geneem is, maar slegs die arm, wit Afrikaanse bosgemeenskap se genealogiese en fisiologiese verbintenis met die niemenslike uit tebeeld, word die eue oue verbintenis tussen die inheemse bevolking en die Knysnabos ondermyn. Daar word ook nie melding gemaak van slawe wat saam met hulle eienaars uit die Kaap na die Knysnabos moes trek nie. Sodoende word die Knysnabos voorgestel as 'n homogene en monolitiese ruimte waarin daar slegs konflik tussen Engelse kolonialiste en die nageslag van Nederlandse setlaars is. Hierdie narratief, waar die Engelse kolonialis die rol van die vyand speel en die wit Afrikaner die rol van die slagoffer vertolk, kan gelees word as 'n bevordering van die narratief van Afrikanernasionalisme.

Ek wil wel argumenteer dat daar ook 'n ander interpretasie van die roman moontlik is. In ag genome dat daar deurgaans klem geplaas word op die armoede en selfmisleiding van beide die bosgemeenskap en die Italianers, en Silas huis die rol van die buitestander vertolk, kan die roman gelees word as 'n uitdaging van die gefabriseerde narratief waarin die prestige van die wit Afrikaner voorgehou word.

Die tragiese held en die arm Italianers: 'n alternatiewe Afrikanernarratief

In *Moerbeibos* word die gevolge van rassekategorieë op die arm, wit gemeenskap voorgestel deur die beklemtoning van die bosgemeenskap se armoede. Die Italianers en Britse amptenary beskryf die bosgemeenskap as "rowers" (288) en "barbare" (74). Die bosgemeenskap is "agterlik" (74) omdat hulle in die bos en in Afrika woon. Die leser sien ook dat hierdie armoede direkte implikasies het ten opsigte van die regte wat die bosgemeenskap gegun word. Die bosgemeenskap het byvoorbeeld geen reg om in die bos te bly, of grond te besit nie, al is die Britse ryk afhanklik van die hout wat die houtkappers voorsien. Barrington beklemtoon ook aan Silas dat Mirjam "uit 'n ander stand" (54) as sy seuns kom en dat enige verhouding tussen hulle daarom vermy moet word.

Van Zyl (1989:12) beskryf Silas se selfmisleiding ten opsigte van sy ontkenning van sy kru taalgebruik, Mirjam se swangerskap, asook die geloof in sy versekerde verblyf op die platrand. Wat egter ook uitgebeeld word, is Silas se selfmisleiding ten opsigte van sy armoede. Daar word deurgaans in die roman vertel hoedat Silas geld in 'n blik probeer spaar vir Mirjam sodat sy eendag ekonomies onafhanklik (of ten minste onafhanklik van 'n man) kan oorleef. Silas mislei egter homself met hoeveel geld hy maak en hoeveel geld hy voorskiet aan die tolk, Christie, of die Italianers. Waar ander lede van die bosgemeenskap die duidelike klasseverskil tussen hulself en Barrington identifiseer, mislei Silas homself en glo dat "[Barrington] hoog en [hy] laag [is], maar tog [...] dikwels mekaar se hande bygekom [het]"

(269). Teenoor Silas se selfmisleiding dat hy en Barrington, ten spyte van hul klasseverskille, dikwels “hande bygekom” het, erken Silas se suster, Hannie, dat Barrington “nie ’n pennie se tyd of genade vir [die] bosmense geken [het] nie” (273).

Buiten die arm, wit bosgemeenskap in *Moerbeibos*, word die armoede van die Italiaanse immigrante ook uitgebeeld. Die Italianers word ook deurgaans deur die Britse amptenary onderdruk. Christie sê byvoorbeeld dat die Italianers “gevaarlike mense” (123) is: “die voorste een sal jou in die gesig kyk terwyl sy maat jou in die rug steek. Hulle het messe.” (123). Hulle word ook beskryf as “moedswillig en [is] ’n las op die land” (264).

Aan die een kant is die stereotipering deur die Britse amptenary nie vir Matthee se lesers buitengewoon in die konteks van die ander bosromans nie, omdat die Britse amptenary in al die bosromans ’n antagonistiese posisie inneem. In *Moerbeibos* word die magsposisie tussen Silas en die Italianers op uitsonderlike manier uitgebeeld. Silas beskryf die Italiaanse immigrante as “die spul goed” (70), ’n “treksel vreemdes” (74) en ’n “trop Italiane” (117). Silas se optrede teenoor die Italianers kan verder gekompliseer word, spesifiek omdat hy homself ook mislei in soverre dit sy eie opvatting oor die Italianers betref. Hoewel hy verbaal die Italianers in die posisie van die Ander plaas, is dit steeds hy wat geld aan hulle leen, kos vir hulle gee, die tente vir hulle na droër grond skuif en hulle dokter. Daar is ook sprake dat Silas verlief is op Petroniglia. Wat egter hier meer van belang is, is dat die uitbeelding van die Italianers, in die posisie van die Ander, witwees as homogene, monolitiese rassekategorieë uitdaag.

Hoewel die Italianers se velkleur wit is, word hulle in die posisie van die Ander geplaas weens hul armoede en afhanklikheid van die staat. Volgens Roediger (2018) is daar, veral tydens die vroeë 1900’s, wetenskaplike rassisme teenoor immigrante afkomstig van Suid- en Oos-Europa in Amerika uitgeoefen. Hoewel die immigrante se velkleur vandag geklassifiseer word as wit, is daar in die 1900’s geredekawel oor hierdie immigrante se ras. By implikasie is hulle getypeer as gevaarlik en in ’n soort middepositie geplaas tussen die wit, Wes-Europese immigrante (as Self) en die swart en Oosterse immigrante (as Ander). In *Moerbeibos* funksioneer die Italiaanse immigrante ook in hierdie middepositie. Dit wil sê dat die Italiaanse immigrante, juis vanweé hul status as immigrante, nie volgens die staat as wit geklassifiseer word nie. Weens die binêre klassifikasies van ras gedurende kolonialisme, is enige mens wat nie wit is nie, outomatis swart: die Ander, die “‘savage paupers’, ‘vagrants’, and the ‘heathen at home’” (Willoughby-Herard, 2015:10).

Hierdie middepositie word beklemtoon in ’n konfrontasie tussen Silas en die Britse amptenaar, White.⁹ Gedurende sy gesprek met Silas vergelyk White die Italianers met Britse immigrante wat grond by Kruis River gekry het. Volgens White

kry [Britse immigrante] dit ook swaar, [Suid-Afrika] is vir hulle ook ’n vreemde land, hulle het nie osse en ploeë gekry [soos die Italianers] nie, aan hulle word nie weekliks ’n toelaag uitbetaal nie. Hulle het uitgespring en begin houtkap om te verkoop; ’n hele paar het selfs werk op die dorp gekry. (155)

Silas wys egter daarop dat “die Engelse nie van hulle land af hierheen gelok is om met sywurms te kom boer, en belieg is met ’n moerbeibos nie” (155). Dit wil dus voorkom asof die Italianers ook in *Moerbeibos*, soos in die geskiedenis waarna Roediger (2018) verwys, die middepositie beklee tussen Britse kolonialiste en Afrikaanse houtkappers.

⁹ Die naamkeuse “White” vir die Britse amptenaar kan as veileggend vir die gebruik van rassekategorieë in die roman geanaliseer word, maar omdat *Moerbeibos* dikwels historiese naamgebruik benut, het ek ten opsigte van hierdie artikel daarteen besluit.

Die onsekere middeposisie van die Italianers, en Silas se diskriminerende gedrag teenoor hulle, kompliseer die kategorie *wit*. Deur die uitbeelding van Silas se problematiese gedrag, word die konstruk van 'n eenvoudige, plat karakter, maar ook by implikasie die uitbeelding van die wit Afrikaner as heldefiguur, vermy. Silas, as wit Afrikaner, is dus nie net 'n tragiese held met 'n soort uitverkore verbintenis met die Afrikalandskap nie. Die uitbeelding van die Italianers in 'n onsekere middeposisie, waar beide die Britse regering en Silas as wit Afrikaner teen hulle diskrimineer, kan gelees word as 'n uitdaging van die idee dat die Afrikaner 'n uitverkore volk is, sowel as die idee dat die rasseklassifikasie *wit*, monolities en homogeen is.

'n Lees van die roman waarin die posisie van die Italianers geïnterpreteer word as 'n uitdaging van die heldebeeld van die Afrikaner, sowel as van die breër klassifikasie as wit, kan lei tot 'n herinterpretasie van die temas in die roman. Ten opsigte van die voorafgaande interpretasie van die roman kan Mirjam se posisie as pioniersvrou en volksmoeder beskou word as 'n kontrasterende posisie teenoor dié van Silas. Deur Mirjam te plaas in die posisie van die opsigter, opvoeder en verpleegster van die Italianers, word daar simpatie vir hulle by die leser gekweek, maar ook klem geplaas op die diskriminerende gedrag van Silas as verteenwoordiger van die arm, wit Afrikaner. Ook die konflik en gebrek aan vredemaking tussen bure kan geïnterpreteer word as die komplisering van die mite van die wit Afrikaner omdat die diskriminerende gedrag van die wit Afrikaner óók uitgebeeld word.

Silas se diskriminerende, en dikwels selfsugtige, gedrag teenoor die Italianers word nie net deur Mirjam beklemtoon nie, maar ook deur verskeie Britse amptenare. Die amptenaar Walker wys byvoorbeeld daarop dat Silas slegs na die Italianers omsien vir sy persoonlike gewin – naamlik sy verblyfreg op kroongrond. Walker het ook 'n lys van aantygings teen Silas wat, onder andere, die Italianers gedwing het "om by ['n] minderwaardige plek [water te skep] [...] waar hy ook sy twee osse laat suip" (351). Hy het ook "opsetlik inligting oor wilde-moerbeibome [weerhou]" (351) en "kinders met rieme aan die tentpale vasgemaak" (351). Hoewel Walker se aantygings eensydig is, is dit korrek en herinner die leser dat Silas "oor [hom]self bekommerd [is], nie oor die Italiane nie" (350). Met hierdie aantygments word die rolle van die Britse amptenary as antagonistiese karakters, en Silas as held, omgekeer. Sodoende word beide die uitbeelding van die Britse amptenary en die wit Afrikanergemeenskap gekompliseer en die Afrikaner/Brit-dualisme, wat so prominent in die Afrikanernasionalistiese narratief funksioneer, geproblematiseer.

Soortgelyk aan hierdie teenstrydige karaktereienskappe in Silas, word die karaktereienskappe van die Britse amptenary ook gekompliseer. Eerder as net 'n argetipiese antagonistiese karakter wat die Afrikaner onderdruk, kan Barrington gelees word as 'n karakter wat Silas probeer help, al is dit dan ook vir persoonlike gewin. Barrington erken dat Silas 'n goeie werker is en bied vir hom werk op Karawater aan. Die leser vra homself af of Silas se hardkoppigheid en trots hom nie dalk verhoed om ekonomiese onafhanklikheid te verkry en sodoende 'n weg uit armoede te vind nie. Ook die moeilike omstandighede waaronder Christie na die Italianers moet omsien, kweek simpatie by die leser en kan gelees word as 'n komplisering van die eenvoudige posisie as antagonis waartoe Britse kolonialiste in die plaas-romantradisie gereleger is.

Samevatting

Die roman kan dus vanuit twee perspektiewe gelees word. Aan die een kant kan die roman geïnterpreteer word as 'n bevordering van Afrikanernasionalisme se oorsprongsverhale met die Knysnabos as 'n Afrikalandskap waarop die arm, wit Afrikaner geregurgig is. Met die lees

van Silas as 'n verteenwoordiger van 'n breër wit Afrikanergemeenskap, kan *Moerbeibos* as 'n bevordering van Afrikanernasionalisme geïnterpreteer word waar die Knysnabos gekonseptualiseer word as 'n wit Afrikanerruumte. Met 'n lees van die uitbeelding van die Knysnabos in *Moerbeibos* as singewend, feodaal en onvervreembaar, word die Afrikaner se geregtheid op die grond beklemtoon, terwyl die patriargale mag oor die Afrikalandskap deur die Afrikaner bosgemeenskap herbevestig word – veral met die uitsluiting uit die bos wat Miriam en Petroniglia ervaar. Ook die spesifieke klem op Silas se selfmisleiding en sy posisie as 'n tragiese held, wat weens sy goedhartigheid besitreg het op die Afrikagrond, bevorder Afrikanernasionalisme. Vanuit hierdie perspektief kan wat Wylie (2018:96) 'n "uneasy but deeply respectful symbiosis" tussen die bosgemeenskap en die Knysnabos noem, gelees word as 'n soort instrument waarmee die besitreg van die Afrikalandskap deur die Afrikanervolk bevestig word.

Aan die ander kant word 'n homogene, monolitiese witwees huis uitgedaag deur die uitbeelding van die Italianers se armoede, Silas se selfmisleiding oor sy diskriminasie teen die syboere en sy hardkoppigheid wat Barrington se goedhartigheid betref. Dit is slegs deur die uitbeelding van die Italianers as 'n arm gemeenskap wat as nie-wit geklassifiseer is, en deur die sterk kontras tussen Silas se goedhartigheid en dié van Miriam, dat die roman die oorsprongsverhale kompliseer, en witwees as homogene, monolitiese rasseklassifikasie herkonseptualiseer.

Met kritiese witweesstudies as teoretiese raamwerk binne die postkoloniale ekokritiek en spesifieke Willoughby-Herard (2007; 2015) se werk oor Afrikanernasionalisme, kan die uitbeelding van die Afrikanergemeenskap in *Moerbeibos* en sy verbintenis met die Knysnabos geanaliseer word. Deur gebruik te maak van Van Coller (2003; 2006) se analise van die plaasromantradisie in Suid-Afrika, veral wat betref die verbintenis tussen arm wit Afrikaners en die Afrikalandskap, kon ek Matthee se uitbeelding van die verbintenis tussen mens en niemenslike en haar gebruik van temas analiseer. Hoewel *Moerbeibos* sterk ooreenkoms het met die uitbeelding van die Afrikalandskap en gebruik maak van temas in die plaasromans van die 1930's, verhoed die klem op Silas se selfmisleiding, en die uitbeelding van die Italianers as postkoloniale Ander, dat *Moerbeibos* Afrikanernasionalistiese narratiewe ondersteun en bevorder. Die teendeel is eerder van toepassing, deurdat *Moerbeibos* gelees kan word as 'n uitdaging van hierdie nasionalistiese narratiewe waarin homogene en monolitiese rasseklassifikasies uitgedaag word, en die Afrikaner se aanspraak op Afrika se grond in (her)oënskou geneem word.

BIBLIOGRAFIE

- Brink, AP. 1987. Kringe om 'n storie. *Rapport*, 1 November.
- Bottomley, E. 2012. *Armlankes*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cilano, C & DeLoughrey, E. 2007. Against Authenticity: Global Knowledges and Postcolonial Ecocriticism. *ISLE: Interdisciplinary Studies in Literature and Environment*, 14(1):71-87.
- Coetzee, JM. 1988. *White writing: on the culture of letters in South Africa*. Johannesburg: Radix.
- Crous, M. 2015. "Sonder siel en anoniem": Elisabeth Eybers se "huiskat" in konteks van dierestudies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(3):373-386.
- DiAngelo, R. 2018. *White Fragility: Why it's so hard for white people to talk about racism*. Boston: Beacon Press.
- Ester, H. 1988. Dalene Matthee voltooide haar drieliuk over het bos. *Zuid-Afrika*, 1:1-3.
- Giliomee, H. 2013. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Goodwin, J & Schiff, BN. 1995. *Heart of whiteness: Afrikaners face black rule in the new South Africa*. New York: Scribner.
- Gouws, T. 1988. 'n Mens lees weer vir die lekker. *De Kat*, 3(7):83.

- Heise, UK. 2010. Postcolonial ecocriticism and the question of literature. In: Roos, B & Hunt, A (eds). *Postcolonial green: environmental politics and world narratives*. Charlottesville: University of Virginia Press, pp. 251-258.
- Huggan, G. 2004. "Greening" postcolonialism: ecocritical perspectives. *Modern Fiction Studies*, 50(3):701-733.
- John, P. 2010. André Groenewald, populêre letterkunde en die Afrikaanse literatuurgeschiedenis. *LitNet Akademies*, 7(3):35-46.
- Jooste, GA & Senekal, BA. 2016. Dalene Matthee (1938-2005). In: Van Coller, HP (red.). *Perspektief en profiel, Deel 2*. Pretoria: Van Schaik, pp. 770-786.
- Kannemeyer, JC. 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Luther, J, Pheiffer, F & Gouws, RH. (reds.). 2015. *Die handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 6de uitg. Pretoria: Pearson.
- Marais, JL. 2011. Natuur, omgewing en letterkunde. In: Marais, JL & Zuiderent, A (eds.). *Ons klein en silwerige planeet*. Pretoria: Van Schaik, pp. 1-11.
- Marx Knoetze, H. 2020. Romanticising the "Boer": Narratives of White Victimhood in South African Popular Culture. *Journal of Literary Studies*, (36)4:48-69.
- Matthee, D. 1984. *Kringe in 'n bos*. Kaapstad: Tafelberg.
- Matthee, D. 1985. *Fielo se kind*. Kaapstad: Tafelberg.
- Matthee, D. 1987. *Moerbeibos*. Kaapstad: Tafelberg.
- Matthee, D. 2003. *Toorbos*. Kaapstad: Tafelberg.
- Meyer, S. 2016. Natuurgeentreerde skryfwerk as ekosisteem: 'n ondersoek na *Boomkastele: sprokie van 'n stadsmens* (Schalk Schoombie). Deel 1. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1200-1212.
- Netschitzne, J, Gilder, B & Merrett, C (eds.). 2018. *Whiteness, Afrikaans, Afrikaners: addressing post-apartheid legacies, privileges and burdens*. Johannesburg: Mapungubwe Institute for Strategic Reflection.
- PharosAanlyn. 2020. 'Kaste'. PharosAanlyn. Aanlyn beskikbaar by: <<https://www-pharosonline-co-za-uplib.idm.oclc.org/word?qi=31161>>. Soos op 19 Maart 2020.
- Roediger, DR. 2018. *Working toward whiteness: how America's immigrants became white: the strange journey from Ellis Island to the suburbs*. New York: Basic Books.
- Teppo, A. 2013. "Poor whites" do matter. *Africa spectrum*, 48(2):123-126.
- Steyn, ME. 2001. *Whiteness just isn't what it used to be: white identity in a changing South Africa*. Albany: State University of New York Press.
- Van Biljon, M & Van Vuuren, H. 2003. Blitsverkoper, maar. *Insig*, 31 Oktober, pp. 72-73.
- Van Coller, HP. 2003. Die gesprek tussen C.M. van den Heever se werk en enkele Suid-Afrikaanse romans. *Literator*, 24(1):49-68.
- Van Coller, HP. 2006. Die representasie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 18(1):90-121.
- Van der Westhuizen, C. 2018. *Sitting pretty: white Afrikaans women in post-apartheid South Africa*. Pietermaritzburg: UKZN Press.
- Van Zyl, D. 1989. Silas Miggel – 'n moerbeibos vir Matthee? *Stilet*, 1(1):7-18.
- Visagie, A. 2013. Pasmaatspesies, niemenslike diere en die omgewing: gedagtes oor die postkoloniale ekokritiek in Suid-Afrika. *Litnet*. Aanlyn beskikbaar by: <<https://www.litnet.co.za/pasmaatspesies-niemenslike-diere-en-die-omgewing-gedagtes-oor-die-postkoloniale-ekokritiek/>>. Soos op 13 Oktober 2013.
- West, M. 2009. *White women writing white: identity and representation in (post-) apartheid literatures of South Africa*. Claremont: David Phillips Publishers.
- Willoughby-Herard, T. 2007. South Africa's poor whites and whiteness studies: Afrikaner ethnicity, scientific racism, and white misery. *New Political Science*, 29(4):479-500.
- Willoughby-Herard, T. 2015. *Waste of a white skin: the Carnegie Corporation and the racial logic of white vulnerability*. California: The Regents of the University of California.
- Wray, M. 2006. *Not quite white: white trash and the boundaries of whiteness*. London: Duke University Press.
- Wylie, D. 2018. *Death and compassion: the elephant in Southern African literature*. Johannesburg: Wits University Press.

Nabetrating oor die taaldebat op Stellenbosch

Reflections on the taaldebat at Stellenbosch

CHRIS BRINK

Emeritus Visekanselier
Newcastle-universiteit
Engeland
E-pos: chris.brink@newcastle.ac.uk



Chris Brink

CHRIS BRINK was die Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch van 2002 tot 2007, en Visekanselier van die Newcastle-universiteit in Engeland van 2007 tot einde 2016. Vroeër was hy Pro-visekanselier: Navorsing aan die Universiteit van Wollongong in Australië, en nog vroeër Hoof van die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy ook gedien het as die eerste Koördineerde van Strategiese Beplanning. Nog vroeër was hy 'n Senior Navorsingsgenoot by die Instituut vir Gevorderde Studies van die Australian National University. Hy het 'n PhD in algebraïese logika aan die Cambridge-universiteit, en 'n interdissiplinêre DPhil aan die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit (nou die Universiteit van Johannesburg) verwerf. Voor sy toetreden tot universiteitsbestuur het hy 'n A-evaluering van die Nasionale Navorsingstigting behaal vir sy werk in logika, wiskunde, filosofie en rekenaarwetenskap. Tans dien hy in die University Grants Committee in Hongkong, waar hy voorheen die sameroeper was van die universiteitsektor se 2020-navorsingsevaluering, en nou die voorsitter is van die Navorsingskomitee.

CHRIS BRINK was the Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University from 2002 till 2007, and Vice-Chancellor of Newcastle University in England from 2007 till the end of 2016. Before that he served as Pro-Vice-Chancellor (Research) at the University of Wollongong in Australia, and before that as Head of the Department of Mathematics and Applied Mathematics at the University of Cape Town, where he also served as the first Coordinator of Strategic Planning. Earlier he was a Senior Research Fellow at the Institute for Advanced Studies of the Australian National University. He holds a PhD in algebraic logic from Cambridge University, and an interdisciplinary DPhil from the former Rand Afrikaans University (now the University of Johannesburg). Before moving into university management, he held an A-rating of the National Research Foundation for his work in logic, mathematics, philosophy and computer science. He currently serves on the University Grants Committee in Hong Kong, where he initially served as convenor of the sector-wide 2020 Research Assessment Exercise, and currently serves as chair of the Research Group.

ABSTRACT

Reflections on the taaldebat at Stellenbosch

For twenty years Stellenbosch University has been at the centre of a public controversy about the role of Afrikaans in tertiary education – in particular the manner and extent to which Afrikaans should be used as a medium of instruction. This became known as the “taaldebat” – the language debate (conducted almost entirely in Afrikaans). For the first five of those years I served as the Rector and Vice-Chancellor of that University. This opinion piece is a personal retrospective view of, and perspective on, the “taaldebat” at Stellenbosch. It is offered as an alternative to the current narrative emanating from language activists, sometimes called “taalstryders”.

OPSOMMING

Hierdie meningsartikel is 'n persoonlike retrospektiewe blik op en nabetrating oor die twintig jaar van openbare taaldebat op Stellenbosch. Ek bied dit aan as 'n alternatiewe perspektief op die heersende narratief oor hierdie gebeure wat uit die geledere van die taalstryders kom.

Inleiding

Vir bykans twintig jaar was die Universiteit Stellenbosch (US) die middelpunt van 'n geskil wat bekend geraak het as die “taaldebat”. Vir vyf van daardie jare was ek die Rektor van die US.

Nadat ek Stellenbosch in 2007 vir 'n rektorspos in Engeland verlaat het, het ek geen verdere aktiewe verbintenis met die US gehad nie, en ook geen verdere rol in die sogenaamde taaldebat gespeel nie. Sedert my aftrede en terugkeer na Suid-Afrika in 2017 het ek egter onvermydelik van tyd tot tyd van nuusbrokkies oor verdere verwikkelinge op die taalfront in Stellenbosch bewus geword. Die enkele kere dat ek *Die Burger* of *Rapport* onder oë gehad het, was my indruk dat die sage nog steeds voortgeduur het, maar, meer nog, dat daar gaandeweg aan die kant van die taalstryders 'n narratief opgebou is oor wat gebeur het – veral in my tyd – waarmee ek nie saamstem nie en wat ek glo 'n valse beeld bied. Stories het 'n manier om met verloop van tyd te groei. Voordat die taalstryders se weergawe van die taaldebat dus die enigste vertelling word en as die volle waarheid aan die nageslag aangebied word, skryf ek, ter wille van die geskiedenis, hierdie nabetrating as 'n alternatief.

Ek wil uit die staanspoor twee onderskeide maak. 'n Mens kan onderskei tussen enersyds 'n gesprek oor Afrikaans in die breë en andersyds 'n meningsverskil oor die taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch in die besonder; en 'n mens kan onderskei tussen akademiese besprekings (soos in hierdie tydskrif), aan die een kant, en openbare polemiek in aanlyn forums en die Afrikaanse pers, aan die ander kant. Daar is natuurlik oorvleuelings en samevloeiings tussen hierdie vier strome, maar in hierdie artikel bepaal ek my hoofsaaklik by die tweede deel van elk van hierdie twee onderskeide.

'n Paar verdere inleidende opmerkings is nodig. Eerstens is dit 'n persoonlike perspektief en is dit deels retrospektief. Ek het beleefdheidshalwe die manuskrip aan die huidige universiteitsowerhede beskikbaar gestel vir insae en kommentaar voor publikasie, maar alle opinies hierin is my eie, en alle verantwoordelikheid daarvoor is myne. Tweedens het ek hier bo verwys na die “sogenaamde” taaldebat om dit uit die staanspoor duidelik te maak dat die woord *debat* 'n beleefde manier is om die hele Stellenbosse geskil te beskryf. 'n Behoorlike debat vereis min of meer gelyke deelname van twee kante, wat hier nie die geval was nie. Verder was 'n groot deel van hierdie sogenaamde debat ook nie veel meer as persoonlike

aanvalle nie. Omdat dit steurend is om by herhaling die woord *sogenaamde* te gebruik, en om daardie rede alleen, doen ek dit nie in die res van hierdie stuk nie. Derdens, wanneer ek van *taalstryders* praat, bedoel ek geen disrespek of etikettering nie.¹ Ek gebruik die term waarby hulle dikwels benoem word en wat party moontlik self verkies – sien byvoorbeeld Maree (2022) – omdat dit pas by die metafore van stryd wat hulle self vrylik gebruik het gedurende my tyd op Stellenbosch (sien Botha (2007:11)).

Terugskouend

Ek is vroeg in 2001 deur Senaatslede van die US genader om aansoek te doen om die rektorspos, en ek het dadelik belang gestel. Die visie wat ek aangebied het, was dat die US 'n leidende rol in die opbou van 'n kennisekonomie vir Suid-Afrika kon speel. My visiestelling van twee bladsye het egter ook, aan die einde, iets gesê oor Afrikaans, naamlik dat ek die US sien as “die universiteit van eerste keuse vir alle Afrikaanssprekendes, maar met 'n breë demografiese profiel, bo-oor die grense van ouderdom, kleur, taal, geld en woonplek”. Ek was toe nog in Australië woonagtig, maar my antennas het weldra seine begin opvang dat die rol van Afrikaans by die US 'n warm besprekingsonderwerp was. Ter aanvulling van my oorkoepelende visiestelling het ek daarna ook 'n kort taalvisie aangebied, getitel “Ons weg deur die nuwe wêreld”. Daarin het ek 'n aantal punte genoem oor praktiese aangeleenthede rakende Afrikaans by die US. Onder andere het ek die standpunt ingeneem dat Afrikaans as “eerste onderrigtaal” aan die US sou kon geld.

“Universiteit van eerste keuse vir alle Afrikaanssprekendes”, en “Afrikaans as eerste onderrigtaal”: Dit was dus in my aansoek in 2001 die twee kernpunte van my siening oor Afrikaans aan die US. In daardie tyd was daar egter reeds 'n ander dinamiek en retoriek aan die ontwikkel: die idee van Stellenbosch as 'n *Afrikaanse universiteit*. Jakes Gerwel, die alomgerespekteerde oudrektor van UWK, is deur die destydse Minister van Hoër Onderwys gevra om 'n informele komitee saam te stel om hom te adviseer oor die rol en toekoms van Afrikaans in die hoër onderwyssstelsel. Gedurende 2001 het die gerug in omloop gekom, en my ook bereik, dat die Gerwel-komitee gaan aanbeveel dat daar twee “Afrikaanse universiteite” behoort te wees. Dit was eers heelwat later dat ek besef het die woorde “Afrikaanse universiteit” het glad nie in die Gerwel-verslag voorgekom nie. Die term het egter gou standaardterminologie geword. Daarmee het die onderwerp van die taaldebat vaste vorm aangeneem: dat dit nie net gaan oor die taal Afrikaans nie, maar ook oor 'n sekere soort universiteit. Wat eers ná my aanstelling gaandeweg vir my duidelik geword het, was dat my begrip van 'n “Afrikaanse universiteit” fundamenteel verskil het van die taalstryders s'n, soos ek hier onder verduidelik.

In Januarie 2002 het ek my pos as Rektor van die Universiteit Stellenbosch opgeneem. Soos elke nuwe rektor het ek 'n paar persoonlike prioriteite gehad: navorsing en onderrig, natuurlik; die uitbouing van entrepreneurskap en die kennisekonomie, volgens my visiestelling; en ook gemeenskapsinteraksie. Behalwe hierdie prioriteite was ek in daardie stadium ook entoesiasties oor die moontlikheid om 'n bydrae tot die uitbouing van Afrikaans te lewer. Daarvoor was dit nodig dat ek eers my eie begrip van Stellenbosch – dorp en universiteit – moes vorm.

¹ 'n Vinnige aanlyn soektog na die woord “taalstryders” wys byvoorbeeld dat Arnoldus Pannevis, Gustav Preller, FV Engelenburg en Eugène Marais almal as taalstryders bestempel word. Ek is bewus daarvan dat meer onlangse gesprekvoerders ook ander benamings gebruik – sien byvoorbeeld Scholtz en Scholtz (2008) se gebruik van “A-opsoniste”; ook Carstens (2012) se verwering van “taalstryder” en selfidentifisering as “taalaktivis”.

Vir baie Afrikaanse mense was Stellenbosch in daardie tyd nog hulle “Athene van die Suide”, hulle idilliese paradys en hulle Oxbridge, alles in een. Vir party was dit selfs nog die *wit Athene van die Suide* – soos ek byvoorbeeld een keer gelees het in ’n koshuis se joop pamflet. Maar duidelik was daar ook ’n ander siening van Stellenbosch. Baie mense het dit ervaar en onthou as die mee-loper en ondersteuner van apartheid – die “*kraamsaal van apartheid*”, soos ’n gemeenskapsaktivis uit Idasvallei dit gereeld beskryf het.² Agt jaar ná 1994 het ek gemeen dat dit tyd vir daadwerklike vernuwing was. My fundamentele vraag was: Hoe bring ons die US volledig in die hoofstroom van die nuwe Suid-Afrika in, met ’n legitimiteit wat geldig sou wees in die hele land en vir al sy inwoners?

Een van die eerste en belangrikste dinge wat ons gedoen het, was om ’n nuwe strategiese raamwerk te skep, en ’n nuwe toekomsvisie vir die US te skryf: Visie 2012. Wanneer ek sê “ons” bedoel ek dat daar vir hierdie doel ’n taakspan saamgestel is en dat die konsep dokument(e) wat hulle opgestel het, algaande binne die universiteitstrukture verfyn is totdat die finale weergawes deur die Senaat en die Raad goedgekeur is. Vir diegene wat nie onmiddellik vertroud is met hierdie liggame nie: Die Senaat is die akademiese oppergesag van die Universiteit en bestaan hoofsaaklik uit al die professore, met die Rektor as voorsitter, terwyl die Raad (met ongeveer 25 lede) die oorkoepelende beheerliggaam is en optree soos die nie-uitvoerende direkteure van ’n groot maatskappy, met ’n Raadsvoorsitter verkies deur die Raadslede. As ’n akademiese instelling is die Universiteit verdeel in ’n aantal fakulteite, elk met ’n dekaan aan die hoof, en elke fakulteit is dan weer verdeel in ’n aantal departemente, elk met ’n departementshoof.

’n Strategiese raamwerk word nie sommer net uit die lug gegryp nie: ’n mens moet ’n goeie idee hê van waar jy tans is voordat jy jou verbind tot ’n visiestelling van waar jy wil wees. Daar is dus gedurende my eerste jaar by die Universiteit heelwat introspeksie gedoen. Ek het onder meer ook ’n bestekopname spesifiek oor taal aan die US laat doen, wat getoon het dat die universiteit glad nie so sterk Afrikaans was as wat nostalgie of onkunde mense dalk sou laat glo het nie (soos byvoorbeeld bevestig word in Scholtz en Scholtz (2008:295-296)).

Die Raad en Senaat het gedurende 2002 die nuwe Visie 2012 vir die Universiteit goedgekeur. Die idee was dat die US oor die daaropvolgende tien jaar sou werk om sekere doelwitte te bereik, wat soos volg verwoord is:

Die Universiteit Stellenbosch –

- is ’n uitnemende akademiese instelling en gerespekteerde kennisvennoot
- bou aan die wetenskaplike, tegnologiese en intellektuele kapasiteit van Afrika
- is ’n aktiewe rolspeler in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing
- het ’n kampuskultuur wat ’n diversiteit van mense en idees verwelkom
- bevorder Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal in ’n meertalige konteks

Elk van hierdie strategiese doelwitte is mettertyd gerugsteun deur verskillende beleidsdokumente, implementeringsplanne en bestuurstrukture. Die vyfde punt het ek met my eie hand in die visiestelling ingeskryf. Dit was nie deel van die oorspronklike konsep voorstel nie, maar ek het gedink dit is nodig om dit pertinent te verwoord, deels vanweë my eie oorspronklike kernpunte oor Afrikaans en deels vanweë die resultate van die bestekopname oor taal. Dit was reeds in daardie stadium vir my duidelik dat eenvoudige oplossings vir die kwessie van Afrikaans aan die US nie moontlik was nie – spesifiek in die lig van die ander vier punte van Visie 2012.

² Ds. Simon Adams van die Volkskerk van Afrika. Sien byvoorbeeld sy bydrae in Botha (2007:242).

Binne die universiteit was daar, glo ek, goeie begrip dat die doelwit rakende Afrikaans in die visiestelling een van 'n pakket van vyf doelwitte was. Die bevordering van Afrikaans was 'n strategiese doelwit, net soos die bevordering van navorsing of van diversiteit 'n strategiese doelwit was. Dit was toe reeds 'n fundamentele verskil in uitgangspunt tussen die US en die taalstryders. Vir hulle, soos ek dit mettertyd begin verstaan het, moes die bevordering van Afrikaans nie net een van vyf gelyke doelwitte wees nie; dit moes die eerste, belangrikste en allesoorheersende doelwit wees, met die res ondergeskik daaraan.

In opvolging van die vyfde punt van Visie 2012 het ons 'n taalbeleid opgestel, en daardie taalbeleid het onderskei tussen vier taalopsies met betrekking tot onderrig. In 'n kursus gemerk as die A-opsie is onderrig alleen in Afrikaans aangebied. Die E-opsie het op onderrig slegs in Engels gedui. Die A/E-opsie het op parallelle aanbiedinge in Afrikaans en Engels gedui, met ander woorde dieselfde inhoud word geduplikeer en in verskillende lesings in Afrikaans sowel as Engels aangebied. Die T-opsie (T vir "tweetaligheid") het gedui op die gebruik van beide Afrikaans en Engels in een lesing, na gelang die dosent dit in die lesinglokaal vir doeltreffende onderrig nodig geag het. Fakulteite moes vir elke kursus vooraf sê watter opsie hulle beplan om te gebruik, en hierdie opsies is dan in die jaarboek aangedui. Indien daar niks gesê is nie, was die A-opsie by verstek die eerste of outomatiese opsie. In daardie stadium is verreweg die meeste kursusse in Afrikaans aangebied. Die beginsel van "Afrikaans as eerste onderrigtaal", soos gestel in my taalvisie van 2001, is dus myns insiens eerbiedig.

Die aanvaarding van hierdie taalbeleid, en die vier opsies, het sonder voorval verloop, en ek glo almal was verlig dat daar toe meer duidelikheid en rigting was aangaande die taalsake van die Universiteit. Twee jaar later het 'n mediastorm egter in die Afrikaanse pers losgebars oor die T-opsie. Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte het naamlik in die tweede helfte van 2005 besluit om die T-opsie uit te brei na die derde studiejaar vir die kohort van studente vir wie dit toe reeds in hulle eerste en tweede studiejaar gebruik is. So sou hulle daardie studente ten beste bedien. Die besluit het, soos gewoonlik, ook in die Senaat- en Raadstukke gedien, en is in beide liggeme aanvaar. Tot my verbasing het ek egter kort daarna in *Die Burger* gelees dat dosente in die Fakulteit "beveel" is om voortaan die T-opsie te gebruik, dat die T-opsie dui op 'n stompsinnige herhaling van elke woord in twee tale, en dat onderrig in Afrikaans dus nou met 50% verminder is. Die idee dat 'n mens jou dosente kan vertrou om tweetaligheid na goedgunne in die klaskamer toe te pas het nie gefigureer nie.

Ek noem die geval van die T-opsie egter nie om weer hierdie saak van voor af te beredeneer nie, maar om 'n ander punt te stel. Die instelling van die T-opsie het binne die universiteit volkome normaal en selfs gewoon verloop. Niemand het vir een oomblik getwyfel dat dit die Fakulteitsdosente se goeie reg is om te sê hoe hulle wil klasgee nie, en mits daar behoorlike motivering, debattering en besluitneming was, was hulle kollegas tevrede om hulle hul gang te laat gaan. Die openbare storm was egter gegrond op 'n heeltemal ander denkwyse. Volgens die eksterne denkwyse is die tipiese besluitnemingsproses van 'n akademiese instelling in hierdie geval beskou as onvoldoende, selfs verdag, omdat dit – so is geargumenteer – nie die sanksie van die "Afrikaanse gemeenskap" buite die Universiteit gehad het nie. En van hierdie "gemeenskap" was die taalstryders dan ook die selfaangestelde segslui.

Die reaksie op die T-opsie illustreer die fundamentele verskil in denkwyse oor besluitneming aangaande taalsake by die US wat die hele taaldebat gekarakteriseer het. Uit die oogpunt van die universiteitsgemeenskap (en die Senaat, die Raad, ek en die bestuur) moes alle besluite oor Afrikaans inpas by die akademiese etos van die Universiteit, en binne die breë universiteitsdoelwitte soos verwoord in Visie 2012. Uit die oogpunt van die taalstryders

was die Universiteit egter in die eerste plek 'n Afrikaanse instelling en moes alle akademiese besluite onderworpe wees aan die Afrikaansheid daarvan.

Agter dit alles, en agter die twee verskillende modelle, was daar verskillende sienings van die begrip van 'n universiteit se gemeenskapsinteraksie, en spesifieker dan Stellenbosch s'n. Ek het in later jare, en tot op hede, heelwat aandag aan hierdie saak gegee as 'n voorstander van maatskaplike betrokkenheid ("the engaged university"; sien byvoorbeeld Brink, 2018; Brink, 2020). In die akademiese kringe waarin ek beweeg, was daar egter nog nooit by enigiemand enige gedagte dat daar enige eksterne "gemeenskap" is wat besluitnemingsbevoegdheid oor 'n spesifieke universiteit het nie, of 'n veto oor akademiese besluite kan uitoefen nie. Daarvoor is die begrippe van akademiese vryheid en institusionele outonomie by akademici te diep gewortel.

Die taalstryders se begrip van gemeenskapsinteraksie het myns insiens oorgehou na die idee van die Universiteit as *gemeenskapsbesit*. Meer nog, hulle eise het ongemaklik naby beweeg aan die idee van 'n volksuniversiteit, soos verwoord en voorgestaan deur een van my voorgangers, HB Thom. Daar is dikwels gesê: "Stellenbosch staan vir 'n idee". Weliswaar het die taalstryders die idee effens uitgebrei van wit Afrikaners na alle Afrikaanssprekendes, maar met dieselfde basiese uitgangspunte: die universiteit as gemeenskapsbesit en die besluitnemingsbevoegdheid van daardie gemeenskap oor universiteitsake. Soos 'n (wit, middeljarige) gasheer my vroeg-vroeg al by 'n sosiale geleentheid van een van die koshuise se Oud-studentebond geadviseer het: "Onthou net, Professor, dis ons plek hierdie."

Hierdie tipe besitlikheid het hom ook op ander maniere gemanifesteer. In 2004 het die universiteit byvoorbeeld – weereens deur die normale prosesse en weereens sonder fanfare – 'n eredoktorsgraad postuum aan Bram Fischer toegeken. Dit het sy eie woede-uitbarsting veroorsaak buite die universiteit, blykbaar grotendeels gegronde op die aanname dat "ons plek" nie "sulke mense" behoort te vereer nie. Die retoriek van die Fischer-storm het my laat besef in watter mate baie oudstudente die sake van die US deur politieke lense gesien het. Vir baie mense was die taaldebat nie in die eerste plek 'n akademiese of selfs 'n kulturele aangeleenthed nie, maar 'n politieke geveg, en vir party taalstryders selfs oorwegend so. Daar was seker 'n mate van waarheid in hierdie siening, in die sin dat alles in Suid-Afrika deur politieke lense gesien word, ook gegee die politieke geskiedenis van die Universiteit. Die gewig wat aan die politieke dimensie gegee is, het na my mening egter die taaldebat heeltemal skeefgetrek. Dit het ook twee belangrike praktiese gevolge gehad.

Eerstens het die politieke uitgangspunt die politieke wapens van verdagmakery en persoonlike aanvalle gelegitimiseer, en daarmee allerhande onsmaakklikhede in die taaldebat ingebring. Nie die minste hiervan nie was die toenemende gebruik van verwytte wat teruggaan na 'n ander en groter stryd van meer as honderd jaar tevore: woorde soos *hanskakies*, *hensoppers*, *jingo's* en so meer. Verdagmakery het ook 'n persoonlike aspek gehad, soos ek weldra self ervaar het. Vreemde stories oor die rektor het die rondte begin doen: "Die man is deur die ANC op Stellenbosch geplant" was een storie, en "Hy voer maar net die wil uit van sy politieke meesters". (Vir die rekord: Ek was nog nooit 'n lid van enige politieke party nie. En ook vir die rekord: Ek het nie in Suid-Afrika meer of minder druk van regeringskant ontvang as in Australië of Engeland nie.) 'n Variasie hiervan was: "Die man wil eintlik in die politiek ingaan." (Vir die rekord: ek het geen politieke ambisie nie, en het dit nog nooit gehad nie.) Die destydse redakteur van *Die Burger*, Arrie Rossouw, het my eendag gebel met die nuus dat ek pas 'n "hoë pos" in die regering aanvaar het. Hy was nogal uit die veld geslaan toe ek sê dis louter onsin, want sy infliting het dan gekom van "betroubare bronne". (Vir die rekord: Geen so 'n pos is ooit gevra, bespreek of aangebied nie.) Daar was ook nog meer kwetsende

gerugte en persoonlike swartsmeerdery van die soort waaraan politici miskien gewoond word maar wat vir 'n wiskundige vreemd was.

Die tweede praktiese gevolg van die siening van taal op Stellenbosch as 'n politieke saak was dat dit 'n groot mate van eensydigheid in die debat ingebring het. Met uitsondering van enkele kollegas wat nog bereid was om oor taalsake by die US in openbare gesprek te tree, het die meeste professore geswyg. Maar mense sê nie noodwendig nikks omdat hulle nikks het om te sê nie. Hulle sê dalk nikks omdat hulle nie lus het om iets te sê nie. Die meeste akademici is nie geesdriftige politieke polemici nie, en wy eerder hul tyd en aandag aan hul vakgebied. Die stilswye van die akademici het skynbaar by die taalstryders die idee gewek dat hulle al die argumente gewen het. Die feit dat hulle oënskynlike debatsoorwinning egter geen verskil aan die rigting van die Universiteit gemaak het nie, het dan weer tot allerhande verdere wanopvattings geleei, byvoorbeeld dat as 'n rektor en die bestuur nie dit wat die taalstryders as duidelike en maklike oplossings beskou het, wou toepas nie, dan moes hulle seker óf onnosel, óf lafhartig, óf kwaadwillig wees; of dat die akademici seker eintlik stilswyend aan die kant van die taalstryders was, maar te jammerlik ruggraatloos was om duidelik in die openbaar so te sê, en hulle eerder gedwee aan die neus laat lei het deur die rektor en die bestuur. En so het die spiraal steeds verder afgewentel.

Teen daardie tyd het 'n narratief van Chris Brink as die sondebok in die taaldebat reeds vorm aangeneem. (Terloops, dit was ook die begindae van wat ons nou sosiale media noem, en die eggokamereflek daarvan. Skielik kon elkeen, hoe ingelig of nie, op die een of ander aanlyn forum allerhande stellings maak oor Afrikaans aan die US.) Ek het nikks gedoen om die sondeboknarratief te weerlê nie, om verskeie redes. Die beginselrede was dat as 'n mens die rektor wil wees, moet jy maar die gepaardgaande openbare verantwoordelikheid dra vir wat ook al in die instelling gebeur. Die strategiese rede was dat as ek wel moes veg, ek sou verkieς om te veg op 'n terrein van my eie keuse. Die taktiese rede was dat ek gedien het as weerligafleier vir die akademici, en spesifiek vir die akademiese bestuurders. ("Die Rektor se skouers is breed", het een van die dekane destyds vir my gesê.) Dan was daar natuurlik ook die eenvoudige alledaagse rede dat universiteitsbestuur 'n voltydse werk is. Anders as baie van die taalstryders was ek toe nog nie afgetree nie.

Nietemin het ek gevoel daar kon redelikerwys van my verwag word om duidelik te sê waar ek staan. In die tweede semester van 2004 het ek 'n oorsese studietoer onderneem om te gaan uitvind hoe dinge by meertalige universiteite werk en daaroor aan die Raad verslag te doen (Van der Walt & Brink, 2005). Gedurende 2005 het ek – onder meer op grond van wat ek op die taaltoer te wete gekom het – begin om my oortuigings aangaande taalsake aan die Universiteit te sistematiseer en op skrif te stel. Daardie geskrif het vroeg in 2006 die lig gesien as 'n klein monografie, *No lesser place: The taaldebat at Stellenbosch* (Brink, 2006). Die titel was 'n doelbewuste verwysing na een van die vertrekpunte van die taaldebat: Jan H Marais (oom Jannie Marais, "Ons Weldoener") se testament van 1915 waarin £100 000 aan die destydse Victoria-Kollege nagelaat is en waarvan die rente daarop verdien gebruik kon word om te verseker dat Afrikaans/Hollands "geen mindere plaats" as Engels aan die te stigte universiteit sal hê nie.

In taalstryderkringe is hierdie boekie begroet met woede en venyn. Die felle reaksie het egter minstens net soveel oor die outeur gegaan as oor die inhoud van die boek. "Chris Brink wys sy ware kleure" was omtrent die beleefdste kommentaar. Die mees onbeleefde kommentaar het gekom van die digter Breyten Breytenbach. In sy "ressensie" (*sic*) van *No lesser place*, wat woord vir woord (met verbeeldingryke spelling en al) in die studentekoerant *Die Matie*

gepubliseer is, het hy oor die boek self net gesê hy “lesie strand nie”, maar nietemin die geleentheid gebruik om my te bestempel as ’n “selftevrete fark”.

By hierdie ontvangs van my standpunte het die laaste flikkerende vlammetjie van belangstelling om iets vir Afrikaans te doen in my doodgegaan. Die onophoudelike verdagmakery en kwaadstekery het uiteindelik duidelikheid in my gemoed gebring oor my eie posisie ten opsigte van die bevordering van Afrikaans in die algemeen en die Stellenbosse taalstryd in die besonder. Nie op hierdie manier nie, het ek besluit. Nie op hierdie veronderstellings nie. En nie in hierdie geselskap nie.

Daar is by geleentheid gedurende die taaldebat beweer dat Chris Brink ’n vyand van Afrikaans is. Ek was nog nooit ’n vyand van Afrikaans nie. Al wat gebeur het, is dat die aanvanklike entoesiasme vir die bevordering van Afrikaans waarmee ek op Stellenbosch aangekom het, uit my uitgemergel is deur die negatiwiteit van die taaldebat. As ’n direkte gevolg van die Stellenbosse taalstryd het ek net eenvoudig belangstelling in die hele aangeleentheid van Afrikaansheid aan die US verloor. Daarmee gepaardgaande was my geesdrif vir die vyfde punt van Visie 2012 ook daarmee heen.

Dit was dus weer tyd vir my om ’n loopbaanbesluit te neem. Aan die positiewe kant was dit duidelik dat die US baie goeie vordering maak met my oorspronklike visie van ’n leidende rol in die kenniseconomie. Ons het byvoorbeeld die tegnologieoordragafdeling InnovUS gestig, wat goeie werk begin doen het en, glo ek, nog steeds doen. In die algemeen was daar beduidende en bewysbare vordering met elk van die eerste vier punte van Visie 2012. Ek het begin dink dat vier uit vyf nie sleg is nie.

Ek is reeds aan die einde van 2005 deur die Universiteitsraad, op aanbeveling van die Senaat, heraangestel vir ’n tweede vyfjaartermyn – ’n mosie van vertroue waarvoor ek dankbaar was en steeds is. Teen 2006 het die taaldebat egter ’n stadium bereik waarin mense begin kant kies het vir of teen ’n persoon, eerder as om te stoei met idees. Dit is nie ’n gesonde toedrag van sake nie, en verdere beweging in daardie rigting sou die Universiteit geen goed doen nie. Ek het die narratief van “Dis alles Chris Brink se skuld” as ’n remskoen vir die Universiteit begin sien, met die gepaardgaande idee van “As Chris Brink maar net wil verdwyn, dan sal alles weer regkom” as ’n toets. Een van die belangrikste toetse van leierskap is naamlik om te kyk wat gebeur, nie net tydens die dienstermyn van die leier nie, maar nadat hy of sy reeds die instelling verlaat het. Sal die skip bly voortvaar in die rigting wat daardie persoon aangegee het wanneer hy of sy nie meer aan die stuur is nie? Dit was ’n toets waaraan ek bereid was om my te onderwerp. Goed dan, het ek by myself gedink, kom ons haal Chris Brink uit die vergelyking uit, en dan kyk ons hoe dinge uitwerk. Onvoorsiens het daar toe redelik vinnig ’n uitstekende geleentheid opgedui, en op 4 Julie 2006 het ek ’n brief aan die Universiteitsgemeenskap uitgestuur om aan te kondig dat ek met ingang van 1 Julie 2007 die rektorspos aan die Universiteit van Newcastle in Engeland aanvaar het.

Voordat ek Stellenbosch verlaat het, is daar ’n afskeidsbundel, getiteld *Chris Brink: Anatomie van ’n omvormer* (Botha, 2007), saamgestel oor my rektorskappy. Ek het gevra dat hierdie bundel, buiten baie mense se kommentaar op my termyn, ook as ’n rekord moes dien van my standpuntinnames gedurende my termyn, en dit is toe so gedoen. Miskien om hierdie rede is daar groot druk deur die taalstryders op die samesteller en die destydse Raadsvoorsitter uitgeoefen om die publikasie van die boek te probeer verhoed. Dit is egter nietemin gepubliseer en is volledig op die internet beskikbaar. Hierdie afskeidsbundel dien dus vandag nog as agtergrond en begronding van standpunte wat ek hier net ligweg aanraak.

Daarna het ’n periode van bykans 10 jaar verloop waarin ek in ’n ander land besig was met ander dinge, en geen kontak gehad het met wat ook al by die US aan die gebeur was nie,

taalsake of andersins. Aan die einde van 2016 het ek afgetree by Newcastle, en sedert 2017 is ek weer in Suid-Afrika woonagtig.

By my terugkeer blyk dit toe dat die taaldebat steeds voortduur, skynbaar feller as ooit. Die US, deur sy prokureurs, het my in daardie tyd gepols oor die moontlikheid om as getuie op te tree in 'n hofsaak wat deur die taalstryders aanhangig gemaak is teen 'n nuwe weergawe van die Universiteit se taalbeleid. Dit het vir my nie na 'n goeie idee gelyk nie en ek het die uitnodiging van die hand gewys, wat daardie kort interaksie toe beëindig het. Dit het egter die hele aangeleentheid wel weer onder my aandag gebring. Ek kon nie enige vooruitgang sien aan die kant van die taalstryders nie – eerder die teenoorgestelde. Blykbaar was hulle toe hard besig om 'n bedeling by die US te bepleit wat hulle self in my tyd as "die dood in die pot" bejeën het: parallelmediumonderrig. 'n Hoofberig in *Rapport* het gedurende daardie tyd verwys na die "Lord Milners van Stellenbosch"; metafore uit die tyd van die Boereoorlog was klaarblyklik dus nog steeds in omloop. Daar was wel 'n oorgang van die enkelvoud ("Dis Chris Brink se skuld") na die meervoud ("Dis die Lord Milners se skuld"), maar dis maar skrale vordering om vir tien jaar te wys.

Die taalstryders het hulle hofsaak verloor, eers in die Wes-Kaapse Hooggereghof en daarna in die Konstitusionele Hof, en die 2016-beleid het toe vir vyf jaar gegeld. Aan die einde van 2021 het die Raad van die US 'n verdere hersiening van die taalbeleid aanvaar, en sedert 2022 word daardie jongste taalbeleid toegepas. Daarmee is dit nou finaal duidelik dat die Universiteit besluit het om nie 'n "Afrikaanse universiteit" te wees nie, en dat die beginsel van "geen mindere plaats" nie meer geld vir onderrig in Afrikaans aan die US nie. Hierdie uitkomste lyk onomkeerbaar, en daarmee is die stryd om die US in die rigting van hierdie twee beginsels te beweeg dus nou verby. Dit gee geleentheid vir nabetragsing.

Ek herhaal dat my fokus in hierdie meningsartikel die taaldebat met betrekking tot die Universiteit Stellenbosch is, en spesifiek hoe dit in die openbare domein uitgespeel het. Daar is genoeg materiaal om 'n meer akademiese artikel te skryf oor meer akademiese insette in die breëre debat oor Afrikaans, maar dit is nie my doelwit hier nie. Sodanige akademiese insette kan in onder meer die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gevind word, soos byvoorbeeld in uitgawes 54(4) van Desember 2014, 55(1) van Maart 2015 en 56(4-1) van Maart 2016.

Perspektief

Na my mening was die taalstryd op Stellenbosch, soos dit gevoer is, altyd eerder 'n stryd *teen* iets (die taalbeleid van die Universiteit) as 'n stryd *om* iets (die bevordering van Afrikaans). Die taalstryd was dus inherent negatief. Nie een enkele keer gedurende my rektoraat het daar 'n afvaardiging van taalstryders na die Universiteit gekom met 'n voorstel oor iets wat hulle tot stand wou bring ter wille van die bevordering van Afrikaans nie. Niemand het ooit kom sê: "Ons wil 'n ondersteuningsnetwerk vir behoeftige Afrikaanse studente stig", of "Ons wil 'n prys vir Afrikaanse letterkunde uitloof" of "Ons wil 'n Instituut vir Afrikaans stig", en "Ons wil hê die Universiteit moet daarmee help ooreenkomsdig die vyfde punt van Visie 2012" nie. Die teenoorgestelde het eerder gebeur. Ek herinner my byvoorbeeld dat een van die leidende taalstryders, Hermann Giliomee, in een van sy talle *Burger*-artikels gewaarsku het dat mense nou enige oomblik te wagte kan wees dat die US 'n groot prys vir Afrikaanse letterkunde gaan uitloof. Die boodskap was duidelik: Mense moet hulle nie laat verlei deur sulke troospryse nie. (Vir die rekord: daar was in daardie stadium geen sodanige plan by die US nie. As Hermann Giliomee en sy mense egter met so 'n voorstel gekom het, sou ons dit sekerlik ernstig oorweeg het.) Op hierdie manier is deure van buite af toegesluit nog voordat iemand daaraan gedink

het om dit van binne af oop te maak, en moontlik positiewe bydraes tot Afrikaans het dus agterweë gebly.

In soverre die taalstryd wel 'n stryd *om* iets was, was dit hoofsaaklik 'n stryd om 'n sekere soort universiteit, eerder as 'n stryd ter wille van Afrikaans. Om te herhaal: Die soort universiteit waarom geveg is, sou een wees wat in die eerste plek *Afrikaans* was en waarin akademiese besluitneming dus onderworpe sou wees aan die Afrikaansheid daarvan. (Ek het hierdie punt reeds gemaak in die afskeidsbundel [Botha, 2007].) In so 'n universiteit sou die "Afrikaanse gemeenskap", eerder as die akademici, die uiteindelike besluitnemingsreg uitoefen oor die karakter van die universiteit. Hierdeur het die taalstryders vir hulself 'n aantal strategiese probleme geskep, wat op die ou end onoorkomelik geblyk te wees het.

Die eerste en grootste probleem was dat die doelwit van die taalstryders ingedruis het teen die beginsel dat, binne die raamwerk van die landswette, besluite *oor* die universiteit alleen *binne* die universiteit geneem moet word. Wat ook al die verskilpunte binne 'n universiteit mag wees, oor watter onderwerp ook al, is daar een punt waaroer alle akademici altyd sal saamstem: dat hulle hul eie besluite sal neem, op die maniere waarmee akademici vertroud is.

Die tweede probleem het ek reeds hier bo genoem: dat 'n universiteit waarby besluitneming in "die Afrikaanse gemeenskap" sou setel, konseptueel te naby aan die gediskrediteerde volksuniversiteit-idee was. ("Ek gaan nie in 'n taalghetto werk nie", het een van ons beste Afrikaanssprekende professore een keer teenoor my opgemerk. In hierdie gees het die Senaat dan ook in 2006 'n voorstel van die Konvokasie dat vaardigheid in Afrikaans vir alle US-dosente verpligtend moes wees, met 'n oorweldigende meerderheid verwerp.)

Die derde en mees praktiese probleem vir die taalstryders was dat die organisasie waardeur hulle hul stryd gevoer het – die Konvokasie – nie 'n besluitnemingsliggaam van die Universiteit is nie. Die lede van die Konvokasie is hoofsaaklik die oudstudente van die Universiteit, en ten beste dien dit as 'n ondersteuningsnetwerk vir die Universiteit. Die Konvokasie het egter geen akademiese funksie nie, geen bestuursfunksie nie, en geen beheerfunksie nie. Enige besluite wat hy neem, is, ten beste, advies aan die Universiteit, maar hy het geen bindende bevoegdhede nie. As 'n drukgroep – laat staan nog as 'n aktivistiese liggaam – het hy dus min beddingsmag binne die Universiteit. (Vir die rekord: Die Konvokasie het wel die bevoegdheid om enkele lede van die Universiteitsraad te verkies, en so ook vir 'n derde statutêre liggaam naas die Raad en die Senaat, naamlik die Institusionele Forum.)

Om vir twintig jaar so 'n stryd vol te hou moes 'n mens onwrikbaar glo aan 'n aantal onwaarskynlikhede. Jy moes byvoorbeeld glo dat die Universiteitsraad drie keer agtereenvolgens, by verskillende geleenthede jare uitmekaar, onder drie verskillende voorsitters en met verskillende lede, daarin geslaag het om 'n Afrikaanssprekende rektor aan te stel wat óf dom, óf papbroekig, óf vyandig teenoor Afrikaans was. Jy moes verder ook glo dat drie sulke rektore op 'n ry daarin kon slaag om hulle wil af te dwing op 'n senaat bestaande uit 'n paar honderd intelligente en eiesinnige professore, en 'n raad van meer as twintig diverse lede. (Vir die rekord: Beide die Senaat en die Raad het in my tyd alle belangrike besluite per geslotte stembrief geneem. Die stembriewe is daar en dan getel, en die uitslag in die vergadering bekendgemaak.) Meer algemeen nog moes jy glo dat die Universiteit op 'n outoriteitsmodel bedryf word waarvolgens die akademici deur die Rektor en sy bestuur beveel word wat om te doen – en hulle dit dan wel doen. So 'n bestuursmodel geld nie by enige universiteit waar ek al gewerk het nie, en ook nie by enige universiteit waar ek sou wou werk nie.

En dit was nie die enigste dinge wat 'n mens moes glo om die stryd vol te hou nie. Jy moes ook glo, in volgorde van dalende waarskynlikheid, (a) dat Afrikaans bedreig word; (b) dat jou diagnose van hierdie bedreiging presies die korrekte een is; (c) dat jy 'n mandaat het

om 'n voorskrif teen hierdie bedreiging uit te reik; (d) dat jou voorskrif presies die korrekte een is; en (e) dat dit die Universiteit Stellenbosch se taak is om jou voorskrif uit te voer. Dit was veral op laasgenoemde punt dat die taalstryd skipbreuk gely het.

Na my mening was die taalstryd deurentyd nie op koue feite en harde logika gegrond soos wat so graag beweer is nie, maar op 'n aantal geloofsartikels. Ek het reeds een voorbeeld genoem, naamlik die geloof dat besluitneming oor taalsake aan die US eintlik by 'n sogenaamde "Afrikaanse gemeenskap" behoort te lê. Dit het geen nut om nou weer van voor af al die geloofsartikels van die taalstryd op te rakel en te bespreek nie. Te veel ink is al daarop verspil. Ek noem nietemin nog een verdere voorbeeld by wyse van illustrasie. Die obsessiewe aandag van die taalstryders aan die sake van die Universiteit Stellenbosch is naamlik gemotiveer op grond van die behoud van die "hoër funksies" van Afrikaans. En waarom was dit belangrik? Nie uit eiebelang of besitlikheid of behoud van identiteit nie, maar – so is geargumenteer – om die onbaatsugtige rede dat as Afrikaans nie sy "hoër funksies" kan *behou* nie, nege ander Suid-Afrikaanse amptelike tale nie sulke "hoër funksies" sal kan *behaal* nie. Laat ek dadelik sê dat ek self geen geloof in hierdie artikel het nie. Die idee dat Afrikaans as 'n soort leidende lig en mentor vir ander Suid-Afrikaanse tale sou kon dien, lyk vir my, in die lig van ons apartheidsgeschiedenis en die gepaardgaande wantroue onder baie van ons medeburgers, onrealisties en arrogant. Dit is egter nie die punt wat ek wil maak nie. Die punt is dat hierdie standpunt 'n saak van opinie is, omdat dit handel oor wat sou *kon* gebeur eerder as oor wat die geval *is*. Dit is nie 'n gevolgtrekking nie, maar 'n aanname. As 'n mens dit wil glo, staan dit jou vry, maar ander mense deel nie noodwendig jou geloof nie. (Duidelikheidshalwe, en vir diegene wat belangstel in filosofie: Ek verwys hier na wat bekend staan as die "is-ought fallacy": As 'n mens begin by jou siening van hoe die wêreld *is*, kan jy geen logies geldige afleiding maak oor hoe die wêreld *behoort* te wees nie. Jy kan alleen maar 'n opinie uitspreek.)

Gaandeweg, in die periode ná Chris Brink se vertrek, moes dit darem tog duidelik geword het dat die Universiteit, onder watter leierskap ook al, net eenvoudig nie geneë is om die taalstryders se voorskrifte uit te voer nie. Meer nog, dat die taalstryd geen ander resultate oplewer as hitte en argwaan nie, en dat die stryders steeds veld verloor. Sover ek kan sien, was daar egter in geen stadium 'n herbesinning oor die basiese aannames – die geloofsartikels – waarop die taalstryd gebaseer is nie.

Meer prakties nog: Dit lyk ook asof daar nooit 'n behoorlike herbesinning was oor die strategie van die taalstryd nie. Om weer die voorbeeld van die "hoër funksies" te gebruik: As die taalstryders maar net die helfte soveel aandag aan kindertuinonderwys as aan hoër onderwys gegee het, dan sou Afrikaans dalk nou beter daaraan toe gewees het. Dit help nie om net op die top van die piramide te fokus as die basis aan die verkrummel is nie. Dit help nie dat die stryders praat oor Afrikaanse universiteite as hulle kleinkinders nie Afrikaans praat nie.

Sonder enige verandering in strategie het die taalstryd dus steeds voortgegaan om te fokus op die Universiteit – die hele Universiteit, en nikanders as die Universiteit nie. In vandag se terminologie sou mens seker kon sê die taalstryd was 'n poging tot universiteitskaping. Ek weet nie in watter mate die stryders die risiko van sodanige strategie besef het nie. As 'n mens 'n alles-of-niks-strategie volg, dan is die waarskynlikheid groter dat jy met nikanders gaan eindig nie as dat jy met alles gaan eindig. En dit is hoe dinge toe op die ou end uitgewerk het.

Dit is nie moeilik om te dink aan moontlikhede vir Afrikaans wat deur 'n slimmer strategie gerealiseer sou kon gewees het nie. Laat ek een voorbeeld noem (nie die enigste een nie): 'n Instituut vir die Bevordering van Afrikaans. Die US het in my tyd 'n aantal bykans onafhanklike institute help stig, soos byvoorbeeld die African Institute for Mathematical Sciences (AIMS) en die Stellenbosch Institute for Advanced Studies (STIAS). Al twee hierdie institute het hulle

eie grond, eie geboue en eie personeel; al twee het onafhanklike beheer- en bestuursliggame, en al twee het sterk onafhanklike finansiële ondersteuning. 'n Instituut vir Afrikaans sou baie goed binne dieselfde model kon inpas, as die taalstryders hulle vir so iets beywer het. Dit sou ook 'n goeie navolging gewees het van oom Jannie Marais se voorbeeld om sy oortuiging te rugsteun met sy geld. (En terloops, dit sou ook ingepas het by die bewoording van Jannie Marais se testament, as hy praat van Afrikaans aan 'n toekomstige universiteit op Stellenbosch – *of deel daarvan* (my kursivering).)

Meer in die breë: Dit lyk nie of enigiemand ooit die moontlikheid van 'n onderhandelde skikking oorweeg het nie. Inteendeel, dit lyk of die taalstryders elke opeenvolgende terugslag begroet het met steeds meer vasberadenheid om steeds harder te veg vir die groot prys van 'n universiteitswye taalbeleid wat na hulle sin sou wees. Maar harder veg het nooit oorgegaan in slimmer veg nie.

Nou dat alles verby is, lyk dit asof daar vir die geharde taalstryders nog net een laaste wapen oorbly, naamlik die terugskouende mitologisering van hulle stryd. Die voortgesette belydenis van dieselfde geloofsartikels, die Boereoorlogmetafore, die uitdeel van skuld, die eensydige geskiedskrywing – dit alles duur sporadies voort. Ek het byvoorbeeld hier bo (en ook reeds in die afskeidsbundel van 2007) verwys na die mite van mag en gesag. Hierdie mite word nou weer opgegrawe in die idee dat die bestuur van die US (dit wil sê verskillende besture oor 20 jaar) "op eie houtjie" die taalbeleid verander het – sien byvoorbeeld Giliomee (2018). Of meer spesifiek, die samesweringsteorie – soos in Maree (2022) – dat daar eintlik 'n bose driemanskap was wat doelbewus die ondergang van Afrikaans georkestreer het: ek, die destydse Raadsvoorsitter Edwin Hertzog en die destydse voorsitter van die taalkomitee, Anton van Niekerk. (Vir die rekord: Die US het hierdie teorie bestempel as 'n verbeeldingsvlug [Viljoen 2022].)

As ons vir 'n oomblik mekaar se *bona fides* kan aanvaar (selfs net hipoteties, indien nodig), dan sou ons miskien kon ooreenkoma dat die taalstryders deurgaans gehandel het volgens hulle oortuiging oor wat die beste vir Afrikaans sou wees, terwyl die Universiteitsleiers deurgaans gehandel het volgens hulle oortuiging oor wat die beste vir die Universiteit sou wees. En die twee paaie het uitmekbaar geloop. Op die ou end is die saak egter beslis deur die eenvoudige feit dat die besluitnemingsbevoegdheid by die universiteitsgemeenskap gelê het, en nie by 'n "Afrikaanse gemeenskap" daarbuite nie. 'n Mens kan dink dat die Universiteit verkeerd besluit het, maar dit bly steeds sy reg om self te besluit.

Wat my betref: By nabetragsing dink ek dat ek en vele ander Afrikaanssprekende mense ons te gou en te maklik laat beïnvloed het deur die oënskynlike eenvoud van 'n "Afrikaanse universiteit". Dit was onnodig, omdat daardie frase nie in enige van die destydse kerndokumente verskyn het nie, en dit was skadelik omdat dit die gesprek geswaai het van Afrikaans as een van die doelwitte van die Universiteit na die idee van Afrikaans as een allesoorheersende prioriteit.

Wat die taalstryders betref, bly daar op die ou end een onvermydelike, harde, oorkoepelende vraag wat mens moet stel: Wat het hulle nou eintlik bereik?

Om hieroor uit te wei: Het die veldtog van 20 jaar bekend as die taaldebat op Stellenbosch enigets positiefs opgelewer? Het die taalstryders daardeur enigets tot stand gebring? Buite die Stellenbosse dampkring het ander voorstanders van Afrikaans oor dieselfde tydperk baie dinge tot stand gebring: kunstfeeste, musiekfeeste, webwerwe, gespreksforums, uitgewerye, radiostasies, privaat onderwys en dies meer. Het die Stellenbosse taalstryders ná 20 jaar enigets vergelykbaars om te wys?

Meer pertinent nog moet mens vra: Is Afrikaans nou een iota beter daaraan toe as wat dit sou gewees het sonder al die bakleery oor die taalbeleid van die US?

Ek twyfel. En vir diegene wat dink dat die Stellenbosse taaldebat geen voordele vir Afrikaans gebring het nie, is daar dan noodwendig 'n volgende vraag: Het die taaldebat nie dalk op die ou end Afrikaans tot *nadeel* gestrek nie? Ek dink daar is gronde vir hierdie gevolgtrekking. Dink aan al die potensiële vriende van Afrikaans wat vervreem is deur die negatiwiteit van die taaldebat. Dink aan al die moontlikhede wat nooit ondersoek is nie. Dink aan al die geleenthede wat nooit geskep is nie, of doelbewus in die kiem gesmoor is. Dink aan al die tyd wat gemors is. Dink aan die geweldige hoeveelhede institusionele energie wat die taalstryd die Universiteit gekos het. Dink aan al die onkoste – geld wat baie meer positief sou kon aangewend gewees het. En dink aan al die onmin.

Die moeilikste ding vir enige enkelkwessie-aktivis om te verstaan is dat die saak wat vir hom of haar van soveel brandende belang is, nie noodwendig dieselfde sentrale plek in ander mense se lewens inneem nie. As iemand *ook* in 'n mens se saak belangstel, dan stel hulle nie noodwendig *net* in jou saak belang nie. En enige aandag wat hulle aan jou saak gee, sal verweef wees met die aandag wat hulle ook aan ander sake gee. Hoe meer intens jou aktivisme dan raak, en hoe meer opdringerig jou standpuntinname, hoe meer vervreem jy daardie mense. Totdat selfs potensiële vriende later hulle skouers ophaal en wegstap, en die hele kwessie wat vir jou so belangrik is, begin ignoreer. Dan het jy die stryd verloor, nie omdat jy soveel vyande gehad het nie, maar omdat jy so min vriende bygekry het.

Bedankings

Ek bedank graag die Hoofredakteur van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* vir die publikasie van hierdie meningsartikel, en vir haar insiggewende insette in 'n vroeëre weergawe. Ek bedank ook graag die argivaris van die Universiteit Stellenbosch wat 'n kopie van die oorspronklike weergawe van JH Marais se testament aan my beskikbaar gestel het.

BIBLIOGRAFIE

- Botha, A. (Red.) 2007. *Chris Brink: Anatomie van 'n omvormer*. (*Chris Brink: Anatomy of a transformer*) Stellenbosch: SUN Press. Die Afrikaanse weergawe is beskikbaar as 'n pdf-dokument by <https://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/101774>, en die Engelse weergawe by <https://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/101778>.
- Brink, C. 2006. *No lesser place: The taaldebat at Stellenbosch*. Stellenbosch: SUN Press.
- Brink, C. 2018. *The soul of a university: Why excellence is not enough*. Bristol University Press.
- Brink, C. 2020. Three theses on the social dimensions of higher education [invited address]. In: Noorda, S, Scott, P & Vukasovic, M. (Eds). *Bologna Process beyond 2020: Fundamental values of the EHEA* (Proceedings of a conference in Bologna, Italy, 24-25 June 2019). Bononia University Press, pp.67-73. [Vir 'n video van die oorspronklike voordrag, sien https://www.youtube.com/watch?v=L1Mneb0N-1s_]
- Carstens, W. 2012. Die lewe van 'n taalaktivis. *Maroelamedia* 31 Januarie 2012. <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/die-lewe-van-n-taalaktivis/>
- Giliomee, H. 2018. Donker wolk oor Matie-eeufees. *Die Burger*, 17 Februarie 2018:13.
- Maree, J. 2022. Hier is die drie Afrikaanse mans wat Stellenbosch verengels het. *Rapport Weekliks*, 20 Maart 2022:15.
- Scholtz, L & Scholtz, I. 2008. Die debat oor die posisie van Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch: 'n Ontleding. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 48(3):292-313.
- Van der Walt, C & Brink, C. 2005. Multilingual universities: A national and international overview. *South African Journal of Higher Education*, 19(4):822-851.
- Viljoen, M. 2022. US is vir Afrikaans, en ook vir verander. *Rapport*, 27 Maart 2022:10.

Die een en ander uit die media, en 'n spelling of twee

Ek is geen taalkundige nie; ek is 'n taalpraktisyn, en taalpraktisyne kyk dikwels ietwat anders as (akademiese) taalkundiges na die taal waarin hulle werk. Die taak van 'n taalpraktisyn behels veel meer as om kommas en punte in te sit en hier en daar 'n spelfout reg te maak. Dit behels **onder meer** dat 'n skrywer se teks so versorg en geskaaf moet word dat dit nie die teikengehoor aanstoot gee nie (byvoorbeeld omdat daar allerlei taal- en ander foute in is) en dat dit betekenis – die skrywer se bedoeling – verhelder.

Om dit te vermag, moet die taalpraktisyn deeglik bewus wees van die norme en standarde wat die breë, darem seker basies opgevoede taalgemeenskap vir die betrokke taal stel. Dat die taalgemeenskap sulke norme en standarde stel, is nie altemit nie. Deur my hele loopbaan moes ek tallose navrae beantwoord oor wat die regte dit of die regte dat is. Mense wil weet wat in hulle taal “reg” of “verkeerd” is.

Daarom bly dit vir my verbasend dat afwykings van die norm maar te dikwels soos 'n veldbrand versprei, terwyl alle pogings om die verspreiding te stuit tevergeefs is.

Toekomstige- of neëntigerjare vir die eerste maal iemand op die radio hoor sê het dat 'n probleem "aangespreek" gaan word, wou ek hardop lag. Prof. Johan Combrink, destyds Taalkommissie-voorsitter, het na aanleiding van 'n koerantopskrif wat "DG spreek leemte aan" gelui het, gesê dit beteken die DG praat met 'n gat.

Vandag is daar nie meer keer aan nie. Of dit nou die probleme by Eskom, die korupsie in die staatsdiens, die swak toestand van paaie of die swak vertoning van die Springbokke is, dit word aangespreek. As taalpraktisyn vermy ek dit egter steeds, want ek glo nog aan onaanvaarbare anglisismes, en in nege uit die tien gevalle is dit boonop onduidelik wat die skrywer regtig bedoel.

'n Skamele twintig of wat jaar gelede was die bevestigende "ek/hulle/dit doen", wat met huid en haar uit Engels oorgeneem is, onbekend. Vandag gebruik selfs mense van my generasie dit. Dis om van te ween.

Die volgende twee voorbeelde is hopelik nie kooltjies wat 'n veldbrand van misbruik sal laat ontstaan nie.

- *nouliks*: "In daardie jare het hulle [twee organisasies] *nouliks* saamgewerk." Uit die konteks ('n TV-gesprek) was dit duidelik dat die bedoeling *closely* was. Hier moes dit natuurlik eenvoudig *nou* gewees het. Dit is so dat *nou* dikwels dubbelsinnig is, want dit kan óf 'tans, op die oomblik, sonder uitstel', óf 'wat 'n hegte verband vertoon' beteken. In die betrokke sin laat die bepaling *In daardie jare* eersgenoemde betekenis van *nou* nie toe nie, maar 'n mens aanvaar dat die spreker nie die tyd gehad het om na te dink soos ek hier nie. Wat egter interessant is, is dat die kenmerk van Engels om die agtervoegsel *-ly* by baie bywoorde te gebruik, hier kop uitsteek: die *-liks* moes duidelik maak wat bedoel word, maar ongelukkig het *nouliks* amper die teenoorgestelde betekenis van wat die spreker bedoel het, naamlik 'amper glad nie'.
- *verkeerdelik*: "X het die hof genader om 'n beslissing deur 'n appèlkomitee tersyde te laat stel op grond daarvan dat die komitee die reg *verkeerdelik* toegepas het." Wat hier in die koerant gestaan het, is dat die komitee ten onregte die reg toegepas het, dit wil sê die komitee het gefouteer omdat hy die reg toegepas het. Wat eintlik bedoel

is, is dat die komitee gefouteer het deur die reg verkeerd toe te pas. Die skrywer hier het hom/haar laat mislei deur agter Engels aan 'n agtervoegsel aan die bywoord toe te voeg.

Oplettende lezers sou miskien gemerk het dat daar 'n spellingverskil tussen die landnaam *Oekraïne* en die afgeleide byvoeglike naamwoord *Oekraiens(e)* is: In die landnaam is daar slegs 'n -i-, terwyl die byvoeglike naamwoord -ie- het. Die rede hiervoor is dat die lettergreepverdeling van die woorde verskil. In die landnaam staan die ie-klank (foneties aangedui as [i]) in 'n oop lettergreep: *Oe-kra-i-ne*, terwyl dit in die afleiding in 'n geslote lettergreep staan, dit wil sê die lettergreep word met 'n konsonant afgesluit: *Oe-kra-iens* en *Oe-kra-iens-e*.

Dieselfde verskynsel kry ons ook in party wisselvorme in Afrikaans, soos *vitamine x vitamien en proteïne x proteïen*.

In die jongste *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS, 2017) word die spelling van die klank [i] in besonderhede in reëls 18.5 tot 18.10 behandel.

Nog 'n spelreël is ter sprake in die koerantsin "Die sitplekke is *herstoffeer* en die chroom van die motor is oorgedoen." Ek vermoed die betrokke joernalis of subredakteur onthou iets uit sy/haar skooldae oor werkwoorde wat op -eer uitgaan wat nie ge- in die verlede tyd kry nie.

Reël 19.3 van die AWS bepaal dat die verlede tyd van **tweelettergrepige** woorde wat op -eer uitgaan, met of sonder ge- gevorm kan word. Dit sou dus *het stoffeer* of *het gestoffeer* kon wees. Reël 19.4 bepaal egter dat by 'n werkwoord wat op -eer uitgaan en **drie of meer** lettergrepe het, die verledetydsvorm wel mét ge- gevorm word. Omdat *herstoffeer* drie lettergrepe het, moes daar in bogenoemde sin gestaan het "Die sitplekke is *geherstoffeer*".

'n Laaste koerantblapsie is die opskrif "Ons moet nou keer dat SA nie agterbly nie". Hoesê? Hier staan mos nou presies die teenoorgestelde van wat die skrywer vermoedelik wou sê. Dié opskrif moes gelui het "Ons moet nou toesien/sorg dat SA nie agterbly nie" of "Ons moet nou keer dat SA agterbly", want hier beteken *keer* immers iets soos 'voorkom, verhoed'.

Vir sulke glipse moet die taalpraktisy ook sy/haar oë oophou!

JD (Tom) McLACHLAN
E-pos: tommcl@whalemail.co.za

Gedigte

Geheueverlies

Ná 'n lang lewe het die jaarringe
'n onhelder wolk oor haar brein gelaat.
Toe speel sy klavier en skielik flits
helder heuglike herinneringe.

Vlugtelinge

Ballade van die grysland.

DJ Opperman

In elke land ter wêreld is 'n vlugteling;
die grysland deur oorlog is nie meer 'n woning.
Is dit die grootste volksverhuisding in eie tyd?
In die vreemde is daar nooit 'n nuwe begin.

Oekraïne

Ná die verwoesting moet met rommel herbou word.
Nou pak ek die wrakstukke van my lewe op
en sit dit bymekaar in 'n poging tot vrede
maak met my foute en bou 'n sterk vredesfort.

Kragonderbrekking

03/02/2022

In helder lig sluit die TV alle geluide uit
soos standbeelde sit ons stilswygend na die skerm en kyk.
Dan skielik donkerte en stilte met naggeluide:
nagsê van die hadida en 'n vink wat vir ons fluit.

Skryf

Vroeër kon ek boeke laat verskyn
navorsing in artikels verfyn.
Tans val skemeraand my aan en word
ek ingeperk tot die klein kwatryns.

Kwatryns

Ervaringe kan leef in rym
wanneer rymwoorde hul geheim
weggee oor vreugde en smart sodat
hulle kan klink in die kwatryns.

HENNIE PIETERSE

E-pos: pietehjc@absamail.co.za

Titel:	<i>Terreur en Bevryding: Die ANC/SAKP, die Kommunisme en Geweld 1961-1990</i>
Outeur:	Leopold Scholtz
Uitgwerp:	Jonathan Ball

Die Naelstring wat die ANC nie wou of wou kon, en steeds nie kan, knip nie

Die teks beslaan 268 bladsye. Die bronnelys kom in elf bladsye voor, 'n verdere 30 bladsye bevat al die voetnote en 'n handige register van nege bladsye voltooi die boek. Dit is ook as 'n e-boek beskikbaar.

Scholtz is 'n befaamde historikus en skrywer van formaat. Uit sy pen het al verskeie boeke en 'n magdom artikels oor gebeure in Suider-Afrika asook oor internasionale aangeleenthede verskyn. Die perspektiewe wat hy deel, is lesenswaardig en hy voorsien sy lesers van ingeligte menings wat verantwoordbaar is. Hierdie boek getuig van substantiewe en deeglike navorsing. Dit prikkel gedagtes en is insiggewend en die produk van diepgaande studie. Dit is nie net vir studente in geskiedenis en politieke wetenskap bedoel nie, maar bepaald ook vir gewone landsburgers wat nog altyd gewonder het hoe die ANC-vurk in die SAKP-hef steek en vanwaar die besondere verbondenheid van die ANC kom aan die SAKP, en by verlenging aan die Sowjet-Unie self – deesdae dan ook Rusland – en hoe dit oor dekades vertroetel is. Die boek is myns insiens beslis die moeite werd om te lees vir die temas wat daarin ontwikkel en uitgebeeld word. Die oueur is duidelik in beheer van sy feite en sy bronre ondersteun deurentyd sy stellings. Hy bied elke stelling sorgsaam aan en plaas dit dan ook behoorlik in konteks.

Die tydstip waarop Scholtz se boek verskyn, is baie gepas. Die tragiese gebeure in Oekraïne en Suid-Afrika se lamsakkige houding teenoor Rusland kry met die uiteensettings wat hy gesaghebbend aanstip ook nuwe betekenis. Met al die nuanses wat Scholtz beklemtoon, word die verwantskap beter verstaan. Dis 'n verwantskap wat eintlik tussen die ANC en Rusland bestaan en wat gebore is uit die moederskoot van die Sowjet-Unie en aan wie se bors die ANC deur middel van die SAKP oor dekades gevoed was met die moedersmilk van die revolusie. Dan bly die vraag steeds smeul oor Suid-Afrika se standpunt ten opsigte van die huidige oorlogssituasie: waarom bly Suid-Afrika steeds so verknog aan Rusland? Is dit die gevolg van 'n berugte middelpad-filosofie of trek die SAKP steeds die toutjies in die top-hiërargie van die ANC?

Die goue draad wat deur die boek vleg, is die oorheersing van die ANC deur die SAKP. Wat duidelik blyk, is hoe eersgenoemde eintlik 'n gevangene van laasgenoemde se meer intellektuele benadering en kommunistiese doelstelling was. Hoe 'n Leninistiese/Marxitiese diktatuur deur middel van 'n sogenaamde demokratiese bestel sig in Suid-Afrika wou vestig. Hiervoor het die bevryding van die massa handig te pas gekom.

Volgens Scholtz was die leierskap van die ANC wat nie lede van die SAKP ingesluit het nie, swak en nie opgewasse teen dié in die SAKP nie. So het die probleem van die ANC om leierskapposities met bekwame lede te vul die SAKP soos 'n handskoen gepas. Daarmee kon die SAKP die ideologie van die ANC na willekeur beïnvloed en die rigting bepaal vir die uiteindelike vervorming van die gemeenskap na 'n kommunistiese een. Die skrywer se uiteensetting dat die SAKP die spreekwoordelike kitaar agter die rookskerm geslaan het, terwyl die ANC as die groot menere voor gedans het, spreek boekdele. Op sy beurt het die SAKP

slaafs agter die Sowjet-Unie aangeloop. Die skrywer noem ook die oorweldigende aanbidding van die Kremlin.

Die ANC/SAKP se verbondenheid aan die Sowjet-Unie was 'n gegewe en is deur 'n ongekende lojaliteit gekenmerk. Dermate dat dit waarin die Sowjet-Unie 'n afkeur gehad en verwerp het, netso afkeurenswaardig vir die alliansie was. Alles wat vanuit die Kremlin afkomstig was, is beskou as die wet van Mede en Perse. Vir die alliansie was die Sowjet-Unie 'n paradys en is dit met matelose bewondering aanbid. Wat die kommuniste se bekouing ook al was, is voetstoets deur die alliansie aanvaar en hul eie gemaak met geen ruimte vir afwyking nie. Toe ernstige meningsverskille tussen die Sowjet-Unie en China ontstaan het, het die ANC nie geskroom om eersgenoemde se kant te kies nie. Van kritiek op die Sowjet-Unie was daar geen sprake nie. Toe die Sowjet-Unie Afghanistan in Desember 1979 ingeval het, het die ANC daardie optrede klakkeloos gesteun en geen kritiek oor die Sowjet-Unie uitgespreek nie. (Vandag met Oekraïne is dit *déjà vu*.)

Die front wat die ANC vir die SAKP was, is telkens deur leiers soos Tambo ontken. Scholtz wys daarop dat Tambo hierdie ontkenning gemaak het terwyl hy deeglik bewus was van die feit dat omtrent al die persone in sy kantoor lede van die SAKP was! Alhoewel Tambo nooit self 'n ingeskreve lid van die SAKP was nie, was hy volgens die skrywer manipuleerbaar en sy dubbelpratery het sy optredes gekenmerk wanneer hy die inhoud van sy toesprake aangepas het om by 'n bepaalde gehoor inslag te vind. Scholtz herhaal op verskeie plekke dat Tambo geen sterk leier was nie.

Die skrywer wys ook daarop dat die SAKP deeglik gesorg het dat sy ideologie stapelvoedsel was vir almal in die ANC se MK-kampe. (MK is die afkorting vir *uMkhonto we Sizwe* wat "Spies van die Nasie" beteken.) Sowjetinstrukteurs het lesings aangebied, terwyl duisende MK's verdere militêre opleiding in die Sowjet-Unie ontvang het. Die Kremlin het die SAKP/ANC in alle opsigte gesteun en ruim befonds. Die wanordelike toestande, skrikwekkende wanprakteke en onmenslike gedrag wat in al die verskillende ANC-kampe geheers het, en wat in verskeie Afrikalande gevestig was, sal die leser met afgrype vervul. Dissidente is doodeenvoudig nie geduld nie.

Dit het die SAKP met trots vervul dat dit die ANC so kon oorheers. Daarom verbaas dit die skrywer nie dat die ANC op elke moontlike gebied met kommunistiese ideologie en revolusionêre temas gebreinspoel was nie. Wat die SAKP voorgeskryf het, het die ANC heelhuids gesluk sonder om dit te bevraagteken. Hoe kon hulle? Dit blyk duidelik uit Scholtz se uiteensettings dat hulle net nie die vermoë gehad het om dit te kon doen nie. Hulle was doodeenvoudig nie opgewasse teen die SAKP nie. Laasgenoemde was gedissiplineerd en het 'n duidelike strategie gehad wat eenvormig toegepas is. Die ANC was bloot net nie in dieselfde liga as die SAKP nie en is male sonder tal deur die kommuniste uitoorlê omdat dit duidelik die ANC se meerdere en meester was met hul ideologiese oorheersing. Vir die ANC was daar min of geen beweegruimte om eie inisiatief aan die dag te lê nie.

Ook op militêre gebied het die ANC verloor en was die MK se gewapende stryd tot mislukking gedoom. Scholtz verwys na 'n bepaalde operasie wat die ANC baie lukraak en slordig beplan het met sommige senior offisiere wat "nie eens kaart" kon lees nie! MK was syns insiens inderwaarheid militêr uiters ondoeltreffend met weinige sukses. Die ANC se gewelddadige benadering om Suid-Afrika onregeerbaar te maak, was meer suksesvol, maar ook dít was nie sy eie breinkind nie, maar aksieplanne wat hoofsaaklik geskoei was op lesse wat die ANC/SAKP-besoekers in Viëtnam geleer is. Daar het die alliansie kennis met die toepassing van massa-aksie gemaak.

Scholtz hanteer 'n verskeidenheid temas van bepaalde betekenis wat elkeen aandag vereis. Hy stel ook 'n groot galery van persoonlikhede aan die leser bekend. Om dit alles te absorbeer, verg geweldige konsentrasie en soms moet stukke weer gelees word sodat al die nuanses kan insink om uiteindelik te verduidelik hoe die kommunistiese stroom die ANC verswelg het. Gevolglik is die boek 'n legkaart van heelwat stukke waarmee die skrywer goed in sy doel slaag.

Aan die einde van die boek kan die leser tereg vra watter soort organisasie die ANC sou gewees het as dit nie vir die SAKP was nie. Sou dit enigsins 'n noemenswaardige rol gespeel het? Sonder die SAKP as sy revolusionêre kompas, sou die ANC verlore gewees het en in sy eie moeras van onbekwaamhede rondgetrap en gesink het. Die organisasie se interne onverdraagsaamheid, selfverryking en korruksie het volgens Scholtz verdere ondoeltreffendheid bevorder. Daar is nooit geaarsel om andersdenkendes in hul geledere te elimineer nie.

Wat die skrywer ook duidelik aantoon, is hoe ondubbelbinnig die SAKP in sy vasberadenheid was om die "national democratic revolution" nie net te lei nie, maar ook te laat slaag. Om dit te bewerkstellig, was die kortste roete na 'n sosialistiese staat om eers 'n sogenaamde demokratiese staat te skep. Scholtz bevestig dan ook met 'n belangwekkende aanhaling dat dit juis die resep is wat die SAKP-leier, Joe Slovo, verkondig het.

Hy deel ook met die leser die minagting waarmee die ANC, wat sy onvermoë by vele geleenhede ten toon gestel het, deur die SAKP en selfs Afrika-leiers bejeën is. 'n Insiggewende gesigspunt wat Scholtz toelig, is dat toe Gorbatsjof in 1985 met sy hervormingsprogram begin het, het die Kremlin druk op die ANC begin uitoefen om met Suid-Afrika te onderhandel. Vier jaar later toe die Berlynse muur val en Oosbloklande kommunisme verwerp, is die alliansie se steun oor 'n wye veld internasionaal geknou. Wat daarna gebeur het, is aan Suid-Afrikaners alombekend.

Die skrywer eindig sy eie skrywersnota aan die begin van die boek met die woorde: "Laat die gesprek begin!" Hy voorsien nou heelwat agendapunte daarvoor. Min gesprekke kan deesdae gevoer word oor wat tans in Suid-Afrika aan die gang is – selfs ten opsigte van sy buitelandse beleid – voordat die voorgeschiedenis wat die skrywer met vers en kapittel uiteensit, gelees en geabsorbeer is. Hiervoor verdien Scholtz krediet, erkenning en ondersteuning.

RIAAN EKSTEEN

E-pos: reksteen@swakop.com

[Nota: Die resensent vestig interessanseidshalwe die leser se aandag op die volgende bykomende inligting – red.]

Wanneer Scholtz sy feite as historikus aanbied en in konteks plaas, is dit nie altyd belangrik om spesifieke diplomatieke verhoudinge en gebeure te verantwoord nie. Tog kan dergelike gebeure nie uit die oog verloor word nie. Die twee aspekte daaromtrent wat belangwekkend is, word nie hier by wyse van kritiek aangestip nie, maar veel eerder ter aanvulling van die sentrale tema oor die rol, invloed en betrokkenheid van die SAKP.

Eerstens, verbreek Suid-Afrika sy diplomatieke bande met Moskou op 1 Februarie 1956 en gelas die Sowjet-Unie om sy konsulate in die land te sluit en hul personeel uit Suid-Afrika te verwyder. Die hoofrede vir hierdie drastiese stap wat die regering van Hans Strijdom met Eric Louw as Minister van Buitelandse Sake aanvoer, is die Sowjet-Unie se steun aan die SAKP wat toe reeds al in 1950 onwettig verklaar is. Tweedens, begin die VSA al hoe meer aandag te skenk aan kommunistiese tendense in Afrika. Suid-Afrika word nie uitgesluit nie. So volg die VSA se ambassade in Suid-Afrika noodwendig ook gebeure daaromtrent noukeurig

en doen gereeld daaroor verslag aan die Staatsdepartement in Washington D.C. In een so 'n verslag verwys die waarnemende hoof van missie, William Maddox, na punte wat voortgevloeи het uit 'n reeks dinkskrums wat die ambassade oor maande intern gehou het en waaroor Ambassadeur Henry Byroade, wat toe self op daardie tydstip in Washington was, op 'n uiters geheime vergadering aldaar voortborduur het. Die twee punte wat relevant tot Scholz se boek is, word soos volg weergegee in *Foreign Relations of the United States, 1955–1957, Africa, Volume XVIII, pp. 821-822, Document 314. Despatch from the Embassy in Pretoria to the Department of State, on 12 April 1957*:

Let's talk more about what is happening in hard, cold terms as regards Black Nationalism and Communism. ... Militant Black Nationalism, independent but potentially an ally of Communism, is also a threat to our interests.

Daarom verbaas dit niemand dat die VSA meer en meer bedag was op die aktiwiteite van die ANC wat toe nog nie verban was nie. Dat die personeel van die CIA (Central Intelligence Agency) wat aan die ambassade verbonde was ook hierby betrek is, was ook te verwagte. Hierdie agentskap se betrokkenheid by hierdie onderwerp, het 'n paar jaar later 'n bepaalde nadraai gehad. Op 5 Augustus 1962 word Nelson Mandela naby Howick, Natal, in hegtenis geneem. Baie artikels en bespiegelinge het in later jare daarop gesinspeel dat die CIA die polisie oor sy bewegings ingelig het. Op 16 Mei 2016 word 'n onderhou op NPR (National Public Radio in die VSA) uitgesaai met die strekking: "Retired CIA Agent Confirms U.S. Role In Nelson Mandela's 1962 Arrest." Die afgetrede agent van die CIA, Donald Rickard, het die nuus in sy onderhou met 'n verslaggewer van *The Telegraph* gedeel.

CD met Hendrik Hofmeyr se musiek word in Frankryk bekroon

In Junie 2021 het die Franse tydskrif *Classica* Hendrik Hofmeyr se CD getitel *Partita Africana* as sy *Choc de Classica* (CD van die maand) aangewys. Onder die opskrif *Impressions d'Afrique* skryf Romaric Gergorin die volgende: “Une musique contemporaine d'inspiration joyeuse qui associe finesse mélodique et imaginaire folklorique. Régénérant!” (Kontemporêre musiek wat met vreugdevolle inspirasie melodiese finesse met folkloristiese verbeelding integreer. Vernwend! [my vertaling]). Reeds vroeër in dieselfde jaar (in Februarie) beskryf Jean Salmona hierdie CD met kamermusiek as 'n ware ontdekking (“une véritable découverte”) in die tydskrif *La Jaune et la Rouge*. Remy Franck, hoofredakteur van die aanlyn tydskrif vir klassieke musiek *Pizzicato*, het egter reeds in Januarie positiewe kommentaar op hierdie CD gelewer (Franck is die jurievoorsitter van die *International Classical Music Awards* (ICMA)). Dit is jammer dat, algemeen gespreek, nuwe Suid-Afrikaanse komposisies nie die blootstelling in Suid-Afrika kry wat hulle verdien nie en soos in hierdie geval eerder in ander lande erkenning kry.

Hofmeyr se komposisies het reeds vroeër pryse gewen by internasionale kompetisies, soos by die Koningin Elisabeth Musiekkompetisie in België (met sy *Raptus* vir viool en orkes) en die Dimitri Mitropoulos Kompetisie in Athene (met sy *Byzantium* vir hoë stem en orkes), albei in 1997. In 1988 het Hofmeyr met sy *The Fall of the House of Usher* die Suid-Afrikaanse Operakompetisie asook die Nederburg Operaprys gewen. Sy *Incantesimo* (vir fluit) is gekies om Suid-Afrika by die *Congress of the International Society of Contemporary Music* in Kroasië te verteenwoordig (2005).

Die uitvoerende kunstenaars wat met insig die musikale boodskap van hierdie moeilike werke verstaan en dit met outoriteit en tegniese vaardigheid voordra, het natuurlik 'n groot bydrae tot die sukses van die CD gelewer. Hulle is fluitis Philippe Bernold (wenner van die Jean-Pierre Rampal Internasionale Kompetisie te Parys), violis Berthilde Dufour (wenner van twee internasionale kompetisies), vibrafoonspeler Philippe Voituron (pryswenner en direkteur van die konservatorium in Grasse, Frankryk) en pianis Marika Hofmeyr (pryswenner en alumnus van die Universiteit van Kaapstad, wat in Frankryk woon).

Die ses werke wat op die CD uitgevoer word, is die volgende:

- *Ballata Africana* (2014, vir klavier)
- *Sonata per flauto e pianoforte* (2006)
- *Endymion and the Moon* (2011, verwerk vir viool en klavier)
- *Partita Africana per pianoforte* (2006)
- *Philomela's Night Song* (2014, verwerk vir viool en klavier)
- *Sonata for Vibraphone and Piano* (2019)¹

Hofmeyr beskou hierdie CD as 'n viering van Afrika en van multikulturaliteit.² Die evokatiewe aard van die musiek roep beelde op wat buite die grense van die tradisionele verstaan van musiek staan. Ons is so geneig om musiek in terme van tonale strukture waar te neem dat die wonderwêreld van die musikale verbeelding nie tot sy reg kom nie. Om hierdie musiek te verstaan, hoef die luisteraar nie net statiese, strukturele konsepte soos makro- en mikrostrukture (akkoordkonstruksies) te betrek nie. Vir my is dit belangrik om ook op sintuiglike wyse te volg hoe die musiek ontvou soos dit deur tyd en ruimte beweeg, hoe dit gefatsoeneer is om

¹ Daar is ook 'n bonuswerk beskikbaar wanneer hierdie musiek van die internet afgelaai word – *Variazioni sopra una ninnananna Africana* vir onbegeleide viool.

² Komponis se programnotas.

'n musikale narratief te skep deur die artistieke maniere waarop onder andere die verskeidenheid van musiekteksture, register, artikulasie, tempo, dinamiek en digtheid gemanipuleer word.³ Dit is juis die soniese temporaliteit van musiek wat dit van die ander kunste onderskei. Natuurlik maak dit verskillende maniere van verstaan moontlik, maar die artistieke narratief is juis nie eenduidig nie.

Ballata Africana vir klavier is 'n voorbeeld van so 'n Afrika-fantasiewêreld – die misterieuze inleiding word gevvolg deur 'n energieke, ritmiese seksie wat deur die alternering van die twee hande en met hoekige melodiese figure die eerste protagonis uitbeeld. Die tweede protagonis word deur 'n ekspressiewe melodie voorgestel. Ten slotte word die twee musikale voorstellings in vervoering verenig, "Appassionato **ff**" en later "Estasiato **mf**" gemerk. (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=KxPZx0kSyQ8>.)

Die *Sonata per flauto e pianoforte* is 'n opdragwerk van die *South African Music Rights Organization (SAMRO) Endowment for the National Arts*. Dit bestaan uit drie bewegings, naamlik *Liberamente – Vivo, Sognante en Energico – Diafano*. Hierdie werk beeld die uiteenlopende beleweniswêreld van die San uit, wisselend van melancholiese gebare deur vinnig bewegende, opwindende figure tot poëtiese en humoristiese musikale voorstellings. Volgens die komponis is al die hooftemas gebaseer op 'n dalende vyfnoot-figuur wat as 'n soort motto dien.⁴ Dit is byna asof die vinnig stygende klavierfiguur op *forte*-vlak in die heel eerste maat hierdie sagte weeklag (D--C#-G-G-G) uit die San se geheue ruk. In die eerste beweging kan die oop kwarte en kwinte, of hulle nou horisontaal of vertikaal klink, en of hulle vinnig of stadig gespeel word, die oop ruimtes van die San se leefwêreld uitbeeld. (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=z4nkbiAavFc>.)

In die dromerige middelste beweging is vertikale en horizontale tertse reeds in maat 1 en 2 prominent en begin fluittremolo's in tertse stelselmatig die oop ruimtes in die begeleiding opvul sodat die kwarte en kwinte in die begeleiding teen die einde deur tertse en sekste vervang word. 'n Digte, warm klank ontstaan wanneer fluittremolo's en klavierbegeleiding hier resoneer. (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=eCA8q9vZuv4>.) In die energieke laaste beweging met sy komplekse dansritmes word die motto se gedrae karakter verander deur vertikale *staccato*-formasies wat daarop gebaseer is; ook die twee- en drienoot-artikulasies, spieëlpatrone en konstellasies van intervalle kom uit die motto. Die musiek ontwikkel in geartikuleerde digte akkoorde waarin tertse al hoe meer prominent word, gevvolg deur golwende melodiese figure wat mekaar in die twee partye afwissel. Kort verwysings na die eerste twee bewegings word finaal opgevolg deur die klimaks bestaande uit geartikuleerde akkoorde, gemerk **piu forte** en later **ff**. Die laaste golf wat deur die klavier gespeel word, is gebaseer op herhalings van die openingsmotto. (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=BFv63FttQsM>.)

Twee korter werke vir viool en klavier is gebaseer op verhale uit die Griekse mitologie. In die eerste een, *Endymion and the Moon*, word Semele, die maangodin, so bekroor deur die slapende Endymion dat sy vir Zeus, haar vader, vra om hom nie wakker te maak nie sodat sy hom elke nag kan sien. Die statiese golwe waarmee die violis **ppp** begin, skep die effek van

³ Die komponis Linda Dusman bevraagteken "our cultural assumption that knowledge ... is a necessity for successful engagement with music" (Dusman, L. 1994. Unheard-of: Music as performance and the reception of the new. *Perspectives of New Music*, 32(2):130-146, p. 137, <http://www.jstor.org/stable/833601>).

⁴ Die motto is afgelei van 'n negentiende-eeuse Sanlied opgeneem in die Bleek-en-Lloyd-versameling by die Iziko Museum, Kaapstad.

verwondering. Die golwe neem toe in intensiteit terwyl die pianis 'n ekspressiewe melodie met begeleiding speel, alles in die hoë register. Die viool se ekspressiewe melodie word later aangevul deur 'n bykomende melodie wat die pianis steeds in die hoë register speel. Die dansagtige tweede seksie wat meer basregister betrek, eindig die komposisie op 'n virtuose wyse. (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=tRNBzN3NqyI>.)

Philomena's Night Song se hartseer melodielyne wat afwissel of saamklink met ekspressiewe en hartstogtelike melodieë spreek direk tot die luisteraar. Hierdie tragiese verhaal uit die Griekse mitologie handel oor 'n prinses wat in 'n nagtegaal verander nadat haar tong uitgesny is deur haar suster se man. (Hy wou voorkom dat sy vir die wêreld vertel wat hy aan haar gedoen het.) Aan die einde van die werk smelt die twee temas wat die melancholieke en ekspressiewe kante van haar geardheid uitbeeld, saam. (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=j7pxRonE5uA>.)

Die *Partita Africana per pianoforte* bestaan uit vier bewegings, naamlik *Preludio*, *Umdanso*, *Hartbreekrivier* en *Kalunga*; laasgenoemde stuk geskryf in opdrag van SAMRO vir die Unisa-Transnet Internasionale Klavierkompetisie. Die vyfnoot-motto van die fluitsonate wat nou getransponeer is na C--B-F-F-F in maat 4 omraam die prelude. In maat 1 druk die regterhand die drie toonhoogtes van die motto met 'n raam, E-C-B-F-E geluidloos na onder en hou dit vir die eerste nege mate terwyl die linkerhand dik gerolde akkoorde speel, gemerk **f marcare il canto**, wat met die motto afwissel.⁵ Die boonste note van die eerste drie gerolde akkoorde, B-A-E... is van die motto afgelei. Die fugale middelseksie neem stelselmatig toe in digtheid totdat lyne van enkelnote vervang word deur lyne van blokakkoorde voordat die motto die prelude afsluit. (Luister hierna by https://www.youtube.com/watch?v=rF6OG5-T_Us.)

Hoewel *Umdanso* nie op 'n volksmelodie gebaseer is nie, spreek die Afrika-invloed in hierdie ritmiese dans deur die gebruik van herhalende melodiese figure en onreëlmatige ritmiese patronen (in 7/8). Die openingsnote, A-A-B-E... van die hoofseksie (wat in maat 17 begin) is 'n herrangskikking van die openingsnote van die prelude. Dit beweeg in onreëlmatige ritmiese patronen teen die *staccato ostinato*-baslyn. Die parallelle kwarte in die regterhand vervloeи na vier mate van vertikale intervalle tot melodiese agstenootbeweging. Die inleidingsmateriaal word met die hooftema gekombineer; die tekstuur verdig stelselmatig deurdat leë kwarte en kwinte oorvleuel om so ook heeltone te betrek, en die dinamiese vlak verhoog ook stelselmatig tot die opwindende slotakkoord gemerk *sffz* (D-A-D-D-E-A in die basregister) bereik word. (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=xCdMQJ0iXzg>.)

Hartbreekrivier, wat gebaseer is op 'n volksmelodie uit Afrika handel oor 'n moeder wat by die rivier treur oor haar kind wat daarin verdrink het. Gemerk **ppp mormorando** klink die moeder se weeklaag teen 'n murmelende waterstroom wat uitgebeeld word deur die regterhand wat sestiendenote in 12/16 tyd teen die linkerhand se sestiendenote in 2/4 tyd speel. Vanaf maat 27 begin 'n *cresc. poco a poco* wat geleidelik tot 'n klimaks opbou. Hier word die ekspressiewe melodie in oktawe deur die regterhand gespeel, emosioneel ondersteun deur die linkerhand se golwende figure wat oor 'n wye omvang beweeg. Die rustig murmelende vloeи van die waterstroom word weer aan die einde gehoor, maar die oorspronklike hartseer melodie is nie dieselfde nie. Kan dit dalk vertroosting of berusting voorstel? (Luister hierna by <https://youtu.be/rU645KXehKk>.)

⁵ "The starkness of the harmonic language and the use of piano harmonics evoke the open plains of Africa" (Programnotas).

Soos te verwagte van 'n stuk wat vir 'n kompetisie aangevra is, is *Kalunga* tegnies uitdagend, gemerk ***Energico e percussivo, Il più veloce possibile***. Die vinnige alternering van die twee hande in 'n toccata-styl verbeeld die makabere dans van Kalunga, die Nguni se God van die dood en heerster van die onderwêrelde. Binne 'n meesleurende energieke klankband en onreëlmatige kruisritmes word alternerende konstruksies, waarin die vertikale heeltoon prominent is, afgewissel met alternerende melodiese halftoonbogies na bo of na onder of asynchronies gekombineer, soos byvoorbeeld in maat 32 (D#-D#-E-E-D#-D# teen G#-G#-Fx-Fx-G#-G#, met herhaalde note op oktaafafstand). Op 'n asemenemende wyse sluit die partita op ***fff***-vlak af wanneer die alternerende akkoorde uitloop op 'n slotakkkoord waarin 'n heeltoon die basis vorm (C-D-G-C in die lae basregister en 'n oktaaf C-C deur die regterhand in die hoë register gespeel). (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=L5rR19K7WIA>.)

Die atmosferiese effekte wat deur die kleurvolle vibrafoonklank geskep word, het Hendrik Hofmeyr dadelik gefassineer toe hy met die instrument kennis gemaak het (sien programnotas). In sy *Sonata for Vibraphone and Piano* kontrasteer en kombineer hy dit met die verskillende moontlikhede van die eiesortige klank van die klavier. Die eerste beweging, ***Misterioso - Danzante***, is gebaseer op 'n aangepaste Indiese toonleer wat twee melodiese idees genereer wat soortgelyk is aan die Afrika-motto in die flutsonate. Die vibrafoon se openingsnote A-B-D-G (in maat 1 en 3) en Bb-Eb-A (in maat 2 en 4) bevat 'n vergrote kwart en sy enharmoniese ekwivalent: 'n verminderde kwint. Albei hierdie motiewe het 'n weggesteekte halftoon as die twee laagste note maar dit kristalliseer uit in die eerste vyf note waarmee die vibrafoon sy liriese tema bekendstel (D--Eb-D-B-Bb--...). In die *Danzante*-seksie word die klavier se toonkleur verander deur 'n objek oor voorgeskrewe snare van die klavier te plaas (D3-E4). In hierdie seksie is die halftoon steeds prominent (E-EFE-D#-E-B-A#-B-G#-E-D#-E...) maar die wyse waarop die halftone gerangskik is en die feit dat dit op die gedempete snare gespeel word, skep die karakter van 'n ritmiese dans. 'n Derde tema wat weer liries van aard is (vir klavier), word gevolg deur die ontwikkelingseksie met sy sterk danskarakter en 'n herhaling van die twee liriese temas. (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=6cGLCZ2OyeI>.)

Die tweede beweging, ***Palindroma: Sognante***, met sy palindroomfigure op mikro- tot makrovlak, tower 'n fantasiewêreld op wat die luisteraar deur 'n opwindende klimaks in die middel terugneem na die droomwêreld van die begin. (Luister hierna by <https://www.youtube.com/watch?v=20PvaulYpBY>.) Die derde beweging, gemerk *Vivace*, lig die luisteraar vinnig maar versigtig uit hierdie droomstaat – die pianis speel stygende en dalende halftoonbotsings op klawers wat weereens gedemp is, terwyl melodiese halftoonfigure prominent figureer in die vibrafoon se openingstema (C#-C#-D-A#-B...) wat ***mp*** gespeel word. Die stygende halftoon herinner aan die stygende halftoon waarmee die eerste beweging se hooftema begin, maar die effek is nou totaal anders, naamlik "lewendig" (*vivace*) teenoor *misterioso* in die eerste beweging. Die stygende halftoon is ook die eerste interval van die vibrafoon se ***cantabile***-melodie (D-Eb-Gb-Eb-Eb-D-C#-D-D...) in maat 28 en 29. Die twee instrumente wissel tematiese materiaal af in wat die programnotas beskryf word as 'n soort sonate-rondo-vorm waarin materiaal uit die eerste twee bewegings voorkom. (Luister hierna by https://www.youtube.com/watch?v=J_jC5e1em1c.)

Dit was 'n genotvolle ondervinding om Hendrik Hofmeyr se werke te kon leer ken en waardeer – om musiek esteties te beleef is waaroor dit vir my in die eerste plek gaan. Die probleem met estetiese belewing is egter dat die term "estetika" myns insiens gewoonlik gekoppel word met skoonheid ("beauty") en dat hierdie konsep relatief is – wat vir een mens mooi is, is nie noodwendig vir 'n ander mens mooi nie.) Verder is 'n opinie nie 'n feit nie en

my siening val dus in die kategorie van spekulasie. Dit is waarskynlik die rede waarom die idee van estetiese belewing die afgelope paar dekades nie dieselfde status in betekenisgewing getoon het as byvoorbeeld die rol van die subjek in 'n maatskaplike konteks nie omdat akkurate feite die norm geword het (vergelyk byvoorbeeld die opkoms van die musiekwetenskap, ook bekend as musikologie).

In my bespreking van Hendrik Hofmeyr se *Partita Africana* het ek probeer aantoon hoe die luisteraar by sy of haar verwagtingshorison, naamlik dit wat bekend is en wat persepsie bepaal, kan verbykom deur bekende patronen as uitgangspunt te neem om 'n nuwe musiekwêreld te ontsluit. In die proses het dit duidelik geword dat die agente in binêre verhoudings nie apart kan funksioneer nie – perceptuele belewing teenoor logies-beredeneerde (“discursive”) kennis, of die sintuiglik-motoriese verstaan van musiek teenoor rasionaliteit, of intuïsie teenoor wete. Wanneer die subjektiewe met die objektiewe versmelt, verteenwoordig dit vir my die afgerondheid van menswees. Hier gaan estetiese belewing dus vir my oor meer as “skoonheid”, dit gaan oor 'n fassinasie met die artistieke wyse waarop Hendrik Hofmeyr musiekklanke oor tyd en ruimte gefatsoeneer het en 'n agting vir die insig en vaardigheid waarmee hy as komponis boeiende musiek geskep het.

BERTHA SPIES

E-pos: spies.bertha@gmail.com

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die oueur verskaf. Indien 'n oueur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur 'n elektroniese kopie aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000** en **10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die oueur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies of grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien 'n oueur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: Sistemiese interafhanglikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalingen en verwysings

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhaling wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeeld.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: (Swan, 1996:45) ...

OF: (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help degt. Dit is die verantwoordelikheid van die oueur om sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

Outeursreg

Outeur(s) behou oueursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000 words**.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250 words** in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000 words**. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.
1.1 **Headings** are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.
1.1.1 **Subheadings** are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence: The value structure

If a subtitle occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

- According to Swan (1996:45) ...
OR: (Swan, 1996:45) ...
OR: (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandaag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kuns, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook dielewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belang van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikhed, hoe wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS

Sedert Maart 2009 geïndeks in
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Verskaf deur familie